



# Pretoriana

Nr./No. 72

Des./Dec. 1975

Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria

Magazine of the Old Pretoria Society

MERENSKY-BIBLIOTHEEK


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

23 -04- 1976

Klasnummer 2A 05 (68)

Registrernommer P 175/72

Kroniek van  
die Wes-  
fasade



Chronicle  
of the  
Western facade

APR./AUG. 1975



Die terdoodveroordeelde geboue van die wesfasade van die Pretoriase kerkplein: Die ou Nederlandse Bankgebou, Law Chambers-gebou, Cafe Riché-gebou (Reserve Investment Building), Hoofposkantoor, Nasional Bank - en Muntgebou met Anneksgebou en Bank van Afrika (Kirkness)-gebou. Lg. gebou, in Palleisstraat aan die westekant van die Paleis van Justisie verskein nie op die foto nie.

## INHOUD/CONTENTS

- 'n Dramatiese hoogtepunt in 'n kwarteeu-lange stryd om die bewaring van ons kulturele erfenis — Dr. H. M. Rex.
- Dr. Willem Punt: Op 75 nog 'n ywerige kulturele kampvegter — Willem-Jan Prinsloo, Hoofstad, 29.4.1975.
- Call to save Church Square gains momentum — Daan de Beer, Pretoria News, 30.4.1975.
- Church Square's doomed buildings: Banking will never be the same — Daan de Beer, Pretoria News, 1.5.1975.
- Church Square's doomed buildings: P.O. has its own nudes — Daan de Beer, Pretoria News, 2.5.1975.
- Church Square's doomed buildings: Café Riché first to go? — Daan de Beer, Pretoria News, 5.5.1975.
- Church Square's doomed buildings: Private citizen used Mint — Daan de Beer, Pretoria News, 6.5.1975.
- Niks kan Kerkplein meer red nie — Oggendblad, 13.5.1975.
- Kerkplein weer twispunt — Hoofstad, 14.6.1975.
- The End — Colleen Hendriks, Pretoria News, 7.7.1975.
- Dr. Punt pleit om behoud van ou geboue — Hoofstad, 16.6.1975.
- For all who care for Church Square — Editorial, Pretoria News, 7.7.1975.
- Vergadering om Kerkplein te red belê — Oggendblad, 10.7.1975.
- Pretoria News opinion poll — Pretoria News, 10.7.1975.
- In the wake of the News poll: Fresh bid to save Square — Colleen Hendriks, Pretoria News, 10.7.1975.
- New plea by top city group — Pretoria News, 10.7.1975.
- Kerkplein: Pleitskrif vir sy bewaring — Die Burger-komitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein, Beeld (Menings van ons lesers), 11.7.1975.
- Selfs immigrante veg vir Kerkplein — Beeld, 11.7.1975.
- Medals in 'honour' of those who plan to demolish the Square — Pretoria News, 11.7.1975.
- Church Square in peril — Pretoria News, 11.7.1975.
- Church Square. Over to the people — Editorial, Pretoria News, 11.7.1975.
- Dr. Punt kry weer moed: 'n Burgerkomitee veg vir Plein — Hoofstad, 11.7.1975.
- Waar is opnames oor Plein? — Hoofstad, 15.7.1975.
- Now T.V. zooms in on Square rumpus — Colleen Hendriks, Pretoria News, 16.7.1975.
- Nuwe agitasie 'onbillik': Kerkplein se lot is verseël sê Sybrand — Beeld, 17.7.1975.
- Administrateur met vakansie — Beeld, 17.7.1975.
- Punt stel sy punt — Beeld, 18.7.1975.
- Te duur? Nie goed genoeg nie? — Martie Retief, Beeld, 19.7.1975.
- Kerkplein: Dit was Kruger se trots — James Jenkins, Rapport, 20.7.1975.
- Amerikaanse glaspaleise sal dood bring — James Jenkins, Rapport, 20.7.1975.
- Duisende kom Saterdag betoog — James Jenkins, Rapport, 20.7.1975.
- Vergeet dit, sê Sybrand — James Jenkins, Rapport, 20.7.1975.
- Die stene roep — Oud-L.V. en -Kommissaris-generaal Hans Abraham (Gedig), Rapport, 20.7.1975.
- Nes 1904 — James Jenkins, Rapport, 20.7.1975.

Monumente: 'n Wet is nodig (Politieke Kommentaar) — Jaap Steyn, Rapport, 20.7.1975.

Geboue by Kerkplein nou beslis gesloop — Die Transvaler, 21.7.1975.

Burgerlike Aksie — Redaksioneel, Oggendblad, 21.7.1975.

Church Square: The Philistines always win — David Carte, Pretoria News, 21.7.1975.

Ossewaens se parkeerplek word stad se hart. Geskiedenis van Pretoria se Kerkplein — Hoofstad, 21.7.1975.

'Last stand' on city square — Rand Daily Mail, 22.7.1975.

Prof. Chris (Barnard) wil pleit vir Plein — Dries van Heerden, Oggendblad, 22.7.1975.

Saterdagoggend (26.7.1975) — Oggendblad, 22.7.1975.

Geboutjie simbool van ou Transvaal — Oggendblad, 22.7.1975.

Vrou sou geveg het — Oggendblad, 22.7.1975.

Kerkplein is 'n unieke plek in S.A. — Bewaarder, Pretoria, Oggendblad (U skryf), 22.7.1975.

Skoolhoofde doen min vir Plein — Beeld, 22.7.1975.

Kerkplein — Redaksioneel, Beeld, 22.7.1975.

10 000 pamflette om behoud van Plein versprei — Jeanne Goosen, Hoofstad, 22.7.1975.

Kerkplein — Redaksioneel, Hoofstad, 22.7.1975.

Kaap wil Plein help red — Oggendblad, 23.7.1975.

Dis te laat vir klae, sê Van Niekerk — Oggendblad, 23.7.1975.

Plein 'n deel van Europa, sê kënner — Dries van Heerden, Oggendblad, 23.7.1975.

Meester laat sy stempel op dié gebou — Oggendblad, 23.7.1975.

S.A. se verlede word geskend — George Steyn, Silverton, Oggendblad (U skryf), 23.7.1975.

Kapenaars wil ook help behou — Die Transvaler, 23.7.1975.

Administrateur oor Kerkplein: Byeenkoms nutteloos tensy — Die Transvaler, 23.7.1975.

M.E.R. rig brief aan Premier: Stryd om Kerkplein kring verder uit — Beeld, 23.7.1975.

Busstasie onder Plein ondersoek — Beeld, 23.7.1975.

Hare sal waai oor Kerkplein-sloping. Verskeie bekendes gaan veg — Die Transvaler, 23.7.1975.

Almal pleit nou vir Kerkplein — Die Vaderland, 23.7.1975.

Skoonheid nie rede vir Plein se behoud, sê dr. Wennie du Plessis — Hoofstad, 23.7.1975.

Kerkplein misbruik as swart sokkerveld — Hoofstad, 23.7.1975.

Betsie (Verwoerd) says 'Save the Square' — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 23.7.1975.

Pretoria News Poll result — Pretoria News, 23.7.1975.

'Meesterstuk' ook op Plein tereggestel — Oggendblad, 24.7.1975.

President Burgers red krieket op Plein — Oggendblad, 24.7.1975.

Stad reeds geskend — P. J. de Jager, Colbyn, Pretoria, Oggendblad (U skryf), 25.7.1975.

Maak skoon — G. Nel, Waterkloof, Oggendblad (U skryf), 25.7.1975.

Kry my op die Plein — Johan van Niekerk, Arcadia, Oggendblad (U skryf), 25.7.1975.

Heroorweeg die nee — Redaksioneel, Oggendblad, 24.7.1975.

Behou Plein se ou geboue, sê vroue — Beeld, 24.7.1975.

Dr. Verwoerd sou pleit vir Kerkplein — Willem-Jan Prinsloo, Hoofstad, 24.7.1975.

It's Yes! — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 24.7.1975.



The voice of the people — Editorial, Pretoria News, 24.7.1975.  
 Fight to save Church Square — Pretoria News, 24.7.1975.  
 A history of the city's centre — Pretoria News, 24.7.1975.  
 Pretoria News Opinion Poll. How the voting went — Pretoria News, 24.7.1975.  
 Keep this heirloom — Colleen Hendriks, Pretoria News, 24.7.1975.  
 Put west facade on 'Kruger Square' — E. M. F. Gerhard-Noll, Brummeria, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975.  
 Bravo, Mr. Coetsee — Dr. T. E. W. Schumann, Brooklyn, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975.  
 Preserve what has merit — D. C. Pieters, Lynnwood, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975.  
 Cherish it — Immigrant, Silverton, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975.  
 Die bloed kook oor Kerkplein — Die Vaderland, 24.7.1975.  
 Sommige wil platslaan, die ander probeer red — Joe Loretz, Die Vaderland, 24.7.1975.  
 Bakleiers kom van ver — Die Vaderland, 24.7.1975.  
 Betoog teen sloping — Die Vaderland, 24.7.1975.  
 Mev. Betsie (Verwoerd) reageer skerp oor Kerkplein — Die Vaderland, 24.7.1975.  
 Waardevolle Plein-kuns in gevaar — Oggendblad, 25.7.1975.  
 Dis 'n hele wolk van getuies — Oggendblad, 25.7.1975.  
 Kom stem môre — Redaksioneel, Oggendblad, 25.7.1975.  
 Oom Jan kom help oom Paul — Piet Snuffelaar, Die Transvaler, 25.7.1975.  
 Benut Wesfasade — Martie Retief, Beeld, 25.7.1975.  
 Nie 'n skande, maar darem . . . — Beeld, 25.7.1975.  
 Punt het sloping begin, sê argitek — Beeld, 25.7.1975.  
 'n Menigte op Plein verwag — Hoofstad, 25.7.1975.  
 BKA is vierkantig agter protes teen sloplings by Plein — Dr. W. J. G. Lubbe (Voorsitter, Bond van Konserwatiewe Afrikaners), Posbus 3473, Pretoria, Hoofstad (Ons Lesers Skryf), 25.7.1975.  
 Van Wouw se werk word vernietig. Mercurius-reliefbeeld op die Kerkplein — Willem-Jan Prinsloo, Hoofstad, 25.7.1975.  
 Beroep op Van Niekerk oor Kerkplein (deur dr. J. Albert Coetzee, Oud-L.V.): Moenie huidige geboue sloop! — Hoofstad, 25.7.1975.  
 Die volk protesteer môre — Venter Smit, Hoofstad, 25.7.1975.  
 Stem reg — Redaksioneel, Hoofstad, 25.7.1975.  
 Church Square: Final battle begins — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 25.7.1975.  
 Hoogtepunt in die stryd om Kerkplein — Die Vaderland, 25.7.1975.  
 Fateful meeting — Editorial, Pretoria News, 25.7.1975.  
 Red Kerkplein — Redaksioneel, Die Vaderland, 25.7.1975.  
 Openbare protes kan Kerkplein red — Oggendblad, 26.7.1975.  
 Komitee se man is vol moed — Oggendblad, 26.7.1975.  
 Almal kan praat: Kerkplein se lot so beslis — Die Transvaler, 26.7.1975.  
 Hou tog die uil van Kerkplein — Attie van Tonder, Pretoria, Die Transvaler (Menings van ons lesers), 26.7.1975.  
 Hoës veroordeel 'vandalisme': Dis nou of nooit vir Kerkplein! — Beeld, 26.7.1975.  
 Duisende op Kerkplein verwag: Volksentiment vandag teen sloping gemonster — Beeld, 26.7.1975.  
 Nog twee plekke — Beeld, 26.7.1975.  
 Meesterplan nou skielik seek — Beeld, 26.7.1975.  
 Planne beperk — Beeld, 26.7.1975.

'n Tiekie by Café (deur S. J. Korck) verdien — Beeld, 26.7.1975.  
 Kerkplein moet weer lewe — Beeld, 26.7.1975.  
 Versoekskrifte na Vorster — Beeld, 26.7.1975.  
 Pretoria ruk op! — Beeld 26.7.1975.  
 Gee Kerkplein terug! — Martie Retief, Beeld, 26.7.1975.  
 Slopings sal miljoene kos — Willem-Jan Prinsloo, Hoofstad, 26.7.1975.  
 M.E.R. se pleidooi om Kerkplein — Hoofstad, 26.7.1975.  
 Bewaar die bakens van ons herkoms (pleit Hans Abraham, voormalige  
 Kommissaris-genl. van die Transkei en Oud-L.V.) — Hoofstad,  
 26.7.1975.  
 Die saak raak almal, sê dr. Willem Punt — Hoofstad, 26.7.1975.  
 Die laaste stryd — Redaksioneel, Hoofstad, 26.7.1975.  
 S.W.A. slap in face for Sybrand on Square — Colleen Hendriks, Pretoria  
 News, 26.7.1975.  
 5 000 protest in Pretoria — Sunday Times, 27.7.1975.  
 Opsaal — Fleur de Villiers, Sunday Times, 27.7.1975.  
 Tienduisend sê: Los ons Kerkplein! Pretoria in opstand en die hele land  
 steun hom — Rapport, 27.7.1975.  
 Burgemeester (en Gert Beetge) sê nee — Rapport, 27.7.1975.  
 Op Kerkplein 'kan 'n Boer weer asem skep' — Rapport, 27.7.1975.  
 Só lui die mosie — Rapport, 27.7.1975.  
 Plein Kruger se toonvenster — Rapport (Tydskrif-Rapport), 27.7.1975.  
 Erfgoed — Redaksioneel, Rapport, 27.7.1975.  
 S.A. volk kán nog protesteer — Oggendblad, 28.7.1975.  
 Kapenaar (Adriaan Mocke, van Swellendam) sê hy sal vir Plein tronk  
 toe gaan — Oggendblad, 28.7.1975.  
 Plein sal mooi bly solank by bestaan — A. K. Möller, Collinslaan 22,  
 Waverley, Oggendblad (U skryf), 28.7.1975.  
 Die volkstem — Redaksioneel, Oggendblad, 28.7.1975.  
 Ons volk kan nog baklei — Die Transvaler, 28.7.1975.  
 'Ek sal tronk toe vir Plein' sê mnr. Adriaan Mocke, van Swellendam —  
 Die Transvaler, 28.7.1975.  
 Brandnetel wag op Administrateur — Die Transvaler, 28.7.1975.  
 Kerkplein: dink weer 'n slag — Die Transvaler, 28.7.1975.  
 Pleinstryd na Premier — Beeld, 28.7.1975  
 Ampsgenote is **vir** Kerkplein, **teen** Sybrand — Beeld, 28.7.1975.  
 Naam vir so 'n massa? — Martie Retief, Beeld, 28.7.1975.  
 Eerbare uitweg — Redaksioneel, Beeld, 28.7.1975.  
 PM 'has decided buildings must go' — Keth Abendroth, Rand Daily  
 Mail, 28.7.1975.  
 Will they be heard? — Editorial, Rand Daily Mail, 28.7.1975.  
 Regering het oor Plein besluit — Hoofstad, 28.7.1975.  
 Plein 'n simbool van volk se wil — Jeanne Goosen, Hoofstad, 28.7.1975.  
 Oom Paul se volk sê los ons geboue — Jeanne Goosen, Hoofstad,  
 28.7.1975.  
 Kerkplein simboliseer Afrikaner se stryd — Jannie L. Raath, Frances-  
 straat 50, Colbyn, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 28.7.1975.  
 Te veel geboue word afgebreek — Ds. P. W. Jordaan (Voorsitter,  
 Krugergenootskap), Posbus 433, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers  
 skryf), 28.7.1975.  
 Vroue se versoek aan Minister — Mev. A. Wessels, Posbus 25062,  
 Monumentpark, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 28.7.1975.  
 Dink weer — Redaksioneel, Hoofstad, 28.7.1975.  
 Handtekening teen stootskrapeer: Is al dié name genoeg om Plein te red  
 — Die Vaderland, 28.7.1975.

Sybrand is man in die middel. Kabinet het die sê oor Kerkplein — Die Vaderland, 28.7.1975.

Kerkplein — Redaksioneel, Die Vaderland, 28.7.1975.

Square: Sybrand creates new furore — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 28.7.1975.

Violence threat to Punt — Pretoria News, 28.7.1975.

Tie with the past — Dr. W. J. G. Lubbe, Chairman, Bond van Konserwatiewe Afrikaners, Pretoria, Pretoria News (Readers' Letters), 28.7.1975.

Putting back the pulse — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 28.7.1975.

The public demands: A square deal — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 28.7.1975.

Over to the PM — Editorial, Pretoria News, 28.7.1975.

Van Niekerk cool over petition — Star, 28.7.1975.

Cash or heritage? — Editorial, Star, 28.7.1975.

Premier besluit' — Oggendblad, 29.7.1975.

Dis volk se erns as so 'n Piet help por — Aletta Greyling, Oggendblad, 29.7.1975.

Geboue is nie meer bruikbaar: Sybrand — Gus Cluver, Die Transvaler, 29.7.1975.

Kabinet moet nou besluit' — Die Transvaler, 29.7.1975.

Sybrand se spioene doen verslag — Beeld, 29.7.1975.

Plein-vertoë Donderdag na Premier — Beeld, 29.7.1975.

Kerkplein: volk sal nie gaan lê — D.F.H. van Pretoria, Beeld (Menings van ons lesers), 29.7.1975.

Dis nie net Sybrand se skuld, sê dr. Wennie — Hoofstad, 29.7.1975.

Vorster wag op pleitstuk — Hoofstad, 29.7.1975.

Fout lê by mense: Daar skort niks met Kerkplein — Hoofstad, 29.7.1975.

Leser wil sy stem onttrek oor Kerkplein — Hans van der Walt, Esselenstraat, Sunnyside, Hoofstad (Ons lesers skryf), 29.7.1975.

Kerkplein verbind ons met verlede — Mev. C. M. F. Barrie, Alexanderstraat 305, Brooklyn, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 29.7.1975.

Church Square: 'The symbol of Pretoria' says Gabriel Fagan — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 29.7.1975.

Die stryd om die Plein — Oggendblad, 30.7.1975.

Vrae oor Plein nog onopgelos — Oggendblad, 30.7.1975.

Slaan geboue plat — Slaan hulle plat, Pretoria, Oggendblad (U skryf), 30.7.1975.

Kerkplein: Só het die stryd verloop. Wat Premier gesê het — Die Transvaler, 30.7.1975.

Vrae rondom Kerkplein — Redaksioneel, Die Transvaler, 30.7.1975.

Dis nou 'volkswil' — Redaksioneel, Beeld, 30.7.1975.

Register kan sloping keer — Beeld, 30.7.1975.

Church Square row 'stirred up by a few' claims Mr. Sybrand van Niekerk — Rand Daily Mail, 30.7.1975.

Kerkplein: Stof tot nadenke — Dr. Hermann Rex, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 30.7.1975.

Los geboue en ruim Plein op! — George Miller, Presidentstraat 64, Silverton, Hoofstad (Ons lesers skryf), 30.7.1975.

Vorster briefed on Square's western facade — Neil Jacobsohn, Pretoria News, 30.7.1975.

Time will come when we'll be sorry — (Mrs.) L. de K., Pretoria, Pretoria News (Readers' Letters), 30.7.1975.

Politics and Square issue — C. F. Beyers, Pretoria, Pretoria News (Readers' Letters), 30.7.1975.

- Plea to Prime Minister — (Miss) Esje du Toit, Organising Secretary, South African Association of Arts, Cape Town, Pretoria News (Readers' Letters), 30.7.1975.
- Die boodskap van Kerkplein se protes — Tjaart van der Walt, Die Vaderland, 30.7.1975.
- PM briefed on Church Square — Star, 30.7.1975.
- Al meer kla oor Plein se sloping — Die Transvaler, 31.7.1975.
- Stemme vir Kerkplein — Beeld, 31.7.1975.
- More Square facade savers — Rand Daily Mail, 31.7.1975.
- Kerkplein-saamtrek was lojale versët — Hoofstad, 31.7.1975.
- Die Plein nie Kerk nie, maar Afrikaner veg daarvoor! — Aletta Pakendorf, Hoofstad, 31.7.1975.
- Argumente oortuig nie — Dr. J. P. Claasen, N.G. Pastorie, Queenswood, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 31.7.1975.
- Doomed Square — Star, 31.7.1975.
- Jong Italiaanse vrou skryf boek oor Jong Pretoria en sê: Behou tog 'nuwe' Kerkplein! — Die Transvaler (Ritsgids-Bylae), 1.8.1975.
- Square: Back to square one — Praetor, Pretoria News, 1.8.1975.
- Duisende 'pleit' by Vorster — Beeld, 2.8.1975.
- Stem uit die suide — F. H. Badenhorst, Strand, Beeld (Menings van ons lesers), 2.8.1975.
- Geboue op Plein g'n erfstukke — J. H. Nel, Drakensberg-woonstelle 100, Skinnerstraat 80, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 2.8.1975.
- Tears in my eyes over Pretoria — Madeleine van Biljon, Star, 2.8.1975.
- Hou vas — Rykie van Reenen, Rapport, 3.8.1975.
- Kerkplein 'toevallig' kultuur-histories — Rapport, 3.8.1975.
- Die volkstem: reg, en verkeerd — Jaap Steyn, Rapport, 3.8.1975.
- Fight your own battles — Jan Nettle, Rand Daily Mail, 2.8.1975.
- Kerkplein: Daar is tóg 'n uitweg — Hannes Meiring, Rapport, 3.8.1975.
- That 'demo' — Hogarth, Sunday Times, 3.8.1975.
- Sloping nie nodig om Plein lewe te gee — Mev. E. M. Moolman, Wellingtonweg 2, Irene, Oggendblad, 4.8.1975.
- Hede en verlede onafskeidbaar — Leopold Scholtz, Orchards, Johannesburg, Beeld (Menings van ons lesers), 4.8.1975.
- Skop teen prikkels — F. J. du Toit, Koos de la Reystraat 291, Pretoria-Noord, Beeld (Menings van ons lesers), 5.8.1975.
- Lyste na Vorster — Beeld, 5.8.1975.
- Vroue oor Plein na Premier — Oggendblad, 5.8.1975.
- Dokument toon aan Kerkplein se lot was in 1971 al verseël: Verwoerd het sloping goedgekeur — Hoofstad, 5.8.1975.
- Torings moet vermy word op Kerkplein — C. Theo Vorster, Ristlaan 1273, Queenswood, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 5.8.1975.
- Al kies-kies by Oom Paul verby — Hoes Daai, 21ste Laan 722, Rietfontein, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 5.8.1975.
- Ou geboue is vuil en verval — Mev. A. M. Beneke, Trouwstraat 267, Capital Park, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 5.8.1975.
- Die Kerkplein-saga: Pleitskrif vandag na die Premier — Hoofstad, 5.8.1975.
- Kerkplein — Redaksioneel, Hoofstad, 5.8.1975.
- Kerkplein: Pleitskrif oorhandig — Die Vaderland, 5.8.1975.
- PM to get Square petition — Colleen Hendriks, Pretoria News, 5.8.1975.
- Bring Oom Paul se plein na die Eersterivier (Gedig) — J. C. van der Merwe, Porterville, Beeld, 6.8.1975.
- Vroue by Vorster oor Plein — Beeld, 6.8.1975.
- Pleitskrif aan die Eerste Minister oorhandig — Hoofstad, 8.8.1975.

Dan breek ons harte ook — W. du Plessis, Vanderbijlpark, Die Vaderland (Briewe van ons lesers), 6.8.1975.

Sidelight on the Square — R. J. van Buuren, Randburg, Pretoria News (Readers' Letters), 6.8.1975.

It's not just a fight to save Church Square's west facade — J. Visser, Arcadia, Pretoria News (Readers' Letters), 6.8.1975.

The day 6 000 women marched silently in a line six deep to the Union Buildings . . . and it didn't have anything whatever to do with the Square unites women — Pretoria News, 6.8.1975.

ster keeps silent over Square — Pretoria News, 6.8.1975.

Square unites women — Pretoria News, 6.8.1975.

Pleitskrif gerig aan die Eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika, Sy Edele B. J. Vorster, Uniegebou, Pretoria deur die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein, 5 Augustus 1975.

'n Nuwe waardering van die historiese en kunshistoriese betekenis van die drie belangrikste geboue van die wesfasade van die Pretoriase Kerkplein na aanleiding van nuwe feite en gesigspunte wat in die afgelope tyd deur navorsing aan die lig gekom het en bygevolg vantevore nie voldoende beklemtoon is nie (Bylae tot Pleitskrif aan die Eerste Minister) — Dr. H. M. Rex.

Opmerking en Naskrif — Die Redakteur

Gedruk en gebind deur N.H.W.-Pers Pretoria

## 'N DRAMATIESE HOOGTEPUNT IN 'N KWARTEEU-LANGE STRYD OM DIE BEWARING VAN ONS KULTURELE ERFENIS

Teen die einde van Julie 1975 het die burgers van die Republiek van Suid-Afrika kennis geneem van die reuse byeenkoms op die historiese en tradisionêre Pretoriase Kerkplein. Dit was 'n unieke gebeurtenis in ons kulturele geskiedenis toe daar vanaf omstreeks 10 vm. tot 2 nm. 'n inligtingsvergadering gehou is in die onmiddellike omgewing van die bedreigde historiese geboue en duisende mense rondom die standbeeld van president Paul Kruger na besielende toesprake, pleidooie en boodskappe geluister, die pleitskrifte vir die bewaring van die historiese geboue aan die westekant van Kerkplein onderteken en verder net deel gehad het aan 'n gebeurtenis wat nie dikwels in 'n menseleef tyd voorkom nie. Die burgery van Pretoria het in elk geval so 'n gebeurtenis, waartydens daar deur duisende mense geesdriftige steun verleen is aan die hartstogtelike pleitredes vir die bewaring van die historiese en argitektoniese belangrike en waardevolle Pretoriase geboue, nog nooit vantevore belewe of aanskou nie.

Die Burgerkomitee van Pretoria, onder die bekwame voorsitterskap van mnr. Piet Muller, moet geloof word vir die prysenswaardige inisiatief wat hulle geneem het om die gevoelens van die burgers van Pretoria en van tienduiseende volksgenote van dwarsoor die Republiek op 'n skou-spelagtige wyse onder die aandag van die owerhede en hul anonieme amptenare en adviseurs te bring.

Die pers het 'n hoogs gewaardeerde en puik diens aan die volk gelewer met hul beriggewing en populêr-wetenskaplike artikels oor die historiese geboue rondom Kerkplein. Op 'n spontane en eendragtige wyse het die Afrikaanse en Engelse koerante die stryd van die Pretoriase Burgerkomitee ook hul stryd gemaak en wel met 'n sukses en trefkrag wat nie deur die owerheid of wie ook al misgekyk en verontagsaam kan word nie! Die kultuurbewuste en tradisiegebonde leserspubliek het daarom die hoogste waardering vir die steun wat die pers by wyse van nuusberigte, foto's, tekeninge, spotprente en redaksionele kommentaar aan die aktiwiteite van die Burgerkomitee verleen het.

Wanneer hierdie nommer van **Pretoriana** onder oë geneem word, sal dit spoedig duidelik word dat dit uitsluitlik bestaan uit materiaal wat aan die verskillende dagblaie en sondagkoerante ontleen is en — indien die ruimte ons toelaat — afgesluit word met die pleitskrif wat op 5 Augustus 1975 aan die Privaatsekretaris van die Eerste Minister deur 'n aantal vooraanstaande en verteenwoordigende vroue van Afrikaanse, Engelse en Joodse afkoms oorhandig is. Hierdeur sal die lesers van **Pretoriana** feitlik 'n geheelbeeld kry van die artikels wat vanaf April tot Augustus in die verskillende Transvaalse koerante in verband met die stryd om die behoud en restaurasie van die wesfasade van die Pretoriase Kerkplein verskyn en 'n belangrike rol gespeel het in die aktivering van die leserspubliek om die Burgerkomitee van Pretoria daadwerklik te steun in sy stryd om die owerheid te laat afsien van sy voorneme om ons kulturele erfenis met stootskrapers te vernietig. Die „Pretoriase Burgerkomitee vir die Bewaring en Restaurasie van Kerkplein“ en die pers verdien dus ons innige dank vir hul gewaardeerde optrede in die loop van die derde kwartaal van 1975. Die Genootskap Oud-Pretoria het soveel waardering vir die optrede van die Burgerkomitee en die rol van die pers, dat die Bestuur, op voorstel van die Redakteur, besluit het om soveel moontlik van die resente koerantmateriaal wat oor die stryd om



die behoud van die historiese geboue aan die westekant van Kerkplein handel, in een tywige nommer van **Pretoriana** op rekord te plaas.

Ofskoon diegene wat hulle in die afgelope tyd daadwerklik beywer het vir die bewaring van die historiese Kerkplein-geboue, waardeer het vir die pragtige bydrae wat die Pretoriase Burgerkomitee en die pers in hierdie verband gelewer het, mag ons egter nie vergeet of uit die oog verloor nie dat die twee organisasies wat die akker voorberei en die saad gesaai het waarvan ons op 26 Julie 1975 die ryke oes ingesamel het, die Genootskap Oud-Pretoria en die Stigting Simon van der Stel was, eersgenoemde plaaslike vanaf 1948 en laasgenoemde gedurende die afgelope aantal jare landswyd en met nasionale steun.

Die siel van en dryfkrag agter albei hierdie kulturele organisasies sedert hul stigting was sonder enige twyfel dr. Willem Punt, ofskoon hy na die totstandkoming van die Stigting Simon van der Stel al sy tyd en kragte aan dié landswye en internasionaal-bekende organisasie gewy het.

Dr. Punt is jare lank op 'n troue en onvermoeide wyse bygestaan deur dr. Jan Ploeger, aanvanklik as penningmeester/argivaris en eerste redakteur van **Pretoriana** en daarna as redakteur van die **Bulletin** van die Stigting Simon van der Stel, wat hy jare lank op bekwame wyse geredigeer het. Vir albei, sowel dr. Punt as dr. Ploeger, moet die werksaamhede in verband met **Pretoriana** en die Genootskap Oud-Pretoria, myns insiens, gesien word as 'n voorloper en oefenskool vir die latere bedrywighede met betrekking tot die Stigting Simon van der Stel en sy mondstuk, die **Bulletin**.

Afgesien van dr. Ploeger, is dr. Punt in die loop van die jare op 'n konsensieuse wyse ondersteun en bygestaan deur 'n aantal besielde medestryders in die besture van bg. organisasies en wapendraers op die agtergrond. Na sy uittrede as voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria in 1959 is sy gewaardeerde grondleggende en baanbrekerswerk ten opsigte van die Genootskap Oud-Pretoria as voorsitter op voortrefflike wyse voortgesit deur dr. G. von W. Eybers, wyle dr. T. S. van Rooyen, dr. N. A. Coetzee, wyle mnr. N. L. P. (Tjaart) van der Walt en mnr. W. S. Robertson, terwyl prof. dr. P. C. Coetzee, na 'n bykans tien jaar-lange dienstyl as bestuurslid, in die tweede helfte van 1975 aangewys is as opvolger van mnr. Robertson, wat hom na sy afrede as koerantman, in Kaapstad gaan vestig het. Wanneer die name van Pretorianers wat vanaf 1948 op die bestuur gedien en sodoende hul tyd en kragte aan die bevordering van die doelstellings van die Genootskap gewy het, nagegaan word, is dit opmerklik watter vooraanstaande stadsburgers in die loop van die jare na vore gekom het om die kulturele aktiwiteite van die Genootskap Oud-Pretoria aktief te steun.

Die afgelope kwarteeu was dr. Willem Punt 'n onderwysman en kultuurleier van nasionale formaat en 'n Afrikaner wie se uitmuntende leiershoedanighede en verdienstes nie net gewaardeer en benut is deur sy volksgenote nie, maar wie se naam as kenner van ons volksverlede, skrywer en kultuurleier ook ver buite die grense van ons vaderland uitgekring en bekend geword het. Die erkenning van sy werk op kulturele gebied en die toekennings wat dr. Punt van oorsese instansies ontvang het, getuig hiervan. Toe dr. Punt op 26 April 1975 75 jaar oud geword het, is daar by geleentheid van 'n luisterryke funksie in die Constantiaklub welverdiende hulde gebring aan een van Suid-Afrika se groot seuns op kulturele en onderwysgebied.

Die huidige redakteur van **Pretoriana** beskou dr. Punt as een van sy gewaardeerde geestelike vaders en daarom verskaf dit hom besondere

vreugde dat hy op hierdie tydstip in die geleentheid verkeer om hierdie nommer van **Pretoriana**, met sy unieke inhoud, in dankbaarheid op te dra aan dr. Willem Punt, 'n hooggeagte, geliefde en by sommige — veral diegene met 'n „bulldozing history“-mentaliteit — ook 'n gevreesde kultuurleier en kulturele kampvegter.

Mag. dr. Punt nog baie jare van goeie gesondheid geniet, sy verstands- en geesteskragte onverminderd behou en hom steeds verbly in die agting en liefde van 'n gemeenskap wat hy oor 'n tydperk van drie dekades deur middel van die Genootskap Oud-Pretoria, die Stigting Simon van der Stel en ander volksorganisasies kultureel en geestelik gelei, opgevoed en help vorm het.

Mag dr. Punt ook binnekort die vreugde ervaar dat Sy Edele, die Eerste Minister, na aanleiding van die versoë van die Burgerkomitee en die feitlik eenparige pleitredes van koerantredakteurs, tot 'n nuwe insig gekom en besluit het om opdrag te gee dat die historiese en argitektoniese belangrike en waardevolle geboue aan die westekant van Kerkplein nie deur die stootskrapers van die Provinsiale Administrasie en die Departemente van Poswese en Openbare Werke verwoes word nie maar vir ons nageslag as 'n erfenis behoue en bewaar moet bly. Daardie blye dag wanneer die aankondiging vanuit die kantoor van die Eerste Minister bekend gaan word dat die huidige Regering in die stem van die volk die Stem van God verneem het en, soos president Kruger van ouds, aan die volkstem gehoor gaan gee, sal 'n dag van uitbundige vreugde wees, nie net vir dr. Willem Punt en sy getroue medestryders in die Genootskap Oud-Pretoria en die Stigting Simon van der Stel oor 'n tydperk van 'n kwarteeu en vir mnr. Piet Muller en die lede van die Pretoriase Burgerkomitee nie, maar bowenal ook vir die tienduizende en nogmaals tienduizende kultuurbewuste en volksverankerde Suid-Afrikaners dwarsoor die Republiek van Suid-Afrika.

27.11.1975.

DR. H. M. REX

**Dr. Willem Punt:**

### **OP 75 NOG 'N YWERIGE KULTURELE KAMPVEGTER**

deur WILLEM-JAN PRINSLOO, Hoofstad, 29.4.1975

PRAAT van historiese erfenisse en dadelik kom die naam Willem Punt by jou op. Dink aan Boekenhoutfontein, die pragtige ou opstal van president Kruger, en dis weer so! Tussen al die duisende koerantberigte wat oor die een of ander bewaringspoging van 'n gebou of terrein handel, staan sy naam en poging prominent.

Willem Henry Jacobus Punt is op 26 April 1900 in Germiston gebore. As enigste seun het daar al vroeg in sy lewe 'n liefde ontstaan vir die geskiedenis en aardrykskunde. 'n Mens kan amper sê dié liefde was daar met geboorte want selde kom 'n mens iemand teë vir wie sy landsgeskiedenis soveel saak maak.

As kind onthou hy nog goed hoe interessant sy onderwyser die geskiedenis oorvertel het. Daar was daardie dae maar min boeke en om soveel moontlik in te neem moes die ore gespits word.


Daar was byvoorbeeld nie boeke oor die Groot Trek nie maar oor Jan van Riebeeck is heelwat gepubliseer — daarom dan ook sy groot liefde vir die Volksplanter!

Pretoria lê baie na aan die hart van hierdie kulturele kampvegter. Dis in hierdie stad dat hy werklik uiting begin gee het aan die bewarings-

gedagte Met reeds 75 somers agter die rug, (hy het verlede Saterdag verjaar) straal daar die begeerte om nóg meer vir sy volk te doen.

Hy praat opgewonde van sy kinderdae en waar die kind van vandag staan. Die jeug is vir hom pragtig en daar skort niks met die huidige opkomende geslag nie, sê hy.

Maar, waarsku dr. Punt, die Staat se eerste plig is om saam met opvoeding, sorg te dra dat daar iets sigbaars en tasbaar vir die jeug moet wees, wat as anker sal dien vir die toekoms. Dit sal deel moet vorm van Volksgeskiedenis.



**Mnr. Willem-Jan Prinsloo, van HOOFTAD besig om 'n onderhoud met dr. Willem Punt te voer, 28.4.1975.** Foto: Hoofstad

„Maar hoe kan die kind 'n liefde vir iets ontwikkel wat daar nie is nie? Hier bedoel ek nie die geestelike nie maar dit wat volkseie is soos ons kulturele erfenisse wat gister nog vaste fundamente gehad het.

„Ek 'bepleit nog steeds vir die behoud en die uitbouing van geskiedenis en aardrykskunde op skool. Hierdie twee vakke loop hand-aan-hand,“ sê dr. Punt.

En nou dat hy inderwaarheid by die afdraand van lewenskragte gekom het, probeer dr. Punt nog steeds veld wen. Hy gesels ywerig wat daar nog gedoen moet word.

Daar is só baie. Maar, dit bly by hom 'n uitgemaakte saak: „Ons moet die jong mense die geleentheid gee om die sleutel van die verlede vir die toekoms te behou, sover dit kultuurerfenisse betref.“

Dr. Punt het die graad BA en later MA aan die Universiteit van Pretoria behaal en sy doktorsale proefskrif in die geskiedenis met sukses aan die Universiteit van Stellenbosch voorgelê.

Sy seun, Willem, het nou die leisels by sy bekwame vader oorgeneem en te oordeel aan die toegewydheid wat hierdie jong Punt aan die dag lê, is dit geensins te betwyfel nie dat die Stiging vir nog baie jare vorentoe sterk in die bewaringsveld van ons erfenisse gaan staan . . .

## **CALL TO SAVE CHURCH SQUARE GAINS MOMENTUM**

by DAAN DE BEER, Pretoria News, 30.4.1975

SIX sturdy and dignified buildings on Church Square, some dating from President Kruger's republic, are awaiting the outcome of a war of words and petitions between a demolition minded Government and thousands of heritage minded citizens backed by cultural organisations.

The number of people who have protested against the proposed demolitions is estimated at 150 000, but Pretoria cultural leaders put the figure much higher.

Protests have been made through 15 organisations, including the Transvaal Institute of Architects, the Transvaal Arts Association, the Simon van der Stel Foundation, the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, and by letters to the Government and the Press from hundreds of individuals.

Dr. Willem Punt, director of the Simon van der Stel Foundation, says the protest is growing "almost daily".

### **LATEST MOVE**

The latest move is by die Federal Women's Council which wants to discuss the square's future and the demolition of the western facade with the Prime Minister.

The buildings at stake are the old Netherlands Bank Building, the Law Chambers, the Reserve Investment Building (Cafe Riché), the Post Office and the National Bank and ZAR Mint, both occupied by post office departments.

Also scheduled for demolition are the adjacent Capitol Theatre (now closed with all its art works and fixtures sold by public auction) and the old Poynton's Building.

Demolition is scheduled for 1978. The buildings will make way for tower blocks housing a new post office and provincial offices.

A series of articles on each of the six historical buildings earmarked for demolition starts in the Pretoria News tomorrow.

## **Church Square's doomed buildings:**

### **BANKING WILL NEVER BE THE SAME**

by DAAN DE BEER, Pretoria News, 1.5.1975

NOBODY in his right mind today will start a banking business in a new building in which the first floor is rented to a firm which advertises that it manufactures explosives.

Yet this is exactly what happened in 1897 when the Nederlandsche Bank en Crediet Vereeniging voor Zuid Afrika opened its new offices on Church Square.

The firm was in partnership with the Zuid Afrikaansche Fabrieken voor Ontploffbare Stoffen (South African Explosives Factory), which occupied the first floor.

Although it was not the factory of explosives itself but the offices of the concern, it would probably send cold shivers down the spine of any security officer in modern times.

The Netherlands Bank started operating in Pretoria in 1888 with an authorised working capital of R400 000.

Shares were sold to the public at R200 each and the capital of the firm soon reached R160 000.

The firm also traded under the name of the Pretoria Hypotheek Maatschappij in Church Street East with Mr. M. Hogerzeil as manager. About 1889 the well known town architect of Pretoria, Mr. Willem de Zwaan, was commissioned to design the new branch of the Netherlands Bank.

De Zwaan was also the architect for the Land Bank in Paul Kruger Street, his own house on the corner of Walker and Celliers Streets, the Gundelfinger Building in Church Street, the Cafe Riché and the pedestal of Paul Kruger's statue.

The old building of the Netherlands Bank on Church Square was bought by the Provincial Council and with all the other buildings on the western facade is due for demolition in 1978.

The building is presently leased to the South African Association of Arts which holds exhibitions in its rooms which has beautiful wrought iron gates leading to halls with a decorative staircase and brass handrail.

Leading from the bank building is a door (presumably installed in recent years) to the Law Chambers.

Very little is known about the history of the Law Chambers which today are empty except for fire extinguishers, heavy steel doors which lead to strongrooms and the marks of rain water which seeped through the roof onto floors and staircase landings.

The building was owned by the African Board of Executors and Trust Company Limited which started business in 1894 with a subscribed capital of R100 000, although the company was founded in 1891.

Directors were Hugh Crawford, T. N. de Villiers, Johan Rissik, P. J. Kotze, R. K. Loveday, Carl Ueckermann, J. C. Minnaar and H. Cloete.

According to archivist Dr. Hermann Rex, the company raised loans, fire and life insurance and were an agency and commission business.

This building is also due for demolition. The tower blocks originally envisaged for the new west facade will, however, not be built.

## **Church Square's doomed buildings:**

### **PO HAS ITS OWN NUDES**

by DAAN DE BEER, Pretoria News, 2.5.1975

THE Post Office on Church Square, which has halls lined with red stone brought by ox wagon from Warm Baths in the Northern Transvaal, has two nudes which are partially hidden from public view, like the Pritchard statues at Civitas Building in Proes Street.


Historians are uncertain who the artist was, but the nudes, with a clock as a central point, are above the main entrance to the building which was completed in 1910 at a cost of R260 000 (£130 000).

They are not easily seen as people entering the building have to climb two steps before coming to the main floor. Watching people entering the building, it is clear that only a few notice the nudes, a reclining man and woman.

#### **FREE**

The "New Post Office", as it was known at the time of completion, was built on the site of the original single-storey building at the north west corner of the junction of Church Street with Church Square.

Early records, held by Dr. Hermann Rex, of Pretoria, describes the building as one with an extensive frontage, with stone faced facades in the style of the later Renaissance, "somewhat freely tested and adapted to South African conditions".



Die ou Nederlandse Bankgebou en 'n gewel van die Law Chambers gebou.

Foto: Oggendblad



It has four floors. When occupied for the first time, the ground floor was given to "Pretoria Postal Work". Administrative and technical staff were on the second floor with the offices of the Postmaster General.

### TELEGRAPH

The telegraph department and central telephone exchange were on the third floor which also provided "refectory and recreative accommodation for officials detained in the building for long spells of work".

The building is to make way for a new building in which most of the main departments, except communications departments will be housed.

## Church Square's doomed buildings:

### CAFE RICHE FIRST TO GO?

by DAAN DE BEER, Pretoria News, 5.5.1975

WHEN demolishers start knocking down the western facade of Church Square in 1973, the old Cafe Riché — one of the most colourful of the doomed buildings — will probably be the first to go.

The exact date on which construction started on the building is not known, but Pretoria's well known historian and archivist, Dr. Herman Rex, puts the time of completion of the building at "some time before 1910".

Dr. Rex also believes he has discovered certain references which could clear up the mystery about the owl which stands mounted on a concrete relief art work on the corner in front of the building.

Cafe Riché is not the true name of the building. It was completed as the Reserve Investment Building and because of its situation, the building was an important commercial centre at the time.

In the years after Union was formed, the building was a beehive of activity and businessmen who frequented the place were seen to be regular clients of the shops on the ground floor, including the Cabin Tea Room and the Cafe Riché Lounge Bar.

Dr. Willem Punt, former director of the Simon van der Stel Foundation, said that some of the rooms on the top floor were later made into sleeping apartments. He said he had rented a room in the building for some time.

Two spinsters, Misses Clarke and Doyle, had the Cabin Tea Room on the ground floor. Entrance to the tea room was through a door on the eastern side of the building.

Steps led down to the basement where patrons could sit at tables and gaze at the feet of passersby which could be seen through lead reinforced glass portions of the pavement.

Also on the ground floor was Mr. R. W. Harcourt's Cafe Riché Lounge Bar which he advertised as "the most luxurious lounge bar in town with only the best brands of foreign and colonial liquors".

The lounge bar was, in fact, one of the most popular and well known places in Pretoria and its name was attached to the entire building. The building's original name was later forgotten.

There was also the Africander News Agency, owned by H. Lionel Willis whose address was given as 172 Church Street.

Willis was known to have been a regular client of the lounge bar and the tea room where full meals could be bought for 1s 3d.



Die Law Chambers-gebou met die Ou Nederlandse Bankgebou aan sy suide- en Cafe Riché-gebou aan sy noordekant  
Foto: The Pretoria News

The corner bar, which was moved several years ago, was the only one in the centre of town which had "bat" or swing doors (as seen in Western films), and which opened on to the street.

Dr. Rex said the Africander News Agency and The Pretoria News Printing Company (in Vermeulen Street), were two of 16 firms in town which were advertised as "printers and publishers".

The architect of the building was Francois Soff who was born in Amsterdam in 1867 and came to Pretoria in the early nineties to work for W. J. de Zwaan.

Soff died in Ward Six of the Pretoria General Hospital (now the H. F. Verwoerd Hospital) in Januarie 1936 at the age of 63.

Hospital records show that Soff died a bachelor and his address was given as the Pretoria Club. Soff and De Zwaan were architects of a new wing of the club.

Before his death Soff lived with a friend in the district of Belfast.

#### **EXECUTOR**

Dr. Rex has a note written by the executor of Soff's estate which says "Now the deceased (architect) was well known as an old resident of Pretoria, a gentleman of standing; who, although he kept an office, had been without any work for a long time. He had at last given up his 'practice' and . . . retired to a farm as the guest of an old friend . . . to whom he had bequeathed all his movables left on the said farm . . ."

Among them were 150 books, a painting of the Bloemfontein "Vrouwen Monument" and "one owl in plaster".

Soff, architect of the Cafe Riché, was also architect of the Vrouemonument at Bloemfontein. The sculptor of the monument was Anton van Wouw who at the time of the designing of the Reserve Investment Building was a friend of Soff.

Dr. Rex believes that the owl and relief work on the Cafe Riché was the work of Anton van Wouw.

"Why would Soff, who was an architect and not a sculptor, have attached so much value to a plaster cast of an owl?" asks Dr. Rex.

"For decades Soff held on to the cast. He was a friend of Anton van Wouw, a sculptor, and the owl which stands on the corner of the Cafe Riché today is undoubtedly the work of a sculptor and artist.

"The fact that the architect of the Vrouemonument is also the architect of the Cafe Riché makes it so much more a better reason why the building should be preserved," said Dr. Rex.

### **Church Square's doomed buildings:**

#### **PRIVATE CITIZEN USED MINT**

by DAAN DE BEER, Pretoria News, 6.5.1975

WEARING his pale blue sash and black top hat, President Paul Kruger arrived at Church Square punctually at 3 p.m. on July 6 1892, to lay the foundation stone of the "Nationale Bank & Mint" buildings.

The buildings are among those on the western side of the Square which are to be demolished for new Government offices.

Official minutes taken at the stone-laying states the Square was a scene of bustling activity hours before the ceremony. A long garland of flags waved in the breeze.

There were several hundred people with important guests and dignitaries placed on a platform under a high staff from which hung a very large Vierkleur.



Die Cafe Riché-gebou (Reserve Investment Building). Gedeeltes van die Capitolteater en die Ou Poyton-gebou op die agtergrond  
Foto: The Pretoria News

Among those on the platform were State Secretary, Dr. W. J. Leyds, the chairman of the board of directors of the bank. Mr. T. W. Beckett, and the general manager of the bank, Mr. H. Militz.

According to historian Dr. Hermann Rex, the bank was founded in 1891 and incorporated by a special decree of the Volksraad as bankers to the Government.

Authorised capital of the bank was put at £4 002 000 (R8-million) but the first issue was for £1 002 000 (R2-million). After the first board meeting Dr. Wilhelm Knappe was named joint general manager with Mr. Militz.

The Volksraad had already passed certain concessions in 1890 for the establishment of a bank and State Mint. Among the concessions were that the Government would, after a specified time, take over the operations of the Mint.

The Mint building consisted of assaying offices, and rolling and punching works which extended to the back of the facades next to the bank building. No changes have been made to the facades of the buildings since they were built.

The Mint is probably the only in the world which was used to make coins for a private individual.

In 1898 the ZAR Mint was handed over to Sammy Marks for one day's use to strike the smallest coin in the country's currency — the 3d bit, or tickey — in gold.

President Kruger allowed Marks to have the coins struck as a token of appreciation of his having given £10 000 for a statue of the President to be erected in Pretoria.

Marks had 215 of these coins minted which he gave to friends.

One of the three original minting presses brought from Berlin to the mint by Friederich Munscheid, the state appointed Mint Master, is still in working order and stands in the present Mint in Visagie Street.

The Nationale Mint became the National Bank of South Africa in 1903-4 and was later amalgamated with the Barclays Bank which is now on the eastern side of the Square.

## NIKS KAN KERKPLEIN MEER RED NIE

OGGENDBLAD, 13.6.1975

PROVINSIALE RAAD. — 'n Besluit oor die westelike fasade van Kerkplein is finaal geneem, het die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, gister gesê.

Dit is onbillik om te agteer dat die bestaande geboue behou word.

Verdere vertoë is na sy mening 'n groot verleentheid na al die kante toe.

Dit kan nie anders as 'n refleksie op goeie trou wees nie — niks nuuts kan oorweeg word nie.

As die beplande nuwe geboue voltooi is, sal dit nog 'n baie gewilder skepping wees as die bestaande westekant van Kerkplein.

„Omdat ons tot beter in staat is, het ons 'n plig om dit te doen“, sê mnr. Van Niekerk.

Hy sê 'n mens het agting en respek vir die weerstand teen die beplande verandering, omdat dit emosioneel so diep wortel.



Die Hoofposkantoor

Foto: Poskantpormuseum, Pretoria



## MISTASTING

Maar die gedagte dat dit 'n vernuwing is, is na sy mening 'n mistasting.

„Dit is 'n skepping van iets wat daar moet wees en wat voorheen nog nie bestaan het nie omdat die geleentheid om dit georden aan te pak, nog nooit daar was nie”, het hy gesê.

Toe die Eerste Minister ingestem het om die projek weer in oënskou te neem nadat finaliteit in die sestigerjare al bereik is, moes hy gedink het dié mense wat die ou geboue wil behou, het sterk argumente aan hulle kant.

Hy het na alles geluister en aangekondig dat hy persoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir die besluit om weg te doen met die ou geboue, het mnr. Van Niekerk gesê.

## KERKPLEIN WEER TWISPUNT

HOOFSTAD, 14.6.1975

PRETORIA. — Die geveg om die behoud van die ou geboue wes van Kerkplein het skielik nuwe lewe gekry met die administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, se toespraak in die Provinsiale Raad gister.

Mnr. Van Niekerk het dit onomwonde gestel dat dié geboue nou beslis gesloop gaan word. „Dit is onbillik om te agiteer dat die bestaande geboue behou word,” het hy gesê.

Die instansies wat in die verlede vir die behoud van dié geboue geveg het, is nie van plan om só maklik tou op te gooi nie. „Dit is nie onbillik nie,” was die reaksie van mnr. Willem Punt, die direkteur van die Stigting Simon van der Stel. „Dit is ons rég om te eis dat dié geboue behou word.”

Mnr. Van Niekerk het gesê verdere verhoë is net 'n verleentheid na alle kante toe. Maar mnr. Punt sê dis „net vir die owerheid” 'n verleentheid.

Prof. P. C. Coetzee, die ondervoorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, neem glad nie verlief met die administrateur se toespraak nie. „Solank dié geboue nog staan, sal ons nie hoop verloor nie.”

Net soos sy seun, het dr. Willem Punt — 'n bekende in historiese kringe — sterk standpunt ingeneem vir die bewaring van die geboue.

„Dit is jammer dat dié waardevolle erfenis van ons volk ontnem word,” het dr. Punt gister gesê. „Selfs in dié laat stadium is daar nog tyd om te besin.”


## THE END

by COLLEEN HENDRIKS, Pretoria News, 7.7.1975

CHURCH SQUARE, as we know it, is living on borrowed time.

Before the end of the decade, the historic western facade will be demolished in the name of progress, and who knows what other “improvements” are under consideration.

Mind you, no matter what plans — and there have been many — are put forward, they always provoke controversy. It has been a place of government, trade, auction sales, nagmaal and cricket in its short, eventful history.



Die Nasionale Bank - en Muntgebou. Die hoë dak van die masjienkamer van die eertydse Staatsmunt kan aan die agterkant van die Nasionale Bank - en Muntgebou gesien word. Die hoër gebou aan die regterkant is die agterste gedeelte van die Anneksgebou van die Nasionale Bank - en Muntgebou (tans Poskantoor museum). Foto: The Pretoria News

Arguments about development of the square are nothing new. A visit to the archives has revealed that they were quarrelling about it way back in 1910.

Since then, there have been disputes over the type of trees to be planted, Blacks lounging on the grass during lunch break, pigeons doing their thing on Oom Paul's hat, and an attempt to buy it for a 60-storey building similar to the Empire State building in New York.

Right now, the main concern is the proposed demolition of the square's historic western facade. Buildings at stake are the old Netherlands Bank, the Law Chambers, Reserve Investment Building (Cafe Riché), the Post Office, National Bank and the ZAR Mint.

Also scheduled to go are the adjacent Capitol Theatre (now closed, with all its art works and fixtures sold by public auction) and the old Poynton's building.

Demolition is scheduled for 1978, to make way for a new post office and provincial offices.

Originally the idea was to flatten the entire western facade, erecting two tower blocks in its place. They were to have been the highest in the city.

Several years after the scheme had been approved in principle, a committee was appointed to investigate the square's future. It was empowered to recommend whether the two 130 m tower blocks already partly planned at a cost of R1.3-million — should be built.

#### HOSTILITY

Its recommendations included keeping the two blocks in modified form, restoring the Netherlands Bank and the old National Bank building, and demolishing all the other old buildings on the western side. They were met with a mixture of enthusiasm and open hostility.

Meanwhile, the Minister of Public Works became master of the square in terms of a Bill piloted through Parliament in 1971.

The following year it was announced that a feasibility study was to be undertaken on the square's future — both above and below the surface

Then, on June 14 last year, came the news: Church Square's historic western facade is doomed.

The Government had announced that the whole western side was to be demolished to make way for a new post office and other buildings (no tower blocks).

However, the Government was prepared to consider reconstruction of the buildings in an appropriate milieu such as the open air museum in Fountains Valley. The idea has since been abandoned due to the tremendous costs involved.

#### SHOCK

The demolition announcement came as a tremendous shock and great disappointment to Pretoria's cultural organisations.

They made urgent representations to the authorities because this row of buildings constituted a unique architectural entity and was one of the only remaining links with Paul Kruger's Pretoria.

And they have not let up. A war of words between a demolition-minded Government and thousands of heritage-minded citizens, backed by the cultural organisations, continues right up to this day.

Despite much criticism, the Government is standing its ground. The western facade must go.

The only person who can prevent this rape of South Africa's cultural heritage is the Prime Minister Mr. Vorster, himself.



Die sg. Muntgebou, teen die einde van die negentigerjare ontwerp en gebou om as 'n anneksgebou van die „Nasionale Bank- en Muntgebou” gebruik te word. Die hoofingang, aanvanklik in die middel van die gebou, is later toegebou en dien tans as venster van die Poskantoomuseum. Toegang tot die gebou (en 'n smeedysterhek tussen die twee geboue) word tans verkry deur 'n deuropening in die muur van die Nasionale Bank- en Muntgebou. Die sierlike smeedysterhek sou 'n aantal jare gelede tot 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar word. Die HMK was egter net bereid om 'n brons gedenkplaat by die hek te laat aanbring.

Foto: The Pretoria News

## **DR. PUNT PLEIT OM BEHOUD VAN OU GEBOUE**

HOOFSTAD, 16.6.1975

DIE hele kwessie van historiese bewaring en restourasie in Suid-Afrika behoort in die Volksraad bepleit te word.

'n Departement wat hom die bewaring van die Republiek se kultuur-skatte, ten doel stel behoort oorweeg te word.

Dit is die mening van dr. Willem Punt, Adviseur vir die Stigting Simon van der Stel en voormalige Direkteur van dié bewaringsliggaam in Suid-Afrika.

Dr. Punt wat onlangs teruggekeer het ná 'n uitgebreide reis in Iran en Israel, het gesê dat dié eerste stap in dié rigting van die Regering moet kom. Dit kan selfs op Provinsiale vlak aangepak en aanbeveel word.

### **BAND**

„In Suid-Afrika bestaan daar nog nie 'n noue aanvoeling en band tussen Regering en burger oor die bewaringsaspek nie. Hier is nog geen doelbewuste rigting ingeslaan om die Staat in dié rigting aan te moedig nie.“

„Ons het die Monumentekommissie en die Stigting Simon van der Stel wat reuse werk doen, maar die Regering dra hopeloos te min by,“ het dr. Punt gesê.

Oor die gedagte van 'n Departement vir Monumentesorg, sê dr. Punt dat só 'n liggaam, verteenwoordigend kan wees van al die verskillende instansies wat bewaringsbewus is.

### **BEVOEG**

„Dit kan saamgestel wees uit opgeleide restourasie-argitekte, kultuurhistorici wat hul geskiedenis ken, argeoloë, ingenieurs en restourateurs. Die departement moet toeganklik vir die publiek wees en moet geldelike bydraes uit die Staatskas ontvang vir verdienstelike gevalle.“

„Dié departement sal dan bevoeg wees om ondersoek in te stel na die historiese en argitektoniese waarde van 'n gebou of struktuur.“

In Israel en Iran is dit opmerklik hoe daardie Regerings uit hul pad gaan om uit hul puinhope, argeologiese dokumentasie vir restourasie op te bou. Ons het nog kultuurskatte, waarom moet ons op puinhope wag,“ het hy bygevoeg.

### **GESTEUN**

„Dit is jammer dat Volksraadslede in Suid-Afrika, nog nooit in die Volksraad opgestaan het en 'n pleidooi vir die bewaring van ons erfenisse gelewer het nie. In Suid-Afrika, met sy Westerse erfenis, behoort die gedagte gesteun te word, veral ten opsigte van die Departement vir Monumentesorg.“

Dr. Punt wat allerweë beskou word as een van die grootste kultuur-bewaarders in die wêreld, het sterk standpunt ingeneem teen die voorgenome slooping van die geboue aan die westekant van Kerkplein.

„Daar word deur verantwoordelike mense gesê dat die ou geboue, onekonomiese eenhede is wat nie verhuur kan word nie. Die Ou Nederlandse Bankgebou is glo een van die probleme.“



Die Bank van Afrika - gebou (Kirkness-gebou), in Paleisstraat teenoor die Paleis van Justisie

Foto: The Pretoria News



## TAAK

Die stelling is ongegrond, aangesien die Staat nie vir winsbejag werk nie. Sy eerste taak is diens aan die gemeenskap" het dr. Punt gesê.

„Het die Perse hierdie argument gebruik dan was daar geen rede om Persipolis, die ou stad, of ander groot geboue te bewaar nie. Ons in Suid-Afrika en veral verantwoordelike mense in Pretoria moet nie met sulke verskonings kom nie."

„Daar rus 'n dure plig op die skouers van ons inwoners, maar veral op dié van die Regering om mee te doen in die behoud van ons Westerse erfenis. Ons leefwyse word nou ver-Amerikaans," het die bekende bewaarder van ons kulturele erfenis gesê.

## FOR ALL WHO CARE FOR CHURCH SQUARE

EDITORIAL, Pretoria News 7.7.1975

THE Pretoria News today gives the people of Pretoria the opportunity, by way of an opinion poll, to say whether they care enough about their city to urge the preservation of Church Square's historic west facade; whether they acquiesce in the Government's plan to bulldoze it in the name of "progress"; or whether they are so indifferent that they don't care either way.

Can the poll serve any purpose now — more than a year after the announcement by the Prime Minister himself that the Government's decision was final, that the whole facade would have to go to make room for Provincial Building extensions and a new Post Office, that it would not be possible to save even the old Netherlands Bank Building and the National Bank building, as originally intended?

We believe that it can, that, in the words of Dr. Willem Punt of the Simon van der Stel Foundation, Pretorians should fight to preserve their cultural heritage until the bulldozers move in.

The Government asserts that the demolition is unavoidable, that the old buildings, unique in South Africa as an architectural entity, must go to make room for the new. But is that really so? Is the Simon van der Stel Foundation's alternative plan, providing for the preservation of the old against a background of new buildings that would not offend, really impracticable? That has yet to be proved in public.

There is one way of putting the matter to the test. The desirability of preservation is not at issue; the crux of the matter is whether preservation is practicable. Let that be decided by a completely independent tribunal, composed, if necessary to ensure its impartiality, of overseas experts of international reputation. Let its word be final.

We may yet get that tribunal if Pretorians speak up with one voice through the poll launched today.

## VERGADERING OM KERKPLEIN TE RED BELÊ

OGGENDBLAD, 10.7.1975

PRETORIA. — 'n Nuwe poging om Kerkplein se westelike aansig van vernietiging te red, word oor 'n rapsie meer as twee weke deur 'n aksiekomitee op die plein beoog.

'n Klompie organisasies in Pretoria en uit ander dele van die land hou op Saterdag 26 Julie 'n openbare vergadering op die plein om daar

opnuut vertoë tot die Regering te rig dat die westelike deel van die Plein nie afgebreek moet word nie.

By dié vergadering sal enigeen die geleentheid hê om versoekskrifte te onderteken en hulle stem te verhef teen die beoogde ontwikkeling.

Die groep het vandeeweek amptelik toestemming van Pretoria se stadsraad gekry om die openbare vergadering op die Plein te hou. Die bestuurskomitee het die aansoek goedgekeur — mits daar nie optogte by die geleentheid gehou word nie. Daarvoor sal die toestemming van die hooflanddros eers verkry moet word.

Lede van die aksiekomitee voel dat die kabinetsbesluit om Kerkplein se westelike aansig af te breek en nuwe geboue daar te bou herroep en in heroorweging geneem behoort te word.

### KARAKTER

Hulle meen dat dit nie net in die belang van oud-Pretoria sal wees nie, maar dat die beoogde ontwikkeling ook die karakter en geskiedkundige waarde van die plein onherroeplik sal skend.

Almal kan die vergadering bywoon. Dit sal in die voormiddag gehou word, wanneer die meeste mense nog in die middestad sal wees.

## PRETORIA NEWS OPINION POLL

PRETORIA NEWS, 10.7.1975

CHURCH SQUARE'S HISTORIC WEST FACADE: ARE YOU IN FAVOUR OF PRESERVING IT?

YES  Name .....

NO  Address .....

DON'T CARE  .....

THE Church Square battle — the battle to preserve the historic west facade from demolition — is on again.

Philip Terblanche, Cape artist and restorer of historic buildings, recently in Pretoria for an exhibition, has urged a reappraisal of the whole issue.

Dr. Willem Punt, of the Simon van der Stel Foundation, doughty champion of preservation, says that the campaign to save the facade "will continue with the utmost vigour until the bulldozers arrive..."

Pretoria's cultural societies have fought for years against demolition. But how do Pretorians en masse feel about it, the thousands of citizens who use the Square daily?

The Pretoria News opinion poll gives people an opportunity to plump for preservation, demolition, or indifference to the whole question.

The poll form above should be addressed to the Editor, Pretoria News, P.O. Box 439, Pretoria, or deposited in the Jackpot box in the Pretoria News foyer, 216 Vermeulen Street.

## **IN THE WAKE OF THE NEWS POLL: FRESH BID TO SAVE SQUARE**

by COLLEEN HENDRIKS, Pretoria News, 10.7.1975

Big new moves were made today in an attempt to save Church Square's historic western facade.

This comes only three days after the Pretoria News launched an opinion poll to gauge public feeling about the proposed demolition of the western facade of the Square.

Leading citizens have addressed an open letter to the people of Pretoria about the fate of the Square, and a public meeting at which Pretorians can demonstrate their feelings has been planned for July 26.

Pretoria artist Lola Dunston, is also circulating a petition for the preservation of Church Square.

The first signature on the open letter is that of the world renowned opera star, Mimi Coertse.

"If the western facade goes, it will mean the end of Church Square. After all, we have so little to remind us of days gone by and now they want to destroy Church Square too," she said.

Another signatory, Mr. Willem Punt, director of the Simon van der Stel Foundation, said Church Square meant more to the people of Pretoria and all South Africa than he had thought.

"It seems they will not only have to pull down buildings on D-day (demolition day), but people too."

### **OUR POLL**

Mrs. Dunston, who is circulating the petition from the heart of the city to the butcher in suburban shopping centres, said: „I feel that by demolishing the historic buildings on Church Square, they will be depriving us of our heritage.

Meanwhile, the Pretoria News opinion poll has drawn wide reaction. Hundreds of people have responded to the poll since Monday. Full results will be announced later.

Among those who responded was the former chairman of the Akademie vir Wetenskap en Kuns, Professor H. L. de Waal. He said: "We sincerely appreciate and wholeheartedly support you in your continued fight for the conservation of the western facade of Church Square. As ex-chairman of the Akademie, I fought from 1970 to June 1974 and am still available to help you."

### **NEW PLEA BY TOP CITY GROUP**

PRETORIA NEWS, 10.7.1975

IN a last-ditch attempt to save the western facade of Church Square, a group of concerned citizens have addressed an open letter to the public of Pretoria.

A meeting, to enable the people of Pretoria to show support for the retention of the old buildings on the western side of the square, will be held on Saturday July 26. Application for the meeting was approved by the city council's management committee this week.



Enkele lede van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein. Van l. na r: Mnr. Piet Muller (voorsitter), dr. Mercedes van der Merwe (mev. Bam), mnr. Thomas Honiball, R. I. B. Alexander, Willem Punt en Albrecht Holm. Op die agtergrond die sierlike smeedysterhek van die Ou Nederlandse Bankgebou, ontwerp deur argitek Frans Soff. Foto: Beeld

The open letter was signed by opera star Mimi Coertse, Mr. Victor de Kock, one-time Government archivist, Mr. Breggott, a German immigrant who is the advertising manager of a large motor company, Dr Herman Rex, well-known historian and archivist, Dr. P. C. Coetzee, whose wife is the director of the National Cultural, History and Open-Air Museum, and Mrs. Alice Gluck, a well-known figure in the Jewish community.

#### HERITAGE

They say that Pretorians may not allow the rich heritage represented on Church Square to be destroyed for short-sighted materialistic considerations.

"We realise the Prime Minister can save Church Square from the demolishers. We also realise the citizens of Pretoria have procrastinated for too long in expressing their feelings on Church Square to the authorities."

Urging the people of Pretoria to demonstrate their feelings at the meeting, the signatories emphasised the Square belongs to the people of Pretoria.

## KERKPLEIN: PLEITSKRIF VIR SY BEWARING

BEELD, 11.7.1975

DIE Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein, Posbus 558, Pretoria 0001, skryf:

Vergun ons deur u kolomme 'n ope-brief aan almal wat die bewaring van ons kulturele erfenis op prys stel.

Pretoria se Kerkplein is in gevaar. Kerkplein, die hart van die stad en van Suid-Afrika, waarop menige historiese dramas afgespeel het, word deur slopers bedreig. Kerkplein behoort aan die volk van Suid-

Afrika en u as ware mede-eienaar kry op Saterdag, 26 Julie, vanaf 10 vm. die geleentheid om op die plein self u mening oor sy toekoms uit te spreek. Dit is u burgerlike plig en u reg.

Ons as burgers van Pretoria is ernstig verontrus oor die aangekondigde planne vir die toekoms van Kerkplein, omdat dit die verdwyning van die historiese geboue aan die westekant en die skending van die Plein se hele historiese en estetiese karakter sal meebring.

'n Volk se geskiedenis staan nie alleen opgeteken in boeke en monumente nie, maar veral ook in die wyse waarop 'n gemeenskap die stempel van sy gees op 'n omgewing afdruk. Nêrens in Suid-Afrika is die spore van die pioniersverlede so diep ingekerf en is die neerslag van hierdie deel van ons geskiedenis so suiwer as juis op Kerkplein nie.

### **DRANG**

Die verhaal wat Kerkplein vertel is van mense wat die wildernis ingetrek het om 'n nuwe kultuur te bou wat op orde, reg en geregtigheid gevestig is.

Kerkplein vertel dat hierdie mense, toe hulle tot rus gekom het, die drang gehad het om hulle te omring deur dinge wat intrinsiek mooi en bevredigend is.

Kerkplein is 'n nasionale plein, die sentrum van die hoofstad van Suid-Afrika. Die geboue daarom heen, die Wesfasade in besonder, verteenwoordig drie groot fases in ons geskiedenis — die ZAR, die Transvaal Colony en die onafhanklike verenigde provinsies ná 1910.

Histories en esteties raak Kerkplein almal, Afrikaans- sowel as Engelssprekendes. Ook immigrante wat besef watter waarde die behoud van 'n erfenis beteken. Kerkplein is juis die simbool van onderlinge wisselwerking en samewerking.

Kerkplein moet weer 'n lewende menslike omgewing word. Staatskantoorgeboue kan nie daartoe bydra nie — 'n gerestoureerde Wesfasade met kafees, kunsgalery, poskantoor of hotel, museum en toeristekantoor kan wel.

Ons durf nie toelaat dat die ryk erfenis van Kerkplein om kortsigtige materialistiese redes verlore gaan nie.

Ons besef dat die Eerste Minister Kerkplein van sloping kan red. Ook dat die inwoners van Pretoria te lank versuim het om hul ware gevoel oor Kerkplein onder die aandag van die owerheid te bring. Op Saterdag, 26 Julie, sal u die geleentheid kry om 'n pleitskrif te onderteken, wat moontlik die toekoms van Kerkplein vir ons en ons nageslag kan help verseker.

(Die brief is onderteken deur: Mimi Coertse, R. I. B. Alexander, T. Honiball, Piet Muller, M. Smit, A. Holm, S. Roering, prof. J. Gluck, C. F. Beyers, Ponie de Wet, prof. P. C. Coetzee, Victor de Kock, Werner Breggott, dr. M. van der Merwe, dr. H. M. Rex en Willem Punt.)

## **SELFS IMMIGRANTE VEG VIR KERKPLEIN**

BEELD, 11.7.1975

DIT is nie net Pretoria se kultuurbewuste Afrikaners nie, maar ook immigrante, wat nou hul stem dik maak en beslis nee sê vir die skending van Kerkplein.

In 'n brief aan die Pers (Menings Van Ons Lesers, bl. 8) deur die nuwe Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein word 'n laaste poging aangewend om die historiese plein vir die nageslag te bewaar.

Beeld het gaan gesels met 'n paar van die ondertekenaars en ander

Pretorianers wat hulle heelhartig agter die poging skaar.

Mnr. Werner Breggott, een van die ondertekenaars en 'n gesiene Duitse immigrant, het gesê hy het in die Tweede Wêreldoorlog gesien hoeveel verwoesting bomme saai en ook met hoeveel moeite ou geboue en stede van nasionale belang weer opgebou is.

Die jong geslag in Duitsland is vandag dankbaar vir diegene wat die oue weer opgerig het. Hoe kan Pretorianers nou toesien dat dit wat in Duitsland gebeur het, vrywilliglik hier verrig word.

Die beeldhouer Coert Steynberg sê hy kan Kerkplein nie visualiseer as 'n verdwergde klein kompleksie tussen moderne reuse-geboue nie. Kerkplein moet die middelpunt wees van die stad met moderne geboue wat rondom hom uitkring.

'n Argitek, mnr. T. S. Honiball, sê in Pretoria het daar nog net drie sterk identifiseerbare elemente oorgebly, naamlik die Jakarandas die Uniegebou en Kerkplein. Om Kerkplein tot niet te maak, is net so goed as om die Uniegebou af te breek of om die Jarakandas uit te haal.

Prof. P. G. Nel, voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria, sê dit is die stem van die volk wat nou sy reg opeis om sy kultuurerfenis tot elke prys te behou.

„Ons kan nooit ophou veg vir die bewaring van ons erfenis nie, ons mag nie. Ons moet nooit toelaat dat sogenaamde ekonomiese vooruitgang en vertoon plaasvind ten koste van ons kultuurerfenis nie,” het hy gesê.

Die operaster Mimi Coertse sê dit gaan nie net om die westelike fasade van Kerkplein nie maar om die hele plein, want as een fasade weggeneem word is die Kerkplein nie meer wat hy moet wees nie.

Die binnekant van die plein kan miskien verfraai word sodat dit 'n rustige pool in Pretoria kan word, sê sy.

Dr. H. M. Rex, argivaris van die Ned. Hervormde Kerk en jare lank verbonde aan die Genootskap Oud-Pretoria, sê daar is geen ander openbare plek in Suid-Afrika waar die argitektoniese ontwikkeling oor so 'n lang tydperk op een plek beskou kan word soos om Kerkplein nie.

Die geskiedkundige agtergrond is ook belangrik. Wat vir hom veral belangrik is van die Cafe Riché-gebou is die beeld van die uil en die reliëf van die man met die son (Mercurius-reliëfbeeld).

Die argitek van hierdie gebou, ene Frans Soff ('n Nederlander), en Anton van Wouw, die bekende beeldhouer het hier saamgewerk. Die reliëfuitbeelding is deur Van Wouw gedoen en die uil is ook onder toesig van hom gedoen.

Hierdie geboue werp ook die lig op sake wat aktueel was in 'n lang tydperk van die land se geskiedenis, politiek, ekonomie en derglike.

Een van Pretoria se bekende argitekke, mnr. C. F. Beyers, sê nie net in Pretoria nie, maar ook in ander dorpe hou hy daarvan dat ou geboue bewaar moet bly.

Veral in die geval van Kerkplein is dit van besondere belang dat die westelike fasade behoue bly. Die hart van die stad is in gevaar om vernietig te word en as dit van Pretoria weggeneem word, wat bly oor van ou Pretoria?

En dan voeg mnr. Victor de Kock, argivaris, geskiedskrywer, inligtingsattaché en laastens handelaar in oudhede en africana, by dat hy dit sterk oorweeg om medaljes te laat slaan met die westelike kant van Kerkplein op die een kant en die name van diegene wat toegelaat het dat dit gesloop word, op die ander kant.

Dan was daar ook voorstelle vir 'n medalje vir „die sloper van die jaar...”

## **MEDALS IN 'HONOUR' OF THOSE WHO PLAN TO DEMOLISH THE SQUARE**

**PRETORIA NEWS, 11.7.1975**

FORMER South African diplomat Mr. Victor de Kock has hit on a novel idea to mourn the proposed demolition of Church Square's historic western facade.

Mr. De Kock, who was South Africa's Information attaché to The Hague, is considering striking medals depicting the western facade of the square on one side, and the names of people instrumental in its destruction on the other.

The medals — in solid gold, sterling silver and bronze — are expected to become collectors' items. They will be struck in limited numbers.

However, if the decision is reversed, the "mourning medal" will be replaced by one commemorating those those who actively campaigned for its preservation.

Meanwhile, the Pretoria News' opinion poll has moved into top gear with hundreds of coupons streaming in daily.

It became evident today that concern over the future of Church Square was not restricted to Pretoria. Several callers from Johannesburg and the Reef have asked whether they can participate in the poll.

Full results of the poll will be published later.

## **CHURCH SQUARE IN PERIL**

**PRETORIA NEWS, 11.7.1975**

CHURCH SQUARE, which belongs to the people of South Africa, which is the heart of Pretoria, the heart of the Republic, is in danger. Its historic west facade is threatened with demolition. It must be saved from the bulldozers.

This is the plea made in an open letter to the people of Pretoria by the newly established Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

The letter, signed by a number of distinguished citizens from all walks of life, is the latest move in the campaign to save the Square's old buildings from destruction to make way for additions to the Transvaal Provincial Building and for a new Post Office. It summons citizens to a mass meeting on the Square itself on Saturday July 26.

Among those who have signed the letter are Mimi Coertse, Dr. P. C. Coetzee, Dr. H. M. Rex, Mr. A. Holm, Mr. C. F. Beyers, Mr. P. de Wet, Mr. V. de Kock, Mr. W. Bresgott, Mr. R. I. B. Alexander and Mr. W. J. Punt.

The letter says:

"Pretoria's Church Square is in danger. Church Square, the heart of the city and of South Africa, the scene of many a historic event, is threatened by the demolishers' bulldozers.

"Church Square belongs to the people of South Africa. The citizens as the true co-owners of the Square, will have the opportunity of expressing their opinion on its future on Saturday July 26 from 10 a.m. on the Square itself. This is a civic duty and right.

"We, citizens of Pretoria, are perturbed about the previously announced plans regarding the future of Church Square. These plans will result in the disappearance of the historic buildings on the west side and the desecration of the Square's historic and aesthetic character.



Mimi Coertse (tans mev. Werner Ackermann), internasionaal bekende operaster. Sy was vanaf die ontstaan van die Burgerkomitee lid daarvan. Sy het haar laat ken as 'n oortuigde en geesdriftige kampvegter vir die behoud en restourasie van die historiese geboue van die wesfasade. Hierdie pragtige foto is 'n paar jaar gelede deur mnr. I. J. Liebenberg in Pretoria geneem en dit pryk tans (onderteken deur Mimi Coertse) in sy ateljee in Paul Krugerstraat: — Foto: Filma, Krugerstraat 460, Pretoria. Tel. 33882



"A nation's history is not only recorded in books and monuments but especially in the manner in which a people imposes the stamp of its spirit upon an environment. Nowhere in South Africa is this stamp of our pioneer origins been more clearly to be seen and experienced than on Church Square.

"Church Square tells the story of people who, in putting down roots, also provided for creations of beauty and intrinsic value in their physical environment.

"Church Square is a national square. It is the centre of the capital of South Africa. The buildings on its perimeters, the western facade in particular, represent three outstanding phases in our history — the SA Republic, the Transvaal Colony and the free and united provinces after 1910.

"Historically and aesthetically Church Square is important to everybody — Afrikaans-speaker and English-speaker alike and also the immigrants, the new South Africans. All realise the value of preserving our national heritage. Church Square particularly symbolises mutual co-operation.

"We may not allow the rich heritage represented on Church Square to be destroyed for short-sighted materialistic considerations.

"We realise that the Prime Minister can save Church Square from the demolishers. We also realise that the citizens of Pretoria have procrastinated for too long in expressing their feelings on Church Square to the authorities.

"On Saturday, then, citizens will have the opportunity of adding their signatures to a plea which may well be instrumental in ensuring the preservation of Church Square for them and their descendants."

## **CHURCH SQUARE — OVER TO THE PEOPLE**

EDITORIAL, Pretoria News, 11.7.1975

CHURCH SQUARE belongs to the people, to the people of South Africa and particularly the people of Pretoria. And it is to Pretorians, entrusted with the guardianship of that heritage, that the rest of South Africa looks to preserve it.

Until now they have been deplorably lax guardians, leaving it to a few enthusiastic preservationists to put up a gallant but so far unsuccessful fight against the Government's plans to demolish the Square's historic west facade, a unique architectural entity, to make way for new public offices.

Now, at long last, there are signs that the people have been aroused. A newly formed Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square has entered the fray with an open letter to the public calling for a mass meeting on the Square to plead for its preservation. Judging by the response to the Pretoria News public opinion poll on the subject, that meeting should be an impressive demonstration of public feeling.

It should be common cause that the Square is worth preserving. Regretably it is not, for there are those in high places who spurn the National Monuments Commission's backing of the preservation plan. Be that as it may, the Government, unless it is bent on wanton destruction, must prove beyond all doubt that the new buildings cannot be built behind the present facade (the preservationists say they can) that they must be as large as planned and that they cannot be sited elsewhere.

These questions go to the heart of the matter. They must be answered. The people, with so much at stake, have a duty, let alone a right, to challenge the Government on all these points, to insist on a completely fresh investigation on the basic premise that the west facade will, if humanly possible, be saved.

It's over to the people.

**Dr. Punt kry weer moed:**

## **'N BURGERKOMITEE VEG VIR PLEIN**

HOOFSTAD, 11.7.1975

„DIE betrokke owerhede en persone wat ten gunste van die herskepping van Kerkplein is, sal nou na die stem van die volk moet luister.

„Die vraag wat gestel word, is of die stadsraad van Pretoria, die Administrateur van Transvaal, mnr. S. G. J. van Niekerk, of die Kerkpleinkomitee vir die toekoms van die historiese Plein verantwoordelik is.”

So het dr. Willem Punt, historiese adviseur en gewese Direkteur van die Stigting Simon van der Stel vanoggend gesê ná die jongste verwikkelinge oor Kerkplein en die toetrede van 'n Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein.

### **PRETORIA**

„Die betrokke owerhede en persone wat ten gunste van die sloping van sekere ou geboue om Kerkplein is en wat Kerkplein in iets anders wil omskep, kry nou hier te doen met 'n burgerlike poging. Die volk sal nou praat en dit kan geen skade doen om na die stem van die volk te luister nie,” het hy gesê.

„Die vraag wat nou gestel word, is wie eintlik vir Kerkplein verantwoordelik is. Is dit die stadsraad van Pretoria, die Administrateur van Transvaal mnr. S. G. J. van Niekerk, of die Kerkpleinkomitee wat onder die toesig van wyle mnr. Blaar Coetzee, in die lewe geroep is? Sover my kennis strek, het die Kerkpleinkomitee nog die finale seggenskap,” sê dr. Willem Punt.

### **NAVRAE**

Volgens dié historikus, het die Stigting Simon van der Stel en talle ander bewaringorganisasies hul bes geprobeer om die betrokke instansies, owerhede en persone te oortuig dat hulle verkeerd handel.

„Kerkplein was van 1854 af bedoel as 'n saamkomplek vir die burgers en die verdere planne om nou daar 'n amfiteater te bou, druis geheel en al in met die hele pleingedagte. Om verskeie redes mag dit nie gebeur nie en dit sal ook die taak van die Burgerkomitee wees om na hierdie gedagte om te sien.

„Navrae wat tot dusver gedoen is, het bewys dat daar nie één persoon is wat ten gunste van die sloping van die ou geboue en die herrangskikking van Kerkplein, is nie.

„Dit is ook hoog tyd dat die ekonomiese implikasie in ag geneem word in 'n land waar daar aldag gepraat word oor die inflasiegogga.

### **VOLK**

Hoe gaan die betrokke instansies of owerhede by hierdie argument verbykom? Heeldag word daar gevra dat die volk spaarsaam te werk moet gaan, maar wat word in hierdie verband gedoen as daar nou voortgegaan word met die slopings- en herbougedagtes?” het dr. Punt gevra.

Die Burgerkomitee is saamgestel nadat die name van 30 persone voorgelê is deur die sameroeper wat agter die hele gedagte sit.

Uit die getal is twintig gevra om by die stigtingsvergadering te wees. Hierdie persone is verteenwoordigend van kultuurliggame, die sakewêreld, vroue-organisasies, georganiseerde kultuurliggame, diensklubs, professionele lui, akademici, ander Afrikaanse, Engelse en Immigrante-komitees.

Maar hier eindig die poging nie. Uit 'n skoon ander oord word daar hard gewerk om op hoë vlak die gedagte om die Plein te herskep en die ou wesfasade-geboue te sloop, te kelder.

## WAAR IS OPNAMES OOR PLEIN

HOOFTAD, 15.7.1975

DIE Streekraad van die Stigting Simon van der Stel het 'n dringende versoek tot die stadsraad van Pretoria gerig om saam met die water- en ligtebriefstelsel, 'n meningsopname te doen oor die publiek se gevoel oor Kerkplein.

Intussen gons dit in verskeie kringe oor die meningsopname wat sowat twee jaar gelede gedoen is oor die voorgestelde argiteksvoorstelling van 'n nuwe Kerkplein, wat nooit bekend gemaak is nie. Ondertekenaars van dié opname wil weet wat daarvan geword het.

Hoewel die Stigting Simon van der Stel niks te doen het met die pogings van die Burgerkomitee nie, is dit een van die land se voorste historiese bewaringsliggame.

Verskeie persone het Hoofstad na gisteraand se besluit van die Streekraad van die Stigting geskakel en wou weet wat van al die vorige meningsopnames geword het.

Die name ten gunste vir die behoud van Kerkplein word intussen ook ingeryg in 'n meningsopname deur 'n Pretoriase dagblad. Tot dusver kan onomwonde aanvaar word dat die meeste van die mense wat tot dusver gereageer het, vir die behoud van die geboue aan die westekant van Kerkplein staan en vir die voorkoms van Kerkplein soos dit tans is.

Dr. Willem Punt, historikus en adviseur van die Stigting Simon van der Stel, sê die skielike opflikkering vir die behoud van Kerkplein, het regstreeks gevolg ná sekere besonderhede wat in die Provinsiale Raad bekend gemaak is oor nuwe planne vir Kerkplein.

## NOW TV ZOOMS IN ON SQUARE RUMPUS

by COLLEEN HENDRIKS, Pretoria News, 16.7.1975

PRETORIA'S Church Square controversy is to go before the nation on TV — possibly tomorrow night.

A SABC television crew zoomed in on the historic western facade today, interviewing members of the citizens' committee campaigning for its preservation.

The programme is expected to be screened on tomorrow night's news review.

Meanwhile, attempts by the citizens' committee to canvas support for a mass meeting on the Square on Saturday July 26, is beginning to snowball.

After the meeting was announced last week, each member of the committee — which includes opera star Mimi Coertse — phoned three friends who, in turn, phoned three more, asking them to be present.

Pretoria's deputy mayor, Mr. H. P. Botha, today also entered the battle for the preservation of the Square's historic western facade.

Mr. Botha said if the entire row could not be saved, then at least the front part should be — as done with the Old Opera House in Pretorius Street.

**Nuwe agitasie, „onbillik“:**

## **KERKPLEIN SE LOT IS VERSEËL SÊ SYBRAND**

BEELD, 17.7.1975

DIE Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk, het sy spyt uitgespreek oor die pogings wat weer aangewend word om te voorkom dat die wesfasade van Kerkplein gesloop word.

Hy is gister genader oor die versoekvergadering op 26 Julie op Kerkplein wat die onlangs gestigte Burgerkomitee vir die Bewaring en Restaurasie van die plein reël.

Hoewel hy huiwerig was om veel oor die saak te sê, het mnr. Van Niekerk sy spyt uitgespreek dat die saak, waaroor reeds besluit is, weer opgehaal word.

Hy het gesê hy weet nie of die Eerste Minister bereid sal wees om te luister na enige verdere vertoë wat tot hom gerig word vir die behoud van Kerkplein nie.

Daar is klaar oor die lot van die ou geboue aan die westekant van Kerkplein besluit nadat die Eerste Minister die hele projek in heroorweging geneem en na alle standpunte geluister het. Ook van sy kant beskou hy die saak as afgehandel, het mnr. Van Niekerk bygevoeg. Sy standpunt oor die plein het hy vroeër vanjaar in die Provinsiale Raad gestel.

### **ONBILLIK**

Hy het toe gesê dit is onbillik om verder oor Kerkplein te agiteer, veral nadat die Eerste Minister die volle verantwoordelikheid aanvaar het vir die besluit om die geboue van die westelike fasade van Kerkplein te sloop.

„As ons nie tot iets beter in staat is as wat daar is nie, dan staan ons skuldig voor onself. Omdat ons tot beter in staat is, het ons 'n plig om dit te doen in weerwil van die sterk emosionele weerstand teen hierdie vorm van vernuwing,“ het hy gesê.

Mnr. Van Niekerk het gister hierby gevoeg dat die Eerste Minister reeds alles aangehoor het wat daar oor Kerkplein te sê is. Hy weet nie of die Burgerkomitee met iets nuuts oor die Kerkplein-kwessie vorendag sal kom ten gunste van die behoud van hierdie stukkie geskiedenis nie.

### **PLEIDOOI**

Mnr. Piet Muller van die Burgerkomitee het gister aan Beeld gesê dat Pretorianers by verskeie geleenthede in die verlede gewys het hoe hulle oor die sloping en die verandering van Kerkplein se aangesig voel. Hoewel hulle ten gunste van die behou daarvan blyk te gewees het, het niemand — ook nie die Administrateur nie — hom aan hierdie pleidooi gesteur nie.

Hoe 'n groot persentasie van die publiek moet dan ten gunste van 'n saak (nie net Kerkplein nie) wees voordat die Administrateur ook die publiek se gevoel in aanmerking neem? het hy gevra.

Mnr. Muller het verder op mnr. Van Niekerk se kommentaar dat hy wonder of die Burgerkomitee met iets nuuts vorendag gaan kom, geantwoord: „Sonde is ook nie 'n nuwe konsep nie. Moet 'n mens iets nuut daarvoor sê voor 'n mens dit besef?”

Hier gaan dit om die behoud van 'n geweldige kultuurerfenis, het mnr. Muller voorts gesê. Hier kom verskeie kultuurstrominge byeen: Boer, Engelsman, Hollander, Duitser en Jode se bydrae van vroeëre pionierswerk in die land is op hierdie stukkie oppervlakte ineengesnoer.

Kan die Administrateur verwag dat Pretorianers en alle Suid-Afrikaners (ongeach taal of herkoms) die pot moderne lensiesop aanneem wat in ruil gebied word vir die ryk kultuurerfenis van Kerkplein?

## **ADMINISTRATEUR MET VAKANSIE**

BEELD, 17.7.1975

DIE Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk, sal van Maandag, 21 Julie, tot 25 Augustus met vakansie wees. Mnr. D. S. v.d. M. Brink, L.U.K., sal in sy plek waarneem.

## **PUNT STEL SY PUNT**

BEELD, 18.7.1975

INDIEN die owerheid sou toelaat dat die Wesfasade van Kerkplein gesloop en 'n amfiteater gebou word in die plek van die huidige plein reg voor die ou Raadsaal, gaan hulle met veel groter probleme oor die benutting van Kerkplein te kampe hê as ooit tevore, meen 'n bekende Pretorianer

Dr. Willem Punt, geskiedkundige en kampvegter vir die bewaring van die land se kultuurerfenisse, het hom gister sterk uitgespreek teen die ontwikkelingsplan van Kerkplein waarin voorsiening gemaak word vir die bou van 'n amfiteater.

Saterdag, 26 Julie, sal lede van die publiek van 10 vm. tot 1 nm. geleentheid kry om op Kerkplein 'n petisie te onderteken vir die behoud en bewaring van die plein en die Wesfasade.

Die beoogde amfiteater sal, soos die geval is met die amfiteater by die Voortrekkermonument, 'n wit olifant word. Niemand sal dit op georganiseerde wyse wil gebruik nie, behalwe wanneer wanneer Krugerdag of Republiekdag gevier word.

'n Amfiteater gaan nie net onbenut en nutteloos bly nie, maar dit gaan die hele karakter aantast van wat met 'n plein bedoel word. Met 'n amfiteater op Kerkplein sal geen mens meer daaraan dink as 'n historiese bymekaarkomplek, of selfs dat dit as 'n bruikbare verkeersreguleerder gebruik kan word nie.

## TE DUUR? NIE GOED GENOEG NIE?

deur MARTIE RETIEF, Beeld, 19.7.1975

IS dit so dat die sewe geboue op Kerkplein se Wesfasade gesloop gaan word sodat NIKS daar gebou kan word nie?

Dit lyk so. Die nuwe staats- en provinsiale geboue loop tot op die lyn agter die sewe geboue wat tans deur die stootskrapeer bedreig word. Die „vergroute“ Kerkplein sal dus beteken dat hierdie grondoppervlak kaal bly.

In Pretoria waar dit maar te voelbaar is wanneer dit jakarandatyd of rugby-tyd is, is dit nou baie duidelik Kerkpleintyd. Net, die hele land skyn nou óók betrek te wees.

Want terwyl die Burgerkomitee 'n volkstemming vir 'n versoekskrif volgende Saterdag reël waarin die landsleiers gevra word om 'n besluit te hersien — al klaar 'n versoek wat met deemoed en vertroue aangepak word — het 'n Kaapse L.U.K., mnr. Frans Conradie, self bewaringsbewus, gesê dat die prys van bewaring is eenvoudig te hoog en dat die bewaring van die Wesfasade beslis sal word deur die waarde in rande en sente wat die owerheid aan 'n reeks historiese geboue heg.

### WIE KAN SÊ?

Op dieselfde aand sê die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, oor TV dat die argitektoniese waarde van die Paleis van Justisie, die Raadsaal en die Reserwebank, groter is as die sewe geboue wat gesloop kan word.

Dié stelling is aanvegbaar — soos ek gister terdeë agtergekom het.

Argitekte en bewaarders voel baie sterk dat die prys van die bewaring van die sewe geboue gering sal wees. Almal is glo goed gebou en almal kan gebruik word. Een geëerde bewaarder glo dat banke takke in die geboue kan stig, dat die poskantoor weer in gebruik geneem kan word, dat die Munt 'n numismatiese sentrum moet word, dat kafees en kunslokale daar geopen moet word. Dán sal die mense terugkom plein toe.

### BOU IS DUURDER AS SLOOP

'n Argitek voel baie beslis dat die huidige boukostestyging van ongeveer 20 persent per jaar reeds bewys dat dit meer ekonomies is om ou geboue te behou eerder as om te sloop en van vooraf te bou.

Die herinrigting van so 'n gebou kan 'n kwart van die koste van sloping en oprigting van 'n nuwe gebou kos.

Oor die argitektoniese waardebeplanning van die sewe geboue is baie argitekte en bewaarders dit eens dat hierdie kern 'n besondere waarde in Afrika het. Dit moet stellig een van die weinige, indien nie die enigste plek wees waar 'n stukkie van Europa so behoue gebly het. Weliswaar is die herinneringe aan Brussel, Brugge, Gent, Venesië en selfs Edinburg sterk net daar op Kerkplein!

### „MENSLIKE“ GEBOUE

Een argitek het die geboue as „menslik“ beskryf. „Jy voel tuis langs so 'n gebou.“ Dit behoort aantreklik te wees vir die kantoorwerkers in die omliggende toringgeboue om in die middaguur hier te kom verwyf.

Dis baie duidelik die mense van Pretoria ver wag dat die stadsraad, indien die Wesfasade gered word, sal moet inspring om die plein weer lewe te gee. En moenie van 'n busteterminus onder die grond praat nie, het een Pretorianer gedreig, watter ordentlike boom sal bo so 'n affêre groei?

Ander Pretorianers wys op die ontwikkeling van woonstelgeboue naby die plein aan die Noordweste. „Die plein is net die regte — en beste — plek vir hulle kinders om in groot te word.“

En tog, ten slotte, gaan dit oor meer as die argitektuur of die koste.

### ONS EIE

Dis die geskiedenis en dis wat die Pretorianers nou so dringend fakkel laat aansteek het. Die plein vertel van die verlede, die tragedie, die stryd en oorwinning en ten laaste, van naasbestaan.

Nou sien Pretorianers alle dinge in die plein. Dis jammer dat dit so laat is, maar ek het nog nie 'n Pretorianer teëgekomp wat nié bereid is om nou wakker te skrik nie. En ek het gesoek!

Uiteindelik net hierdie rake sin van 'n jong telefonis van een van die groot menere wat ek geskakel het: „Sê my, kan ons regtig vandag kom om gister somer so uit te wis? Wat maak hulle môre met ons?“

## KERKPLEIN: DIT WAS KRUGER SE TROTS

deur JAMES JENKINS, Rapport, 20.7.1975

PRESIDENT Paul Kruger het — so lui die legende — die Raadsaal inder tyd spesiaal drie verdiepings hoog gebou sodat dit sou uitstaan bo 'n nagygeleë hotel van twee verdiepings. Die gebou was sy trots.

Dié interessante legende verskyn in die jongste uitgawe van *De Arte*, kunspublikasie van Unisa se departement van kunsgeskiedenis en beeldende kunste.

Estelle Maré ontleed in haar artikel die argitektoniese verdienste van die geboue om Kerkplein. Sy verskil met die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, wat sê dat die geboue wat gesloop gaan word, geen argitektoniese verdienste het nie.

Dié stelling, meen sy, word weerlê deur Carola Brotherton se linoosnee op die jongste voorblad van *De Arte* (hierby afgedruk).

Estelle Maré skryf dat die Nasionale Munt en Bankgebou van die ZAR van bedrewe vakmanskap spreek. Sy het ook net lof vir die gebou se argitektoniese styl.

Sy noem die ou Nederlandse Bank-Gebou die argitektoniese juweel van die plein.

„Die argitek van hierdie bankgebou is onbekend, maar ons is dankbaar dat hy iets egs uit die stamland ingevoer en van Wierda (wat die Ou Raadsaal ontwerp het) se neo-klassisistiese styl afgewyk het,“ skryf sy.

Sy meen dat die sloping van die ou poskantoor geen verlies sal meebring nie. Maar die gevaar bestaan dat toringblokke sal verrys, en die ganse plein sal oordonder.

Die huidige Standard Bank-Gebou (wat nie gesloop word nie) het volgens haar weinig argitektoniese betekenis, maar dit doen geen afbreuk aan die skaal van die ander ou geboue nie.

Sy het geen argitektoniese beswaar teen die Reserwe-bank (wat ook behoue gaan bly) nie, maar meen dat die gebou wat later teenaan die Reserwebank gebou is, die voorkoms daarvan in 'n mate bederf.

## AMERIKAANSE GLASPALEISE SAL DOOD BRING

deur JAMES JENKINS, Rapport, 20.7.1975

FRETORIASE argitekte verskil skerp van mnr. Sybrand van Niekerk, Administrateur van Transvaal, oor wat hy in sy heel eerste televisie-ondershoud oor die argitektoniese waarde van die westelike geboue van Kerkplein gesê het.

Die argitekte met wie RAPPORT gesels het, sê twee dinge moet onthou word as mense praat van die „goeie, waardige argitektuur” van die Paleis van Justisie, die Ou Raadsaal en die Reserwebank wat „nie vergelyk kan word met die geboue wat ons van plan is om te sloop nie.”

Vir eers moet die geboue om Kerkplein as geheel beoordeel word, en nie een-een afsonderlik nie. As sommige van hierdie geboue afgebreek en met „Amerikaanse glaspaleise” vervang word, „sterf Kerkplein argitektonies”, sê die argitekte.

Die tweede punt is dat die geboue wat behou word, so oordonder sou kon word deur die „Amerikaanse glaspaleise” dat hul eie „argitektoniese waarde” skaars raakgesien sou word.

Sô praat die hoofstad se argitekte:

### UNIEK

Mnr. Tommie Honibal sê die geboue wat gesloop moet word het net sulke pragtige argitektoniese eienskappe as die drie wat die Administrateur wil behou.

„Die punt wat die Administrateur vergeet, is dat die argitektoniese nie a! aspek van belang is nie. Daar moet ook gedink word aan stadsbeplanning.

„Die geboue aan die westekant van Kerkplein het verskillende argitektoniese eienskappe, maar dit vorm tog ’n eenheid. Dis juis hierdie eenheid wat so uniek is en wat ’n mens nie kan verloor nie.”

Hy meen dat die Reserwebank, wat behou gaan word, argitektonies swak afsteek teen die geboue wat gesloop sal word.

### SKANDE

Mnr. Albrecht Holm sê dat ons versigtig moet wees om te sê dat sommige geboue meer „goeie waardige argitektuur” is as ander.

As net „goeie waardige argitektuur” behoue moet bly, kan baie in die slag kom.

Die hele agterkant van die Paleis van Justisie sou dan voor stootskrapers moet wyk, want die gebou is aan daardie kant bra onooglik.

Mnr. Honibal meen dat die eenheid van die geboue om Kerkplein die plein se grootste argitektoniese bate is, want hulle „ondersteun” mekaar

Prof. Alewyn Burger van die Universiteit van Pretoria sê dat dit ’n groot skande sal wees as die westelike geboue van Kerkplein moet sneuwel. Hy sien dit ook so dat Kerkplein se geboue mekaar aanvul en dat die plein dus daarom as eenheid behoue moet bly.

’n Ou gebou kry meer waarde as hy in sy konteks bly en nie alleen behou word nie, sê prof. Burger.

### POSKANTOOR

Hy het onlangs in Europa gesien hoe bewaring gedoen moet word. In Italië word hele buurte tot nasionale monumente verklaar en in Frankryk word’ nie net ’n gebou tot nasionale monument verklaar nie, maar ook sy omgewing.



'n Ander argitek, wat anoniem wil bly, sê die ou Poskantoor, een van die geboue wat nou gaan verdwyn, word nou nie as „goeie waardige argitektuur“ beskou nie, maar het darem net ná sy voltooiing 'n argitektoniese prys gewen.

Vir hom is die ou Nederlandse Bank-Gebou ook een van die mooiste geboue in Pretoria. Maar wie is ons om te oordeel? vra hy. Hy kan lank gesels oor die argitektuur van die geboue, maar net so lank oor hul kultuurhistoriese eienskappe.

## **DUISENDE KOM SATERDAG BETOOG**

deur JAMES JENKINS, Rapport, 20.7.1975

OP tradisioneel Transvaalse, maar ook tipies Amerikaanse, wyse gaan Pretorianers Saterdag 'n geweldige poging aanwend om die stootskrapers weg te hou van die wes-fasade van hul Kerkplein.

Met 'n kermis-saamtrek rondom die standbeeld van die Ou President sal duisende handtekeninge teen die slooping versamel word en 'n vroue-afvaardiging sal dit dan na die kantoor van die Eerste Minister bring.

Op pleitskrifdag sal die Burgerkomitee wat vir die behoud van die wes-fasade veg, die plein beset soos die Tukkie dit op hul jooldag doen.

Pannekoek en koffie sal verkoop word en Pretorianers sal die pleit-skrif kan teken by tafeltjies op strategiese plekke.

Vyf-minute-op-die-langste-toesprake sal deur bekendes uit die samelewing gelewer word. 'n Blaasorkes sal tussendeur speel.

Die gedagte is ook om Mej. Wêreld, Anneline Kriel, op die plein te kry. Die Vroue-federasie vergader Vrydag, die dag voor pleitskrif-saamtrek in Pretoria. 'n Sterk afvaardiging van dié liggaam word ook by die geleentheid verwag.

Nie net Pretorianers voel warm oor die plein nie. Honderde navrae uit Johannesburg en uit die platteland dui volgens die organiseerders daarop dat baie meer mense deel aan die protesverrigtinge wil hê.

Onder die mense wat die verrigtinge op Kerkplein sal bywoon, is afstammeling van genl. Piet Joubert en Jan F. E. Celliers.

Tienduisend pamflette waarin die geskiedenis en die kultuur-historiese waarde van die bedreigde geboue uiteengesit word, sal voor petisiedag versprei word.

Volgens mnr. Piet Muller, segsman van die Burgerkomitee, voel Afrikaans- en Engelssprekendes ewe sterk dat die geboue bewaar moet word. Albei groepe speel 'n ewe aktiewe rol in die voorbereidings. Kerkplein is vir almal meer as bloot net 'n plein.

Die geboue moet nie net om kultuur-historiese redes bewaar word nie, maar ook om weer mense terug te kry op Kerkplein, sê mnr. Muller.

## **VERGEET DIT, SÊ SYBRAND**

deur JAMES JENKINS, Rapport, 20.7.1975

MNR. SYBRAND VAN NIEKERK, Administrateur van Transvaal, beskou die slooping van die wes-fasade van Kerkplein in Pretoria as 'n afgehandelde saak. Hy dink nie daar kan nog iets gedoen word om die geboue te red nie.

Aan RAPPORT het hy gesê dat daar in die nuwe storm oor die behoud van hierdie geboue geen argumente aangevoer is wat nog nie aangehoor en oorweeg is nie.

Die Pool-komitee, wat saamgestel is uit tegniese mense en mense met 'n kunsagtergrond, het reeds 'n stadsplein vir Pretoria ontwerp. Dis Pretoria se eerste stadsplein in die ware sin van die woord, want die geboue wat op die oomblik daar staan, is deur die jare gebou sonder dat 'n geheelbeeld in ag geneem is.

Mnr. Van Niekerk is, soos hy ook vandeeweek op televisie laat blyk het, nie baie geïmponeer deur die geboue aan die westekant van Kerkplein nie. Die Ou Raadsaal, die Paleis van Justisie en die Reserwebank is goeie en waardige argitektuur, terwyl die geboue wat gesloop gaan word „nie verteenwoordigend is van goeie Suid-Afrikaanse argitektuur van daardie tyd nie.“

Dele van hierdie geboue, soos die traliewerk en die deure van die ou Nederlandse Bank-Gebou, is mooi en dié sal behoue bly en in die nuwe geboue ingewerk word, indien die hele ou geboue nie na 'n ander plek verwyder en herbou word nie.

Wat die algemene argitektoniese aansig betref, moet die voorkant van die Capitol-teater en die sykant van die ou Nederlandse Bank-Gebou met 'n skermmuur toegebou word om hul onooglikhede te verberg.

Volgens die Administrateur het die argitek wat nou skerp met hom verskil, hul kans gehad om hul sê te sê.

Dit sou ná kennisgewing op die argitek se jaarvergadering bespreek word.

Sowat tagtig uit die 1 100 lede het die vergadering bygewoon 'n Kwart van die lede het buite stemming gebly. Sowat sestig het gestem vir die behoud van Kerkplein soos dit nou is.

## DIE STENE ROEP

deur Oud-L.V. en -Kommissaris-generaal HANS ABRAHAM (Gedig),  
Rapport, 20.7.1975

DIE stryd om die behoud van Kerkplein het selfs vir oom Hans Abraham, voormalige Kommissaris-generaal van die Xhosa-volkseenheid en kleurvolle politikus, so aangegryp dat hy begin dig het.

Hier is sy gedig waarin hy sy deeltjie wil bydra om die westelike fasade van Kerkplein vir die nageslag behoue te laat bly:

### DIE STENE ROEP

Ons het die lotgeval van hierdie land  
en hierdie stad sien kom en gaan  
en die verhaal staan uitgeëts op elke wand  
in sandsteen, baksteen en graniet  
wat Kerkplein en die Krugerbeeld omring  
Ons is simbole van 'n volk se groei  
Waarom word ons dan uitgeroei...

Laat nuwe groei  
Liefs elders bloei —  
Ons dra 'n eeu se atmosfeer  
met waardigheid en trotse eer  
staan op my volk en eis jou reg  
of kwyn en sterf  
op eie werf.

## NES 1904

deur JAMES JENKINS, Rapport, 20.7.1975

DIS nou ook soos sewentig jaar gelede toe die Engelse koloniale-regering 'n rede gesoek het om die ou Hollandse kerk te sloop wat Kerkplein sy naam gegee het, sê mense wat die westelike geboue van Kerkplein wil behou.

Op 'n dag in 1904 het daar net 'n beriggie in die Rand Daily Mail verskyn:

„As a result of the heavy thunderstorm which passed over Pretoria and also probably on account of its old age it was discovered on Saturday morning that the steeple of the old Dutch church in Church Square was badly cracked.”

Daarna is hy gesloop.

Volgens mnr. Willem Punt van die Stigting Simon van der Stel was dit politieke motiewe wat agter alles gesit het. Die kerk was ná die Anglo-Boere-oorlog vir die Afrikaner 'n anker.

## MONUMENTE: 'N WET IS NODIG

deur JAAP STEYN, Rapport, 20.7.1975

'n PAAR stoomrollers verskyn op die Kerkplein in Pretoria. Staalkabels word om 'n toring vasgemaak en daar word woes getrek. Maar die toring is te sterk en die kabels breek. Opnuut word geprobeer. Aanhouer wen mos. Nog 'n paar plukke, dan breek 'n stuk van die toring af en val in 'n orrel. Tevere gaan die slopers huis toe. Die skending van die Kerkplein het begin.

Dié toneeltjie het hom op 'n dag in Desember 1904 afgespeel. Die gebou was 'n Hollandse kerkgebou wat naderhand staatseiendom was.

Die stoflike oorskot van pres. Paul Kruger (op 14 Julie in Switserland oorlede) sou 'n paar dae in die kerk in staatsie lê en die begrafnisdiens sou daar plaasvind. Maar die Britse kroonkolonie-bestuur het skielik „vasgestel” die kerkgebou is so bouvallig dat hy nie eens die oorrelspel kon oorlewe nie. Daarom moes hy gesloop word.

Die Transvalers, wat met hul eie oë kon sien hoe stewig die gebou was, het die verbrekery vertolk as 'n poging om die begrafnisreëlings te belemmer.

Só, met heelwat kleinlikheid van die kroonkoloniebestuur, was die begin van die einde van dié unieke stuk wêreld uit die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Die Kerkplein het daarna nog baie geskiedenis beleef, soos die proklamasie van die Unie op 31 Mei 1910 en die inhuldiging van die eerste Staatspresident van die nuwe Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei 1961.

Maar nou nader die einde van die einde. Die wesfasade, vir party mense glo so 'n doring in die oog, gaan gesloop word.

En dan is nog 'n kultuurerfenis daarmee heen. Net so onherroeplik as die baie pragtige en histories waardevolle geboue wat al afgebreek is: die ou Staatsgimnasium in Pretoria — waar die ZAR sy eerste universiteit sou begin: 'n klipskool uit die Vrystaatse Republiek wat 'n paar weke gelede op Reitz afgebreek is met groot gesukkel (want hy was nog so stewig) om plek te maak vir terrasse; die pastorie aan die bo-ent van Dorpstraat, Stellenbosch . . .

Vir 'n volledige lys van wat lewende monumente van die verlede kon gewees het, sou hierdie rubriek te kort wees.

Net so 'n lang lys sou nodig wees vir plekke wat in gevaar verkeer; die Rissikstraatse poskantoor in Johannesburg en talle geboue op die kleiner dorpe.

Wat al hoe noodsaakliker word, is 'n behoorlike monumentesorgwet. Ons huidige bewaringswetgewing is gewoonweg net te vol leemtes vir doeltreffende bewaring: die staat laat bv. nie toe dat sy geboue deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede tot monument verklaar word nie; daar is geen verpligting vir eienaars van gedenkwaardighede om dié te restoreer of in stand te hou (desnoods met 'n staatsubsidie) nie; 'n stadsraad wat bv. die historiese kern van sy dorp wil bewaar, staan magteloos as sê maar 'n paar amptenare van die provinsiale administrasie sou besluit daar is 'n paaiedepot nodig, en 'n historiese gebou moet dus wyk.

Ek weet 'n mens moet nie alles met wette wil regmaak nie, maar in dié geval is 'n wet nodig. Hoewel die publiek gelukkig al hoe meer bewaringsbewus raak, het dié bewustheid nog nie voldoende deurgewerk na hoër instansies nie.

Verder het bewaringsbewustes natuurlik 'n opvoedingstaak.

Met watter argumente?

Jy kan natuurlik altyd na die skoonheid van 'n gebou verwys, maar wat sê jy as iemand spot: „Ag, skoonheid, skoonheid — die enigste ou Skoonheid wat ek van weet, is die mislukte onderwyser in Hennie Aucamp se een verhaal.” Jy kan iemand nie oorhaal hy behóórt, 'n gebou of gedig of wat ook al mooi te vind nie. Tog, skoonheid is 'n oorweging.

Dan is daar natuurlik die geld, veral aangesien so baie breekwerk in die naam van vooruitgang gedoen word. In die laaste tien jaar is geboue ter waarde van R2 500 miljoen gesloop, volgens 'n berekening van die Stigting Simon van der Stel. Stadsrade verloor ook geld aan belastings en dorpe verloor die inkomste wat hulle uit toerisme kon kry.

Minder materialisties is die oorweging dat die afbreek van bouwerk van bv 'n ouer geslag Afrikaners 'n vernietiging is van 'n deel van die ding waarvoor mense so graag praat, nl. Afrikaneridentiteit.

'n Volk se identiteit is niks mistieks nie. Dit kry gestalte in konkrete dinge soos taal, gewoontes en boustyl.

Kerkstraat in Tulbagh, so mooi gerestoureer ná die aardbewing, is vandag 'n monument vir o.a. die beskermhere van die restourasiewerk, r.l. die Eerste Minister en die vier administrateurs.

'n Mens hoop dat 'n gerestoureerde wesfasade eendag aan die Kerkplein as monument kan staan vir 'n owerheid wat grootmoedig genoeg was om sy besluite te heroorweeg. Die publiek sal dankbaar wees as die verbrekingswerk wat deur die Britse kroonkoloniebestuur begin is, nie onder 'n Republikeinse regering voltooi word nie.

## **GEBOU BY KERKPLEIN NOU BESLIS GESLOOP**

### **DIE TRANSVALER, 21.7.1975**

PRETORIA — Dit is nou „finaal” dat die geboue aan die wes-fasade van Kerkplein gesloop gaan word — maar niemand weet skynbaar presies wat in die plek daarvan gaan kom nie.

„As ons nie tot iets beters in staat is as wat nou daar op die plein is nie, staan ons skuldig teenoor onself,” het die Administrateur,

mnr. Sybrand van Niekerk, vroeër gesê toe hy oor die sloping van die ou geboue op Kerkplein gepraat het.

Die woorde word nou teen hom gebruik deur die strydere vir die behoud van Kerkplein.

„Wat gaan ons in die plek van daardie geboue oprig? vra mnr. Piet Muller, die segsman van die Burgerkomitee wat onlangs gestig is.

„Niemand weet nog presies hoe die nuwe geboue gaan lyk nie,” sê mnr. Willem Punt, direkteur van die Stigting Simon van der Stel. „Hoe kan ons dan weet of dit inderdaad beter gaan wees?”

Oor die dinge gaan Saterdag gepraat word wanneer „die volk op Kerkplein vergader vir ’n pleitskrifsaamtrek.

Die saamtrek is deur die Burgerkomitee gereël. Mense is op ’n ketting-brief-manier gebel en genooi om die byeenkoms by te woon en klagskrifte te teken vir die behoud van die ou geboue.

„Ons het niemand gevra om te kom praat nie,” sê mnr. Muller, ons het net die bal aan die rol gesit”.

Intussen het hordes mense al van hulle laat weet. Baie van die mense het om spreekbeurte gevra.

Die byeenkoms word in sy persoonlike hoedanigheid sterk ondersteun deur mnr. Willem Punt, ’n bekende kultuurman van Pretoria.

Mnr. Punt het dit veral teen die manier waarop die sloping van die geboue beplan is. „Aanvanklik is belowe dat sekere geboue darem behoue sou bly,” sê hy, „nou word die geboue aan die wesfasade voor die voet gesloop”.

Maar intussen staan die Administrateur nog by sy standpunte. Die besluit is klaar geneem dat die geboue vir nuwes gaan plekmaak, sê mnr. Van Niekerk. Daar kan nou niks meer aan gedoen word nie.

## BURGERLIKE AKSIE

REDAKSIONEEL, Oggendblad, 21.7.1975

HIERDIE week is vir Pretorianers ’n besondere een. Saterdag is hulle laaste geleentheid om in die openbaar hulle stem dik te maak teen die beplande sloping van die wesfasade van Kerkplein.

Die jammerte is dat die owerheid by monde van die Transvaalse administrateur reeds gesê het die protes het geen waarde nie.

Dit is ’n jammerte dat daar nie eers geluister word na wat die „volk daarbuite” te sê het oor sy kultuur-historiese erfenis nie.

Dit is ’n jammerte daar dit een geval is waar Afrikaans- en Engels-sprekendes saam voel oor een saak. Dit gaan hier nie om die groot politiek nie maar om ’n burgerlike aksie om dit wat vir die gemeenskap waarde het, vir die nageslag te bewaar.

Dit is ’n jammerte want dit kan ’n demokratiese opswelling — let wel, nie bloot ’n protesaksie — smoor voordat dit behoorlik kan begin.

Al is dit net om dié rede behoort Pretorianers Saterdag na Kerkplein te stroom.

Die administrateur se voor-af-nee is ’n jammerte, want dit het hom nou gebind. Dit sal vir hom moeilik wees om na sy besliste antwoord weer die deur oop te maak.

Dat hy verskeie goeie redes het om summier by die slopingsbesluit te bly, is sekerlik waar.

Dit is so dat om Kerkplein daar vir dekades al gestry word. Dit is so dat dit hoog tyd word dat finaliteit kom. Dit is so dat Kerkplein nie ’n saak is wat die oorgrote meerderheid argitekthe in die land of die Pretoriase bevolking aangegryp het nie.

Maar tog: is dit nie maar in elk geval die minderheid wat hom beywer vir bewaring, die kunste, die diepere dinge nie?

Maar is dit nie dalk net moontlik dat Pretoria, noudat die wesfasade wel finaal afgebreek en weggegooi gaan word, Saterdag na Kerkplein sal stroom om sy stem dik te maak nie?

Kan die administrateur dit nie oorweeg om te sê: Ek sal wag vir Saterdag. As Pretoria beslis en sonder twyfel nee sê vir die sloping, dan sal ek ook my nee daarby aanpas?

Dit sal grootmoedigheid verg maar dit sal 'n bevestiging wees dat die demokratiese impuls nog die deurslaggewende een in ons openbare lewe is.

## CHURCH SQUARE: THE PHILISTINES ALWAYS WIN

by DAVID CARTE, Pretoria News, 21.7.1975

EVERY time the city council has made changes to Church Square, citizens have protested vigorously — but their protests have been in vain. The Philistines have always prevailed.

So says Dr. Estelle Alma Maré, art historian, architect and the author of an appreciation of the Square in the latest issue of *De Arte*, Unisa's fine arts publication.

According to Dr. Maré the first protests were in 1908, when a Swedish engineer's idea to turn the Square into a vast green park was rejected.

Instead of a verdant Roman Plaza, the square became a tram terminus. Then, when the tram rails were torn up, there was new hope.

But these too were dashed. The square became an unlovely bus terminus, which it is to this day.

Now the west facade of the square is threatened. Dr. Maré is sad and pessimistic. She is certain that history will repeat itself, that the utilitarian Philistines will have their way.

The Swedish engineer's idea, Dr. Maré thinks, was the best.

The square, she feels, should have a social purpose. It should be a haven of peace and quiet, — no cars and buses, just trees, shrubs and park benches.

It should be what it was in Paul Kruger's day. A gathering place for the community. Humane not hard.

Dr. Maré has seen a model of the buildings that will replace those to be demolished and is appalled.

"They're concrete monsters," she says.

The present buildings have weathered nicely. They are softer, more humane and appealing than the concrete, glass and steel slabs that will replace them.

Dr. Maré concedes that they are not all architectural masterpieces but their history, she feels, justifies their continued existence.

Dr. Maré is saddened and angered by the indifference of people at the top.

Why else is Church Square in its present sorry state? Why else is Strydom Square paved with granite from one side to the other?

But if "people at the top" do not have a feeling for grass and trees, Dr. Maré is adamant that ordinary people do.

Why else are the Union Gardens and their splendour so popular? Why do hundreds of people sprawl daily on the grass on Church Square?

## Ossewaens se parkeerplek word stad se hart

### GESKIEDENIS VAN PRETORIA SE KERKPLEIN

HOOFSTAD, 21.7.1975

DIE bittereinders in die stryd om die behoud van die westelike fasade van Kerkplein wil Saterdag 'n sterk protesstem monster van Pretorianers en ander belanghebbendes in 'n poging om die owerhede te laat afsien van die plan om van die geskiedkundige geboue te sloop.

Die Burgerkomitee wil dan op die Plein die handtekening van 'n paar duisend mense versamel, wat in die vorm van 'n versoekskrif vir die behoud van die plein in sy geheel, aan dié Eerste Minister, mnr. Vorster gerig sal word.

Teenoor die standpunt van owerheidsweë dat die slooping noodsaaklik geword het vanweë praktiese oorwegings, staan die Burgerkomitee by die standpunt dat die geboue om kultuurhistoriese redes bewaar moet word.

In hierdie artikel bespreek Estelle Alma Maré die argitektoniese verdienste en geskiedkundige waarde van die geboue soos wat hulle sedert die vorige eeu om Kerkplein verrys het.

Die artikel — soos ook die sketse deur Marius Beuster — is ontleen aan *De Arte*, wat uitgegee word deur die departement Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunste van Unisa.

In 1854, dit wil sê, nog voordat die dorp Pretoria geproklameer is, is daar al met die oprigting van die eerste kerkgeboutjie op die plein, wat toe blywend herdoop is na die Kerkplein, begin.

Die eerste kerkie met moddermure en 'n strooidak het in 1882 afgebrand, maar die kerkbou op die plein is voortgesit deur die oprigting van 'n Victoriaanse, Neo-Gotiese struktuur, ontwerp deur die argitek Claridge. Teen 1905 moes die tweede kerk ook gesloop word, want sy toring het glo gedreig om in te tuimel.

Die plasing van die kerk by die kruising van die dorp se twee hoofstrate, Kerk- en Markstraat, het nie van goeie dorpsaanleg getuig nie, want die toestroming van besoekers na die dienste wat hul ossewaens op die plein „geparkeer” het, het die vloei van die verkeer in die middedorp ontwrig.

Daarmee was die plein se funksie as 'n godsdienstige saamtrekplek uitgedien en het dit uitsluitlik 'n burgerlike sentrum geword. In 1905 is die besitreg van die terrein aan die stadsraad van Pretoria oorgedra.

Kerkplein was aanvanklik die dorp se vergaderplek — daar het die inwoners en die boere van die omstreke veilings en kerkdienste bygewoon en terselfertyd gesellig verkeer.

Sosiale verkeer was 'n faset van die handelsbedrywighede en vandaar die aanwas van die winkels om die dorp se sentrale area. Die oop terrein self is deur die jongmense as 'n krieketveld benut, totdat daar — tot die verontwaardiging van die landsvaders — 'n bal deur die venster van die Volksraadsaal geslaan is.

### PASTORIE

Nagmaal het driemaandeliks plaasgevind en die handelaars het groot baat gevind by die instroming van boere van heinde en ver, wat dan proviand vir drie maande angekoop het.

Met die parkering van waens in die omgewing van die kerk en pastorie vir die duur van die godsdienstige verrigtinge was die toestand vir die kampeerders sekerlik onhygiënies, want in daardie dae het Kerkplein nog grootliks in 'n natuurlike staat verkeer, en die ossewaens en ruiterverkeer het stofpaaië oopgery.

Helaas is die inheemse bome mettertyd uitgedun totdat hulle geheel en al uitgeroei is.

Vir die land was die nuwe rykdom ná die ontdekking van goud nie 'n onvermengde seën nie, maar onder pres. Paul Kruger se vasberade leiding is die inkomste uit die goudmyne aangewend om die Republiek in 'n staat van aansien te ontwikkel. In die hoofstad het Kerkplein die „toonvenster“ van die voorspoed geword.

Vóór die eeuwenteling het die eertydse kerkplein 'n gedaante-wisseling ondergaan van 'n plein van pioniersgeboue tot 'n plein van paleise

Daar is in September 1866 begin met die oprigting van die eerste grasdakgebou waarin die Volksraad sittings gehou het, en dit is op 14 Mei 1867 ingewy.

### **PRES. KRUGER**

Die tweede blywende Raadsaalgebou is 20 jaar ná die eerste opgerig, die trots van Kruger, sy Raad en van die burgers. Op 6 Mei 1889 het Kruger die hoeksteen gelê en die eerste raadsitting is op die dag, 'n jaar later daarin gehou.

Voor die gebou, op die oop plein, het vele geskiedkundige seremonies plaasgevind, onder meer die derde en die vierde inhuldiging van Kruger as president van die ZAR. Later is ook die seremoniële parade by geleentheid van die viering van die Vrede van Vereniging voor die gebou gehou.

Die gebou is op sy dag teen £250 000 (R500 000) opgerig. Struktureel is die kern van baksteen wat van die sakeonderneming Kirkness afkomstig is; dit is buite geheel en al met sandsteen beklee, terwyl die fondamente op die leiklip rus wat ook plaaslike verkry is.

### **RAADSAAL**

Die verdiepingsvloere word gedra deur staalbalke met betonvulling om die vloerblaai te vorm. Baie van die materiaal en versierings is ingevoer.

Oorkant die Raadsaal aan die noordekant van die plein staan die Paleis van Justisie. In 1896 is daar met die bouwerk begin en Kruger het die hoeksteen op 8 Junie 1897 gelê.

Die ontwerp en werktekening vir die Paleis van Justisie, is eweas die vir die Raadsaal uitgevoer deur die argitekthe van die departement van Publieke Werken onder leiding van Sytze Wierda, 'n Nederlander wat in 1887 diens in die Zuid-Afrikaanse Republiek aanvaar het.

Ongelukkig is die gebou se noordaansig nie gelaat soos dit aanvanklik beplan is nie. Hierdie front is later geheel en al toegebou sodat die sierlike dubbeltrap nie van die straat af te sien is nie.

### **PALEISE**

Dit is onregverdig om die „paleise“ op die plein suiwer vanuit 'n estetiese oogpunt te beoordeel. Hulle is gebou in voortsetting van 'n tweevoudige uitgediende tradisie: die van die Italiaanse Renaissance en van die herlewingsstyl van die Nieu-klassisisme wat in die negentiende eeu in Europa meer eienaardighede opgelewer het as geboue van estetiese waarde.

Langs mekaar, aan die westekant van die plein, staan die ou Nasionale Munt- en Bankgebou van die ZAR, waarvan Kruger die hoeksteen op 6 Julie 1892 gelê het.

Die gebou het in 'n groot behoefte voorsien, want met die opbloei van die goudmynbedryf op die Witwatersrand het dit noodsaaklik geword om goudmunt plaaslik in plaas van oorsee, te slaan.



## AMSTERDAM

Die Nasionale Bank is in 1925 met Barclaysbank ge-amalgameer, waarna die huidige perseel aan die oostekant van die plein betrek is. Daarna is die gebou as pakketkantoor van die poskantoor gebruik.

Die Nederlandse Bank het in 1888 in Suid-Afrika begin handel dryf, met sy hoofkantoor in Amsterdam. Die eerste Nederlandse Bankgebou het op die hoek van Kerk- en Andriesstraat gestaan.

Vir die oprigting van 'n meer toereikende gebou is 'n perseel aan die teenoorgestelde kant van die Nasionale Bank en Munt-gebou aan die westekant van die Plein aangeskaf — toentertyd die waardevolste in die middestad.

Die nuwe gebou is op 2 Desember 1897 in gebruik geneem en tot 1953 was hierdie gebou die hoofkantoor van die Nederlandse Bank in Suid-Afrika. Tans huisves dit die Noord-Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Kunstvereniging.

Die argitek van hierdie bankgebou was De Zwaan, bygestaan deur Soff, en ons is dankbaar daarvoor dat hulle iets egs uit die stamland ingevoer en van Wierda se neo-klassisistiese ampsvertoon afgewyk het.

Die ou poskantoorgeboutjie het nie op die plein nie, maar agter die Raadsaalgebou gestaan in die gedaante van 'n klein strooidakstruktuurkje, terwyl die poskoetskantoor voorheen in Kerkstraat-wes gehuisves was.

Die nuwe poskantoorgebou is in 1910 op die hoek van die plein en Kerkstraat-wes opgerig.

Nou, na sestig jaar van bevolkingsaanwas, het hierdie gebou wat in skaal met die Republikeinse geboue op die plein harmoniseer, ontoereikend geword sodat dit met sloping bedreig word.

Dit sal op sigself nie 'n verlies meebring nie, maar die gevaar bestaan dat daar in sy plek en in die plek van die ou Bank- en Munt-gebou toringblokke sal verrys wat die ganse plein in skaal sal oordonder.

Anton van Wouw was die beeldhouer-medewerker van die ou Standardbankgebou aan die suidekant van die plein. Hierdie gebou het wel argitektoniese meriete gehad, maar het in sloperhande verval.

Die huidige Standardbankgebou aan die suidekant van die plein, op die hoek oorkant die Raadsaalgebou, is van weinig argitektoniese betekenis.

Behalwe dat die gebou nie net aan die sfeer en skaal van die ou geboue afbreuk doen nie en dus saam met die bank- en ander versekeringsgeboue aan die oostekant van die plein is wat 'n stylose opset betref, is hy 'n mindere ewel in die totaalbeeld van Kerkplein as wat moderne wolkekrabbers sal wees.

## 'LAST STAND' ON CITY SQUARE

RAND DAILY MAIL, 22.7.1975

THE petition-signing campaign on Church Square, Pretoria, on Saturday would be a last-ditch stand to save the historic western facade of the square from demolition, the former director of the Simon van der Stel Foundation, Dr. Willem Punt, said in Pretoria yesterday.

The petition, organised by a citizens' committee, is expected to be signed by more than a thousand protesters. It is to be submitted to the Prime Minister, Mr. Vorster.

The head of the committee, Mr. Piet Muller, said yesterday members of the committee were prepared to stand in front of the bulldozers if the petition failed.

Dr. Punt said the Prime Minister was the last hope of preserving the old Netherlands Bank building, the Cafe Riché building and the old Mint building, which dated back to the days of Paul Kruger.

The province had decided that the buildings were to be knocked down and unless there was an 11th hour intervention by Mr. Vorster, a part of Pretoria's colourful history would disappear.

Dr. Punt said it would be cultural vandalism to ignore the historic importance of the western facade of the square.

There was just no reasonable argument for razing the buildings. Church Square had a character all of its own. It was the heart of the country's administrative capital.

The Mayor of Pretoria, Mr. Klasie Coetsee, said it would be a cultural sin to destroy the western facade of the square.

The buildings were part of Pretoria's heritage. Their preservation should never have become an issue, he said.

## **PROF. CHRIS (BARNARD) WIL PLEIT VIR PLEIN**

deur DRIES VAN HEERDEN, Oggendblad, 22.7.1975

DIE Burger-komitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein bied Saterdag tussen tienuur en eenuur 'n forum aan enige inwoner van Pretoria wat 'n mening te lug het oor die toekoms van die historiese ou geboue van die wes-fasade.

Al reël wat die sprekers moet nakom, is dat hulle nie langer as vyf minute mag praat nie en dat hulle geen persoonlike aanvalle op enige iemand mag maak nie.

Verskeie bekende persone het reeds laat blyk dat hulle beslis sal optree. Volgens die organiseerder mnr. Piet Muller, bly die name nog geheim.

Een „groot naam“ wat wel sy stem vir die behoud van Kerkplein sal uitbring is dr. Chris Barnard. As dr. Barnard nie self kan opdaag nie, sal sy boodskap deur sy dogter Deidre voorgelees word.

Mnr. Muller, 'n uitgewer van Pretoria, was een van die mense wat die Burger-komitee begin het. Hulle wou doelbewus nie deur bestaande kultuur-historiese organisasies werk nie omdat hulle pleidooie in die verlede op dowe ore geval het.

Saterdag se demonstrasie sal die hoogtepunt van dié komitee se pogings wees om Kerkplein te bewaar. Versoekskrifte kan by die Plein deur Pretorianers onderteken word.

„Ek het die volste vertroue in die owerheid dat hulle die wil van die inwoners van Pretoria in gedagte sal hou as hulle 'n finale besluit oor die Plein neem,“ het mnr. Muller gesê.

### **ARGUMENTE**

Volgens mnr. Muller het die Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk, reeds drie argumente opgehaal waarom die westelike fasade gesloop moet word.

„Die argument dat die geboue van weinig historiese waarde is, het ons weerlê. Pretoriase argitekte het eweneens bewys dat die geboue argitektoniese meriete het.“

Een van die Burger-komitee se doelstellings is ook om die restourasie van dié geboue te onderneem. „Struktureel gesien is daar geen fout met dié geboue nie. Dit is onsin dat dit 'n veiligheidsrisiko is. In Europa staan geboue wat honderde jare ouer is nog steeds stewig,“ het mnr. Muller gesê.

Mnr. Muller meen staatsdienskantore gaan die Plein „doodmaak”. Volgens hom moet die Plein 'n toeriste-aantrekkingskrag word met kafees museums en hotelle en verfraai word met inheemse bome, plaveisel en grasperke.

„Groot geboue soos wat vir die Plein beplan word, sal die historiese geboue se skoonheid net verhoog as dit reg agter die wes-fasade opgerig word. As dié fasade gesloop word, sal die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie soos twee weeskinders alleen agterbly,” het mnr. Muller gesê.

Die plan met die versoekskrifte is om dit deur 'n vroue-afvaardiging by die kantoor van die Eerste Minister af te gee.

Mnr. Muller het gesê dat hy oortuig is dat die Regering nie weet wat die gewone mense oor die saak dink nie. „Daar is nog altyd net deur organisasies gewerk en die stem van die volk is nog die gehoor nie.

„As die mense Saterdag nie opdaag nie, sal Kerkplein val,” het mnr. Muller gesê.

## **SATERDAGOGGEND (26.7.1975)**

OGGENDBLAD, 22.7.1975

SATERDAGOGGEND sal 'n finale poging aangewend word om die wes-fasade van Kerkplein ongeskonde te bewaar. Van vandag af tot Saterdag sal ons ons lesers inlig oor die geskiedkundige verlede en argitektoniese meriete van die agttal geboue wat in die slag kan bly. Vandag is die Nederlandsche Bank aan die beurt.

## **GEBOUTJIE SIMBOOL VAN OU TRANSVAAL**

OGGENDBLAD, 22.7.1975

DIT sal ironies wees as die eerste gebou wat op Kerkplein gesloop gaan word, die ou Nederlandsche Bankgebou is.

Dit was die argitek van dié skilderagtige rooibaksteen-gebou met die trappgewels, Willem de Zwaan, wat regstreeks verantwoordelik was vir die uitleg van Kerkplein soos ons hom vandag ken.

Dit was De Zwaan wat saam met die destydse redakteur van De Volkstem, dr. F. V. Engelenburg, voorgestel het dat die plein herbeplan word

Die voorgestelde planne van die firma Poole en Barbour is in 1910 aanvaar. Kontrakteur M. G. van R. Mostert het teen 36 000 pond die nodige uitgrawings, opvullings en verbeterings aangebring.

### **ONTWERPER**

De Zwaan is ook op 'n ander manier aan die plein gekoppel. Hy was naamlik die ontwerper van die oorspronklike voetstuk van die Krugerstandbeeld.

Die Nederlandsche Bank-gebou is eens beskryf as „een van die juwele van die wes-fasade”. Ook ander geboue in Pretoria is deur dié begaafde argitek ontwerp: Die Landbankgebou op die hoek van Paul Kruger- en Pretoriusstraat, die Trident Bougenootskap-gebou, die Gundelfinger-gebou en 'n private woning op die hoek van Walker- en Cilliersstraat.

Die Nederlandsche Bank-gebou is in die jare 1896-1897 opgerig. Dit was die hoofkwartier van die Nederlandsche Bank en Crediet Vereeniging voor Zuid-Afrika wat dit snaaks genoeg beset het saam met 'n kantoor van 'n dinamietfabriek: Zuid-Afrikaansche Fabrieken voor Ontploffbare Stoffen,

### GESKIEDENIS

Die geskiedenis van die destydse Z.A.R. en die Kruger-tydperk in die Transvaalse geskiedenis is onlosmaaklik verbind aan dié gebou.

Dit is die simbool van die samewerking op ekonomiese gebied wat daar tussen die Z.A.R. en Nederland bestaan het.

Die totstandkoming van die Nederlandsche Bank was die kulminasie van pro-Suid-Afrikaanse pogings in Nederland om 'n eie bank in Suid-Afrika tot stand te bring ná die verliese wat gely is in die Eerste Vryheidsoorlog.

Dit is die simbool van die belangstelling in die Boere wat in Nederland geheers het en van die Nederlandse aandeel in die ekonomiese lewe van Transvaal, wat ook onder andere uitgeloop het op die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij.

De Zwaan, die man wat persoonlik aanbeveel het dat die jong beeldhouer, Anton van Wouw, gevra moet word om die Krugerstandbeeld te maak, is in September 1948 op 82-jarige leeftyd in Pretoria dood.

Hy was 50 jaar lank 'n argitek in Pretoria.

### VROU SOU GEVEG HET

OGGENDBLAD, 22.7.1975

MEV. HILMA DE ZWAAN, die vrou van die argitek van die Nederlandsche Bank-gebou, Willem de Zwaan, was een van die eerste vegters vir die regte van die vrou in die Transvaalse hoofstad.

As sy vandag nog geleaf het sou hierdie vurige vrou heelwaarskynlik in die voorste linie geveg het om die behoud van die stad se kulturele erfenis. Was dit dan nie sy wat die voorste kampvegter was vir die verkryging van vroue-stemreg nie?

Die man wat saam met Willem de Zwaan verantwoordelik was vir die huidige voorkoms van Kerkplein, dr. Frans Engelenburg, was ook die ontwerper van die Pretoriase stadswapen.

Dit was dr. Engelenburg wat as die redakteur van De Volkstem ook besluit het dat die leuse van die stad moet wees: Praestantia praevaleat Praetoria — Laat Pretoria uitblink in voortrefflikheid.

'n Mens kan maar net raai wat dr. Engelenburg vandag sou sê as hy moes verneem dat die gebou wat sy boesemvriend ontwerp het op die punt staan om vernietig te word.

### KERKPLEIN IS 'N UNIEKE PLEK IN S.A.

deur BEWAARDER, Pretoria, Oggendblad (U skryf), 22.7.1975

AS die bevolking van Pretoria nie sê nie, sal die standbeeld van Paul Kruger op Kerkplein dit uitroep oor die daad van vernietiging wat die stadsvaders nou met die seën van die Provinsiale Administrasie wil pleeg om 'n gedeelte van Kerkplein te sloop.

Dat die owerhede toegelaat is om hulle planne vir die vernietigingswerk so ver deur te voer, gaan my verstand te bowe.

As 'n Kapenaar — wat miskien beter in staat is om 'n nie-emosionele en nie-sentimentele waardering van die historiese plein te maak — kan ek net sê dat dit vir my die mees beleë vierkant grond in Suid-Afrika is.

Nêrens in die land is daar 'n plein wat nog so ongeskonde van alle kante omring is deur ou geboue nie — en waarvan almal boonop argitektonies pragtig is en 'n geheel vorm.

Ek het onlangs 'n uitstalling van ou — en helaas, gewese — geboue in Kaapstad gesien en gesidder by die aanskoue van die pragtige geboue wat net die afgelope half-eeu gesloop is in die naam van vooruitgang.

Hierdie geboue is vandag onherroepelik vir die nageslag verlore.

Diezelfde verskynsel is in Bloemfontein nog opvallender — 'n paar pragtige ou geboue, verswelg tussen moderne vierkantige torings — 'n potpourie-indruk wat die atmosfeer van die oue geheel laat verlore raak in glas en beton.

Pretoria is in die unieke situasie dat hy minstens nog een kolletjie het waar die oue in 'n afgeslote ruimte behoue gebly het — en saam daarmee die hele atmosfeer van beleënheid.

Nou kom diegene sowaar van bo af en wil die een kant daarvan vernietig. Kan hulle nie insien dat die hele atmosfeer van die plein daardeur vernietig sal word nie?

As hulle met dié bose en sinnelose vernietigingsplan wil voortgaan, sal die nageslag met verlange kyk na foto's van die ou Plein — en soos daardie klein seuntjie in die gediggie staan en wonder en wonder en wonder — waarom?

## SKOOLHOOFDE DOEN MIN VIR PLEIN

BEELD, 22.7.1975

'n TRAE gees heers onder die meeste Pretoriase skoolhoofde oor die Burgerkomitee vir die Bewaring en die Restourasie van Kerkplein se poging om die sloping van die ou geboue aan die Westekant te probeer keer.

In 'n finale poging om die Westelike Fasade van Kerkplein vir die nageslag te bewaar, sal die Burgerkomitee Saterdag pleitskrifte ter steuning van die saak beskikbaar stel. Almal, oud en jonk, sal dan van 10 vm. tot 1 nm. geleentheid kry om dit te onderteken.

Tot dusver was daar nog weinig reaksie van die kant van skoolhoofde om leerlinge te betrek. Uit navrae wat by laer- en hoërskole in Pretoria gedoen is, blyk dit dat die meeste skoolhoofde van die saak weet. Op georganiseerde vlak word daar egter niks aangepak nie.

Dit lê nie in die veld van die kinders nie, het meer as een hoof gesê. Die reaksie moet kom van die volwassenes. Dit is die ouers se taak, meer as die kinders s'n om dit te onderteken.

### OMSENBRIEWE

'n Hoof van een van die hoërskole sê hy het niks op georganiseerde grondslag gedoen nie en sal ook niks daaromtrent doen nie. Hy sê die saak „is klaar oor die muur“ en wat sal dit help om iets daaraan te doen.

Ander skoolhoofde sê hulle is bewus van die poging, maar hulle is nog nie deur die Burgerkomitee genader om die skoolkinders by die saak te betrek nie.

Daar is enkele skoolhoofde wat afkondigings oor die Burgerkomitee se poging maak en sommige skole stuur omsendbriewe aan ouers. Die skoolhoofde bring ook die saak onder die aandag van hul personeellede.

## BETROKKE

Een van Pretoria se bekendste skole is 'n geaffilieerde liggaam van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria en in hierdie hoedanigheid voel die skool hom daarby betrokke. Die personeel word ook sterk aangemoedig om die saak te steun. Die kinders is egter in die middel van hul eksamen en kan hulle nie pertinent daarby laat betrek nie.

Die leerlinge van die Pretoria Boys' High School is bewus van die aangeleentheid, want die skoolhoof opper dit gereeld. Hy moedig ook sy leerlinge aan om deur die Stigting Simon van der Stel die slooping van Kerkplein teen te staan. Hy wil ook nog vra of die pleitskrif nie by die skool deur die leerlinge onderteken kan word nie.

Ook mej. H. A. Holtzhausen van die Afrikaanse Hoër Meisieskool was een van die weinige hoofde wat gesê het dat van hierdie skool se kant die pleitskrif onderteken gaan word. Die skool voel baie sterk vir die behoud van die ou geboue aan die westekant. Die meisies in die koshuis sal ook die oggend die geleentheid kry om die pleitskrif te gaan onderteken.

## KERKPLEIN

REDAKSIONEEL, Beeld, 22.7.1975

BAIE praktiese redes kan aangevoer word waarom die Wesfasade van Kerkplein in Pretoria gesloop moet word. Maar hier, glo ons, is 'n geval waar die praktiese oorweginge liefers op die agtergrond geskuif moet word.

Die Wesfasade is mooi. Dit is een van die té min stukkie van die Transvaalse geskiedenis, van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat nog in die midde van 'n groot stad lewe. Dit is 'n stuk van onself wat daar staan, en wat deur die moderne behoeftes bedreig word.

Is dit inderdaad noodsaaklik dat hierdie reeksie historiese geboue nou platgeslaan moet word om plek te skep vir modernistiese stapels? Aan ruimte het ons tog waarlik geen gebrek in Suid-Afrika nie, veral nie in Pretoria nie.

Ons wil 'n dringende beroep doen op die owerhede om die besluit wat reeds geneem is, weer rustig te weeg — en te verander.

Vir die groot nuwe geboue kan elders plek gevind word om die Wesfasade te laat voortleef, sodat Pretoria in sy hart nog 'n herkenbare kern behou van sy eie individualiteit.

## 10 000 PAMFLETTE OM BEHOUD VAN PLEIN VERSPREI

deur JEANNE GOOSEN, Hoofstad, 22.7.1975

MEER as 10 000 pamflette word nog vanmiddag per hand en per pos in Pretoria versprei waarin gevra word dat Pretorianers Saterdag hul stemme moet uitbring teen die beplande slooping van die ou geboue aan die westelike fasade van Kerkplein.

Politici, stadsraadslede en leiers op verskillende gebiede tree nou tot die stryd toe teen die slooping van die geboue. Na verneem word, sal reaksie uit sakegeledere later volg, maar dit sal betyds wees om die betrokke mense te oortuig dat hul besluit om te sloop, verkeerd is.

● 'n Stadsraadslid, mnr. J. H. Potgieter, in wie se wyk Kerkplein val, het 'n beroep op inwoners van dié gebied gedoen dat hulle hul stemme moet uitbring ten gunste van die behoud van Kerkplein in sy geheel.

● Telegramme en briewe vanoor die hele land stroom in by die kantoor van mnr. Piet Muller, bekende kultuurman en voorsitter van die Burgerkomitee.

● Honderde Johannesburgers en selfs mense van Tzaneen het reeds laat weet dat hulle Saterdag se „stemming” spesiaal bywoon.

Uit betroubare bronne word verneem dat mev. Verwoerd baie ontsteld is oor sekere uitlatings wat mnr. Sybrand van Niekerk, die Administrateur gemaak het. Hy sou glo onder meer gesê het dat die gewese eerste minister, dr. Verwoerd, ten gunste was van die slooping van sekere geboue rondom Kerkplein.

'n Gedeelte van mev. Verwoerd se brief lui: „Hy het nooit van slooping gepraat nie en het altyd van die mooi argitektuur gepraat. Vir hom was dit 'n skakel tussen ons en ons stamland . . .”

In sy beroep op inwoners van sy wyk (wyk 5), sê mnr. Potgieter onder meer: „Ek is ten gunste van die behoud van die ou geboue om Kerkplein en die behoud daarvan sal bydra om die geskiedenis van Pretoria te behou.”

Een van die talle telegramme wat mnr. Muller vanoggend ontvang het, kom van mnr. Leon Rousseau, skrywer van 'n boek oor die lewe van Eugene Marais en waarvoor hy die CNA-prys gekry het. Hy skryf: „As iemand wat die ou Kerkplein in die loop van my navorsing leer ken het, steun ek die aksie van sy behoud heelhartig . . .”

'n Poskaart van 'n bejaarde inwoner van Pretoria, mnr. J. Bruys wat ook die aksie steun, sê dat hy 'n paar jaar gelede getuie was van die slooping van Paul Kruger se staatsgimnasium — „vir 'n telefoonsentrale. Ek sal bly wees as so 'n herhaling voorkom kan word . . .”

## KERKPLEIN

REDAKSIONEEL, Hoofstad, 22.7.1975

SELDE tevore nog was daar onder Pretorianers só 'n gevoel van eensgesindheid en samehorigheid oor één saak — naamlik die behoud van Kerkplein in sy geheel.

Saterdag word die laaste pogings aangewend om dié historiese erfenis te red. Duisende mense word op Kerkplein verwag om hul stemme van protes aan te teken in 'n boek wat deur 'n afvaardiging na die Eerste Minister, mnr. Vorster, geneem sal word.

Mnr. Vorster is die man by wie die finale beslissing lê. Dis hy wat sal moet besluit of 'n stuk geskiedenis uitgewis moet word, al dan nie.

Van die land se voorste kultuurleiers het reeds die slopingsbesluit as 'n „misdad teenoor die nageslag” bestempel en 'n groot deel van die bevolking staan bankvas agter die leiers. Na hulle sal daar ook geluister moet word.

Hoofstad wil vandag 'n beroep doen op die Regering dat daar versigtiger te werk gegaan moet word wanneer dit kom by die vernietiging van kulturele erfenis.

Die stemme van protes wat tans gehoor word, is tot 'n groot mate 'n verblydende teken want dit getuig van 'n volk wat nog 'n gevoel het vir sy geskiedenis.

Die amptelike datum van sloping is eers vroeg in 1978 en daar is dus nog tyd en hoop vir die vegters vir behoud. Ons wil ook graag ons lesers die geleentheid gee om deur middel van Hoofstad hul stem in briefvorm uit te bring — of u die slopingsbesluit steun en of u gekant is teen die sloping.

## KAAP WIL PLEIN HELP RED

OGGENDBLAD, 23.7.1975

DIE stryd om die behoud van Kerkplein kring nou selfs uit tot in die Kaap. Swellendam se mense is vuur en vlam in hulle steun aan die jongste veldtog.

Die Transvaalse administrateur sê egter hy weet nie wat die waarde van Saterdag se byeenkoms op Kerkplein sal wees nie — as daar nie nuwe argumente kom nie, kan dit beteken dat die goeie trou van die Regering in twyfel getrek word.

Op Swellendam ruk die mense soos een man op nadat die bekende skryfster M.E.R. — mej. M. E. Rothman, wat byna 101 jaar oud is — die aanvoorwerk gedoen het en 'n pleitskrif vir die behoud van Kerkplein se westelike fasade opgestel het.

Sy het ook 'n brief aan die Eerste Minister, mnr. Vorster, en aan Administrateur Sybrand van Niekerk gerig met die volgende bewoording: „Die nageslag sal u eer as u die wesfasade van Kerkplein nog ter elfder ure red. Vir ons as Swellendammers is pres. Kruger se Kerkplein ook kosbaar.”

Twee ander organiseerders van die veldtog het ook 'n beroep gedoen op ander Bolandse dorpe, onder meer Worcester, om handtekeninge in te samel.

Dié organiseerders, mnr. Adriaan Mocke en mev. Susan van Eeden, dogter van dr. S. H. Pellissier, beoog om 'n paar duisend handtekeninge te kry.

Mnr. Mocke het aan Oggendblad gesê hy kom self met die pleitskrif Pretoria toe en hy sal Saterdag op Kerkplein wees.

## AKKERBOME

Mev. Van Eeden het gesê die Swellendammers reageer wonderlik, veral nou nadat hulle hoofstraat met akkerbome en al gesloop is.

„Die vernietiging vind nou dwarsdeur die land plaas en dit het tyd geword dat dorpe en stede in die hele land saamstaan en eenvoudig weier dat dié vandalisme voortduur,” het sy gesê.

Mnr. Mocke het gesê: „Ons gaan nie langer toelaat dat ons kulturele erfenisse weggeskraap word nie. As Kerkplein gesloop gaan word, sal ons almal hier van Swellendam na Pretoria kom en ons voor die stootskrapers werp.”

● 'n Portugees wat pas genaturaliseer het, het mnr. Piet Muller, die voorsitter van die burgerkomitee vir die behoud van Kerkplein, gister alle steun toegesê en beloof om Saterdag 35 van sy Portugeese vriende saam te bring om hulle stemme van protes te laat hoor.

---

Opm. Dieselfde berig onder die opskrif **Kapenaars wil ook help behou** in **Die Transvaler**, 23.7.1975.



## DIS TE LAAT VIR KLA, SÊ VAN NIEKERK

OGGENDBLAD, 23.7.1975

AS daar Saterdag by die vergadering op Kerkplein nie nuwe argumente aangevoer word nie, weet hy nie wat die waarde van die byeenkoms sal wees nie, tensy hulle die goeie trou van die Regering in twyfel wil trek.

Só het die administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, gisteraand gesê

Mnr. Van Niekerk sê hy is nie na die vergadering uitgenooi nie, en sal gevolglik nie daar wees nie.

Hy sê dinge soos die restourasie van die slagvelde, van Tulbagh en van Boekenhoutfontein en die ontwikkeling van die Louis Trichardt-gedenktuin in Lourenco Marques sou nie plaasgevind het nie as die Regering en die Provinsiale Administrasie nie 'n besondere begrip gehad het vir die waarde van restourasie en die behoud van dinge wat geskiedkundig en kultuurhistories die moeite werd is nie.

„Om nou te wil voorgee dat die Regering nie begrip het vir sulke aanleenthede nie, is werklik om 'n mens se goeie trou in twyfel te trek.”

Mnr. Van Niekerk sê daar is twee keer oor Kerkplein besluit. In 1965 en nou weer deur die huidige Kabinet. In albei gevalle is besluit om dié geboue te sloop.

Volgens die huidige plan sal daar nie toringgeboue opgerig word nie, maar geboue wat harmoniseer met die ander geboue om die Plein.

Elke mens wat 'n mening wou uitspreek oor hierdie saak het volop geleentheid gehad. Die Kerkpleinkomitee het alle verstoë aangehoor en uiteindelik aanbevelings gedoen wat deur die Regering aanvaar is. Daar was ook persoonlike verstoë tot die Eerste Minister.

„Om nou te vra dat daar weer 'n beslissing gegee word en dat die Eerste Minister nog 'n slag na dieselfde storie moet luister asof nuwe feite aan die lig gekom het, is om net die Eerste Minister in die verleentheid te bring.”

Mnr. Van Niekerk sê al sou besluit word om die Ou Nederlandsche Bank-gebou die Law Chambers, en die Cafe Riché te behou, sal die geboue almal gesloop en weer opgerig moet word, omdat die grond eers uitgehol sal moet word vir die parkeerkelder onder die provinsiale geboue-kompleks.

## PLEIN 'N DEEL VAN EUROPA SÊ KENNER

deur DRIES VAN HEERDEN, Oggendblad, 23.7.1975

AS die westelike fasade van Kerkplein die dag deur stootskrapers onder die stol geploeg word, sal dit vir dr. Herman Rex 'n persoonlike verlies wees:

As daar iemand is wat die geskiedenis van oud-Pretoria op die punte van sy vingers ken en 'n besondere liefde koester vir sy historiese erfenis is dit dié argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Dr. Rex het pas sy doktorsgraad in kultuurgeskiedenis verwerf oor Sytze Wierda, die argitek van die Ou Raadsaal op Kerkplein. In die loop van sy navorsing het hy noodwendig ook waardevolle inligting oor die westelike deel van die Plein versamel.

'n Mens sit skaars vyf minute by hom in sy kantoor — omring deur historiese relikwieë uit die Voortrekker-tydperk — en jy is verstom oor

dié man se byna ensiklopediese kennis van Pretoria teen die einde van die vorige eeu.

„Dit sal werklik jammer wees as dié historiese geboue verlore moet gaan,” sê dr. Rex op sy rustige manier.

„Dit is ’n deel van Europa in Suid-Afrika. Die argitekte van al die geboue was Nederlanders of Engelse wat die gees van die Europese kultuurlewe hier kom oorplant het.”

Hy is veral ontstoke omdat neerhalend na die geboue se argitektuur verwys word.

### NEERHALEND

„Dit is verteenwoordigend van geboue regoor die wêreld. Dit was die tydperk van die eklektisisme in die argitektuur — toe argitekte hulle inspirasie gevind het in die boustyle van die Renaissance.

„As daar neerhalend hierna verwys word, moet op dieselfde manier verwys word na die argitektuur van daardie tyd in die algemeen,” sê dr. Rex.

Die grootste jammerte sal wees dat die eenheid van die Plein verbreek word. „Die argitekte van die geboue het hulle geboue doelbewus so ontwerp om dit met die ander geboue te laat saamsmelt,” is sy deskundige mening.

Ure lank kan dié argivaris ’n mens besig hou met feite oor elkeen van die geboue wat nou deur slooping bedreig word.

## MEESTER LAAT SY STEMPEL OP DIÉ GEBOU

OGGENDBLAD, 23.7.1975

IN die argitektuur van die Poskantoorgebou kan baie duidelik die hand gesien word van die groot meester sir Herbert Baker — die argitek van die Uniegebou.

Een van sir Herbert se bekwaamste leerlinge, William Hawke, het dié gebou in 1909 ontwerp.

Nog ’n voorbeeld van Hawke se ontwerpe is die Johannesburgse stadsaal. Soos by die Poskantoorgebou kan ook hierin Hawke se voorliefde gesien word vir die burgerlike boukuns wat die Victoriaanse tyd gekenmerk het.

Die hoeksteen van die Poskantoorgebou is vroeg in 1910 gelê deur die destydse goewerneur-generaal lord Selborne. William Nottingham, ’n lid van een van die bekendste bou-families, was vir die oprigting verantwoordelik.

Voorstanders van die slooping van Kerkplein se westelike fasade is van mening dat die Poskantoorgebou die minste historiese en argitektoniese waarde het.

Tog het Hawke met dié ontwerp destyds ’n wedstryd gewen wat deur die Transvaalse regering uitgeskryf is.

Die gebou het ’n granietbasis en is verder versier met kunstige klipwerk. Binne is ook klip en by die hoofingang swart en wit marmerblokke in ’n patroonvorm op die vloer.

Ongelukkig het die gebou ietwat van sy fleur verloor weens veranderinge wat deur die Poskantoor aangebring is. Tog was dit vroeër eer van die spoggeboue in Pretoria soos blyk uit destydse poskaarte en brosjures.

Die terrein van die Poskantoor is van besondere historiese betekenis. Aanvanklik het die hoekkerf aan J. F. Schutte behoort, later aan ’n Portugese winkelier, H. Austen, en nog later aan die Natalse firma, Evans en Churchill wat ’n tak van hulle saak hier geopen het.

## S.A. SE VERLEDE WORD GESKEND

deur GEORGE STEYN, Silverton, Oggendblad (U skryf), 23.7.1975

WAAROM is dit so dat die mense altyd alles wil afbreek die oomblik as hulle niks het om met hulle hande aan te vang nie.

Kerkplein lewe nou weer onder die donker skaduwee van 'n aantal mense wie se hande jeuk om af te breek dit wat 'n eeu gelede met moeite opgebou is.

Wat die seerste tref, is dat die voorpraters van dié platslaners juis die mense is wat die volk verwag daarteen gekant moet wees.

Daar bestaan 'n wet teen vandaliste en mens kan maar net wonder onder watter wet hierdie „beskaafde vandaliste” aangekla kan word.

Saterdag moet die inwoners van Pretoria na die Plein opruk om in geen onsekere taal aan die owerhede te vertel wat ons dink oor die skending van ons volksverlede.

'n Mens kan maar net hoop dat die Regering mans genoeg sal wees om hulle foute te erken.

Inwoners van Pretoria, onthou: 'n Volk wat sy verlede vergeet, het geen reg op 'n toekoms nie.

### Administrateur oor Kerkplein:

#### BYEENKOMS NUTTELOOS TENSY . . .

DIE TRANSVALER, 23.7.1975

AS daar Saterdag by die vergadering op Kerkplein nie nuwe argumente aangevoer gaan word nie, weet hy nie wat die waarde van die byeenkoms sal wees nie — tensy hulle die goeie trou van die Regering in twyfel wil trek.

Só het die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk gisteraand gesê. Die Transvaler het met hom gepraat oor die saamtrek op Kerkplein om teen die sloping van die geboue aan die westelike kant van Kerkplein beswaar te maak.

Mnr. Van Niekerk sê hy is nie na die vergadering uitgenooi nie en sal gevolglik nie daar wees nie.

Hy sê sulke dinge soos die restourasie van die slagvelde, van Tulbagh en van Boekenhoutfontein en die ontwikkeling van die Louis Trichardt-gedenktuin in Lourenco Marques sou nie plaasgevind het nie as die Regering en die Provinsiale Administrasie nie 'n besondere begrip gehad het vir die waarde van restourasie en die behoud van dinge wat geskiedkundig en kultuurhistories die moeite werd is nie.

#### BEGRIP

„Om nou te wil voorgee dat die Regering nie begrip het vir sulke aangelenthede nie, is werklik om 'n mens se goeie trou in twyfel te trek.”

Hy sê daar is twee keer oor Kerkplein besluit — in 1965 en nou weer deur die huidige Kabinet. In albei gevalle is besluit om die betrokke geboue te sloop.

Volgens die huidige plan sal daar nie toringgeboue opgerig word nie maar geboue wat harmoniseer met die ander geboue om Kerkplein.

Elke mens wat 'n mening wou uitspreek oor dié saak, het volop geleentheid gehad. Die Kerkplein-komitee het alle vertoë aangehoor en uiteindelik aanbevelings gedoen wat deur die Regering aanvaar is. Daar was ook persoonlike vertoë tot die Eerste Minister.

„Om nou te vra dat daar weer 'n beslissing gegee word en dat die Eerste Minister nog 'n slag na dieselfde storie moet luister asof nuwe feite aan die lig gekom het, is om net die Eerste Minister in die verleentheid te bring.”

### UITGEHOL

Mnr. Van Niekerk sê al sou besluit word om die ou Nederlandse Bankgebou, die Law Chambers, en die Cafe Riché te behou, sal die geboue almal gesloop en weer opgerig moet word omdat die grond eers uitgehol sal moet word vir die parkeerkeider onder die Provinsiale geboue.

Wat die ou Nederlandse Bankgebou betref met sy sandsteen wat deel van die struktuur is, sal die gebou om veiligheidredes in elk geval gesloop en weer opgerig moet word. Al word die grond onder die gebou nie uitgehol nie.

Mnr. Van Niekerk sê daar is persoonlike aanvalle op hom gedoen. Hy beweer nie dat hy 'n kenner van die kuns of argitektuur is nie. As hy oor dié saak praat, praat hy ook nie persoonlik nie, maar op grond van wat hy glo, konsensus is onder vakkundiges in die kringe wat daarby betrokke is.

### VERSKIL

Hy het die saak breedvoerig bespreek met baie argitekte en ander mense. Daar is ernstige meningsverskil oor verskillende aspekte van die saak, oor die vraag of die fasade van die ou Nederlandse-bankgebou werklik goeie argitektuur is of nie.

Min is bereid om te sê dat die Law Chambers goeie argitektuur het, terwyl hy nog niemand teëgekomp het wat aanvoer dat die Cafe Riché besondere argitektoniese waarde het nie.

## M.E.R. rig brief aan Premier:

### STRYD OM KERKPLEIN KRING VERDER UIT

BEELD, 23.7.1975

DIE stryd om die behoud van Kerkplein het uitgekring tot ver buite Transvaal. 'n Nuwe dimensie is aan die stryd verleen met die toetrede van Swellendam en ander Kaapse dorpe.

'n Versoekskrif met meer as 'n honderd name van Swellendammers sal Saterdag op Kerkplein aan die Burgerkomitee oorhandig word. Reg bo-aan is die naam van die beroemde Suid-Afrikaanse skryfster, M.E.R., wat in Augustus 100 jaar oud is.

Maar mev. M. E. Rothman het haar deel selfs verder gevoer en 'n persoonlike brief aan die Eerste Minister gerig vir die bewaring van dit wat vir haar mooi en goed is.

### AANGESPOOR

Mev. Suzanne van Eeden van Swellendam, 'n dogter van dr. S. H. Pellissier, het aan Beeld gesê hul eie verlore stryd om die mooie van die verlede by hulle te bewaar, het hulle aangespoor om in ander dele van die Republiek te help stry vir die bewaring van kultuurgoedere.

Mev. Van Eeden het gesê dat die hele karakter van Swellendam verander is deurdat 'n provinsiale pad aansluiting by 'n nasionale pad moes vind. Die pragtige hoofstraat van die dorp met sy ou eikebome het in die slag gebly, ondanks 'n pleitskrif wat twee jaar gelede tot die Administrateur van Kaapland gerig is.



Die Afrikaanse skryfster M.E.R. (mev. M. E. Rothman), wat kort voor voor afsterwe vanuit Swellendam by die Administrateur van Transvaal gepleit het vir die behoud van die wesfasade. Sy het ook die pleitskrif aan die Eerste Minister onderteken. Die Genootskap Oud-Pretoria bring hulde aan die nagedagtenis van 'n Oud-Pretorianer.

Foto: Die Huisgenoot

Nou het Swellendam besluit om 'n versoekskrif tot die Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk, te rig. Hulle besef dat net Krugerhuis en die plein na die Engelse Oorlog as kultuurerfenis oorgebly het.

### VERSOEKSKRIF

Daar is Vrydag begin met die versoekskrif. M.E.R. se naam is bo-aan. Teen die naweek behoort daar baie meer as 'n honderd name op te wees.

Daar is ook 'n beroep op sake-ondernemings gedoen. Hulle het onderneem om hul deel by te dra. Telegramme sal in Pretoria op die Burgerkomitee neerreën ter steuning van die redpoging.

Mnr. Adrian Mocke, hoof van die kollege, Olyfkrans, sal die versoekskrif Saterdag op die plein oorhandig.

Daar is ook reeds 'n beroep gedoen op ander dorpe in Kaapland om die stryd te ondersteun. Worcester het reeds onderneem om ook 'n versoekskrif op te stel.

M.E.R. se brief aan die Eerste Minister lui:

„Geagte mnr. Vorster,

Ons weet dat u belangstel in die bewaring van ons ou geboue en wil u verseker dat ons hier op Swellendam ook baie sterk voel oor die beoogde skade aan Kerkplein.

Ons sluit 'n kopie in van die pleitskrif wat aan die Administrateur van Transvaal vir die bewaring van die Wesfasade van kerkplein gerig is. Hoogagting,

Die uwe,

M. E. Rothman.”

## BUSSTASIE ONDER PLEIN ONDERSOEK

BEELD, 23.7.1975

DIE uitvoerbaarheidstudies oor die moontlikheid van 'n busstasie onder Pretoria se Kerkplein sal binnekort voor die bestuurskomitee van Pretoria se stadsraad gelê word, het mnr. B. W. B. Ball, direkteur van stadsbeplanning en argitektuur, gister gesê.

Hernieude belangstelling heers nou onder Pretorianers vir hierdie verslag en die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein se petisie vir die behoud van die hele plein.

Die stadsraad het in 1973 konsultante aangestel om 'n ondersoek na die moontlikhede van Kerkplein te onderneem.

Dit sou ongeveer R22 000 kos en die moontlikheid van 'n bus-terminus, 'n parkeergarage en winkels op verskillende ondergrondse vlakke, sou ondersoek word.

Die stadsraad het egter hierdie opdrag herroep en 'n gewysigde opdrag gegee aan mnr. Ball en die stadsingénieur, mnr. J. D. Weilbach.

### SKETSE

Die tweede fase was die indien van voorlopige sketse as voortgegaan sou word met die planne. Derdens moes die koste, boumetodes en finansiering ondersoek word.

Mnr. Ball het dit gister baie duidelik gestel dat die verslag (wat die eerste fase is van die ondersoek) net gaan oor die moontlikheid van 'n busstasie onder die plein.

Die ondersoek moes in drie fases gedoen word. Die eerste was dat die pleinoppervlak herontwerp moet word en die moontlikheid van 'n ondergrondse busstasie ondersoek word.

Terwyl die rektor van die Universiteit van Pretoria, prof. E. M. Hamman, hom aan die kant van die Stigting Simon van der Stel skaar vir die behoud van die binne-aangesig van Kerkplein, steun mnr. J. D. V. Terblanche, rektor van die Pretoriase Onderwyskollege, die standpunt van die Administrateur, naamlik dat die ou geboue plek moet maak vir nuwe ontwikkeling.

Prof. Hamman het gister gesê dat hy ten gunste daarvan is dat die binne-aangesig van Kerkplein behoue moet bly. Die kunstenaarsvoorstelling van die plein met sy ou geboue as vooraangesig en die hoë geboue daaragter, lyk vir hom baie aanneemlik, het hy gesê.

Mnr. Terblanche, daarenteen, het gesê hy onderskryf die standpunt van mnr. Sybrand van Niekerk. Die Administrateur se standpunt is dat ontwikkeling moet voortgaan en dat die oue nie in die plek daarvan moet staan nie.

Van sy kant het die rektor van die Pretoriase Onderwyskollege niks op georganiseerde basis gereël dat die studente van die kollege Saterdag deel sal hê aan die aksie van die Burgerkomitee vir die Bewaring en die Restourasie van Kerkplein nie. As die studente egter iets wil reël, sal hy nie in hul pad staan nie, het mnr. Terblanche gesê.

Prof. Hamman het gesê dat sover hy daarvan bewus is, het sy studente ook niks georganiseer of beplan in dié verband nie. Die klasse het eers eergister begin, het hy gesê.

## HARE SAL WAAI OOR KERKPLEIN-SLOPING VERSKEIE BEKENDES GAAN VEG

DIE TRANSVALER, 23.7.1975

KERKPLEIN, die hart van Pretoria, gaan Saterdag soos 'n replika van die beroemde Londense bymeakaarkomplek, Hyde Park Corner, lyk as een en almal wat sy sê wil sê oor die voorgestelde sloping van die westelike deel van Kerkplein die geleentheid kry om dit in die openbaar te doen.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein bied Saterdag tussen 10h00 en 13h00 'n forum aan enige inwoner van Pretoria wat 'n mening te lug het oor die toekoms van die geskiedkundige ou geboue wat die wesfasade uitmaak.

Al reël wat die sprekers moet nakom is dat hulle nie langer as vyf minute mag praat nie en dat hulle geen persoonlike aanvalle op enige-mand mag doen nie.

Verskeie bekende persone het reeds laat blyk dat hulle gewis sal optree. Volgens die organiseerder van Saterdag se funksie, mnr. Piet Muller, bly die name nog geheim omdat die persone bang is dat hulle beroepskade gaan ly of die geld wat hulle van die Transvaalse Provinsiale Administrasie ontvang, teruggetrek kan word.

Een „groot naam“ wat wel sy stem ten gunste van die behoud van Kerkplein sal uitbring, is die hart-chirurg, prof. Chris Barnard. As prof. Barnard nie self kan opdaag nie, sal sy boodskap deur sy dogter Deirdre voorgelees word.

### DOWE ORE

Mnr. Muller, 'n uitgewer van Pretoria, was een van die persone by wie dié gedagte van die burgerkomitee ontstaan het. Hulle wou doelbewus nie deur die bestaande kultuurhistoriese organisasies werk nie, omdat bevind is dat hul pleidooie op dowe ore val.

Saterdag se demonstrasie sal die hoogtepunt van die komitee se poging wees om Kerkplein ongeskonde te bewaar. Versoekskrifte sal ook by die plein wees wat die Pretorianers kan onderteken.

„Ek het die volste vertroue in die owerheid dat hulle die wil van die inwoners van Pretoria in gedagte sal hou as hulle 'n finale besluit oor die plein neem,” het mnr. Muller gesê.

### ARGUMENTE

Volgens hom het die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, reeds drie argumente opgehaal oor waarom die westelike fasade gesloop moet word.

„Die argument dat die geboue van weinig historiese waarde is, het ons weerlê. Pretoria se argitektheit het eweneens bewys dat die geboue argitektoniese waarde het. Nou sê hy glo dat die agterkante van die geboue 'n seeroog is,” sê mnr. Muller.

Een van die burgerkomitee se doelstellings is ook om die restourasie van die geboue te onderneem. „Struktureel gesien skort daar niks met die geboue nie. Dit is onsin dat dit 'n veiligheidsrisiko is. In Europa staan geboue wat honderde jare ouer is steeds stewig.”

Mnr. Muller self is van mening dat staatsdienskantore die plein „gaan doodmaak.” Volgens hom is dit broodnodig dat die plein 'n toeriste-aantrekkingskrag word met kafees, museums en hotelle; verder verfraai met inheemse bome, plaveisel en gasperke.

„Groot geboue soos wat vir die plein beplan word, sal die geskiedkundige geboue se skoonheid net verhoog as dit reg agter die Wesfasade opgerig word. As die fasade egter gesloop word, sal die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie soos twee weeskinders alleen agterbly.”

### VROUE

Die plan met die versoekskrifte is om dit deur middel van 'n vrouefafvaardiging by die kantoor van die Eerste Minister te besorg. Die Premier is die gewone burger se hoogste appèl.

Mnr. Muller sê hy is oortuig dat die Regering nie bewus is van hoe die gewone mens oor die saak voel nie. „Daar is nog altyd net deur organisasies gewerk en die stem van die volk is nog nie gehoor nie.

„As die mense egter Saterdag nie opdaag nie, sal Kerkplein spat,” sê mnr. Muller.

## ALMAL PLEIT NOU VIR KERKPLEIN

DIE VADERLAND, 23.7.1975

MNR. SYBRAND VAN NIEKERK, die Transvaalse Administrateur, sê hy gaan nie Saterdag die protessaamtrek op Kerkplein bywoon nie want hy is nie genooi nie.

Dáárop reageer mnr. Piet Muller, een van die organiseerders van die byeenkoms om Kerkplein te probeer red, dat niemand genooi is nie. „Dis 'n spontante byeenkoms,” sê hy. „Mnr. Van Niekerk is welkom. Hy kan ook maar 'n toespraak hou; net nie langer as tien minute praat nie.”

Mnr. Muller het ook gereageer op ander uitlatings van die Administrateur.

Mnr. Van Niekerk sou glo gesê het: „Om nou weer te vra daar moet 'n beslissing gegee word, is net om die Eerste Minister in die verleentheid te bring.”



Mnr. Muller wou weet of mnr. Van Niekerk dan namens die Eerste Minister kan praat.

Hy sê daar was ook nie „volop geleentheid“ vir die publiek om hul mening oor die Kerkplein-planne uit te spreek soos die Administrateur beweer nie.

„Daar was net 'n boek en 'n plan vir die nuwe Kerkplein in die Departement van Openbare Werke se kantoor,“ sê hy. „Ons wag ook nog steeds op die uitslag van etlike verhoë wat oor die saak gerig is.“

● Die Vaderland het sowat twee maande gelede 'n lys geplaas van instansies wat beswaar aangeteken het teen die sloping van die Westelike fasade van die Kerkplein. Daar was toe meer as 15 verskillende liggamme met 'n gesamentlike ledetal van meer as 160 000.

● Instussen het Die Vaderland ook 'n telefoonroep van mev. Hobbie le Roux, eggenote van die gewese Minister van Landbou, mnr. P. K. le Roux, ontvang. Sy sê: „Ons in die Kaap steun die pleidooi vir die behoud van Kerkplein. As ek Saterdag daar kon wees, sou ek my stem uitgebring het.“

## **SKOONHEID NIE REDE VIR PLEIN SE BEHOUD SÊ DR. WENNIE DU PLESSIS**

HOOFSTAD, 23.7.1975

DIE argitektoniese skoonheid al dan nie van die ou geboue om Kerkplein het niks met die behoud van dié geboue te doen nie. As die Administrateur van Transvaal dink dat die argument die derduisende mense wat ten gunste vir die bewaring van die geboue is, sal beïnvloed, dan maak hy 'n groot fout.

Sc sê mnr. Wennie du Plessis, gewese Administrateur van Suidwes-Afrika, oor die voorgenome sloping van die ou geboue aan die westekant van Kerkplein.

### **WAARDES**

„Dit gaan hier om die historiese en kulturele waardes. Daardie geboue, die meeste waarvan vir my, anders as vir die Administrateur mooi is, praat 'n taal wat kom uit die ver verlede.

„Daardie geboue het baie van Pretoria se verlede en geskiedenis meegemaak. As hulle eendag nie meer daar is nie, sal daar 'n gapende wond in Kerkplein geslaan wees.

„Die dag, indien dit kom dat die stootskrapers hul werk moet doen, sal gevoelens veroorsaak wat in hul bitterheid 'n skaduwee sal laat val oor baie mense.

### **OFFER**

„Wat die ou Capitol-teater betref is dit jammerlik dat so 'n gebou wat enig in sy soort in Suid-Afrika is, ook die slagoffer van omstandighede is.

„Alle eer aan die Schlesinger-gesin toe hulle vir die bewaring van die fasade van die ou Operahuis in die bres getree het. Die Schlesinger-argitektheit het 'n reuse-gebou agter die fasade van die Operahuis gebou. Waarom kan die Regeringsargitektheit nie dieselfde op Kerkplein doen nie?“ het mnr. Du Plessis gevra.

## KERKPLEIN MISBRUIK AS SWART SOKKERVELD

HOOFSTAD, 23.7.1975

SOKKERSPELERY deur Bantoes op Kerkplein ruk nou handuit en Pretoria se stadsraad voel nie gelukkig oor die toedrag van sake nie.

'n Senior woordvoerder van Pretoria se Stadsraad het Hoofstad gister meegedeel dat daar verordeninge is wat eerbiedig moet word. Hierdie regulasies verbied die speel van o.m. ook sokker op enige oop terrein van die munisipaliteit. Dit sluit ook Kerkplein in.

De afgelope tyd het Bantoes op Kerkplein begin sokker speel en dit het baie jolig begin gaan. Die bal is links en regs rondgeskop en verbygangers moes soms wild koes.

„Ons doen 'n beroep op die betrokkenes vir die veiligheid en orde van die publiek om dadelik met die spelery te staak. Dit staan egter enige lid van die publiek vry om die spelery onder die aandag van die polisie te bring“, het die woordvoerder gesê.

### RUGBY

Kerkplein was in die jare toet Pretoria se eerste sport-terrein. Dit het onder meer vir rugby, krieket en selfs as tydelike swembad gedien toe die reëns in oorvloed was.

Groot onmin het ontstaan tussen die krieket-spelers en nagmaalgangers. Dit het op 'n stadium (binne seisoen) so erg gegaan dat die tente se toue snags deur die spelers afgesny is.

Terwyl die Volksraad op 'n keer in sitting was, het 'n krieket-bal deur een van die vensters van die Ou Raadsaal gabars. Daar was glo 'n klein onderbreking om vas te stel wat die oorsaak van die skade was, maar die verrigtinge het onverpoosd voortgegaan.

## BETSIE SAYS 'SAVE THE SQUARE'

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 23.7.1975

THE widow of former Prime Minister Dr. Hendrik Verwoerd, Mrs. Betsie Verwoerd, today pledged her full support for the preservation of Church Square.

Speaking today from Stokkiesdraai, the family farm on the Vaal River near Vereeniging, Mrs. Verwoerd said she felt very strongly about Church Square.

“It is right that we should preserve the things that are connected to our past,” she said.

“We must not weakly sacrifice these things to modern developments.”

Mrs. Verwoerd said she was not able to leave the farm to attend Saturday's mass meeting on the Square, but she wanted her support known.

A delighted Mr. Piet Muller, one of the organisers of the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, said Mrs. Verwoerd's support was highly significant.

She has added her voice to those of dozens of prominent South Africans.

Meanwhile, the thousands of replies to the Pretoria News Church Square opinion poll are being counted and sorted today.

Results of the poll — and comments from some of the prominent people who replied — will be published tomorrow.

Conservationists are viewing as highly important the action taken by the prominent Swellendam author, M.E.R. (Miss M. E. Rothman, who is nearly 101). She has drawn up a petition calling for the preservation of the Square, and has sent copies to the Prime Minister, Mr. Vorster, and the Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk.

Swellendam residents have rallied to her call and pledged whole-hearted support.

"She is the Grande Dame of South African literature," said Mr. Muller. "If she is prepared to fight for the Square, well then . . ."

The committee had distributed 10 000 of its pamphlets calling for the preservation of the Square throughout Pretoria and the Transvaal, and was hoping for a massive turnout at Saturday's meeting. It will take place at the Square at 10 a.m.

● Mr. Clinton Harrop-Allin, senior history of art lecturer at Unisa, has sent a letter to the Administrator, saying that the statement attributed to him in Friday's Pretoria News was incorrect.

He was quoted as saying Mr. Van Niekerk knew "feathers" about art. It was in response to Mr. Van Niekerk's statement that the western facade had no architectural merit.

Mr. Harrop-Allin said in his letter that he said at least two of the buildings had considerable architectural merit.

He added that he had said the qualified architects were best qualified to judge.

"My reply was certainly not in the nature of a personal attack on yourself," he said in his letter.

## PRETORIA NEWS POLL RESULT

PRETORIA NEWS, 23.7.1975

THE PRETORIA NEWS Opinion Poll result on Church Square's historic west facade will be published TOMORROW.

The issue has leapt into the national spotlight, and a final count of the thousands of poll coupons is being made today.

Watch for the outcome tomorrow.

## MEESTERSTUK' OOK OP PLEIN TEREGGESTEL

OGGENDBLAD, 24.7.1975

DIE Nasionale Bank- en Muntgebou wat eens deur 'n argitek beskryf is as „a gem in sandstone" is een van die geboue aan die wes-fasade van Kerkplein waaroor die doodvonis reeds uitgespreek is.

Hierdie geboutjie is onlosmaaklik verbonde aan die roemryke ZAR-tydperk in die Transvaalse geskiedenis. Dit staan vandag nog as simbool van die handjievool Boere se sug na vryheid en onafhanklikheid.

'n Argitek besing hierdie gebou se lof in die uitgawe van die blad **The Pretorian** van Augustus 1933 en sê: „ . . . it is to be hoped that this specimen of Roman Renaissance will remain for years to come."

Die ontstaan van die Nasionale Bank moet toegeskryf word aan die strewe wat daar by pres. Paul Kruger en sy regering bestaan het om finansieel onafhanklik van die Britse Ryk te staan.

## DOEL

Met dié doel voor oë word die hand uitgesteek na ander Europese moondhede om die nodige finansiële dekking te verskaf vir die oprigting van 'n nasionale bank.

Dié konsessie word eindelijk toegeken aan die firmas Labouchere, Oyens en Kie van Amsterdam en Wilhelm Knappe van Berlyn. Hulle sou die konsessie vir 50 jaar verkry as De Nationale Bank der ZAR Beperkt.

'n Pryspraak vir 'n ontwerp, van die gebou is deur die direkteure uitgeskryf wat voor of op 10 Julie 1891 ingedien moes word. In September 1891 word aangekondig dat die eerste prys van 100 pond toegeken word aan die firma Emley en Scott en die tweede prys aan die firma Campbell en Dickenson.

## OPRIGTING

Die kontrakteur vir die oprigting was die bekende J. J. Kirkness van baksteen-faam.

Op 6 Julie 1892 is die hoeksteen amptelik gelê deur president Paul Kruger. Vir dié belangrike okkasie het die juwelier L. Röhlin spesiaal 'n silwer troffel gemaak waarmee die president die takie moes verrig.

Ir. Februarie 1893 berig die Volkstem só oor die vordering wat met die bouery gemaak is: „De rechtervleugel van het gebouw der Nationale Bank nadert wat het uiterlyk betreft langzamerhand zyne voltooiing. De steenhouders zyn bezig om het fries dat een zacht gebogen vorm verkrygt in elkaar te metselen en evenals het kapsel by een vrouw, dikwyls karakter geeft aan haar geheele verschyning en deze laatste ten goeden of ten kwaaden kan doen uitvallen, zoo is het ook met de kroonlyst van onze bankgebouw gesteld die een bevredigende indruk voor het geheele gevel maakt. De verwachting is dat het Nationale Bank een zieraad voor Pretoria Kerkplein zal worden.”

Teen die middel van Maart 1893 is hierdie gebou feestelik ingewy. De Volkstem beskryf dit as 'n „flink stuk arbeid”. Die kantore sou met sorg ingerig word.

Die Nasionale Bank het bestaan tot kort na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Toe is dit deur die Britse besettingsmagte oorgeneem en herdoop tot die National Bank. Nog later het dit oorgegaan as deel van Barclays Bank.

Die terrein waarop die Nasionale Bank-gebou opgerig is het vroeër jare behoort aan kapt. Johan Struben na wie Strubenstraat vernoem is. Kapt. Struben was 'n afgetrede Nederlandse vlootoffisier wat in 1860 die staatssekretaris van die Z.A.R. geword het.

## PRESIDENT BURGERS RED KRIEKET OP PLEIN

OGGENDBLAD, 24.7.1975

'n REUSE-SESHOU deur die heer Noble, die persoonlike klerk van president Burgers, het dwarsdeur 'n venster van die Raadsaal getrek en tussen die waardige Volksraadslede geval waar hulle 'n debat gevoer het. Net die persoonlike tussenkoms van die president het verhoed dat krieket in Pretoria daar en dan verbied is.

Dit was maar een van die talle voorvalle op Kerkplein teen die einde van die vorige eeu. Die Plein was nog die middelpunt van alles wat op die groeiende dorpie gebeur het.

Op 28 November 1873 word 'n krieketwedstryd op Kerkplein gespeel tussen 'n span van die „Mother Country” en „South Africa”.

Ondanks enkele snaakse skeidsregter-beslissings het die Suid-Afrikaanse span gewen — só oortuigend dat 'n koerantman van De

Volkstem, ene Roux, die Vierkleur laat hys en 'n saluut van 21 skote ter ere van die oorwinning laat dreun het.

Op 20 Desember daardie jaar het „De Broeders van den Mystiken Band“ (Vrymesselaars) teen „De Profanen“ gespeel. Met dié wedstryd het Noble sy reuse-ses geslaan.

Die Volkstem berig soos volg oor die wedstryd: „Verleden Zaterdag werd op het Markt Plein de Contra Party gespeeld tussen de Vrymetse-aren en de Profanen. De Broeders van den Geheimzinnigen Band gingen eerst naar de wickets en maakte niet minder dan 83 punten.

„Dit deed de Profanen 'n beetje op de neus kyken. Toch maakten de B.B. noch 96 punten by de 83 — tesamen 152 punten.

„Nu kwamen de Profanen weer aan de beurt. Men kon dadelik zien dat de kerels vasbeslote waren te overwinnen of te sterven . . . Een van hen, de Heer Noble, bleef voor zyn wicket totdat hy er 59 punten ge-maakt had, of over de helft van het vereist getal.

„Eindelijk werd aangekondigd dat de Profanen heeft hunne tegen-standers met vyf punten gewonnen en noch een wicket over hadden wat met luide „Hoerahs“ werd begroet.”

In die loop van die volgende jaar het krieket so byval gevind dat n „President's Team“ op die veld verskyn het.

'n Groot probleem vir die „dorpsche kerels“ 'wat in naweke hulle krieket-talente op Kerkplein wou ontwikkel, was dat hulle krieketbaan op Sordae en veral met Nagmaaltye heeltemal totaal in beslag geneem is deur waens, beeste, perde en kerkgangers.

Dit het hulle so erg in die krop gesteeek dat hulle enkeer die dorp se watersloot, wat noordwaarts langs Markstraat af — nou Paul Kruger-straat — in die rigting van die Plein aangelê was, op die „Markt Plein“ uitgekeer het met die gevolglike verwarring onder die periodieke beset-ters van hulle speeierrein.

Dié wrywing het toegeneem en in 'n sekere mate gelei tot die bekende „Wet op Sondagsport“ (1896).

## STAD REEDS GESKEND

deur P. DE JAGER, Colbyn, Pretoria, Oggendblad (U skryf), 24.7.1975

AS ou Pretorianer wat 66 jaar gelede in hierdie stad gebore is en al die jare hier woonagtig is, kan ek myself nie daarvan weerhou om na die pen te gryp en die sterkste afkeur uit die spreek oor die beoogde vernietigingsplan van die westekant van Kerkplein nie.

Ontwikkeling kan 'n mens natuurlik nie strem nie — maar soos dit reeds is, is die middestad en Kerkplein in 'n oormate deur hoë koue, onooglike beton en staal gebou-blokke omring. Besighede is te gekon-sentreerd, lugvloei word belemmer, verkeersprobleme word steeds moeiliker.

Pretoria was 'n mooi groot dorp en op 'n tydstip selfs 'n mooi stad versier deur Jakarandabome en pragtige tuine. Met die ontwikkeling egter het Pretoria, jammer genoeg, in 'n groot koue stad van beton en staal ontaard. Weinig van ou tradisionele Pretoria het staande gebly — en sal dit seker een van die grootste tragedies wees as die pragtige ou karaktervolle geboutjies aan die westekant van Kerkplein vir nog reuse vierkantige beton- en staalkaste plek moet maak.

Ek doen 'n ernstige beroep op die Administrateur en ander betrok-kenes indien enige, om af te sien van die vernietigingsprogram van die westekant van Kerkplein.

## MAAK SKOON

deur G. NEL, Waterkloof, Oggendblad (U skryf), 24.7.1975

HET die klaers, wat nou landswyd hulle stemme dik maak teen die slooping van die Kerkplein se westelike fasade, al vir 'n oomblik stil gestaan en gedink aan wat hulle in ruil gaan kry vir 'n paar „onpraktiese en in sommige opsigte onooglike” geboue wat gaan verdwyn.

Die Posmeester-generaal het verlede jaar laat blyk dat die huidige hoofposkantoor op Kerkplein vervang sal word deur 'n poskantoor wat geen gelyke in die wêreld sal hê nie.

As ek mnr. Rive reg verstaan het, sal die nuwe poskantoor, wat sy argitektoniese skoonheid en doeltreffendheid betref, die trots van Pretoria en Suid-Afrika wees.

Aangesien bykans elke toeris, plaaslik of van buite, van Pretoria se hoofposkantoor gebruik maak, is dit noodsaaklik dat daardie poskantoor op 'n sentrale punt soos Kerkplein moet wees en dat dit aan die modernste vereistes van môre en oormôre se blits-era sal voldoen.

Volgens mnr. Rive sal die dienseenheid van die nuwe gebou „lewe” in teenstelling met die skandalige krotgebou waarin Poskantoorwerkers tans sonder lugreëling en doeltreffende beligting op hulle beste as gevolg van die omstandighede maar derderangse diens kan lewer.

Die huidige ou gebou beïndruk niemand nie. Nie vir my nie, nie vir die trotse Suid-Afrikaner wat graag sy land wil vertoon nie, en beslis nie vir die kieskeurige buitelandse besoeker wat tussen sulke ou geboue in sy eie land groot geword het nie.

## KRY MY OP DIE PLEIN

deur JOHAN VAN NIEKERK, Arcadia, Oggendblad (U skryf), 24.7.1975

Vir volksfeeste en boerebyeenkomste en laertrekkery het ek g'n trek nie — maar Saterdag sal julle my op Kerkplein kry, saam met die volk, om een van daardie petisies te onderteken.

Dat ons eie stukkie „Europa” sommer so moet plekmaak vir ander dinge net oor die griewe van mense in die TPA-gebou, is niks minder as bedekte vandalisme nie.

Nou hoor ek die storie dat mense soms met die trappe in dié koue gebou opgeneem word vanwaar hulle dan 'n fraai uitsig op die onooglike agterkant van die plein se wesfasade het.

„Kan julle nou sien waarom die geboue moet waai,” word dan aan hulle gevra. „Ons is mos tot iets beter in staat.”

Daar is altyd 'n stok as jy 'n hond dan nou ten enemale wil slaan. Maar 'n man kan darem nie onder 'n pou se stertvere inloer en verwag dat jy só moet sien of hy mooi is of nie.

## HEROORWEEG DIE NEE

REDAKSIONEEL, Oggendblad, 24.7.1975

DIE belangstelling vir die bewaring van die wesfasade van Kerkplein neem daagliks toe. Wat begin het as 'n kleine burgerlike aksie is besig om in 'n sterk demokratiese opwelling te verander.

Publisiteit in die pers het mense laat besef wat hulle gevaar loop om te verloor en die gevolg is toenemende belangstelling.

Dat twee sulke uitnemende mense soos mev. Betsie Verwoerd en M.E.R ook hulle stemme tot die van die bewaarders gevoeg het, het besondere gewig aan die aksie verleen.

Saterdag sal Pretoria die geleentheid kry om te toon hoedat hy oor die wesfasade voel.

Ons het reeds vroeër in die week 'n beroep op die Administrateur gedoen om sy besliste nee te heroorweeg.

Ons wil die beroep herhaal. Dit sou 'n grootmoedige daad wees en hom wye steun besorg.

Hoe lyk dit, mnr. Van Niekerk?

## BEHOU PLEIN SE OU GEBOUE, SÊ VROUE

BEELD, 24.7.1975

DIE geboue aan die westekant van Kerkplein is nie net 'n groot kultuurskat nie, maar ook 'n belangrike argitektoniese erfenis uit die vorige eeu en die vroeë twintigerjare en die Suid-Afrikaanse Vrouefederase (SAVF) is seker dit sal ná restourasie net so bruikbaar wees as nuwe geboue.

Mev. Johanna Raath, voorsitster van die S.A.V.F. en die Federale Vroueraad Volksbelang (F.V.R.V.) het gister gesê sy staan by die vroue wat in hierdie twee liggame saamgesnoer is.

Sy het beklemtoon dat die S.A.V.F. geken word aan 'n intensiewe belangstelling in die behoud van al die geestesgoedere, historiese- en kulturele erfenisse van die land.

Dit is ook bekend dat die S.A.V.F. nie maklik stuit as dit oortuig is van 'n saak nie, selfs al vind dit nie byval of waardering by sommige mense of instansies nie. Dit wat aan die volksverlede gekoppel word, is vir die federasie van baie groot waarde.

Daarom het die S.A.V.F. uit oortuiging verlede jaar in Oktober op sy sewentigste jaarkongres 'n komitee van ondersoek benoem nadat mev. Raath in haar voorsittersrede ernstige bedenkinge uitgespreek het oor die slooping van die ou geboue van Kerkplein se westelike fasade.

### HEROORWEGING

Briewe aan die Eerste Minister, die Minister van Poswese, Openbare Werke en aan die Administrateur van Transvaal dat die besluit om die ou geboue te sloop, in heroorweging geneem moet word, het geen vrugte afgewerp nie. Daar is gesê die saak word as afgehandel beskou.

Saterdag sal daar weer verhoë van die volk kom en die pleidooie van sovele is reeds by die betrokke owerhede ingedien. Die ou geboue staan vandag nog en mev. Raath het gesê sy hoop hierdie poging sal die owerhede oorhaal om die besluit te heroorweeg.

Mev. Raath het bygevoeg dat die S.A.V.F. groot waardering het vir die rol wat die Provinsiale Raad speel in die behoud en bewaring van provinsiale en nasionale gedenkwaardighede en kultuurhistoriese geboue ondanks 'n reuse ontwikkelingsprogram.

Kan die owerheid nie nou, terwyl die gevoelens so sterk is, besluit om die westekant van die plein te hou soos dit is nie, het mev. Raath gesê.

## DR. VERWOERD SOU PLEIT VIR KERKPLEIN

deur WILLEM-JAN PRINSLOO, Hoofstad, 24.7.1975

DR. H. F. VERWOERD was ten gunste van die behoud van die geboue op Kerkplein — veral die ou Nederlandse Bankgebou.

Mev. Betsie Verwoerd het 'n sterk bewoorde brief tot die Administrateur van Transvaal gerig waarin die optrede van mnr. Van Niekerk om die teendeel te bewys, betreur word.

„Dr. Verwoerd het telkens, wanneer ons oor Kerkplein gesels het, aan my genoem dat die ou geboue aan die wesfasade van Kerkplein bewaar moet word.

„Hierdie geboue was volgens hom 'n besondere band tussen ons en ons stamland. Hy was nooit ten gunste daarvan dat dit platgeslaan moet word — soos nou voorgegee word nie.”



Mev. Betsie Verwoerd 'n aantal jare gelede saam met wyle dr. H. F. Verwoerd, die vorige Eerste Minister, gefotografeer.

Foto: Verwoerd, Fotobiografie/Pictorial Biography, 1901-1966



Só vertel mev. Betsie Verwoerd, wat nader as enige ander mens aan die voormalige Eerste Minister geleef het.

#### PLAN

„My herinneringe is ongelukkig ook nie op skrif gestel nie — ewe min as die onderhandelings waarvan die Administrateur van Transvaal melding maak. Ek onthou baie goed wat my man aan my vertel het oor die planne wat ook Kerkplein ingesluit het,” vertel mev. Verwoerd.

Volgens haar was dit die plan om Strijdomplein met Kerkplein te verbind deur 'n promenade wat vir verkeer gesluit sou wees.

Sy onthou nog goed dat dr. Verwoerd dit as baie belangrik beskou het dat veral die Nederlandse Bankgebou behoue moet bly.

„Ons het gemeen — hoe geregverdig weet ek nie — dat daardie stukkie argitektuur enig in sy soort en geskiedkundig, waardevol is. Dit het ook gegeld vir die werk van Van Wouw aan die Cafe Riché-gebou.

„Oor die kwessie dat my man, volgens mnr. Van Niekerk, glo ten gunste van die slooping van die ou geboue was, kan ek maar net sê dat die indruk beslis nie geskep moet word dat hy destyds ten gunste daarvan was nie.

#### TULBAGH

„Benewens hierdie regstelling van my man se siening, pleit ek ook vir die behoud van die betrokke geboue wat nou gevaar loop om gesloop te word. Ek dink egter dit was prysenswaardig van die Regering om so in die bresse te tree vir Tulbagh, na die aardbewing van 'n paar jaar gelede. Dit sal prysenswaardig wees as dieselfde gedoen kan word in Pretoria — om die ou geboue aan die wesfasade vir die nageslagte te bewaar,” sê mev. Verwoerd.

„Ek kan nie anders nie as om my heelhartig te skaar aan die kant van diegene wat vir die behoud van die plein pleit. Saterdag se poging op Kerkplein geniet ook my volle steun,” het sy gesê.

#### IT'S YES!

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 24.7.1975

PRETORIA citizens have voted a massive YES for the preservation of Church Square's historic western facade.

The result of the Pretoria News opinion poll is:

- 96,3 per cent (4 867 people) say YES, save the Square;
- 3,3 per cent (171 people) say NO, demolish the western facade;
- and
- 0,3 per cent (16 people) don't care either way.

The question asked in the poll was: "Church Square's historic west facade: Are you in favour of preserving it?"

A total of 5 054 people replied to the Pretoria News poll. They come from areas throughout the city, from the east to the west, and beyond.

Support also came from as far away as Cape Town, Swellendam, Durban and other South African centres.

Dozens of prominent South Africans from all spheres voted yes (see page 21). A list of 104 names from Cape Town included Dr. H. Luckhoff, of the S.A. Museum, Hans Fransen, director of the S.A. National Gallery, Mr. Revel Fox, president of the Cape Provincial Institute of S.A. Architects, and Mr. Gilbert Colyn, the man responsible for the restoration work at Graaff-Reinet.

The Mayor of Pretoria, Mr. Klasie Coetsee — who voted for the preservation of the Square said today he thought the Pretoria News poll was representative of all city residents.

“Paul Kruger said that we must take from the past what is good and build on that for the future. If we destroy the western facade, we might forget what was good in the past.

“To take it away would be losing a sense of national pride. It will be losing faith in our forebearers. Church Square must be preserved.”

A jubilant Mr. Piet Muller, one of the organisers of the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, said: “This is fabulous. Support for saving the Square is greater than even we thought. Ninety-six per cent in favour of preserving . . . for all practical purposes that's unanimous!”

The man in the hot seat, Mr. Sybrand van Niekerk, Administrator of the Transvaal, is on leave in South West Africa and was not available for comment.

The massive support is being seen as an indication that Saturday's meeting on the Square will be well attended. The meeting, called by the Citizens' Committee, starts at 10 a.m.

The organisers have called on every Pretoria resident to attend it.

## THE VOICE OF THE PEOPLE

EDITORIAL, Pretoria News, 24.7.1975

GOVERNMENTS do not capitulate overnight simply because a newspaper public opinion poll has gone against them. And our Government has been so obdurate and stubborn in its determination to demolish Church Square's west facade that it would be the most foolish optimism to expect it suddenly to reverse that decision merely because thousands of Pretorians, backed by eminent men and women all over the country, have voted overwhelmingly against demolition.

### IN PUBLIC

But those Pretorians — and all South Africa with them — are entitled to expect that the Government, showing respect for democratic usage and a spontaneous expression of public opinion, will at least take cognisance of the Pretoria News poll, will admit that the preservationists have a case and will agree, without committing itself any further, to a review of the whole question.

The stronger the Government's case for demolition — and it has been adamant that it has no option — the more readily it should agree, in its own interests, to such a review. If it is, indeed, imperative to provide new public buildings on Church Square and if this simply cannot, in fact, be done without bulldozing the old, then the Government has everything to gain and nothing to lose by putting its case openly and in public to an independent tribunal.

### BAD BLOOD

For the Government to refuse to do so, to maintain a sullen silence and press on with its plans without justifying them up to the hilt, would be to flout public opinion in a manner unworthy of it, to strengthen the belief that its plans will not bear examination and generally to create much bad blood and ill-feeling on a matter dear to the people's hearts.

Now is the time for the Government to act — to give Saturday's mass meeting on Church Square the glad tidings that it will at least play fair with the public — and with history's heritage.

## FIGHT TO SAVE CHURCH SQUARE

PRETORIA NEWS, 24.7.1975

CHURCH SQUARE'S historic west facade, a unique architectural entity, should be preserved — and it can be. There is no need for the Government to demolish it, as it plans to do, to make way for new public buildings. It is possible to build for the future without destroying a precious heritage from the past.

This has consistently been the contention of the preservationists — an impressive array of cultural and historical societies from the Akademie vir Wetenskap en Kuns and the Simon van der Stel Foundation downwards — in the protracted battle to keep the Government's bulldozers at bay. It has so far made not the slightest impression on the authorities. On the contrary, two of the west facade buildings that the Government originally planned to spare — the Netherlands Bank and the old National Bank — are now doomed as well.

### ANGER

Now, however, the preservationists are not alone in the battle. The people of Pretoria, however belatedly, have been aroused to anger and in the Pretoria News poll on the subject have, in their thousands, voted overwhelmingly for the west facade to be saved. They have the support of the Mayor, Mr. Klasie Coetsee, a number of city councillors, Mrs. Betsie Verwoerd, widow of a former Prime Minister, and prominent citizens in other parts of South Africa.

All this augurs well for the mass meeting on Church Square on Saturday, called by the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

There on the Square itself, with the west facade helpless in mute appeal, they will plead with the Government for a change of heart.

Will that plea be heeded?

Not, it would seem, if the Administrator of the Transvaal, Mr. Van Niekerk has anything to do with it — and he undoubtedly has.

The Administrator is reported to have said this week that, unless new arguments could be produced at the meeting, he could not see what purpose it would serve other than to question the Government's good faith. Personal representations, he said, had been made to the Prime Minister himself. To ask him to listen to the same story, as though new facts had come to light, could only embarrass him.

### JUDGMENT

The Administrator's argument cuts no ice. It is as easily demolished as the old west facade will be, if and when the bulldozers hit it.

In the first place, the preservationists and the thousands of Pretorians backing them, have every right, if they wish, to question the Government's good faith, if they have genuine reason to doubt it. The Government is the servant of the people and answerable to them at all times — and so is the Administrator.

The question does not, however, arise. The preservationists and the public are not questioning the Government's good faith. They are questioning the Government's judgment and hope to persuade it that it is wrong, that the whole question should be reopened and re-examined.

Nor is there any need for Saturday's meeting to produce new arguments. The preservationists and the public have a cast-iron case.

They start from the basic premise that the west facade is, indeed, worth saving. That the Administrator does not share that view is neither

here nor there. He is entitled to his view, but he is no expert. The real experts, the members of the National Monuments Commission, are against him. They unanimously favour preservation.

The Government is flouting its own experts. It has made a mockery of a directive from the Prime Minister himself that no State-owned building should be demolished without careful investigation of its historical or architectural value. What on earth is the use of wasting time on such an investigation if it is to be ignored?

That, however, is only the beginning of the protectionists' case. They say — and they presented the Government with plans to prove it — that the new public buildings required — Provincial Building extensions and a new Post Office — can be erected behind the west facade without destroying it.

### **PROOF**

The Government, presumably on the advice of its experts, says the plan is impracticable. But are its experts right, are they not perhaps so far advanced with their own plans (those involving demolition) that they are reluctant now to abandon them?

They may be right. But the need to preserve the west facade is so great that the preservationists and the public are entitled to have that proved beyond all possible doubt. That proof has not yet been forthcoming. Until it is submitted to an independent tribunal, the Government will have only itself to blame if its judgment is questioned.

And, even if the Government is right, if there is indeed no room for the old and the new, that should not be the signal for the bulldozers to rumble into action.

If there is no room for old and new, is the Government not over-estimating the space it needs. Has it really worked out those needs in detail? If it has, are they not too grandiose? Why does it not produce them and prove that its needs are reasonable?

### **WHY?**

Finally, is it absolutely necessary for the new buildings to be built on Church Square and nowhere else? Yes, says the Government. But why? Is it absolutely essential for Mr. Van Niekerk's provincial empire to be concentrated in one spot. If fragmented Bantustans don't worry the Government, why shouldn't the province be slightly fragmented for so indisputably good a purpose as preserving these fine old buildings?

Must the new Post Office be on the site of the old? There are well-informed sources who say that the Post Office itself wouldn't mind moving, would in fact prefer to do so.

No new arguments, as the Administrator says. But sound ones. And, in view of the overwhelming demonstration of public support for preservation, the Prime Minister, far from being embarrassed, might welcome an opportunity to look at them again — in a new light.

## **A HISTORY OF THE CITY'S CENTRE**

PRETORIA NEWS, 24.7.1975

1854 On the advice of Dominee Dirk van der Hoff, Commandant General M. W. Pretorius agrees to a church manor for the fifth Transvaal parish being laid out on Elandsport.

● Englishmen, Louis and Lionel Devereux draw the layout plan for Church Square.

1856 Devereux, Devereux & Skinner complete the church. Pretoria's first architects/builders complete Pretoria's first church.

1857 The church is inaugurated by Ds. Van der Hoff.

1877 Sir Theophilus Shepstone is sworn in in the church by Judge Kotze and Ds. H. S. Bosman.

1882 Struck by lightning, the thatched church burns down.

1883 S. J. P. Kruger sworn in as State President on Church Square.

1885 A new steepled church, the first in the Transvaal, is built by Marinus Franken to the design of Tom Claridge.

1899 Church Square and its church are sold to the ZAR government for £50 000 on the proviso the church be used for an educational purpose such as a museum.

1900 British forces occupy Pretoria. The Union Jack is hoisted.

1904 Colonial government demolishes the church.

1905 Church Square transferred to the City Council of Pretoria. The plinth intended for the Kruger statue is demolished.

1954 The Kruger statue ends its wanderings on a new plinth in the middle of Church Square.

1961 The Republic of South Africa's first State President, Mr. C. R. Swart, sworn in on Church Square.

1965 Plans are announced to demolish the West Facade to make room for international style high-rise buildings. The citizens object strongly.

1971 The Government announces the two 50-storey tower block section plans are to be dropped and the Netherlands Bank and National Bank retained. Public reaction still insists on the retention of the entire West Facade.

1974 Government announcement that all the West Facade western line of buildings are to be demolished in January 1978. Strong reaction from the public and cultural organisations.

This historical sequence is issued in a pamphlet issued by the Citizens Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

## **PRETORIA NEWS OPINION POLL HOW THE VOTING WENT**

PRETORIA NEWS, 24.7.1975

CHURCH SQUARE'S historic west facade: Are you in favour of preserving it?

YES . . . 4 867 (96,29 per cent)

NO . . . 171 (3,39 per cent)

DON'T CARE . . . 16 (0,31 per cent)

## **KEEP THIS HEIRLOOM**

by COLLEEN HENDRIKS, Pretoria News, 24.7.1975

SHOULD Church Square's historic western facade be fed to the demolishers — yes or no?

That is what the Pretoria News set out to establish. It's opinion poll offered the public their first — and probably last — chance to have a say in the future on the Square.

This is how they voted and why:

**The Mayor, Mr. Klasie Coetsee:** Yes. It is an heirloom which belongs to the people of Pretoria.

**Professor H. L. de Waal,** former chairman of the prestigious Akademie vir Wetenskap en Kuns: I sincerely appreciate and wholeheartedly support you in your continued fight for the conservation of the western facade of Church Square. As ex-chairman of the Akademie, I fought from 1970 to June 1974 and am still available to help you.

**Lauren Copley,** pop singer: It is the place which most impresses tourists in Pretoria. We will lose something by breaking it down.

**Dr. Albert Werth,** director of the Pretoria Art Museum: Yes, I feel it should be kept as it is. If the western facade is demolished, the Palace of Justice and the old Raadsaal will stand out like sore thumbs.

**Mr. Dan Rolt,** president of the Pretoria Chamber of Commerce: I feel quite strongly about the matter as do most of our members. It should be saved at all costs.

**Artist Lola Dunston:** Yes. If the historic buildings on the perimeter of the Square are demolished, they will be depriving us of our heritage.

**Mrs. D. C. Blum,** of Rietondale: No. Let's make progress and get away from the oxwagon mentality.

**Mrs. E. M. Smuts,** a relative of the late Prime Minister: There is a strong case for the preservation of the western facade. It creates a feeling of belonging.

**Mrs. Polly Roode,** an American girl, now married to an Afrikaans businessman: Where I come from they couldn't break down all the old buildings fast enough . . . supposedly in the name of progress. I would hate to see Pretoria make the same mistake.

Mind you, I'm not saying the western facade should remain as it is. Those old buildings could do with a bit of patching up.

**Mr. Fotheringham,** of Durban: I see Pretoria once a year on holiday and would like to see Church Square as it has always been.

**Mr. S. Britz,** of Proclamation Hill: No. I'm sick and tired of looking at it. Let's make progress, please.

**Professor K. van der Walt,** acting dean of the veterinary faculty at the University of Pretoria: Yes, but I must tell you that I am sentimental and biased about old buildings. No argument will persuade me an alternative plan cannot be formulated in order to save the old buildings on the Square's perimeter.

**Mr. T. U. Bernardi,** former president of the Pretoria Chamber of Commerce: It should, indeed, be preserved. It serves as a reminder of the past. After all, this is the capital city . . . and it didn't spring up overnight on an anheap.

**Mr. S. J. Bold,** of Colbyn: Photograph them, put the photographs in the archives and demolish.

**Mr. Etienne Louw,** city councillor: Yes. If they really want to destroy Pretoria, they must smash it down.

**Mr. H. de Lisi,** principal of Waterkloof House Preparatory School: Save it. If the western facade goes, the city will be the poorer for it.

**Colonel Bob Preller,** son of the eminent journalist and taalhandhawer, Dr. Gustav Preller: If the buildings cannot be preserved, then at least let us save the outer shells.

**Mrs. J. H. Haldeman,** wife of the late Dr. Haldeman, who led 12 expeditions in search of the lost city of the Kalahari: Yes, I'm in favour of preserving the western facade. It would be such a pity to break it down.

**Donald Cowie**, Pact's head typographer: It's a crying shame that they want to knock down those old buildings. For all I care they can dig up the entire Square, but leave those buildings alone.

**Mr. S. O. Goodwin**, an insurance broker who has campaigned for the preservation of the Square: It is time the city council dug its heels in and said this is Pretoria and we will determine what is to happen to the Square.

**Mr. Hassim M. Keshavjee**, Indian businessman: The old buildings bring back good memories. Yes, I feel they should be preserved.

**Mrs. Tina Bell**, wife of a visiting American professor: Save it. It is one thing which distinguishes Pretoria from any other city.

**Mr. Harri Bruins-Lich**, former director of parks in Pretoria: Yes. If not the entire buildings, then the facade, as has been done so successfully with the old Opera House in Pretorius Street.

**Dr. Willem Punt**, head of the Simon van der Stel Foundation: The campaign to save the Square will go on until the bulldozers arrive.

**Mrs. Betsie Verwoerd**: We must not weakly sacrifice these things to modern development.

**Cape Town artist, Philip Terblanche**: Church Square is one of the finest public squares in the southern hemisphere.

**Mr. Clinton Harrop-Allin**, art historian: I am in favour of preserving the western facade. Architecture is the most authentic and eloquent memorial to the epoch in which it was created. If we have any pretensions to cultural maturity, we will preserve such reference to our past as still exists. Obliterating it, we proclaim ourselves to be cultural barbarians.

Pretoria has pitifully few architectural reminders of its past and none at all approaching coherence and unity, save only the old buildings around the western perimeter of Church Square.

If the old Netherlands Bank and its companions are demolished, the city's last opportunity to establish such a memorial will be irretrievably lost.

**Mr. Justice J. J. Trengove**: The western facade is very attractive and, where possible, Pretoria's cultural heritage should be preserved."

**The Very Rev. D. Damant**, Anglican Dean of Pretoria: The historical character and atmosphere of Pretoria is very important and there should be some reminder of the peaceful days of the past."

**Dr. Estelle Alma Maré**, Pretoria architect and art historian: The citizens have always protested about the desecration of Church Square but the utilitarian Philistines have always won.

A phonogram arrived from the Goodman Wolman art gallery in Cape Town. It read: Save our heritage, Preserve Old Netherlands Bank Building.

**Mrs. Josephine Rees-Poole**, daughter-in-law of Mr. V. S. Rees-Poole, one of the men responsible for designing the Square, said: Church Square must be preserved — I speak not merely as the daughter-in-law of Rees-Poole, but as an old Pretorian.

## **PUT WEST FACADE ON 'KRUGER SQUARE'**

by E. M. F. GERHARD-NOLL, Brummeria, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975

SIR, — In your campaign to save the western facade of Church Square you appear to have glossed over some very important details which would put a different complexion on your campaign.



**Die Burgemeester van Pretoria, Sy Edelagbare mnr. N. T. Coetsee het hom as volg uitgelat: „It would be a cultural sin to destroy the western facade of the square. The buildings were part of Pretoria’s heritage. Their preservation should never have become an issue . . . It is an heirloom which belongs to the people of Pretoria.”**



The most important of these is the proposed move of the most valuable buildings, in the cultural and historical sense, to the west of Church Square and not to the Fountains, as has been mentioned in one of your articles. They would be situated in the vicinity of Paul Kruger's house to form part of a cultural plaza, a solution which has obvious advantages, namely:

The buildings — not only the facade — would be in a milieu and on a scale more appropriate to their origin, and their representative dignity, so clearly striven for, would be preserved. In their present surroundings they look only quaint, which is most likely the reason why you show them in isolation.

The functions of the old buildings could be retained, even enhanced: the bank could again be used as a bank, similarly the Post Office building could be used as a new home for the philatelic services instead of their present dingy quarters; the Mint could function again for the striking of memorial medals and coins.

The staging of historical and art exhibitions, even small concerts, are further possible uses of the buildings around "Paul Kruger Square". We only need to look at Kimberley to see what can be done.

### **RESTORATION**

The buildings are certainly not in the best state of repair and would need much restoration work in any case.

One other advantage of the removal of the old buildings would be that this might leave Church Square open for really comprehensive planning, giving Pretoria a pulsating new centre expressive of our own love of the city. I think expressions like "atrocities" are out of place in discussing the old buildings as well as any possible new ones.

The undoubtedly high cost of the removal could easily be diminished if all the energy expended to fight a new square would be used to collect as much money as possible to create and develop the proposed "Paul Kruger Square" with love and reverence. Once established it could be mostly self-supporting and Pretoria would have something truly to satisfy the tourist as well as its citizens.

### **BRAVO, MR. COETSEE**

by DR T. E. W. SCHUMANN, Brooklyn, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975

SIR, — The last paragraph of your leading article about Church Square on July 21 read: "The Mayor has paved the way. The whole city should rally to stand by him."

I am convinced that the reaction of all my Pretoria friends will be briefly: Bravo Mr. Coetsee, bravo Pretoria News.

It must be many a long month since I have read any leader in any of our newspapers with as great satisfaction and pleasure as yours. Here at least is one matter concerning which Pretorians of all possible political persuasions can join hands and stop the bulldozers from destroying what you appropriately call "a precious heritage of the past."

One can only hope that your influential paper will not relax its campaign against those who blandly try to assure us that such an act of vandalism must be regarded as "progress."

## PRESERVE WHAT HAS MERIT

by D. C. PIETERS, Lynnwood, Pretoria News (Readers' Letters),  
24.7.1975

SIR, — Some criticism has been levelled at the Administrator with regard to the plans for the western facade of Church Square.

It is surely not required of the authorities that no old buildings should ever be demolished; they can, however, fairly be expected to preserve those which have some architectural or historical merit.

Of the buildings in question the Provincial and Justice buildings, though no masterpieces, should undoubtedly remain. The Cafe Riché and Post Office have no redeeming features at all and must go.

As to the old Netherlands Bank, this is of no historical interest, while only the facade and not the interior is even faintly interesting architecturally. Its interest thus lies in only two of its three dimensions and it can justifiably be removed from Church Square and the facade re-erected at the open-air Museum.

The square itself could to great advantage be improved by the complete removal of the ring road and this space could then be incorporated into the existing inadequate central portion.

## CHERISH IT

by IMMIGRANT, Silverton, Pretoria News (Readers' Letters), 24.7.1975

SIR, — Look after your "Square". Cherish it. There is no other like it. Do they destroy their history on the Continent? No, fear. They show it off to the tourists.

The reality of the buildings on the Square and the Kruger statue is something to observe and absorb of the greatness and beginning of this nations.

## DIE BLOED KOOK OOR KERKPLEIN

DIE VADERLAND, 24.7.1975

SATERDAG is S-dag (stryddag) in Pretoria. Dan hou die stad se Burgerkomitee 'n reuse-saamtrek op Kerkplein om 'n slopingsbesluit vir die westelike deel te beveg. Mnr. Sybrand van Niekerk, Administrateur van Transvaal, hou voet by stuk — die ou geboue moet waai om plek te maak vir nuwes. Maar mense is nie tevrede met die verduideliking dat dié geboue weinig historiese waarde het nie. Ook vooraanstaande argitekte steun hul pleidoorie. Nou het dié saak tot 'n openlike uitbarsting gekom DIE VADERLAND het 'n diepte-ondersoek ingestel. Hier kan u meer van die stryd tussen die owerhede en die publiek lees . . .

## SOMMIGE WIL PLATSLAAN, DIE ANDER PROBEER RED

deur JOE LORETZ, Die Vaderland, 24.7.1975

MENSE wat geen emosionele bande met Suid-Afrika in die verlede gehad het nie, voel baie sterk dat die geskiedkundige ou geboue aan die westekant van Kerkplein nie gesloop moet word nie. Almal wys daarop dat niks deesdae in die buiteland verlore gaan vir die nageslag nie.

Mnr. D. Pavlou, 'n Griekse kafee-eienaar van Johannesburg, sê selfs dat die voorgenome sloping as 'n misdad teen die Suid-Afrikaanse samelewing beskou kan word.

„Daar is mos genoeg oop stukke grond in Pretoria om toringblokke op te rig. Hoekom nou juis die historiese Kerkplein kies?“ wou hy ontste'd weet.

Mnr. Pavlou, wat nou 13 jaar in die Republiek woon, sê die Acropolis en ander geboue in Griekeland word soos goud bewaar. Dis toeristeaanlokkhede waarop die regering baie trots is.

Daarbenewens verdien dit baie geld deur middel van buitelandse besoekers. Mnr. Sybrand van Niekerk, Administrateur van Transvaal, hou egter voet by stuk. Die besluit dat die ou geboue moet waai, is finaal. Daar kan nou niks meer aan die saak gedoen word nie.

Een van die redes wat aangevoer word, is dat dié geboue weinig historiese waarde besit.

Mev. J. Kempka, wat 14 jaar gelede uit Wes-Duitsland na Suid-Afrika gekom het, sê in haar geboorteland word geskiedkundige ou geboue net so goed soos beskermde bome en wild behandel. Ou geboue word versigtig gerestoureer om dit vir die nageslag te bewaar. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die ou kastele op die walle van die Rynrivier.

Mnr. M. Vieira, 'n Portugees wat tien jaar gelede uit Madeira na die Republiek geïmmigreer het, meen geskiedkundige ou geboue moet behoue bly, dog nie vervalle ou huise waaraan daar geen noemenswaardige geskiedenis aan verbonde is nie.

Soms staan dié ou huise net in die pad van vooruitgang.

In Madeira is 'n ou militêre fort byvoorbeeld in 'n uitsaaistatie omskep. Die vooraansig en buitenste mure het volkome behoue gebly, maar die binneste ruimtes is verander om by moderne omstandighede aan te pas.

„Mens kan oral toringblokke sien, maar nie oral die geskiedkundige geboue aan die westekant van Kerkplein nie,“ het hy bygevoeg.

In Portugal bly alle ou geboue deesdae behoue, veral om buitelandse toeriste te lok.

## BAKLEIERS KOM VAN VER

DIE VADERLAND, 24.7.1975

MENSE van heinde en ver gaan Saterdag na Pretoria opruk om vir die behoud van Kerkplein se westelike deel te baklei. Vooraanstaande landsburgers het reeds ingewillig om gedurende dié openbare byeenkoms as sprekers op te tree.

Mnr. Piet Muller, voorsitter van dié Komitee en organiseerder van die byeenkoms, sê daar sal 'n platform geskep word vir almal wat graag hul sê wil sê.

By die demonstrasie sal ook versoekskrifte uitgedeel word wat Pretorianers kan onderteken.

Een van die vooraanstaandes wat ten gunste van die behoud van die wesfasade is, is prof. Chris Barnard, Suid-Afrika se voorste hartsjirurg.

As hy nie persoonlik daar opdaag nie, sal sy boodskap deur sy dogter Deidre aan die skare voorgelees word. Verskeie ander vooraanstaandes het ook beloof om teenwoordig te wees.

Volgens mnr. Muller hou die argument dat dié ou geboue weinig geskiedkundige waarde het, nie water nie. Argitekte het reeds bewys dat die geboue estetiese en argitektoniese waarde besit.

Die plan met die versoekskrifte is om dit deur middel van 'n vroueafvaardiging by die kantoor van die Eerste Minister te besorg. Die

Premier is immers die gewone landsburger se hoogste appèl, sê mnr. Muller.

Volgens mnr. Muller sal Saterdag se saamtrek 'n goeie meningspeiling van die volk se gevoel oor dié saak wees. Hy meen die Regering is nog nie ten volle daarvan bewus oor hoe gewone mense hieroor voel nie.

Mnr. Muller slaan die argument dat dié ou geboue 'n veiligheidsrisiko en hul agterkante 'n seeroog is, heeltemal in die wind. Oorsee is daar geboue wat honderde jare ouer is en nog steeds stewig staan.

Hy het 'n dringende beroep op alle Pretorianers gedoen om na dié saamtrek op te ruk en hul stemme te laat hoor.

## BETOOG TEEN SLOPING

DIE VADERLAND, 24.7.1975

VURIGE VONKE gaan nog spat oor die voorgenome slooping van die geskiedkundige wesfasade van Kerkplein in Pretoria. Mense moenie skroom om hierteen te betoog nie. Slaag dit en ander stappe, kan dié deel later behoorlik gerestoureer en tot nasionale monument verklaar word.

Dié ingrypende voorstelle kom van mnr. Martin Engelbrecht, gewese sekretaris van die Studiegroep van Pretoriase Argitekte, in Johannesburg. Hulle het destyds hand en tand geveg dat dié ou geboue, wat deel van die Afrikaner se geskiedenis vorm, vir die nageslag behoue moet bly.

Die geboue wat geraak word, is die ou Capitol-bioskoop, die Nederlandse Bank, die Geregskamers, Cafe Riché, die Poskantoor, die Nasionale Bank, die ou Staatsmunt en die ou Bank van Afrika.

„Dié vete tussen argitekte en die owerheid duur al tien jaar lank. Trouens, dit het al baard gekry en kom nou tot 'n openlike uitbarsting,“ vertel hy.

„Ek persoonlik is 'n voorstaander daarvan dat Kerkplein met sy geskiedkundige ou geboue herontwerp word. 'n Mens moet egter nie sommer links en regs begin afbreek nie.

„Oorsee bly alles deesdae behoue. 'n Mooi voorbeeld hiervan is die waterstad Venesië in Italië. Hoewel dié pragtige stad besig is om in die see weg te sink, wend die owerhede daar alles in hul vermoë aan om dit te red.

„In Suid-Afrika word daar gedurig plek gemaak vir vooruitgang. Só het die ou Staatsgymnasium hier al in die slag gebly. Maar is summier slooping altyd wenslik?

„Ek dink mens moet eers besin voor jy begin platslaan. Destyds het ons honderde briewe en verhoë tot die owerhede gerig om die wesfasade behoue te laat bly. Al ons pogings en pleidooie het egter nie veel vrug afgewerp nie.

„Ons studiegroep het selfs so ver gegaan om foto-albums vir die nagedagtenis vir die jeug saam te stel en inligting oor die geskiedenis van die verskillende geboue te versamel.

„As die ou geboue gesloop word, sal die beplande hoë toringblokke wat op dieselfde plek opgerig word, beslis afbreek doen aan die plein se estetiese voorkoms.

„Die oostelike deel van Kerkplein word nie veel deur die aangeleentheid geraak nie, want dit bestaan in elk geval uit betreklik moderne sakegeboue.

„Een van die eerste geboue van die wesfasade waarvoor ons baklei het, is die ou Nederlandse Bank. Die rede hiervoor is dat dit een van die eerste sakegeboue in Pretoria was. En uit 'n argitektoniese oogpunt gesien, is dit ook 'n pragstuk.

„Nog 'n faktor ten gunste van die behoud van die wesfasade, is die feit dat buitelandse besoekers diep beïndruk daarmee is.”

Wyle prof. Jeep Snyman, voorheen voorsitter van die Studiegroep, het voor sy dood as 'n groot kampvegter vir die behoud van die wesfasade opgetree.

Volgens mnr. Engelbrecht het hy lede aangespoor om harder vir die behoud van dié ou geboue te veg. Die voorbeeld wat hy in sy lewe gestel het sal voortleef...

## **MEV. BETSIE REAGEER SKERP OOR KERKPLEIN**

DIE VADERLAND, 24.7.1975

WYLE DR. H. F. VERWOERD was ten gunste van die behoud van die ou geboue op Kerkplein — veral die ou Nederlandse Bankgebou.

Mev. Betsie Verwoerd het 'n sterk bewoorde brief tot die Administrateur van Transvaal gerig, waarin die optrede van mnr. Van Niekerk om die teendeel te bewys, betreur word.

„Wyle dr. Verwoerd het telkens, wanneer ons oor Kerkplein gesels het, aan my genoem dat die ou geboue aan die wesfasade van Kerkplein bewaar moet word.”

Só vertel mev. Betsie Verwoerd, wat nader as enige ander mens aan dié voormalige eerste minister geleef het.

Volgens haar was dit dr. Verwoerd se plan om Strydom-plein met Kerkplein te verbind deur 'n promenade wat vir verkeer gesluit sou word en wat Kerkplein as die eindpunt sou hê met die Paul Kruger-deel in die middel.

Sy onthou nog goed dat hy dit as baie belangrik beskou het dat veral die Nederlandse Bankgebou behoue moes bly.

„Benewens hierdie regstelling van my man se siening, pleit ek ook vir die behoud van die betrokke geboue wat nou gevaar loop om gesloop te word,” het mev. Verwoerd gesê.

## **WAARDEVOLLE PLEIN-KUNS IN GEVAAR**

OGGENDBLAD, 25.7.1975

DIE verdwyning van die Cafe Riché-gebou sal 'n groot jammerte wees. Dit is die algemene gevoel onder kunsliefhebbers en voorstaanders van die bewaring van die kulturele erfenis.

Hierdie gebou aan die westekant van Kerkplein, wat eintlik bekend moet staan as die Reserve Investment Building, is van besondere belang omdat dit van die min oorblyfsels van die beeldouwerk van die begaafde Anton van Wouw vertoon.

Die Cafe Riché kan beskou word as 'n uitstaande voorbeeld van die boubeeldhoukuns van die einde van die vorige eeu en dié begin van hierdie eeu in Europa.

Dit is die produk van die samewerking tussen Frans Stoff, die argitek en Anton van Wouw, die beeldhouer. In Europa was hierdie samewerking tussen ontwerper en kunstenaar 'n gehele nuwe rigting in die argitektuur — in Pretoria, duisende myle van Amsterdam is dieselfde formule met groot sukses toegepas.

Dit is die einste Soff-Van Wouw kombinasie wat 'n dekade ná die voltooiing van die Cafe Riché ook die Vrouemonument in Bloemfontein ontwerp het — 'n beeld wat vandag nog as een van Van Wouw se meesterstukke beskou word.

Die twee kenmerkendste eienskappe van hierdie gebou is die uil wat bo-op die nok van die gebou se dak oor Kerkplein waak en die reliëfbeeld van die Romeinse god, Mercurius wat op die Cafe se voorkant uitgekap is.

Deur die jare is algemeen aanvaar dat die uil 'n skepping van Van Wouw is. Die jongste inligting skryf hierdie beeld egter toe aan 'n Italiaanse beeldhouer wat spesiaal vir sy doel die Pretoriase Dieretuin besoek het om die afmetings van 'n lewendige uil te bekom. Van Wouw het net toesig oor die vervaardiging gehou en finale afwerkings aan die beeld gedoen.

Die reliëfbeeld met die woord „Commerce" daaronder uitgekap is sonder twyfel 'n Van Wouw-skepping. Sketse wat die beeldhouer gemaak het ter voorbereiding bestaan vandag nog in 'n private-versameling.

Daar het oorspronklik drie voorbeelde van Van Wouw se kuns op Kerkplein gestaan. In 'n 1892 het hy die oorspronklike voorgewel van die Ou Raadsaal uitgekap. Dit is deur die Britse besettingsmagte in die Tweede Vryheidsoorlog vernietig. Die Engelebeeldjies wat op die ou Standardbank-gehou was, het ook verlore gegaan met die slooping van dié gebou.

Nou is die enigste Van Wouw-werk, behalwe Oom Paul se standbeeld, ook in gevaar.

Ander voorbeelde van Frans Soff se ontwerpe wat nog in Pretoria te sien is is die Joodse Gedenksaal (intussen gesloop), die Engelenburghuis — nou die hoofkwartier van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, die woonhuis van dr. A. J. Bergsma op die hoek van Park- en Orientstrate en nog 'n huis op die hoek van Park- en Hillstrate.

## DIS 'N HELE WOLK VAN GETUIES

OGGENDBLAD, 25.7.1975

DIE volk is in opstand oor die beoogde slooping van Kerkplein. Die manne en vroue wat al hulle stemme uitgebring het teen die Provinsiale Administrasie se plan om die wesfasade van die Plein af te breek, lees soos 'n *Wie's Wie*.

Voorstanders van die ongeskonde behoud van die Plein sluit in prominente figure soos prof. Chris Barnard, mev. Betsie Verwoerd en dr. Antor. Rupert en oud-politici soos dr. Wennie du Plessis, mnr. Hans Abraham en mnr. M. C. de Wet Nel.

Daar is ook skrywers soos M.E.R. en Leon Rousseau, en kultuurleiers soos prof. P. J. Nienaber, Adriaan Mocke en Susan van Eeden wat dit steun.

Kenners van ons Suid-Afrikaanse erfenis soos dr. Willem Punt, sy seun mnr. Willem Punt, en dr. Hermann Rex; die dogters van Jan Cilliers en Anton van Wouw; en Stadsraadslede, waaronder die burge-meester, mnr. Klasie Coetsee en die onder-burgemeester, mnr. H. P. Botha, wil Kerkplein bewaar laat bly.

Inwoners van Swellendam en Worcester; Mimi Coertse, Ponie de Wet en prof. P. G. Nel; en elke koerant in Transvaal steun die behoud van die wesfasade.

Dan is daar die Argitekte-studentevereniging, die Transvaalse Instituut vir Argitekte, die Stigting Simon van der Stel, de Pretoriase Studiegroep vir Argitekte, die Transvaalse Kunsvereniging, die Rapportryers, die Voortrekkers, die F.A.K. en die Vrouefederasie.

En natuurlik die Genootskap Oud-Pretoria, die Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Pretoriase Kultuurraad wat 60 000 lede verteenwoordig.

Die apostel Paulus het eeue gelede reeds geskryf: „Hoe sal ons so 'n groot wolk van getuies kan verontagsaam?”

More op Kerkplein kan elkeen 'n bydrae tot dié burger-aksie maak.



**Die Onder-Burgemeester van Pretoria, Sy Edelagbare H. P. Botha het hom ook uitgespreek ten gunste van die bewaring van die historiese geboue van die wesfasade.**

## KOM STEM MÔRE

REDAKSIONEEL, Oggendblad, 25.7.1975

MÔRE op Kerkplein kry Pretorianers die geleentheid om hulle mening oor die behoud al dan nie van die wesfasade te gee.

Dit is natuurlik so dat die Transvaalse administrateur gesê het die aksie sal van geen waarde wees nie daar hy reeds finaal besluit het.

Tog wil ons glo dat hy grootmoedig genoeg sal wees om eers te wag en te sien hoedat Pretoria reageer op hierdie week se volgehoue veldtog om steun vir die behoud van die historiese geboue.

Wat môre op Kerkplein gebeur, is 'n uitdrukking van die demokratiese wil van die volk, 'n burger-aksie.

Dit is ongelukkig so dat die meeste mense gelate toekyk terwyl die owerheid op alle vlakke besluite namens en vir hulle neem. Dié gebrek aan direkte deelname en ook belangstelling in die besluite wat die burger raak, is te betreure.

Natuurlik het die omvang wat staatsadministrasie vandag neem, en die ingewikkeldheid daarvan, daartoe bygedra om die afstand tussen burger en owerheid te vergroot.

Maar in Europese lande — veral Wes-Duitsland — het in verskillende stede soortgelyke burger-aksies oor 'n hele reeks sake ontstaan.

In elke geval het dit gegaan om gebeurte en besluite wat die burger direk raak.

Die aksie môre op Kerkplein is van dieselfde aard.

Daarom is dit belangrik dat soveel Pretorianers as moontlik Plein toe kom om hulle mening te gee.

Vir of teen — hoewel Oggendblad pleit om 'n stem vir die behoud van die geboue — is as sulks in die aksie nie van belang nie. Deelname is wel waarom dit gaan.

Moet nie môre by die huis bly en Pretoria in die steek laat nie.

## OOM JAN KOM HELP OOM PAUL

deur PIET SNUFFELAAR, Die Transvaler, 25.7.1975

DIE Kaap is besig om wraak op die „kultuurlose“ Transvalers te neem, en in dié situasie is daar iets wat bitter ironies is.

Veral vir ons wat die petalje onthou wat ontstaan het toe Transvaalse „barbare“, onder leiding van mev. Kotie Roodt-Coetzee, Kaapse kultuurskatte gaan „roof“ het.

Hulle pryk nou in die opelugmuseum in Pretoria, nadat Kapenaars nie genoeg belangstelling daarin getoon het om hulle te bewaar nie.

Nou wil die Kapenaars weer ingryp om Kerkplein van slooping te red. Dit is vanoggend treffend deur ons susterkoerant, Oggendblad, in 'n spotprentjie op sy voorblad uitgebeeld, en ons plaas dit graag hierby.

Pretoria — of volgens die publisiteit wat daaraan verleen word, ten minste 'n groot deel van die hoofstad — is besig om te betoog teen die slooping van Kerkplein se geboue. Saterdag is die groot dag.

### NET TIEN MINUTE

Die Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk, is genooi om die byeenkoms (of sal dit oordrewe wees om van 'n „betoging“ in Pretoria te praat?) by te woon.

Die organiseerders het egter twee streng voorwaardes gestel:

- Hy moenie langer as tien minute praat nie;
- hy moenie persoonlike aanvalle doen nie.



Wat ook al uit die protes voortvloei, dit lyk tog asof oom Paul daarin geslaag het om die Transvalers en die Kapenaars te verenig!

Oggendblad skryf vanoggend in 'n hoofartikel dat mnr. Van Niekerk gerus die besluit oor die sloping van die wesfasade van Kerkplein kan heroorweeg

„Wat begin het as 'n kleine burgerlike aksie is besig om in 'n sterk demokratiese opwelling te verander.

### HEROORWEEG BESLUIT

„Publisiteit in die pers het mense laat beseft wat hulle gevaar loop om te verloor, en die gevolg is toenemende belangstelling.

„Dat twee sulke uitnemende mense soos mev. Betsie Verwoerd en M.E.R. ook hul stemme tot dié van die bewaarders gevoeg het, het besondere gewig aan die aksie verleen.

„Saterdag sal Pretoria die geleentheid kry om te toon hoedat hy oor die wesfasade voel.”

● Terloops, dit kan dalk Saterdag op Kerkplein warmer en interessanter verloop as met die slag by Loftus 'n Saterdag of wat gelede!

### BENUT WESFASADE

deur MARTIE RETIEF, Beeld, 25.7.1975

OP geen wetenskaplike grondslag nie, maar bloot interessantheidshalwe het ek op een dag sewentien mense gepols oor Kerkplein. Vyftien was vir die behoud van die Wesfasade en twee het nie geweet hoe hulle voel nie.

Uiteindelik was dit juis hierdie twee wat huidig die beste redes aangevoer het hoekom die fasade behou moet word.

„Ek dog dis beleid om inflasie te bekamp,” het die een gesê. „Ek dog dis deel van die bekamping om nie ou geboue wat nog bruikbaar is, sommer te sloop nie. Ek dog dis verklaarde oorlog teen inflasie.”

Naas sy brom het sy meisie nog 'n bruikbaarere voorstel gehad. „As hulle die geboue hou, kan hulle mos uiteindelik vir die mense 'n ordentlike plek gee waar jy jou kunstgoed kan koop, kunssale kan bekijk, koffie kan drink. En 'n boutique of twee vir oudhede sal die mense soos vlieg trek.”

'n Super-vlooiemark?

„Wel, soort van. Net grênder.”

### NIE 'N SKANDE, MAAR DAREM . . .

BEELD, 25.7.1975

„EK wil nou nie sê dis 'n skande nie — ek wil niemand in die gesig vat nie — maar darem . . .”

Met dié woorde het mev. Mabel Jansen, weduwee van dr. E. G. Jansen, voormalige Goewerneur-generaal van Suid-Afrika, haar gister geskaar by die groot aantal ontevredenes wat die sloping van Kerkplein se Wesfasade tot elke prys wil voorkom.

„Dis 'n historiese erfenis, 'n kosbare erfenis uit die ou dae. Daar is so min wat ons oor het, en as hulle só aangaan, bly daar vir ons een van die dae niks oor nie,” het sy gesê.

Mev. Jansen het baie mooi herinneringe van dié ou plein, van die dae toe sy nog Gelofte-dag en Helder-dag daar gevier het.

En van die tyd toe sy, as voorsitster van die kommissie om die standbeeld van Paul Kruger van die stasie na Kerkplein te laat verskuif, so hard gestry het om Oom Paul te bring na die ereplek wat hy vandag beklee.

As nuwe geboue in hul plek opgerig word, sal die plein sy karakter verloor, voel sy.

„Of hierdie geboue argitektoniese juwele is, kom nie daarop aan nie — dis nie geboue wat 'n mens platslaan nie, dis ons geskiedenis.“

## **PUNT HET SLOPING BEGIN, SÊ ARGITEK**

BEELD, 25.7.1975

DIE man wat verantwoordelikheid moet aanvaar vir die sloping van die Wesfasade van Kerkplein, is dr. Willem Punt, in der waarheid een van die talle historici en kampvergters vir die behoud van die plein soos hy is.

Dié bewering kom van een van die argitekte wat verantwoordelik gaan wees vir die een nuwe deel van die Wesfasade, mnr. Hansie Botha. Hy is lid van die span argitekte wat vir die Provinsiale Administrasie se nuwe gebou aan de Wesfasade sorg.

Die konfrontasie tussen die skepper van die nuwe plein en die behouer van die ou plein kom 'n dag voordat die inwoners van Pretoria en ook ander dele van die land môre 'n versoekskrif vir die behoud van die plein gaan onderteken.

Duisende mense word tussen 10 vm. en 1 nm. op die plein verwag om die versoekskrif wat aan die Eerste Minister gerig is, te onderteken. 'n Onafhanklike meningspeiling deur 'n Engelstalige dagblad in Pretoria het gister bevind dat 96 persent van meer as 5 000 lesers vir die behoud van Kerkplein is.

Dr. Punt, wat die laaste jare alles in die stryd werp om Kerkplein ongeskonde te laat bly, was gister erg verbaas om te hoor dat die sloping aan hom toegeskryf word.

### **BEHOUD**

Mnr. Botha het gister gesê dat hy destyds met die beplanning van die nuwe gebou vir die suidelike deel van Wesfasade voorsiening gemaak het vir die behoud van die ou Nederlandse Bank. Die noordelike deel van die beplanning het eweneens die ou Nasionale Bankgebou ingesluit.

Nadat die aanbeveling van die Kerkpleinkomitee dus was dat voortgegaan moet word met die ontwikkeling van die Wesfasade met die behoud van die twee historiese geboue, het die argitekte met beplanning begin

Dit was toe die plan van die beoogde ontwikkeling weer aan belanghebbendes getoon is, dat kritiek uitgespreek is deur onder andere dr. Meiring Naudé en dr. Punt. Daar was toe opnuut versoeke dat die hele wesfasade behou moes word.

Kort daarna is besluit dat die hele wesfasade plek moes maak vir ontwikkeling van die geboue vir die poskantoor en die Transvaalse Provinsiale Administrasie. Die Eerste Minister het alle belanghebbendes oor de besluit ingelig.

Dr. Punt het gesê dat hy jammer is oor die bewering dat hy verantwoordelik is vir iets wat hy so graag wil verhoed. Dit gaan egter nie om wat een persoon wil of nie wil nie, maar om die geskiedenis van die volk behoue te laat bly.

Die atmosfeer van Kerkplein sou verdwyn het indien die vroeëre planne uitgevoer moes word soos dit op die plakker uitgebeeld was.

Hy, dr Mëiring Naudé, sy seun Willem en 'n mnr. Roets, het toe hul stem uitgebring teen die beoogde ontwikkeling. In sy geheel was die voorstelling vir hulle onaanvaarbaar en hulle het dit so in 'n boek aangedui.

Die boek waarin diegene hul mening oor die voorgestelde ontwikkeling kon uitspreek, was by die Departement van Openbare Werke beskikbaar gestel.

## **'N MENIGTE OP PLEIN VERWAG**

HOOFTAD, 25.7.1975

DIE BURGERKOMITEE vir die behoud van Kerkplein gaan op more se massasaamtrek by hierdie geskiedkundige baken in Pretoria 'n landwyse oproep doen om voorstelle vir die algehele herontwerp van die plein. 'n Prys, wat later aangekondig sal word, gaan vir die beste voorstel uitgelooft word.

Nadat al die handtekening van mense wat die saak steun verkry is, sal 'n afvaardiging na die Eerste Minister se kantoor gestuur word om dit aan mnr. Vorster te oorhandig.

Die voorsitter van die komitee, mnr. Piet Muller, het vanoggend aan Hoofstad gesê dat ontwerpe en voorstelle van belangstellende argitekte reeds ontvang is.

„Afgesien van die feit dat ons heeltemal oorval word deur mense en instansies wat pleit vir die behoud van Kerkplein en die ou geboue wat dâar staan, is die wekroep net so sterk om die plein weer lewendig te maak,” sê mnr. Muller.

'n Groot opkoms word môre op Kerkplein verwag, waar almal wat ten gunste is van die behoud van Kerkplein en die geboue wat nou daar staan, die geleentheid sal kry om pleitskrifte te onderteken.

### **STEUN**

Pannekoek en koffie sal bedien word en die plan is om — nadat al die handtekening verkry is — 'n afvaardiging na die kantoor van die Eerste Minister te stuur waar die pleitskrif aan mnr. Vorster oorhandig sal word.

„Ons ontvang geweldige steun. Boys High in Pretoria het pleitskrifte gevra wat deur elke leerling in die skool onderteken sal word.

„Ons het verneem dat studente van die Pretoriase Onderwyskollege hulle deel wil bydra, terwyl daar op verskillende plekke in die stad tafels sal wees waar die inwoners vir die behoud van Kerkplein kan pleit.

### **KERKPLEIN**

„Talle ander opvoedkundige inrigtings organiseer sonder om té veel uit die mou te laat. Ons is net laat weet dat hulle die gedagte steun” vertel mnr. Muller.

Dat die reaksie onder Pretoria se inwoners oorweldigend is, is baie duidelik. Spesiale voorsiening moes gemaak word vir mense wat nie om 13h00 op Kerkplein kan wees nie om later hul handtekenings te gee.

## **BKA IS VIERKANTIG AGTER PROTES TEEN SLOPINGS BY PLEIN**

deur DR. W. J. G. LUBBE (Voorsitter) Bond van Konserwatiewe  
Afrikaners, Posbus 3473, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf),  
25.7.1975

GEAGTE REDAKSIE, — Die Bond van Konserwatiewe Afrikaners skaar hom by al die individue en organisasies in hul dringende versoë aan die owerheid om af te sien van sy voorneme om die belangrike geskiedkundige geboue aan die westekant van Kerkplein te sloop.

Die Plein is die geskiedkundige hart van die hoofstad en die RSA en die betrokke geboue vorm na ons oortuiging 'n onmisbare deel daarvan. Deur dit te sloop sal die eenheid van die plein geheel en al versteur word en ons stad en land beroof word van 'n karaktervolle en onvervangbare boukundige erfenis.

Die vernietiging van so 'n sigbare en sprekende band met die veelbewoë en roemryke tydperk in ons volk se geskiedenis moet onvermydelik bydra tot die reeds kwynende belangstelling in hierdie helde-tydperk en tot die algemene vervlakking op kulturele gebied.

### **VAN WOUW SE WERK WORD VERNIETIG MERCURIUS-RELIEFBEELD OP DIE KERKPLEIN**

deur WILLEM-JAN PRINSLOO, Hoofstad, 25.7.1975

EEN van Suid-Afrika se grootste kunsskatte, die Mercurius-relief-beeld, op Kerkplein gaan vernietig word as daar met die slopingsplan in Pretoria, voortgegaan word.

Indien dit gebeur, sal die laaste skakel tussen die Cafe Riché-gebou op die plein en die Vrouemonument in Bloemfontein, verdwyn.

Sc sê dr. Hermann Rex, argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk, nadat hy waardevolle inligting ingewin het oor die geskiedenis van die Cafe Riché-gebou en die manne wat vir die ontwerp en versiering van die gebou, verantwoordelik was.

„Die Nederlandse argitek, Frans Soff was die argitek van die gebou en Anton van Wouw die beeldhouer wat die reliefbeeld van Mercurius aan die voorfasade van die gebou, geboetseer het.

„Tot redelik onlangs was daar nog bespiegel wie vir die uil op die Cafe Riché-gebou verantwoordelik was. Daar kan nou met alle sekerheid verklaar word dat dit deels wél die werk van Anton van Wouw is. Ook die pragtige reliefbeeld van Mercurius, is die bekende kunstenaar se handewerk“ sê dr. Rex, wat die afgelope tien jaar lank, navorsing oor Kerkplein en sy geboue doen.

Hy vertel dat hy kontak gemaak het met 'n persoon wat moontlik inligting kon verstrek oor die geskiedkundige agtergrond van die ou gebou en sy kunswerke.

„Toe ek hom enkele weke gelede opspoor, het ons begin gesels oor die argitek Frans Soff en die onsekerheid oor die beeldhouer van die uil en die reliefbeeld op Cafe Riché.

„Die persoon het 'n sketsbeeld van die reliefbeeld aan my getoon met Van Wouw se naam daarop. Agter op dieselfde foto, is die heel eerste skets van Frans Soff, wat gelei het tot die ontwerp van die Vrouemonument in Bloemfontein.

„Die uil is geboetseer deur 'n Italiaanse beeldhouer. Van Wouw het egter 'n gedeelte van die werk gedoen. Daar was 'n uil in die Dieretuin in Pretoria en die afmetings van dié voël is daar geneem”, vertel dr. Rex. Cafe Riché het toe bekend gestaan as die „Reserve Investment Building”.

Anton van Wouw het dus 'n belangrike stempel gedruk op hierdie sakegebou uit die vorige eeu. Hierdie kunsskat is ook die laaste van Van Wouw op 'n gebou op Kerkplein. Sy voorlaaste werk was die ontwerp op die voorfasade van die Ou Raadsaalgebou, van die Republikeinse Wapen. Kort na die Tweede Vryheidsoorlog is dit deur die Engelse vernietig.

„Frans Soff en Anton van Wouw was boesemvriende en die verbintenis is stewig uitgebou met die ontwerp van die Vrouemonument in Bloemfontein. Soff was die argitek en Van Wouw die beeldhouer van die konsentrasiekampvrouefigure by die monument. Dieselfde twee was dus verantwoordelik vir die Cafe Riché, die enigste verbintenis tussen twee geboue en twee baie bekende kunstenaars,” sê dr. Rex.

„Ons eie owerhede moet tog nie dié kunsskat vernietig nie. Dit moet bewaar word. Dié feite was nie beskikbaar toe met die Administrateur van Transvaal onderhandel is nie. Dit was nooit bekend nie.”

## Beroep op Van Niekerk oor Kerkplein:

### MOENIE HUIDIGE GEBOUE SLOOP!

deur DR. J. ALBERT COETZEE, Oud. L.V., Hoofstad, 25.7.1975

STEL jou Kerkplein voor sônder sy huidige geboue: dan kan jy maar gerus vra of iemand jou kan sê waar Pretoria is.

Jare gelede toe ek lid van die Provinsiale Raad geword het, was die sitplekke gerangskik soos in die Parlement — aan weerskante van die voorsitter, met die „vloer” van die Raad tussen die lede wat na mekaar gesit en kyk het. Toe is egter besluit om aan die historiese waarde van die Raadsaal, wat ook die Volksraadsaal van die ou Transvaalse Republiek was, reg te laat geskied deur die banke in 'n halfmaan voor die voorsitterstoel te rangskik — soos hulle in die ou Republiek se tyd gerangskik was.

Nou is ek verbaas om te sien dat in die geval van Kerkplein, waarvan die ou Raadsaalgebou deel is, afgewyk word van daardie mooi historiese waardering.

Daar word in 'n poging om Kerkplein ongeskonde te hou, nadruk gelê op die argitektoniese voorkoms van die geboue uit vervloë dae, maar vir my is hul betekenis hoofsaaklik geskiedkundig. Ek dink bevoorbeeld aan die ou Munt-geboutjie agter die ou Nasionale Bankgebou wat langs die poskantoorhoek staan: mens kan die gebou van die Plein af nie eens sien nie en ek glo dat hy ook nie argitektoniese waarde het nie.

Maar hy het **historiese waarde**. Dis nogal uit hierdie geboutjie (en die Nasionale Bank waaragter hy staan) dat die sogenoemde „Krugermiljoene” haastig verwyder is terwyl die Engelse bomme reeds oor die rante suid van Sunnyside begin bars het! Dit sal vreeslik jammer wees as hierdie geboutjie en die ou Nasionale Bank, waar op die hoeksteen nog staan dat dit deur Sy Hoogedele, Staatspresident S. J. P. Kruger, gelê is, gesloop moet word.

Maar dis slegs 'n klein voorbeeld van die hele Plein met sy historiese gebouekompleks. Stel jou die Plein voor sonder sy huldige geboue: dan kan jy maar gerus vra of iemand jou kan sê waar Pretoria is.

Ek het die Administrateur van Transvaal, mnr. Van Niekerk in baie jare leer ken as 'n sterk persoonlikheid wat hom nie maaklik van sy beskouinge laat afsien nie; maar ook as 'n regverdige man wat nie 'n onreg sal gedoog nie en wat, wanneer dit blyk dat sekere feite nie onder sy aandag gekom het nie, uit eie beweging daardie feite sal noem en reg laat geskied.

Ek is oortuig dat 'n onherstelbare onreg ons Republiek aangedoen sal word as die Kasteel in Kaapstad of Kerkplein se geboue in Pretoria vir die een of meer moderne geboue moet plek maak en wil hom dringend vra om in die gees, wat gelei het tot herstel van die binnekant van die Ou Raadsaal, ook die buitekant daarvan in beginsel te handhaaf.

(Dr. Coetzee is ook die ontdekker van die Slagtersnekbalk en het die boek, Skavot, geskryf. — Red.)

## DIE VOLK PROTESTEER MÔRE

deur VENTER SMIT, Hoofstad, 25.7.1975

VAN RIEBEECKDAG as vakansiedag is van ons weggeneem al is Suid-Afrika een van die min lande in die wêreld wat kan sê presies op watter dag hy gebore is. Die dag is afgeskaf ondanks protes van 'n groot deel van die volk wat die waarde van so 'n dag in die geskiedenis en kultuur besef

Presies dieselfde is nou aan die gebeur met Kerkplein. 'n Klompie desperate mense kom môre byeen om 'n volk se protes te demonstreer teen 'n ander klompie mense wat uit hoofde van hulle posisies die mag aan hulle kant het.

Lagwekkende argumente word aangevoer waarom die geboue aan die westekant van die Plein gesloop moet word. Daar word selfs gesê dat wyle dr. Verwoerd ten gunste was van dié slooping.

Waarvoor gaan dr. Verwoerd nou nog gebruik word? Dit is tragies dat die argumente in „privaat gesprekke“ van 'n dooie man bygesleep moet word, as jou eie te dun word.

Daar is dit ook ironies dat die persoon wat sekerlik beter moet weet as enigiemand anders wat haar man se standpunt is — mev. Betsie Verwoerd — nou laat blyk dat haar eggenoot juis ten gunste van die behoud van die westekant van Kerkplein was. Iemand lieg mos iewers- of hoe?

Ook verspot is die bewering dat die Eerste Minister, mnr. John Vorster, kwansuis in die verleentheid gestel sal word deur die demonstrasie op Kerkplein.

Kan jy nou meer? Dit is 'n kwade dag as die eerste minister van 'n land deur sy eie mense in die verleentheid gestel word. So klein glo ek nie is ons Eerste Minister nie. So groot glo ek in werklikheid is hy, dat hy heeltemal in staat is om 'n besluit wat hy sekerlik op aanbeveling geneem het, in heroerwering te neem.

Daar word gepraat dat ondergrondse parkeergeriewe nodig is vir die mense by TPA. Dit is mos dan die werklike rede en nie al die ander argumente soos „skoonheid van argitektuur“ „dr. Verwoerd het so gesê“ of dat die westekant „nie pas by die res van die Plein“ nie.

Dit is nou al jare dat die handel en nywerheid betoog dat die staatsdiens heeltemal te veel mense in diens het. Vanselfsprekend is die provinsiale administrasies hierby ingesluit.

'n Mens kan dus die vraag vra of dit nie vir die Transvaalse Administrasie beter sou gewees het nie om hulle werknemers in te kort, pleks van om daardie geweldige groot gebou op te rig. Was dit ook nodig om dié gebou juis te bou op die plek waar hy nou is want hy belemmer in elk geval die atmosfeer wat die historiese geboue aan Kerkplein gee.

Dit lyk uiteindelik of die TPA-gebou van die begin verkeerd beplan is want hoekom is dit dan nou skielik nodig om geboue plat te vee sodat daar meer ruimte vir TPA se mense kan wees?

As van my volksleiers ontslae kan raak van die beheptheid om empaaiers te bou sal ons 'n groot sprong gee na grootheid en sal dit nie nodig wees om ons kultuurerfenis te verkoop nie.

## STEM REG

REDAKSIONEEL, Hoofstad, 25.7.1975

MÔRE kan beskou word as een van die belangrikste dae in die geskiedenis van Pretoria, want dit gaan om die behoud van die geboorteplek van 'n stad.

Die stem van die burger kan môre beslis of daar voortgegaan mag word met die uitwissing van 'n roemryke stuk geskiedenis.

Stem en stem reg! Stem vir die behoud van Kerkplein in sy geheel! En laat geen ysige koue u weghou of verhinder nie! U stem kan 'n lewegewende inspuiting wees in die reeds sterwende hart van die stad.

Pretoria is op Kerkplein gebore en vasgevang in sy omringende geboue is die gees van vryheid, stryd en landelikheid: 'n erfposie wat elke Pretorianer se geboortereg is. Durf dit verruil word vir die steriliteit van aluminiumargitektuur?

Ons is voorstaanders van vooruitgang en ontwikkeling, tereg ook, maar nie ter wille van ons geskiedenis nie. Laat Kerkplein weer tot sy reg kom. Bring die lewe terug na 'n dooie kol en laat die erwe van ons vaders, erwe vir ons kinders bly . . .

Sedert 1908 word daar al baklei vir die behoud van Kerkplein. Baie is reeds verander, maar nog nooit is daar so 'n finale „nee” gegee vir Kerkplein se voortbestaan nie.

Die redes vir dié besluit is nie gemotiveerd genoeg vir Pretorianers om dit te aanvaar nie. Daarvan getuig die sterk stemme van protes wat tans gehoor word.

Daar is wel aangevoer dat die geboue, argitektonies nie verantwoord is nie, maar in hierdie saak gaan dit om die historiese waarde van die betrokke geboue.

Iewers, met die hantering van dié saak het iets verkeerd verloop en ons doen 'n beroep op die instansies wat betrokke is by die slopingsbesluit, om verantwoordelikheid en ootmoedigheid aan die dag te lê en om gemotiveerde redes aan te voer.

## CHURCH SQUARE: FINAL BATTLE BEGINS

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 25.7.1975

CHURCH SQUARE is expected to explode into activity tomorrow as hundreds of Pretoria residents flock to the "Save the Western Facade" meeting.

The Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, organisers of the meeting, are hoping to get thousands of signatures on petitions.

Summaries of the petitions will then be delivered to the Prime Minister's office.

"He is the last judge of appeal in the saga. We know if we deliver the petitions to his office, that they will get to the right quarter," said Mr. Piet Muller, a spokesman for the committee, today.

Telegrams of support are flooding into the committee's office from all over the country. Telex messages and telegrams are also arriving at the Pretoria News offices.

## COMPETITION

The meeting tomorrow starts at 10 a.m. A motion will be put to the crowds, calling on the Government to run a national competition for ideas on how Church Square could be redesigned.

Banners saying "Save our Heritage" will be strung across the four entrances to the Square.

Mr. Muller said anyone would be permitted to speak. They should hand their names to the chairman, and would have to stick to two rules: Five minutes speaking time with no personal attacks allowed.

Speeches will be spaced out at 20-minute intervals. In between music will be played and pancakes sold.

A last-minute, but highly significant, plea to save Church Square has come from the National Cultural History and Open-Air Museum.

In an editorial in the latest issue of Museum Memo, a plea is made that the western facade be saved, "even though the death sentence on these buildings is decided and will soon be carried out.

"We are the last people to plead for preservation for preservation's sake . . . but these buildings are documents of their time.

"Most of these structures were erected by people who were sympathetically supported by Kruger and his people until their last days.

"Does the present generation dare to destroy the evidence of that past? How much poorer we will be if even this link with the time of glory of the Boerevolk is broken."

## HOOGETPUNT IN DIE STRYD OM KERKPLEIN

DIE VADERLAND, 25.7.1975

MÔRE om 14h00 bereik 'n „betoging" vir die behoud van Kerkplein sy hoogtepunt. Dan gaan pleitstukke vir oorhandiging na die plein gebring word.

Mnr. Piet Muller, voorsitter van die Burgerkomitee vir die behoud van Kerkplein, het vanoggend gesê dat 'n nasionale prysvraag uitgeskryf gaan word.

Die prysvraag is vir die herontwerp van kerkplein, sonder om die geboue aan die westekant van dié geskiedkundige plein in te boet.

Die uitgangspunt sal wees om Kerkplein lewendig te maak en om die sakelewe na die middelpunt van die stad van president Kruger, terug te bring.

● Die protesvergadering word gehou ná die versekering van die Transvaalse Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, dat sekere historiese geboue van die Plein moet waai.

„Ons ontvang in hierdie stadium groot ondersteuning uit verskeie oorde. Dit is veral opvoedkundige inrigtings wat nou na vore tree. Môre se program sal dit bewys.



„Hoewel die program nie georganiseer sal wees nie, maar as 'n spontane gebaar uit die geledere van die stad se inwoners en land-burgers kom, sal daar tog orde gehandhaaf word.

„Die plan is om vir iedere en elk wat vir die behoud van ons erfenisse wil pleit, die kans te gun om te sê wat hy dink.

„Op verskeie plekke in die stad sal daar tekentafels wees waar pleitstukke onderteken kan word. By Barclay-plein, Sunnypark en verskeie ander plekke in die stad sal mense gereed staan om die poging te steun.”

## FATEFUL MEETING

EDITORIAL, Pretoria News, 25.7.1975

CHURCH SQUARE has, in its 120 years of history, been the scene of many fateful meetings. It has witnessed the calling up of commandos, heard proclamations of annexation, been a dignified setting for the inauguration of presidents. But in all the years in which it has watched four generations of Pretorians coming and going about their daily business it has not seen a meeting such as that called for tomorrow — a mass rally on the Square itself to call for its preservation.

The Pretoria News public opinion poll showed yesterday that the people of Pretoria are overwhelmingly opposed to the Government's plans to demolish the Square's historic west facade, overwhelmingly in favour of preserving it for themselves and for their children's children as a link with the past. They want it to remain, they want the Square to shed its tarred roads and buses, to be born again as the living, pulsating, gracious and beautiful heart of their capital city.

To make that dream come true they must pack the Square tomorrow and make their voices carry commandingly into the corridors of power.

## RED KERKPLEIN

REDAKSIONEEL, Die Vaderland, 25.7.1975

SUID-AFRIKA en veral Transvaal met sy jong geskiedenis het nie soveel ou geboue van geskiedkundige en argitektoniese waardê dat hy na willekeur kan platslaan nie. Daarby het ons, ten spyte van gekonsentreerde stedelike uitbreiding, tog nog voldoende grond om in ons behoeftes vir moderne kantoorblokke te voorsien.

Daarom bly die besluit om die paar ou praggeboue om Kerkplein in Pretoria te sloop, onbegryplik. Selfs 'n land soos België met sy beperkte grondgebied sal nie droom om die geskiedkundige ou gildehuise om Brussel se Grote Markt te sloop nie.

Te oordeel aan die openbare reaksie, lê hierdie geboue en die voorkoms van die plein ook die algemene publiek na aan die hart.

Ons meen dis inderdaad 'n saak waaraan die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, ernstige herooringing kan skenk. In hierdie geval behoort openbare sentiment swaarder te weeg as geselekteerde belange.

## OPENBARE PROTES KAN KERKPLEIN RED

OGGENDBLAD, 26.7.1975

VANDAG is die dag waarop daar oor die lot van Kerkplein beslis gaan word.

Die volk — die gewone mense — het vanoggend die geleentheid om op 'n demokratiese manier aan die Regering te vertel hoe hy oor die bewaring van sy erfenis voel.

Soos in die jare her is Kerkplein vandag weer die middelpunt van Pretoria se bedrywighede. Elkeen wat 'n standpunt wil stel oor die Plein se toekoms, kan dit doen — solank dit net kort en bondig is.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein ruk op in protes teen die Provinsiale Administrasie se plan om die westelike fasade van die plein te sloop en die ou historiese geboue te vervang met moderne toringblokke.

Die verrigtinge begin vanoggend om tienuur. Teen elfuur bereik die protesaksie sy hoogtepunt — wanneer mense soos mnre. Hans Abraham en M. C. de Wet Nel hulle standpunte stel.

Telegramme van prof. Chris Barnard en 'n boodskap van die skryfster M.E.R., wat vanjaar 100 word, sal dan ook voorgelees word.

### PLEITSKRIFTE

Almal wat sterk voel vir die bewaring van Kerkplein kan pleitskrifte kom onderteken — nie net op die Plein self nie, maar ook by Sunnypark en Barclayplein.

Kenner van die argitektuur en van Suid-Afrika se kultuurgeskiedenis sal voortduurend daar wees om mense in te lig oor die geskiedenis en argitektoniese waarde van die geboue wat bedreig word.

Mnr. Piet Muller, die segsman van die Burgerkomitee, het gister gesê elkeen is welkom om sy standpunt op die Plein te kom stel. Die ouer mense sal eerste kans gegun word om te praat.

'n Afvaardiging van Tukkieë en die Norre sal teen eenuur vanmiddag met petisies van studente by die Plein opdaag om aan almal te wys wat hulle van die slooping van die geboue dink.

Volgende week sal al die handtekeninge aan die Eerste Minister se kantoor voorgelê word.

● Ondanks die erns van die saak sal dit vandag baie soos 'n karnaval op die Plein lyk. Tussen die toesprake deur sal musiek gespeel word — boeremusiek en eietydse musiek — en pannekoek sal by stalletjies te koop wees.

## KOMITEE SE MAN IS VOL MOED

OGGENDBLAD, 26.7.1975

PRETORIA. — „Ek is vol moed dat die volk vandag 'n demonstrasie ten gunste van Kerkplein se behoud sal gee.”

Dit is die optimistiese mening van mnr. Piet Muller, segsman van die Burgerkomitee vir die behoud van Kerkplein.

Die moontlikheid dat die Provinsiale Administrasie tóg met sy beoogde slooping sal voortgaan — in weerwil van vandag se „betoging” — is iets waaraan mnr. Muller nie dink nie. „Ek weier om dit te doen,” sê hy.

„Ek het genoeg vertroue in die Regering dat hy die wil van die volk in ag sal neem wanneer 'n finale besluit geneem moet word.

„Die Burgerkomitee is nie 'n groep betogers nie. Ons probeer slegs doen wat die Provinsiale Administrasie geweier het om te doen — om

die Eerste Minister en sy Regering in te lig oor hoe die volk werklik oor Kerkplein voel."

● Die kunstenaar Elly Holm het gister vanuit haar woning te Hartebeespoort ook sterk kaspie gemaak teen die voorgestelde sloping van die westelike fasade van Kerkplein.

Mev. Holm het gesê ondervinding het haar geleer dat die jongste verlede net 'n gedagtelose roetine geword het. „Wat die ‚opbou‘ betref, bly alles kortstondig."

## Almal kan praat:

### KERKPLEIN SE LOT SO BESLIS

DIE TRANSVALER, 26.7.1975

VANDAG is die dag waarop daar oor die lot van Kerkplein beslis gaan word. Vandag kry die volk, die gewone man op straat, die geleentheid om sy demokratiese reg uit te oefen en die Regering te vertel hoe hy voel oor die bewaring van sy erfenis.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein hou vandag groot makietie op die plein om te protesteer teen die Provinsiale Administrasie se idee om die westelike fasade van die plein te sloop en die ou historiese geboue te vervang met moderne toringblokke.

Kerkplein sal dus vandag weer die middelpunt van Pretoria se bedrywighede wees.

Die verrigtinge begin om 10h00. Almal wat 'n sprak te sprook het oor die planne van die Administrateur en sy administrasie kan sy sê sê — solank hy dit in vyf minute doen en beloof om geen persoonlike aanvalle te doen nie.

### MUSIEK

Tussendeur al die toesprake sal musiek gespeel word — boeremusiek en eietyds. En pannekoek sal by stalletjies te koop wees — net soos karnavaltyd.

Mnr. Piet Muller, die segsman van die burgerkomitee het gister gesê dat hulle die ouer persone maar eerste die kans wil gee om hulle standpunt te stel.

Hier teen elfuur se koers sal die protesaksie sy hoogtepunt bereik. Dis dan wanneer die „groot kanonne" aan die beurt gaan kom. Oom Hans Abraham gaan praat en só ook oom M. C. de Wet Nel. Telegramme van onder meer prof. Chris Barnard en 'n boodskap van die skryfster M.E.R. wat vanjaar honderd word, sal dan ook gelees word.

Die protes sal duur tot twee uur. Ook mense wat vanoggend werk sal dus kan kom praat en kom teken.

Die tekenry geskied op pleitskrifte wat op tafeltjies op die plein geplaas word. Almal wat sterk voel oor die bewaring van die plein word versoek om dit te onderteken.

Teen eenuur se stryk sal 'n afvaardiging van die Tukkieë en die Norre ook met 'n aantal handtekeninge opdaag en aan die aanwesiges vertel dat die studente ook sterk ten gunste is vir die bewaring van die wesfasade.

Ook vir diegene wat nog twyfel oor wie hulle moet steun, word daar voorsiening gemaak. Kenners van die argitektuur en ons kultuurgeskiedenis sal voortdurend aan diens wees om mense in te lig oor die geskiedenis en argitektoniese waarde van die geboue wat bedreig word.

As die geesdrif van vandag se verrigtinge gaan lê het, sal die versoekskrifte volgende week na die kantoor van die Eerste Minister geneem word.

## HOU TOG DIE UIL VAN KERKPLEIN

deur ATTIE VAN TONDER, Pretoria, Die Transvaler (Menings van ons lesers), 26.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Die groot stryd vir die behoud van Kerkplein in Pretoria soos hy tans is, bereik glo Saterdag (vandag) sy hoogtepunt met die groot saamtrek van voorstanders vir die behoud van die plein.

Ekselself is daarvan oortuig dat Kerkplein meer tot sy reg sal kom met mooi nuwe geboue. Die betrokke grond waarop die ou geboutjies staan, is veels te kosbaar vir die bewaring van hierdie uitgediende geboue. Solank 'n paar van die geboue wat werklik van historiese belang is, soos die Ou Raadsaal, die Geregshofgebou, ens., behoue kan bly, is ek doodtevrede.

Maar nou wil ek graag by die Administrateur pleit vir die bewaring van die ou iegendariese klipuil wat al soveel jare waghou oor Kerkplein. Ek verneem daar is 'n aantal instansies wat aansoek gedoen het om hierdie uil.

Aan die westekant van die bestaande Provinsiale Gebou is daar 'n plat aanhangsel met 'n klipmuur, aan die noordekant, wat aan Kerkstraat grens, en oom Uil sal pragtig daar aanpas indien hy soontoe verskuif word en daardeur vir Pretorianers behoue bly.

**Hoës veroordeel 'vandalisme':**

### DIS NOU OF NOOIT VIR KERKPLEIN!

BEELD, 26.7.1975

IN 'n laaste poging om die sloop van die Wesfasade van Kerkplein te keer, gaan duisende mense vandag daar 'n magsmontering lewer in 'n poging om die besluit om sewe historiese geboue te sloop, herroep te kry:

Kerkplein is vandag die brandpunt vir alle bewaringsbewustes in Suid-Afrika. Almal het net een doel voor oë — die behoud van die Wesfasade.

Vir oulaas het verskeie hoë mense gister hul sterkste misnoë uitgespreek oor die sloopplanne. Dit word selfs as „vandalisme“ bestempel.

'n Afvaardiging gaan aanstaande week versoekskrifte wat nog vandag onderteken kan word, aan die Eerste Minister, mnr. John Vorster, oorhandig waarin gevra word vir die behoud van die ou Kerkplein.

Telegramme van oor die hele land het gister ingestroom ter ondersteuning van dié poging. Die besluit om die sewe geboue by Kerkplein te sloop, is nou een van die mees omstrede aangeleenthede in Transvaal en het ook gevoelens oral in die land gaande gemaak.

### NAGEDAGTENIS

Midde-in die rusie is die Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk. Sy steun vir die besluit om die geboue te sloop, het daartoe gelei dat mev. Betsie Verwoerd, weduwee van wyle dr. H. F. Verwoerd, 'n brief aan die Eerste Minister geskryf het waarin sy mnr. Van Niekerk se optrede betreur.

Gisteraand het mev. Verwoerd aan Beeld gesê: „Dis nie mooi vir my wanneer 'n mens nie meer daar is nie, om dan aantygings te maak of verdedigings op te haal.“

Mev. Verwoerd het gereageer op 'n vraag of sy nie voel dat dr. Verwoerd se nagedagtenis misbruik is in die stryd om Kerkplein nie.

Mev. Verwoerd het gesê mnr. Van Niekerk het nooit gesê dat dr. Verwoerd ten gunste van die sloping van die Wesfasade was nie, maar dat dit tog geïmpliseer is toe gesê is dat die besluit „reeds in Verwoerd se tyd geneem is“.

„Ek wil my nie verder oor die aangeleentheid uitlaat nie, want ek wil niks sê wat Kerkplein se saak kan benadeel nie. Ek wil die saak suiwer hou,“ sê mev. Verwoerd.

Op die vooraand van vandag se vergadering het verskeie hoogwaardigheidsbekleërs hulle weer teen die sloping van die historiese geboue uitgespreek.

Die Kerkpleinkomitee onder voorsitterskap van mnr. G. S. Pool, Adjunk-Sekretaris van Openbare Werke, wat besluit het om die sewe geboue te sloop sodat nuwe provinsiale geboue daar opgerig kan word, wou gister nie kommentaar lewer nie.

### „HOËR GESAG“

Mnr. Pool het gesê: „Ek bespreek Kerkplein nie. Daar is 'n besluit geneem en daarby berus ek. Dis nie betaamlik vir my om kommentaar te lewer op 'n besluit wat deur hoër gesag geneem is nie.“

Mnr. Van Niekerk is tans saam met die Eerste Minister in Suidwes-Afrika. Mnr. Van Niekerk sal waarskynlik môre in Pretoria terug wees.

Regter Marius Diemont, lid van die Stigting Simon van der Stel, sê: „Dit sal 'n fout wees om die ou geboue te sloop. Hulle het estetiese en geskiedkundige waarde. Ons kan nie bekostig om die geboue deur stootskrapers te laat platstoot nie — ons het so min geskiedkundige geboue oor.“

Prof. K. Skawran, hoof van die departement van kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, sê: „As die geboue gesloop word, sal Pretoria 'n onpersoonlike en anonieme stad word — net soos enige ander wêreldstad.“

„Baie min deskundige hulp is ingeroep toe besluit is om die geboue te sloop. Deels onbevoegde mense het gehelp om die besluit te neem. Boonop is die besluit nie verteenwoordigend van die algemene mening nie.“

Mnr. Hannes Meiring, wat die afgelope ses jaar opgetree het as raadgewende argitek van die Stigting Simon van der Stel, sê: „Na my mening is daar nêrens in die land sewe geboue van so 'n historiese en argitektoniese gehalte wat langs mekaar in 'n ry staan nie.“

„Die geboue is 'n unieke Europese erfenis in Afrika. Met die jongste ontwikkelinge in Mosambiek en Angola, waar baie kultuurskatte in die slag bly, word dit steeds meer so.“

Mnr. J. F. Preller, voormalige voorsitter van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede, sê: „Ek berus by wat gebeur.“

Dr. J. H. Esterhuysen, voorsitter van die Transvaalse streekkomitee van dié raad, sê hy verkies om nie kommentaar te lewer nie.

Elkeen wat wil, sal vandag sy mening op Kerkplein kan lug — mits hy nie langer as vyf minute praat nie. Spesiale luidsprekers is aangebring.

Onder die sprekers is mnr. Hans Abraham, 'n voormalige Kommissaris-generaal in die Transkei, en mnr. Daan de Wet Nel, voormalige Minister en Kommissaris-generaal.

Boodskappe van dr. Chris Barnard en dr. Willem Punt sal voorgelees word.

## Duisende op Kerkplein ver wag:

### VOLKSENTIMENT VANDAG TEEN SLOPING GEMONSTER

BEELD, 26.7.1975

DIT is volksentiment wat vir vandag se historiese saamtrek op Kerkplein in Pretoria gesorg het — 'n sentiment wat deur geboue en geskiedenis gevorm is en wat deel van elke volk is.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein ver wag dat daar vandag duisende mense op die plein sal opdaag om te probeer keer dat dit wat ná byna 'n êeu eie geraak het, vernietig gaan word.

Die bekende sir Christopher Wren het van historiese geboue gesê: „Hulle skep 'n liefde by die volk vir hul land en hierin word groot dade in die volksgeskiedenis gebore. Die boukuns het 'n staatkundige funksie ... dit bevestig die bestaan van 'n volk ...”

#### GESKIEDENIS

Kerkplein is al baie kere vereenselwig met die Afrikaner en die Afrikaanse geskiedenis.

Van die gebeure wat Kerkplein onuitwisbaar deel van Suid-Afrika se verlede maak, is die viering van Republiekwording op 31 Mei 1961 voor die Paleis van Justisie. President Paul Kruger is in 1883 op Kerkplein as Staatspresident vir die ou ZAR ingesweer. Talle historiese gebeurtenisse is hier voltrek.

Met die aankondiging in 1965 van die planne om die Wesfasade van Kerkplein te sloop, was daar teenkating op wye vlak. Belanghebbende liggame en verteenwoordigers van verskeie instansies het byeengekom om die ontwikkeling te bespreek.

In 1971 is aangekondig dat twee toringgeboue deel van die Wesfasade gaan uitmaak, maar die plan is laat vaar ná heftige teenkating. In 1974 is aangekondig dat die hele Wesfasade gesloop sal word, nadat aanvanklik beplan was om mistens die ou Nederlandse Bank en die Nasionale Bank behoue te laat bly.

Die besluit het as 'n gevoelige slag gekom vir verskeie verenigings wat die behoud voorgestaan het. Die debat oor die plein het weer telkens opgevlam, maar dit het gelyk asof die koeël deur die kerk was.

Met vandag se poging wat waarskynlik die laaste een sal wees vir voorspraak vir die behoud van die plein, word 'n dekade van intense belangstelling in die toekoms van Kerkplein afgesluit.

Verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaners en verenigings van alle soorte het weer vir of teen die bewaring van die plein soos hy is, stelling ingeneem. Dié keer word die publiek van Pretoria en omgewing baie nouer betrek as voorheen en sal bepaal kan word hoe die man op straat oor Kerkplein voel.

#### NOG TWEE PLEKKE

BEELD, 26.7.1975

DIE stryd vir die behoud van die Wesfasade van Kerkplein sal vandag by nog twee punte in Pretoria pleitskrifte tot steun van die saak kan onderteken: by die Sunnypark-sentrum en by Barclay-plein.

Hierdie nuwe twee punte vir ondertekening het ontstaan vanweë die vrywillige aanbod van huisvroue van Pretoria onder die aanvoering van mev. Ada Wessels en die studente van die Pretoriase Onderwyskollege.

Die groot samekoms van vandag se gebeure, waar oud en jonk finaal sal probeer om die stryd om behoud van die ou geboue te wen, is op die Kerkplein van 10 vm. tot 2 nm — op versoek van die publiek 'n uur langer as wat aanvanklik beoog is.

## MEESTERPLAN NOU SKIELIK SOEK

BEELD, 26.7.1975

DIE voorstanders vir die behoud van die Wesfasade glo dat enige ontwikkeling aan die westekant van Kerkplein noodwendig 'n verandering in die huidige patroon van die plein self sal meebring.

'n Uitvoerbaarheidstudie oor die benutting van die plein en oor die voorkoms daarvan is al voorheen voorgestel. Die Pretoriase stadsraad was daarvoor verantwoordelik.

Die direkteur van stadsbepanning en argitektuur, mnr. B. W. B. Ball, het egter gesê dat die stadsraad nie vir die studie verantwoordelik is nie, maar die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese.

Navraag het egter aan die lig gebring dat die Departement niks met die ontwikkeling of voorkoms van die plein te doen het nie.

Dit beteken dat daar tans geen studie- of ontwikkelingsplanne vir die plein is nie. Dit sal dus vir die afsienbare toekoms bly soos dit nou daar uitsien.

Sprake van 'n amfiteater op die huidige plein, wat tydens die provinsiale raadsitting deur die administrateur, mnr. S. G. J. van Niekerk, geopper is, is baie gering. Die amfiteater is bloot as 'n verfraaiing op die plakket wat toentertyd gemaak is, aangebring.

Dit lyk egter asof die uiteindelige vorm en voorkoms van die plein self net so 'n debat gaan afgee as die huidige stryd oor die Wesfasade.

## PLANNE BEPERK

BEELD, 26.7.1975

TERWYL die jongste poging aan die gang is om die Wesfasade van Kerkplein te red, het die twee instansies wat die nouste deur toekomstige ontwikkelinge geraak sal word, voorlopig verdere beplanning tot die minimum beperk.

Die Administrateur van Transvaal, mnr. S. G. J. van Niekerk, het hom by verskeie geleenthede in die laaste tyd sterk uitgespreek teen die pogings om die Wesfasade te behou. Die Provinsiale Administrasie wil sy huidige gebou uitbrei op die suidelike deel van die Wesfasade.

Die poskantoor aan die noordelike deel van die fasade is seker die instansie wat vir die huidige die meeste sal baat by die spoedige sloping van die historiese geboue.

Sedert die begin van die nuutste poging om die Wesfasade te behou, het die twee instansies nie voluit verder beplan aan die beoogde „ontwikkeling“ nie. Verskillende studies vir die „ontwikkeling“ is onderneem, maar alle planne is nog nie gefinaliseer nie.

## GEEN

Na verneem word, is selfs die uiterlike detail van die nuwe geboue nog nooit bepaal nie. Daar is slegs besluit dat dit argitektonies sal saamsmelt met wat van Kerkplein sal oorbly.

'n Jaar nadat besluit is dat die Wesfasade gesloop sal word, is daar dus nog geen gedetailleerde planne van die nuwe Wesfasade nie.

Daar is besluit dat die Provinsiale Administrasie se gebou 'n eenheid sal vorm met die nuwe poskantoorgebou.

Sodra die poskantoor se planne opgestel en voltooi is, sal die beplanning aan die Provinsiale gebou se beoogde nuwe gedeelte begin.

## 'N TIEKIE BY CAFÉ (DEUR S. J. KORCK) VERDIEN

BEELD, 26.7.1975

DIE mense wat die Wesfasade van Kerkplein wil afbreek, is mense wat nie in Pretoria gebore is en geen simpatie met die stad se historiese agtergrond het nie, sê mnr. Samuel Korck (76) van Pretoria, wat in 1899 op Kerkplein gedoop is.

Mnr. Korck sê dit is duidelik dat dié mense nou nie net meer die ou mense wil te nakom met hul pensioene nie, maar ook nog die historiese geboue wil aftakel.

Dit lyk of hierdie mense die verlede en ou mense wil vergeet en begrawe.

Mnr. Korck is op 11 Oktober 1898 in 'n huis op die hoek van Vermeulen- en Schubartstraat gebore en op 2 Mei 1899 op Kerkplein gedoop.

Hy en ander seuns het altyd om 'n bietjie sakgeld te verdien, by 'n kroeg op die plein, Cafe Riché — daar is nou 'n bakkerij — die perde vasgehou van die mense wat iets in die kroeg gaan drink het. Daarvoor het hulle dan gewoonlik 'n tiekie of 'n sikspens gekry.

## KERKPLEIN MOET WEER LEWE

BEELD, 26.7.1975

DIE bewaring, die versorging en die ingebruikstelling van die geboue aan die westekant van Kerkplein vir doeleindes wat mense na die plein sal trek, en die herbeplanning van die plein self vir menslike gebruik, is die versoek wat vandag op Kerkplein, by Sunnypark en by Barclayplein tot die Regering gerig gaan word.

Hierdie versoek dat die ou Nederlandse Bankgebou, Law Chambers, Cafe Riché, die Poskantoor, die Nasionale Bank, die Ou Munt, die Kirkness-gebou, die Capitol en die Paleis van Justisie — almal bakens uit die volksverlede — van sloping gered moet word, sal vandag na verwagting die handtekening van duisende mense win.

Met hierdie versoekskrif, wat die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein opgestel het, hoop die komitee om daarin te slaag dat die besluit om die ou geboue te sloop, heroorweeg en teruggetrek sal word.

Die oogmerk van die Burgerkomitee is die benutting van die ou geboue om mense weer na die plein te lok en dit die bymekaarkomplek van Pretoria te maak. Hulle wil hê dat Kerkplein weer moet lewe.

Die Burgerkomitee het geen voorstelle oor hoe dit gedoen moet word nie. Dit staan almal vry om voorstelle in dié verband te doen. So het daar reeds 'n voorstel gekom dat die ou poskantoor gerestoureer en in 'n toeristehotel omskep moet word.

Die saak het tot dusver net gunstige reaksie ontlok, nie net van Pretorianers self nie, maar ook van volksgenoot en volksvreemde uit die Kaap tot in die verre noorde, oud en jonk.



Van mense wat die saak teenstaan, was daar weinig reaksie tot dusver. As daar vier mense is wat hom die laaste paar weke geskakel het om hulle teen die aksie van die Burgerkomitee uit te spreek, is dit baie, het mnr. Piet Muller gesê. Geen briewe van diesulkes is nog ontvang nie.

Versoekskrifte wat in ander dorpe geteken is, sal vandag op die plein aan lede van die Burgerkomitee oorhandig word.

So sal die versoekskrif van die Vrouelandbou-Unie van Devon vandag op die plein oorhandig word. Mense van Swellendam sal 'n versoekskrif wat deur die skryfster M.E.R. begin is, oorhandig. Die versoekskrif wat deur die seuns van die Pretoria Boy's High School onderteken is (elke seun het ook sy ouderdom agter sy naam geteken) en die gewerfde handtekening van die Pretoriase studente (van Tukkies en die Onderwyskollege) sal ook deur 'n afvaardiging na die plein gebring word.

## **VERSOEKSKRIFTE NA VORSTER**

BEELD, 26.7.1975

DIE versoekskrifte met die handtekening van die mense wat die behoud van die ou geboue van Kerkplein se Wesfasade steun, sal aan mnr. Johan Weilbach sekretaris van die Eerste Minister, mnr. John Vorster, oorhandig word.

Mnr. Piet Muller van die Burgerkomitee vir die Bewaring en die Restourasie van Kerkplein, het gister gesê die versoekskrifte, telegramme en briewe ter steuning van die saak, sal georden en maklik hanteerbaar gemaak word voordat dit volgende week by die Eerste Minister se kantoor besorg sal word.

Wie die pleitskrifte sal oorhandig, is nog nie besluit nie. Die aankondiging sal vandag op die plein gedoen word nadat daarvoor besluit is.

Die telegramme, briewe en getekende versoekskrifte sal gegroeper word in byvoorbeeld dié van argitekte oor die land, die van mense uit stede en dorpe in die vier provinsies, die van streke buite en omliggend aan Pretoria en die wat vandag deur die mense op die plein onderteken word.

Mnr. Muller het gesê die Eerste Minister is reeds so besig dat hulle hom nie wil belas deur dit regstreeks aan hom te besorg nie.

## **PRETORIA RUK OP!**

BEELD, 26.7.1975

DIT neem baie om die inwoners van 'n moderne stad te mobiliseer, maat vat jy aan daardie stad se hart, het jy moeilikheid. Dit ondervind die Transvaalse Provinsiale Administrasie nou met die Pretorianers, wat vandag opruk na Kerkplein om te protesteer teen die plan om ses van die historiese geboue te sloop wat om hierdie volksvergaderplek troon.

Dit is meer as net 'n Afrikaner-protes, dit is 'n protes wat oor taalgrense sny. Die plein is elke Pretorianer se eiendom, sy trots, sy heiligdom.

Kerkplein is egter meer as net die eiendom van een stad, dis die heiligdom van die hele volk en van oor die hele land roep stemme op teen hierdie slopingsplan.

Toe 'n Transvaalse koerant 'n opname gedoen het oor die beoogde sloping, het die antwoorde daarteen ingestroom van mense uit elke taal-, geloof- en kleurgroep.

Die saak is eintlik eenvoudig: die Administrasie dink die ou geboue staan op grond wat te waardevol is vir die hoeveelheid kantore wat daarin gehuisves kan word. Toringgeboue is beter. Aan die ander kant dink die gewone burger dat geld nie alles is nie — en dat ons dit wat goed is uit ons verlede moet bewaar, hierdie geboue insluit.

Sestig jaar gelede het vierduisend vroue na die Uniegebou gemarsjeer om te vra dat genl. De Wet vrygelaat word. Hierdie keer is die vroue weer vooraan. Op bladsy drie, dus, MARTIE RETIEF aan die woord.

## GEE KERKPLEIN TERUG!

deur MARTIE RETIEF, Beeld, 26.7.1975

VANDAG sal Kerkplein in Pretoria gebruik word vir wat hy eintlik moet wees: 'n stadsplein.

Want duisende mense word vandag op die plein verwag om die versoekskrif te onderteken waarin hulle vra dat die historiese Wesfasade gered moet word.

Die versoek word aan die Eerste Minister gerig. Dit kom daarop neer dat die mense van Pretoria — én elders — die Eerste Minister gaan vra om 'n besluit wat hy geneem het, te herroep.

Die besluit is om sewe geboue aan die Wesfasade — die hele westekant van hierdie wonderlike plein — te sloop.

Die geboue is die Nederlandsche Bank, die Law Chambers, die ou Cafe Riché, die ou Poskantoor, die Nasionale Bank en Munt (waarvan pres. Paul Kruger die hoeksteen gelê het) en ook die Kirkness-gebou, 'n argitektoniese voorbeeld van die laaste dekade van die vorige eeu en die eerste van die huidige.

'n Kerkpleinkomitee onder voorsitterskap van mnr. G. S. Pool, Adjunk-sekretaris van Openbare Werke, het besluit om Kerkplein te vergroot en hierdie sewe geboue te sloop sodat nuwe provinsiale geboue en 'n poskantoor aan die plein kan staan.

Die plan word gesteun deur die Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk, die Minister van Gemeenskapsbou, mnr. A. H. du Plessis, en die Eerste Minister.

Die Minister van Nasionale Opvoeding, sen. J. H. van der Spuy, het nooit aan die openbare debat deelgeneem nie.

Die nuwe beplanning vir Kerkplein sluit o.m. 'n ondergrondse busterminus in. Ook is heel onlangs verwys na 'n amfiteater wat blykbaar die voorstel van 'n paar argitekte was. (Pretoria het natuurlik reeds 'n uitstekende amfiteater — by die Voortrekkermonument).

Sedert 1900, toe Kerkplein 'n tremterminus geword het, funksioneer die plein nie meer as 'n stadsplein nie — nie in die sin dat mense soos op 'n helderoordagse skemerpartytjie met mekaar kan verkeer nie. Net amptelike geleenthede soos volksfeeste en parades word hier gehou.

Toe dit rugbaar word dat die Wesfasade gaan verdwyn, het die Stigting Simon van der Stel en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede begin pleit vir die behoud van die geboue.

Die Stigting het 'n plan opgestel om te toon hoe die sewe geboue met 'n geringe verandering aan Kerkplein (die ringstraat moet verdwyn

om plek te maak vir grasperkte, gruispaadjies en groot witstinkhout-bome) die plein weer as stadsplein herstel sal word. Kafees in die geboue en op die plein en kunslokale en winkels sou mense weer na die plein kon lok.

Maar nóg die Stigting nóg die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het statutêre magte en die stryd is dus verydél toe die Pool-komitee se besluit uiteindelik aanvaar is.

Die vraag bestaan nog of hierdie besluit wel geldig is in regsterme omdat dit nie bewys kan word dat die statutêre komitee, wat alleen vir verandering op Kerkplein kon besluit, wel grondwetlik vergader het nie.

Intussen het die gedagte ontstaan dat 'n Burgerkomitee ook moet probeer om die Wesfasade te red.

Uiteindelik is so 'n komitee gestig en met name soos Mimi Coertse, mev. Johanna Raath en mev. Betsie Verwoerd het die poging om die Wesfasade te red 'n nuwe momentum gekry. Dit het uitloop op die groot vergadering wat vandag op Kerkplein gehou word.

Die plan klink dalk ietwat dramaties, maar dit vind aanklank in 'n ou gebruik. Dr. Hermann Rex, Argivaris van die Hervormde Kerk en 'n kenner van Kerkplein-argitektuur en -geskiedenis, vertel dat die burgers in die ou Republiek dikwels op die plein voor die raadsaal vergader het om „memories” op te stel. Hierdie pleitskrifte was dikwels gevreesde dokumente in die Raadsaal en lede was immer bedag op die woelinge op die plein.

Wat het eindelijk die openbare gevoel so sterk gemaak oor Kerkplein se westelike deel? Is die Pretorianers nie self skuldig aan ongeërgdheid oor hul stad om nou eers so sterk te wil optree nie? En hoekom moet die Wesfasade gered word?

Die Wesfasade hoef natuurlik nie te bly staan nie. Die geboue kan beslis nie groot staatsafdelings huisves nie en om watter rede die plein ook al vergroot moet word, sou dit natuurlik die goedkoopste utiweg wees om hierdie geboue te vernietig.

Die amptenare wat vir die sloping gestem het, glo dat stadsontwikkeling gestuit word en dat dit beter is om die provinsiale afdelings te sentreer in een gebied. Ook dink hulle die behoud van die ou geboue is 'n geldelike las.

By monde van die Administrateur is ook gesê dat die sewe geboue in ieder geval nie die argitektoniese waarde het van bv. die Raadsaal en die Paleis van Justisie of die Reserwebank nie.

Maar hier het hy oorweldigende teenstand. Dié vir die Wesfasade pleit dat die hele groep saam 'n geweldig indrukwekkende argitektoniese waarde het en as net die Raadsaal en die Paleis van Justisie moet oorbly, sou hulle as anachronismes afsteek teen die moderne geboue wat die plein dan sal omsoom.

Bowenál pleit die mense vir die behoud van Ou Pretoria, Kruger-Pretoria en later Besetting-Pretoria wat sy hoogtepunt in 1961 as Triomf-Pretoria met Republiekwording bereik het.

Kultuurhistories gesien, meen dr. Rex dat daar nêrens in Afrika so 'n konsentrasie van „Europa” bestaan nie. Die tydvak verteenwoordig die merkwaardige boukuns van die einde van die vorige eeu toe argitekte oral teruggediep het in die verlede om as't ware te speel met style. Vandaar die herinneringe aan Amsterdam, Brugge, Ghent, Brussels, selfs Venesië en Edinburgh — die name van die bouers, beeldhouers en argitekte bevestig dit: — Sytze Wierda, De Zwaan, Kirkness, Van Wouw, Soff, Nottingham, Hawke, Sladdin en Emley.

Die beskuldiging aan die owerheid is o.m. dat die afbreek van die geboue sal wees soos die neiging elders in Afrika om die Europese erfenis, hetsy 'n koloniale bewind al dan nie, uit te wis deur die geboue en standbeelde plat te slaan.

In 'n tyd van geldnood soos nou is die geboue bruikbaar en derhalwe van meer waarde staande as plat.

En ten slotte, en stellig die feit wat die ergste beskuldiging teen die slopers is: Die nuwe geboue sal nie op die terrein van die huidige sewe staan nie. Dit word net agter dié gebied beoog.

## **SLOPINGS SAL MILJOENE KOS**

deur WILLEM-JAN PRINSLOO, Hoofstad, 26.7.1975

DIE belastingbetaler in Suid-Afrika sal meer as R160-miljoen rand moet opdok indien daar voortgegaan word met die oprigting van die beoogde nuwe gebouekompleks op Kerkplein.

'n Aardige bedrag van R35-miljoen, is hierby ingereken wat betaal sal moet word om die bestaande vloer ruimte van die ou historiese geboue, wat nou in die gedrang is, te vervang.

Dié skokkende syfers is deel van die sloplingsplan waarmee Pretorianers en die ganse land gekonfronteer word.

Mnr. Piet Muller, voorsitter van die Burgerkomitee vir die behoud van Kerkplein, sê 'n bourekenaar het hom meegedeel dat dit ruim R35-miljoen sal kos om dieselfde akkommodasie te verskaf as wat die paar ou geboue op die plein tans bied. Dit is net die bruikbare waarde van hierdie geboue.

„Die vervangingswaarde is nie bepaal nie. Tog 'n aardige bedrag om sommer te sloop, en dan kla ons oor kostestyging.

„Daarby verg hierdie geboue niks méér onderhoudskoste as enige ander moderne gebou nie, intendeel, moderne geboue is energie-afhanklik en hierdie ou geboue nie. Onthou ons beweeg in 'n tyd van energiekrisis“, het mnr. Muller gesê.

Oor die moontlike gebruik van hierdie ou geboue ten einde dit bruikbaar te maak en lewe na Kerkplein te bring, het mnr. Muller die volgende plan voorgestel:

Die ou Nederlandse Bank-gebou kán, met behulp van nuwe beplanning, gebruik word as permanente en wisselkunsuitstalling-sentrum met daarnaas 'n ruimte onder bome vir opelug-uitstallings.

### **HOTEL**

Die Law Chambersgebou kan gebruik word vir inligtingsdiens oor Pretoria. Dit kan ook ingespan word — veral die vensters — vir museum-uitstallings en besienswaardighede in Pretoria en die Republiek, en voorts kan die gebou gebruik word as ruskamers en toilette.

Die pragtige ou Cafe Richégebou kan gebruik word as 'n hotel of kantore in die boonste deel of as 'n restaurant. Die onderste gedeelte kan benut word as kafee wat op die Plein uitloop of as opelugkafee.

Die Poskantoor bly dieselfde met alle toonbankdienste en openbare telefoondienste.

### **MUNT**

Die Nasionale Bankgebou kan in die bo-deel daarvan gebruik word as 'n poskantoor-museum, posseëlmuseum en onder, 'n tak van 'n handelsbank, winkels en reisagentskap.

Die ou ZAR-Munt kan baie nuttig gebruik word. Die boonste gedeelte daarvan kan gebruik word vir permanente uitstallings in verband met die

Transvaalse Goudvelde en Munt-versameling, terwyl die onderste gedeelte as reisagentskap, winkel, koffiekroeg met 'n opelug plein-kafee benut kan word.

Die Kirknessgebou is ideaal vir stokperdjieuitstallings terwyl die onderste gedeelte handig benut kan word vir winkels en reisagentskappe.

### **MOTORS**

„As die St. Markusplein in Venesië as voorbeeld geneem word, dan skeel daar niks met die voorstelle om ook ons Kerkplein te omskep in 'n groot toeriste-aantreklikheid nie. Inteendeel dit is in die belang van almal om lewe na die Plein terug te bring,“ het mnr. Muller bygevoeg.

Volgens hom moet motors en busse beperk word sodat die plein 'n voetgangersgebied word. Ná vandag se groot opmars, sal die toekoms van Kerkplein in die weegskaal bly — totdat daar moontlik opnuut oor besin word . . .

## **M.E.R. SE PLEIDOOI OM KERKPLEIN**

HOOFSTAD, 26.7.1975

VANOGGEND vroeg toe die rookmis nog laag oor die stad hang, het die eerste mense op Kerkplein reeds opgedaag en stelling begin inneem vir vandag se groot dag.

Vandag is daar met mening geveg vir die behoud van die historiese geboue rondom Kerkplein. Dis 'n dag wat lank onthou sal word en wat sekerlik in die annale aangeteken sal word as een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van Pretoria.

Om tienuur het Kerkplein reeds gepak gestaan van mense wat van oor die hele land kom. Mnr. Adriaan Mocke en mnr. J. van Eeden wat met 'n pleitskrif met honderde naamtekeninge van Swellendam in die Kaap af gekom het, is met 'n luide applous verwelkom en van die bejaardes het bewoë die pleitskrif se bewoording, opgestel deur die bekende Afrikaanse skryfster. M.E.R. (sy word vanjaar 100) aangehoor.

'n Brief wat M.E.R. aan die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk rig, lui só: „As u die geboue nog ter elfder ure kan red, sal die volk u eer. Vir ons as Swellendammers is president Kruger se Kerkplein ook kosbaar . . .“

## **BEWAAR DIE BAKENS VAN ONS HERKOMS**

**(PLEIT HANS ABRAHAM, VOORMALIGE KOMMISSARIS-GENL. VAN DIE TRANSKEI EN OUD-L.V.)**

HOOFSTAD, 26.7.1975

„KERKPLEIN dra 'n belangrike stempel van ons geskiedenis wat net so min kan en mag vernietig word as wat die Britse Trafalgar Square en dit wat rondom hom is, mag vernietig word.“

Só het mnr. Hans Abraham, voormalige Kommissaris-generaal van die Transkei op Kerkplein gesê toe hy die groot aantal aanwesiges oor die behoud van Kerkplein toegespreek het.

„Suid-Afrika begin steeds 'n belangriker plek vul, veral in Afrika — maar ook in wêrelddenke. As iemand uit een of ander land, Suid-Afrika besoek, word hy nie wonderlik beïndruk deur die wolkekrabbers van ons stede nie, behalwe dat hulle dit sien as 'n teken van voorspoed en welvaart.

„Maar in hulle eie lande is hulle daaraan gewoon aan hierdie soort geboue en word hulle nie meer sodanig beïndruk nie.

„Hulle vra egter om meer te sien van die bakens van ons herkoms as 'n volk hier in Suid-Afrika,“ het mnr. Abraham gesê.



Mnr. Hans Abraham, Oud-L.V. en -Kommissaris-generaal, een van die hoofsprekers, Kerkplein, 26.7.1975.

Foto: Hoofstad

## DIE SAAK RAAK ALMAL, SÊ DR. WILLEM PUNT

HOOFSTAD, 26.7.1975

DR. WILLEM PUNT, historiese adviseur van die Stigting Simon van der Stel het gesê dat Kerkplein, Afrikaans- sowel as Engelssprekendes en immigrante, histories en esteties raak.

„Die burgers van Transvaal en Suid-Afrika is trots op hul historiese plein en wil dit soos nou, ongeskonde vir ons nasate bewaar. Tog is daar persone in ons midde wat die Afrikaanse karakter van Kerkplein nie waardeer nie en dit met Amerikaanse hoogbou wil vervang.

„Teen hierdie voorgenome skending verset beide Afrikaans- en Engelssprekende landsburgers hulle. Vandag word ons almal op die woorde uit die volkslied aandagtig gemaak.

„Laat die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe bly“. Al vind hierdie besielende woorde dikwels geen weerklank by sommige burgers en owerhede nie,“ het dr. Punt gesê.

## **DIE LAASTE STRYD**

REDAKSIONEEL, Hoofstad, 26.7.1975

OP Kerkplein is daar vandag veel meer op die spel as die blote behoud of sloping van 'n klompie vorige eeuse geboue wat ondiensbaar geword het vanweë die eise wat 'n moderne en snel ontwikkelende samelewing aan doelmatigheid stel.

Die gevoel bestaan — en tereg ook — dat hierdie geboue van die weinig tasbare verbintnisse met 'n roemryke volksverlede is, wat die twintigste eeuse gejaag na vooruitgang oorleef het.

Daarom beleef ons vandag op Kerkplein die demonstrasie van 'n volksentiment wat nie bereid is om sy verlede te verloën nie.

Dit is ongelukkig dat daar in die lang en uitgerekte stryd oor die toekoms van Kerkplein nuanses van verwyte en van 'n ondoeltreffende hantering van 'n delikate saak ontstaan het.

Wat dit betref, wil ons saamstem met die argument dat geen oortuigende rede tot dusver aangehoor is waarom daar gesloop moet word om plek te maak vir die beplande toringgeboue nie.

Dit is ongelukkig ook so dat daar ondertone van 'n hooghartige en ongenaakbare hantering was waar hierdie redes wel ter sprake gekom het.

In hierdie omstandighede glo ons dit is reg dat mense van hul demokratiese reg gebruik maak om by wyse van petisie die volksentiment aan die Regering te demonstreer.

Ons glo ook daar is goeie rede om te luister na die stemme van verantwoordelike kultuurleiers wat opgegaan het in hierdie laaste poging ter behoud van Kerkplein.

## **SWA SLAP IN FACE FOR SYBRAND ON SQUARE**

by COLLEEN HENDRIKS, Pretoria News, 26.7.1975

THE Administrator of South West Africa, Mr. Ben van der Walt, has pledged support for the preservation of Church Square's historic western facade.

This is to be announced at the mass meeting on Church Square today, which climaxes a vigorous bid to save the facade.

In a telegram to the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, Mr. Van der Walt said: "I support outright, the preservation of the historic facade of Church Square."

The news is expected to cause a stir in Government circles.

Mr. Van der Walt is the first public figure in office to campaign for the preservation of the square.

These views conflict with those of the Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, who says the square's historic facade must go.

Meanwhile, the mass meeting of Church Square got off to a good start this morning with Mrs. A. Boshoff, a daughter of the former Prime Minister, Dr. Hendrik Verwoerd, one of the first to sign the petition.

By 9.15 a.m. "Save Our Heritage" banners were strung across the four entrances to the square, pancakes were being sold by a Voortrekker commando and people began congregating.

A phalanx of policemen were present "to preserve order" from 9 a.m. today, but last night they refused to put a man on duty to guard loudspeakers which had been installed.

The Pretoria News eventually arranged for a night watchman to guard the equipment.



Lank voor 10 vm. op Saterdag, 26.7/1975 het die Pretorianers en besoekers van elders rondom de standbeeld van pres. Kruger op Kerkplein begin saamkom. Sommige van die bedreigde historiese geboue van die wesfasdade op die agergrond  
Foto: Oggendblad



## 5 000 PROTEST IN PRETORIA

SUNDAY TIMES, 27.7.1975

THE SPIRIT of Paul Kruger dominated the meeting at Pretoria's Church Square yesterday when thousands of people added their support to the growing movement to save the buildings on the square's west side.

The shadow of his statue fell on many of the 5 000 who came to protest against the demolition of eight buildings, described by speakers as "historically irreplaceable".

The official plan is to demolish eight buildings on the west side, leaving the old Raadsaal (Kruger's Parliament) and the Palace of Justice opposite, with tall modern provincial buildings along the road between them.

Thousands of signatures against the plan were collected as people milled about the square, pancake and coffee tables. The old Transvaal Vierkleur was paraded round the square, with signs which asked the Administrator: "Sybrand, what are you doing?"

Speakers who were born in the old South African Republic pleaded that the courage of those who sank their roots in the Transvaal in the last century should be commemorated by the buildings.

Calls were made for people to move into the buildings before the bulldozers, and refuse to leave.

Though the beauty of some buildings was commended, their importance was considered to be historical.

The Administrator has already said that unless new argument were given at the protest, it would be pointless.

Dr. Herman Rex, the archivist, said that even the smaller, less imposing buildings were historically important. In one there was the only work of sculptor Anton van Wouw, who sculpted important works for the bigger buildings, but these have been removed.

Petitions, telegrams and letters will be collected and sent to the "final appeal judge" — the Prime Minister.

### OPSAAL!

by Fleur de Villiers, Sunday Times, 27.7.1975

The Voortrekker spirit flickered in the north this week. Over in Pretoria something strange — a dim memory perhaps of the time when protest ran strongly in the veins, and broeder thumped broeder with a point of principle — has been stirring in the heart of the volk daarbuite.

### OPSAAL!

Yesterday it all reached a grand climax with the first demo the capital has seen in many a long, conforming day. At the feet of Oom Paul, nog

To the cry of "opsaal boere, the bulldozer cometh", verligte and verkrampste joined hands against demolition expert Mr. Sybrand van Niekerk, Administrator of the Transvaal, and in defence of Church Square. There were petitions and pannekoek, public personalities and vigorous protest. It was a saamtrek in the old tradition.

Wisely perhaps, Mr. Van Niekerk was conspicuous by his absence. Following a long-established political tactic that you have only to ignore the unpleasant and it will go away, he showed a preference for the wilds of South West Africa to the wilder of South West Africa to the wilder life that had suddenly invaded the capital.



Die mosie vir die behoud en restourasie van die wesfasade word gestel deur voorsitter Piet Muller en met die opsteek van hande (feitlik eenparig) aanvaar. Reg agter die reuse skare kan die Tudor-gebou ontwerp in Neo-Gotiese boustyl en in 1904 vir sakedoeleindes opgerig, gesien word. Hierdie Kerkplein-gebou is beslis ook bewaringswaardig en is aanvullend tot die gebou van die wesfasade.

Foto: Oggendblad

Nevertheless, it has taken 10 years since the threat against the square first emerged, for Pretorians to reach such a pitch of righteous indignation that they took to the streets. Now they are there they might just discover that a little demo is not a dangerous thing, and develop an un-Pretorian taste for protest. If so, life for South Africa — and Mr. Van Niekerk — might never be quite the same again.

Square dancing just might become a habit.

## Tienduisend sê: Los ons Kerkplein! PRETORIA IN OPSTAND EN HELE LAND STEUN HOM

RAPPORT, 27.7.1975

SOWAT het Suid-Afrika nog nie beleef nie: die reuse-protas van gister in Pretoria, vir die behoud van daardie historiese geboue aan die Kerkplein.

'n Geskatte skare van tienduisend het van tussen halftien die oggend tot kort voor twee — vier uur lank — in 'n bestendige stroom na en deur die plein gevloei.

'n Nuwe argument het onbetwisbaar bygekome wat die Transvaalse Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, die sloping van die Kerkplein se wesfasade sou kan laat heroorweeg. Daar is by Suid-Afrikaners nou 'n wil om te bewaar, wat sou kan oorslaan in 'n woede as aan daardie geboue gevat word.

Die pleidooie-stroom kom van oor die hele land. Mnr. Piet Muller, voorsitter van die Burger-komitee, het gisteraand aan RAPPORT gesê dat daar 6 072 handtekeninge gekry is, 32 briewe, 151 telegramme van argitekte, 1 449 telegramme van ander mense, en telegramme van instansies en groepe wat 1 051 persone verteenwoordig.

Daarby was daar spreker op spreker wat vorentoe gekom, en uit die hart gepleit het., (Lees ook die berig op bl. 3.)

Wie nou nog nie die gevoel besef wat oor die behoud van die wesfasade posgevat het nie, is moedswillig blind, het mnr. Willem Punt jr., direkteur van die Stigting Simon van der Stel, aan RAPPORT gesê. Gister se bewys was oorweldigend.

Nadat die Stigting se stryd van die afgelope tien jaar volgens alle aanduidings verlore was, het die Burgerkomitee vir die Bewaring van Kerkplein 'n openbare mening gemonster wat die owerhede moeilik sou kor verontagsaam.

Soos spreker ná spreker — onder meer die oud-voorsitter van die Akademie, prof. Manie de Waal — gedreig het om in die paa van die slopers te gaan stelling inneem, het 'n mens begin voel: daar sou werklik bloed kan loop as daar aan Die Sewe gevat word.

Steun vir die Burgerkomitee het ingestroom van mense uit elke vlak van die samelewing van die Administrateur van Suidwes, mnr. Ben van der Walt, tot die standerd-een-klassie van Volksrust, van M.E.R. tot mev. Betsie Verwoerd, van 1 300 lede van die Transvaalse Onderwysunie, van Mimi Coertse tot prof. Chris Barnard en sy pragtige dogter, Deirdré, wat die hele verrigting bygewoon het.

Mnr. Jan van Wyk, argitek van die Paarlse Taal-monument, het sy steun getelegrafeer. Mnr. Wennie du Plessis het die Transvaalse Administrateur laat weet dat hy hom persoonlik verantwoordelik hou vir die vernietiging van die „plein“.

Mnr. Pieter van der Westhuizen, Kaapse ingenieur wat nou in Pretoria werk, het gesê as die plein geskend word „... dan sal die beskawing regtig by die Hexrivierberge ophou“.

Swellendam, die hart van die dorp geskend deur 'n onnodig verbrede hoofweg, het 'n hartstogtelike gesant gestuur om vir bewaring te pleit: mnr. Adriaan Mocke van die Olyfkranskollege het nie net die versoekskrif met M.E.R. se naam bo-aan kom oorhandig nie, maar meevoerend belowe „As hulle aan daardie geboue vat, is ons dáár.“

„Vir ons Overbergers is die plein van Paul Kruger ook kosbaar,“ het hy gesê.

Uit Worcester het 'n telegram gekom: Bewaar — ons ou hoofstraat is vandag elf motorhawes.

Die argitek Albrecht Holm het geraam dat die slooping van die geboue na die raming van 'n bourekenaar R3,5 miljoen sou kos. 'n Swartman wat verbystap, sê hy het nie geteken nie, „maar daardie is groot geldmors, en mense is honger“.

Politieke bowetone was daar ook.

Die HNP het in die ontevredenheid oor die moontlike slooping 'n voor die hand liggende stok gevind om die Regering by te kom.

Sy hoofbestuur het gisteroggend 'n mosie van protes aangeneem. Dr. Albert Hertzog, mnr. Jaap Marais, mnr. Louis Stofberg was almal in die loop van die oggend onder die skare.

Die uitlees van dr. Hertzog se telegram het van die hardste gejuig van die dag meegebring.

Tromp-op teen politieke skrikmakery het ds. J. P. Claasen van Queenswood gesê: „Daar is mense wat reken dat ons die Eerste Minister en die Kabinet in die gesig vat as ons vra dat hulle besluit om te sloop, herroep.“

„Ek glo dit nie. Ek is trots op ons Eerste Minister. Hy is 'n groot man, en 'n groot man sal die eerste wees om te erken as hy 'n fout gemaak het!“ het die dominee met die angelier in die knoops gat uitgeroep.

„Mooiskóótl!“ was die weerklank uit die plein.

„Daar word gesê dit sal geld kos. Ons is die rykste provinsie in die land. As ons nie 'n paar miljoen hiervoor oor het nie, hoe kan ons sing Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons sal offer, vir jou, Suid-Afrika?“ het ds. Claasen gevra.

Mev. Gwen Pretorius, wat as „gewone Pretorianer“ uit die skare te voorskyn gekom het, het op ander sentiment staatgemaak.

Ons dink altyd aan Johannesburg, „as that rather upstart southern suburb oorkant die bult“, het sy goedtweetalig gesê.

Ons voel altyd, ons argitektuur en dalk ons morals is bietjie beter as die Johannesburgers s'n. Kan ons langer trots bly op Pretoria as dit 'n stad word wie se leuse geword het: Koop en Sloop?

Prof. P. C. Coetzee het hom op pres. Kruger beroep en gesê soos die President by geleentheid by die opening van 'n gebou: Geboue is die wortels van 'n volk. „Ek beroep my op die President as ek sê die owerheid het geen reg om 'n byl of 'n graaf aan die wortels van ons volk te lê nie,“ het die professor namens die Genootskap Oud-Pretoria gesê. (Hy is onder-voorsitter.)

Die band met die geskiedenis van Ou Pretoria wat deur die ry geboue verteenwoordig word, is deur spreker ná spreker opgehaal — op sy mees breedvoerige deur dr. Hermann Rex, op sy mees bewoë deur „oom“ De Beer. „As hulle vir Oom Paul hier vat en hulle gooi hom in die see, wat bly oor? Ons wil die standbeeld van Oom Paul op die

square hou en ons wil nie met die square laat peuter nie — ekskuus as ek hier en daar 'n Engelse woord sê, maar ek kan sewe tale praat."

„Oom" De Beer het ook 'n draai gemaak by die Engelse wat „sokkies vol luse" op onse mense gegooi het, sonder dat die luis heeltemal presies by die lysie gebring kon word.

Die argitekturstudente van U.P., hul professor, Alewyn Burger, prof. Piet Nel, voorsitter van Pretoria se Kultuurraad, die Christelike Kultuurakademie, die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, die Departement Geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat, die Historical Society van Johannesburg, honderde private mense... die stroom van protes teen die sloping en aanmoediging vir die bewaarders was oënskynlik sonder einde...

Prof. Anna Neethling-Pohl kom ook aan. Gaan sy dalk praat? „Nee," sê sy, „ek is te hartseer. Ek het al te veel sien verlore gaan. Ek het niks hoop nie."

Ten slotte was daar die argument van Hannes Horne, toneelman: As die owerheid hom aan die protes van enkeles kon steur en die Kottler-beeld van die muur van die Bevolkings-registrasiegebou kon aphaal, sal hulle werklik nie nou na hierdie protes van duisende luister nie?

Die son steek. Die mense maal. Oorkant die plein wag die terdood-veroordeeldes.

## BURGEMEESTER (EN GERT BEETGE) SÊ NEE

RAPPORT, 27.7.1975

HY wil nie op die draad sit as dit by die behoud van die westelike geboue van Kerkplein kom nie, het die burgemeester van Pretoria, mnr. Klasie Coetsee, aan RAPPORT gesê.

Hoewel Kerkplein eintlik buite die jurisdiksie van die stadsraad val, voel mnr. Coetsee tog hy wil as eerste burger van Pretoria sy sê sê, want dis vir hom as inwoner belangrik dat Kerkplein se geboue net so gehou moet word

Volgens die burgemeester het Pretoria só min ou geboue wat werklik verband het met die verlede, dat 'n mens die paar wat nog daar is, amper emosioneel vir ons en die nageslag behoue wil laat bly.

„Behalwe die paar geboue om Kerkplein wat in hierdie kategorie val, kan ek, as ek nou so vinnig dink, skaars aan vier ander geboue dink. Hulle is Melrose-Huis, Paul Kruger-Huis en -Kerk, en Bosmanstraat se Kerk."

„Dis al wat Pretoria nog het en ek voel om een van hulle te vernietig, is werklik om iets te vernietig waarop ons nasionale trots gebou is," het die burgemeester gesê.

Volgens hom kan 'n mens nie hieroor argumenteer in terme van geldelike waardes nie. „Dis vir jou 'n saak van die hart en geld of grondwaardes of wat ook al kan nie hier 'n rol speel nie."

As gedink word aan oorsese stadspleine waar die inwoners met groot trots die omliggende geboue aan besoekers wys, en die feit dat besoekers aan Pretoria Kerkplein nog steeds in dieselfde lig sien, „dan is dit vir my moeilik om te bedink dat ons verder aan die kultuur-historiese waarde van ons plein sou wou raak", het mnr. Coetsee gesê.

Suid-Afrika se bouers het ook NEE gesê vir die sloping van die geboue.

In 'n verklaring wat deur mnr. Gert Beetge, hoof-sekretaris van die Blanke Bouwerkersvakbond, op Kerkplein aan RAPPORT gegee is, sê die vakbond dat bouwerke en die oorblyfsels van bouwerke van die ver- naamste dinge is waarvolgens beskawings beoordeel word.

As daar 'n bepaalde tydperk in 'n volk se lewe min of geenbou- werke bestaan nie, is dit haas onmoontlik om 'n behoorlike waarde- bepaling van daardie tydperk in 'n volk se lewe te maak.

Dit moet ook geld as 'n aanklag teen daardie volk as hy toelaat dat die bouwerke uit sy verlede almal gesloop word, want dit getuig van sy minagting vir sy herkoms. Dit openbaar sy kultuur-armoede.

## OP KERKPLEIN ,KAN 'N BOER WEER ASEM SKEP'

RAPPORT, 27.7.1975

„ONS weier om 'n volk van stootskrapers en ,skyscrapers' te word,“ het oud-min. Daan de Wet Nel gisteroggend aan die voet van Pretoria se Krugerstandbeeld gesê.

Kerkplein het 'n volkstempel geword. „Hier kan 'n Boer weer asem skep. Ons kyk om ons en sien die sierlike fondamentstene van ons volk se arbeid aan sy toekoms,“ het hy gesê.

„Maar nou hoor ons die gedreun van stootskrapers en met ons geestesooë sien ons al die aasvoëlvlerke van die ,skyscrapers' wat 'n aanslag wil maak op 'n deel van hierdie heiligdom van ons volk,“ het die oud-Minister onder geesdriftige toejuiging gesê.



Mnr. M. C. de Wet Nel, Oud-Minister in die Verwoerd-kabinet en Oud-Kommissaris-generaal van die Vendavolk, was een van die hoofspreekers wat die eerste aan die woord gestel is. Heel regs op die foto mnr. Piet Muller, wat hom as voorsitter van die reuse byeenkoms uitstekend van sy taak gekwyt het. Links staan dr. Tom Dunston en sy eggenote, kunstenaress Lola Dunston, in die tou om die pleitskrif te onderteken. Dr. Willem Punt luister na mnr. De Wet Nel se toespraak en agter staan mnr. Willem Punt en dr. Rex half verskuil.

Foto: Fotograaf P. R. Nel, Burgerhof, Pretoria. Tel. 23176

Mnr. Hans Abraham, kleurryke oud-politikus, het gesê dat daar in ons land 'n slopingswaansin ontwikkel wat 'n mens se asem soms laat wegraak. Ons vernietig om weer te kan bou en dan weer te vernietig om weer te kan bou.

„Dit wil vir my as leek voorkom of ons argitektonies op die trekpad is en elke tien jaar wil vernietig wat ons die vorige dekade opgerig het,” het hy gesê.

En dan kla ons oor woningnood en gebrek aan kantoorroimte.

As 'n mens se moeder oud geword en haar gesig verplooï geraak het, dan kap jy nie haar kop af omdat sy nie meer so mooi is as wat sy was toe sy jonk was nie.

### WAARDIGHEID

En as dit moontlik sou wees, sal jy ook nie probeer om 'n kopoorplanting van 'n jong nooi op haar uit te voer nie, want dan sal sy nie meer jou moeder wees soos jy haar geken het nie.

Nee, as jy haar liefhet, sal jy haar met raad en daad bystaan om op haar oudag die skoonheid van die ouderdom met waardigheid te laat ontplooi rondom haar gryse wysheid.

So moet ons ook doen met hierdie gryse ou geboue rondom Kerkplein

Mev. Johanna Raath, voorsitster van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, het in 'n kort toespraak gesê dat ons op Kerkplein nie kom protesteer, betoog of demonstreer nie. „Ek het gekom omdat ek geroer is,” het sy met rollende rre gesê.

„Ons glo dat die opregtheid van ons bedoelinge opgeneem in die pleitstukke wat ons hier kom teken, ook ons owerhede sal roer.

„Ons glo dat die wil tot heroerweging van 'n besluit wat geneem is, nie verneder nie, maar verhoog,” het sy gesê.

Dr. Willem Punt, een van die land se bekendste bewaarders van historiese geboue, het gesê dat die burgers van Transvaal en Suid-Afrika trots op hul historiese plein is en dit ongeskonde vir ons nasate wil bewaar.

Tog is daar persone in ons midde wat die Afrikaanse karakter van Kerkplein nie waardeer nie en dit met Amerikaanse hoogbou wil vervang.

Hy het ook gesê dat die argitektuur van die omringende geboue kenmerkend vir die Republikeinse tydperk is, wat Kerkplein een van die mooiste Afrikaanse pleine in die land maak.

In sy boodskap sê 'n Pretoriase argitek, mnr. Albrecht Holm, dat hy 'n bourekenaar 'n raming laat maak het van wat dit sou kos om dieselfde akkommodasie te verskaf as wat hierdie ou geboue bied — dus wat die bruikbare waarde van hierdie geboue is.

Die bedrag is R3,5 miljoen.

„Tog 'n aardige bedraggie om sommer te sloop, en dan kla ons oor kostestyinging.”

## SÓ LUI DIE MOSIE

RAPPORT, 27.7.1975

DIE pakke telegramme, talle waarvan namens honderd en meer protesteerders was, die bladsye der bladsye van die pleitskrif, word dié naweek getel en ingedeel sodat die patroon van die geweldige reaksie duidelik te lees sal wees, het mnr. Piet Muller van die Burgerkomitee aan RAPPORT gesê.

Dit word vroeg in die week aan die kantoor van die Eerste Minister oorhandig met die mosie:

Hierdie openbare byeenkoms versoek die Regering van die Republiek om toe te sien dat die geboue aan die westekant van Kerkplein, Pretoria, te wete die Ou Nederlandse Bank, Law Chambers, Cafe Riché, Postkantoor, Nasionale Bank, ou Munt, Kirkness-Gebou en die Capital tesame met die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie in hulle geheel op hulle huidige plekke bewaar, versorg en in gebruik gestel word vir doeleindes wat mense na die Plein sal aantrek.

En ten tweede, dat die Plein self herbeplan word vir gebruik deur mense.

## **PLEIN KRUGER SE TOONVENSTER**

RAPPORT, (Tydskrif-Rapport), 27.7.1975

DIE geskiedenis van Kerkplein het in die 1850's begin, maar die Kerkplein soos ons hom vandag ken (en dalk nie meer lank sal ken nie) het eers ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand begin vorm aanneem.

Pres. Paul Kruger het die waarde van die belangrike ontdekking gesien om sy republiek in 'n staat van aansien te laat ontwikkel.

En die plek wat hy die toonvenster van hierdie aansien wou maak, was Kerkplein in Pretoria. Daarom het die plein teen die einde van die vorige eeu begin ontwikkel van 'n plein van pioniersgeboue tot 'n plein van paleise, word gesê.

### **TOONVENSTER**

Hy het daarom ook sy steun toegesê aan die argiteksplanne van die meeste geboue wat gedurende die tyd in sy toonvenster opgerig is.

So het hy self die hoeksteen gelê van een van die mooiste geboue aan die westekant van Kerkplein wat nou gesloop gaan word: Die ou Nasionale Bankgebou.

### **GRONDPLAN**

Kerkplein het „begin ontstaan” in 1854 toe komdt.-genl. M. W. Pretorius, op advies van die bekende ds. Dirk van der Hoff, ingestem het dat 'n kerkplek vir die vyfde Transvaalse gemeente op sy deel van die plaas Elandspoort aangelê kan word.

Dieselfde jaar nog word 'n grondplan vir die Elandspoort-Kerkplaats saamgestel en word dit afgebaken en word die fundamente van 'n Hervormde kerkgebou gegrawe.

In Februarie 1857 word die kerkgebou onder leiding van ds. Van der Hoff van Potchefstroom onder groot belangstelling ingewy. Hierna volg die tydperk waarin daar, op ou foto's wat in besit is van die Pretoriase stadsraad, gewys word hoe ossewaens met Nagmaal laer trek op Kerkplein.

In 1882 vind die eerste „sloping” op Kerkplein plaas, maar 'n mens het geen” hand hierin gehad nie 'n Weerligstraal het die grasdak van die pragtige ou kerkgeboutjie getref en dit tot op die grond laat afbrand.

Maar net drie jaar daarna in 1885, verrys daar op dieselfde plek 'n sierlike toringkerkgebou vir die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria — die eerste van sy soort in Transvaal. Die bouplanne van die kerk is geteken deur Tom Claridge, die argitek wat ook die Krugerhuis ontwerp het.

In 1899 word Kerkplein, tesame met die kerkgebou, aan die regering van die ZAR verkoop vir £50 000, onder die verstandhouding dat die kerkgebou as 'n museum of vir een of ander onderwysdoel gebruik sou word.



## PLATGESLAAN

Maar nadat die Britse magte Pretoria in 1900 beset het, het die kerkgebou ook nie lank gestaan nie. Omdat dit soveel sentimentele waarde vir die Afrikaner destyds gehad het, is daar 'n rede gesoek waarom dit platgeslaan moet word.

Daar verskyn toe 'n berig in die Rand Daily Mail wat sê dat 'n hewige donderstorm die toring van die kerk gekraak het. Kort daarna word dit gesloop.

In 1905 word die voetstuk van Paul Kruger se standbeeld ook afgebreek en verwyder.

Omstreeks 1910 het Kerkplein sy huidige voorkoms gekry toe die stadsraad op voorstel van die argitek W. J. de Zwaan (wat ook die ou Nederlandsche Bankgebou, wat gesloop gaan word, ontwerp het) en mnr. F. V. Engelenburg, die destydse redakteur van De Volkstem, Kerkplein se uitleg vir 'n bedrag van £36 000 verander het.

Die volgende groot gebeurtenis van belang op Kerkplein was die verskuiwing van Paul Kruger se standbeeld van die stasie na Kerkplein („waar dit altyd gehoord het”) in 1954.

Daar is daar die ou Staatsmunt, wat die eerste muntbedryf in die Suidelike Halfronde verteenwoordig. Sy smeedysterhek is 'n verklaarde nasionale gedenkwaardigheid.

Dis is kortliks Kerkplein se geskiedenis in die geheel, maar tog het die meeste van die ou geboutjies aan sy westekant in mindere of meerdere mate saamgegaan en selfs deelgeneem aan hierdie geskiedenis.

Anton van Wouw, die bekende beeldhouer van daardie tyd, en Frans Soff, die ewe bekende argitek van daardie tyd, se vennootskap het begin met die oprigting van nog 'n gebou wat onder die hamer gaan kom. Die Cafe Riché. Hul vennootskap het later vir ons Bloemfontein se Vrouemonument gegee.

Dis dié dat mense sê dat hierdie ou geboutjies aan die westelike fasade saamsaam nie veel vir die Raadsaal hoef terug te staan as dit kom by kultuur-historiese waarde nie.

## ERFGOED

REDAKSIONEEL, Rapport, 27.7.1975

VROEËR vanjaar het 'n aantal waardevolle skilderye van Adolph Jentsch in Suidwes verbrand. Duisende rande se skade, is toe tereg gesê. Maar hul waarde was groter as wat in geld bereken kon word.

Kunswerke van dié aard — skilderye, beeldhouwerk en geboue — is uniek. As hulle tot niet raak, verdwyn iets van die aardbodem af wat nooit vervang kan word nie, ook al treur latere geslagte daaroor.

Die geboue van die wesfasade van die Kerkplein in Pretoria is so iets wat enig in hul soort is. Hulle is nie net mooi nie, maar verteenwoordig 'n stukkie Europese erfenis wat skaars in Afrika is.

Baie mense bekommer hulle oor die toekoms van soortgelyke erfgoed in ander Afrika-lande, soos die grafte van die Trigardttrekkers in Lourenco Marques. Moet sulke dinge maar in ons eie land verlore gaan?

'n Groot deel van die publiek het die afgelope tyd, veral die laaste week, laat blyk dat hy die wesfasade behoue wil laat bly.

Die mense wat dit vra, soek nie konfrontasie met die owerheid nie.

Hulle vra net dat 'n vorige besluit heroorweeg word. Om dit te doen, sal geen teken van swakheid wees nie, maar 'n aanduiding van 'n ope gemoed en eerbied vir die wense van die bevolking.

## SA VOLK KÁN NOG PROTESTEER

OGGENDBLAD, 28.7.1975

SUID-AFRIKANERS het nog nie die kuns om te protesteer, afgeleer nie. Saterdag se geslaagde protesaksie op Kerkplein het dit bewys.

Die volk was toe dáár, Afrikaner, Engelsman en Jood het saam geveg om die behoud van die verlede.

Paul Kruger self sou baie gelukkig wees as hy dit kon sien. Afstammelinge van mense wat hy net geken het as 'n „uitlander-vraagstuk” het die naweek saam met stoere Boere gepleit om die ongeskonde behoud van Kerkplein.

Van Wyk Louw het seer sekerlik iets soos Saterdag se aksie in gedagte gehad toe hy geskryf het dat geen geslag verby mag gaan sonder dat hulle geprotesteer het nie.

„Kerkplein roer die harte van mense,” het die bekende mev. Johanna Raath van die Vrouefederasie gesê. Die funksie het Kerkplein Saterdag vanaf tien-uur tot twee-uur weer vervul.

Oud en jonk was eendragtig. Grysaards uit die ZAR-tydperk, jongmense met lang hare en byderwetse kleredrag en klein kindertjies wat vierkleure geswaai het, het saam geprotesteer.

Vanoor die hele land het hulle gekom na die „hart van Suid-Afrika”, soos oud-minister Daan Nel dit gestel het. Van Swellendam en Tulbagh en Durban en Stellenbosch en die Vrystaat.

Dié wat nie self daar kon wees nie, het boodskappe gestuur of was in die woorde van mev. Betsie Verwoerd „in die gees met julle op Kerkplein”.

Groot kanonne en kenners het ten gunste van die behoud van die wesfasade gepraat. Meer as 150 argitekte het telegramme ter ondersteuning van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein se protes gestuur.

Kort-kort het 'n spreker gedreig: „Die dag as die stootskrapers opdaag om plat te stoot sal ons voor hulle gaan lê” of „Oor ons lewendige liggame sal die stootskrapers moet ry.” Dit het geklink asof hulle dit bedoel.

'n Geskatte getal van meer as 9 000 mense het in die bestek van die vier uur hulle opwagting op die Plein gemaak. Geoordeel aan die applous vir die sprekers was hulle byna sonder uitsondering voorstanders van die ongeskonde behoud van Kerkplein.

Toe die mosie van die Burgerkomitee so skuins ná tien-uur gelees is, was daar geen teenstem onder die menigte te bespeur nie.

Die mosie lui: „Hierdie openbare byeenkoms versoek die Regering van die Republiek om toe te sien dat die geboue aan die westekant van Kerkplein in hulle geheel op hulle huidige plekke bewaar en versorg en ingebruik gestel word vir doeleindes wat mense na die Plein sal aantrek. Ten tweede, dat die Plein self herbepaan word vir gebruik deur mense.”

## KAPENAAR (ADRIAAN MOCKE, VAN SWELLENDAM) SÊ HY SAL VIR PLEIN TRONK TOE GAAN

OGGENDBLAD, 28.7.1975

„VAT aan die historiese geboue dan vat julle aan Suid-Afrika. Ek is bereid om in die tronk te gaan sit vir die geboue.”

Hierdie vurige woorde is Saterdag op die Plein uitgespreek deur die kultuurman van Swellendam in die Kaap, mnr. Adriaan Mocke.

Hy het 'n boodskap oorgedra aan die Burgerkomitee vir die Bewaring van Kerkplein namens die inwoners van Swellendam, „die dorp met 'n hoofstraat wat uit 12 motorhawens bestaan”.

„Staan sterk in die stryd. Ons ken die stryd teen hardkoppige owerhede. Ons is bekend met dom, onplanmatige en verkramppte beplanning,” het hy gesê.

„Die Administrateur is deur die volk daargestel en hy moet aan hulle stem gehoor gee. Julle betaal Sybrand se salaris, hy móét na julle luister,” het mnr. Mocke onder groot toejuiging gesê.

Mnr. Mocke het gesê hy is bereid om voor die geboue te sit tot die stootskrapers en vernietigers verdwyn.

Saam met mnr. Mocke het 'n versoekskrif met 200 handtekeninge van die Afrikaners, Engelse en bruinmense van Swellendam gekom. 'n Brief van die bekende skryfster, M.E.R. aan die Eerste Minister het die pleitskrif vergesel.

Hierdie toespraak van mnr. Mocke het die kruitvat op Saterdag se protesaksie aan die brand gestee. Besadigde akademiëci het skielik vurig geword, en eerbiedwaardige grysaards het hulle bereid verklaar tot lydelike verset.



**Mnr. Adriaan Mocke, skoolhoof van Swellendam. Saam met mev. Susan van Eeden, het hy hom laat ken as 'n vurige en oortuigde kampvegter vir die behoud van ons kulturele erfenis.**

Foto: Hoofstad

## PLEIN SAL MOOI BLY SOLANK HY BESTAAN

deur A. K. MÖLLER, Collinslaan 22, Waverley, Oggendblad (U skryf),  
28.7.1975

Ek was Saterdag seker een van honderde Pretorianers wat ook 'n stem op Kerkplein wou verhef, maar nie die geleentheid daarvoor gehad het nie.

Wat daar gesê moes word, is goed en hard gesê, maar hoe ver die klanke gaan trek, sal nog gesien moet word.

Daar is een puntjie wat na my mening nie genoeg aandag gekry het nie — miskien omdat dit nie so regstreeks oor die bewaring van Kerkplein self gaan nie.

Ek is nie 'n kenner van argitektuur of 'n beoefenaar van die skone kunste nie, maar wys die man wat vir my kan sê wat is mooi en wat is lelik.

Die begrip argitektoniese skoonheid is 'n baie subjektiewe oordeel. Dit is 'n saak wat elkeen vir homself moet uitmaak. Geen argitek of ingeligte oor die argitektuur kan daarop aanspraak maak dat hy alleen weet wat mooi is nie. Hy kan iets net as mooi beskryf deur dit te baseer op sy lewensopvatting en gevoel. Net so kan elke mens in die straat dit doen.

Kyk maar na die straatveër wat die terrein rondom die Plein moet skoonhou. Selfs hy kan sê wat vir hom mooi is — so hard as wat hy wil. Die verskil is net dat hy geen sê het nie.

Dit is die man in die magsposisie wat die sê het, maar hy kan op sy beurt weer vir niemand sê wat is mooi en lelik nie.

Vir my is moderne glaspaleise soos Munitoria en die TPA-gebou onooglike gedrogte, al is hulle in sekere opsigte funksioneel.

Ek weet van skoolgeboue in die stad wat beslis nie na skole lyk nie. Daarby is hulle nie eens funksioneel nie. Hulle is daar omdat iemand iewers net so beïndruk was soos die argitek self oor sy „buitengewone” skepping.

Of die Westelike fasade van Kerkplein afgebreek gaan word of nie, sal dit vir my mooi lyk so lank as wat dit daar staan — al word dit so oordonder deur die glasgedrogte in die omgewing.

Mooi en lelik is na my siening hoe 'n mens daarvoor voel en nie hoe jy daaroor redeneer nie — soos dit in berigte van alle kante in die afgelope twee weke se dagblaaië geblyk het.

## DIE VOLKSTEM

REDAKSIONEEL, Oggendblad, 28.7.1975

DIE sterkste argument vir die behoud van Kerkplein se westelike fasade is die getal mense wat Saterdag daar saamgetrek het.

Pretorianers is mense wat nie maklik opgewonde raak oor wat in hulle stad gebeur nie. Die feit dat hulle só positief op die veldtog om Kerkplein te red gereageer het, moet vir die owerheid 'n aanduiding wees dat hy hier met 'n saak te doen het waarvoor mense sterk voel.

Dit is so dat die steun doelbewus georganiseer is en dat die pers besonder baie aandag daaraan gegee het.

Die ervaring het egter geleer dat as daar geen werklike belangstelling is nie, dit nie kunsmatig aangewakker kan word nie.

## ONS VOLK KAN NOG BAKLEI

DIE TRANSVALER, 28.7.1975

ONS mense het nog nie die kuns om te protesteer afgeleer nie. Saterdag se geslaagde protesaksie op Kerkplein het dit bewys.

Die volk was toe daar. Afrikaner, Engelsman en Jood het saam geveg om die behoud van die verlede.

Paul Kruger self sou baie gelukkig wees as hy dit kon sien. Afstameling van mense wat hy slegs geken het as 'n „Uitlandervraagstuk“ het die naweek saam met stoere Boere gepleit vir die ongeskonde behoud van Kerkplein.

Van Wyk Louw het gewis iets soos Saterdag se aksie in gedagte gehad toe hy geskryf het dat geen geslag verby mag gaan sonder dat hy geprotesteer het nie.

„Kerkplein roer die harte van mense,“ het die bekende mev. Johanna Raath van die Vrouefederasie gesê. Dié funksie het Kerkplein Saterdag van 10h00 tot 14h00 weer vervul.

Oud en jonk was eendragtig. Grysaards uit die ZAR-tydperk, jong mense met lang hare en byderwetse kleredrag en kindertjies wat Vierkleure geswaai het, het saam geprotesteer.

Vanoor die hele land het hulle gekom na die „hart van Suid-Afrika“ soos oud-minister Daan Nel dit gestel het. Van Swellendam en Tulbagh en Durban en Stellenbosch en die Vrystaat.

Dié wat nie self daar kon wees nie, het boodskappe gestuur of was in die woorde van mev. Betsie Verwoerd „in die gees met julle op Kerkplein“.

Groot kanonne en kenners het ten gunste van die behoud van die wesfasade gepraat. Oor die 150 argitekte het telegramme ter ondersteuning van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein se protes gestuur.

Kort-kort het 'n spreker gedreig: „Die dag wanneer die stootskrapers opdaag om plat te stoot, sal ons voor hulle gaan lê,“ of „oor ons lewende liggame sal die stootskrapers moet ry.“

En dit het geklink asof dit hul erns is.

Oral op die plein was tafeltjies geplaas waar mense hulle name kon teken ten gunste van die behoud van Kerkplein. Toe daar teen die aand se kant getel is was daar 6 076 handtekeninge, 32 briewe 1 449 telegramme van individue en 'n verdere aantal telegramme van instansies en groepe wat meer as 1 100 mense verteenwoordig.

'n Geskatte getal van oor die 9 000 mense het in die bestek van die vier uur hul opwagting op die plein gemaak. Geoordeel aan die applous vir die sprekers was hulle byna sonder uitsondering voorstanders van die ongeskonde behoud van Kerkplein.

Toe die mosie van die Burgerkomitee só skuins ná 10h00 gelees is, was daar geen teenstem onder die menigte nie.

Die mosie lui: „Hierdie openbare byeenkoms versoek die Regering van die Republiek om toe te sien dat die geboue aan die westekant van Kerkplein in hul geheel op hul huidige plekke bewaar en versorg en in gebruik gestel word vir doeleindes wat mense na die plein sal aantrek. Ten tweede, dat die plein self herbeplan word vir gebruik deur mense.“

Mense wat wou afbreek was ook daar. Lugtig om betrap te word, het hulle 'n versoekskrif onder die skare versprei. Aan 'n uitdaging om hulle saak voor die mikrofoon te kom stel, het hulle nie gehoor gegee nie.

Die versoekskrif met die name en die boodskappe sal dié week deur 'n vrouefvaardiging na die kantoor van die Eerste Minister geneem word. „Hy is die volk se laaste appèl,” het die segsman van die burgerkomitee, mnr. Piet Muller gesê.

## **„EK SAL TRONK TOE VIR PLEIN’**

DIE TRANSVALER, 28.7.1975

„VAT aan die historiese geboue dan vat julle aan Suid-Afrika. Ek is bereid om in die tronk te gaan sit vir die geboue.”

Hierdie vurige woorde is Saterdag op die Plein uitgespreek deur die bekende kultuurman van Swellendam in die Kaap, mnr. Adriaan Mocke. Mnr. Mocke het 'n boodskap oorgedra aan die Burgerkomitee vir die Bewaring van Kerkplein namens die inwoners van Swellendam, „die dorp met 'n hoofstraat wat uit twaalf motorhawens bestaan”.

„Staan sterk in die stryd. Ons ken die stryd teen hardkoppige owerhede. Ons is bekend met dom, onplanmatige en verkampte beplanning,” het hy gesê.

### **LUISTER**

„Die Administrateur is deur die volk daargestel en hy moet aan hulle stem gehoor gee. Julle betaal Sybrand se salaris, hy móét na julle luister,” het mnr. Mocke onder groot toejuiging gesê.

Mnr. Mocke het gesê dat hy bereid is om voor die geboue te sit tot die stootskrapers en vernietigers verdwyn.

Saam met mnr. Mocke het 'n petisie met 200 handtekeninge van die Afrikaner-, Engelse en Kleurlinggemeenskappe van Swellendam gekom. 'n Brief van die bekende skryfster M.E.R. aan die Eerste Minister het die pleitskrif vergesel.

Hierdie toespraak van mnr. Mocke het die kruitvat op Saterdag se protesaksie aan die brand gestee. Besadigde akademici het skielik vurig geword, en eerbiedwaardige grysaards het hulle bereid verklaar tot lydelike verset.

Prof. Manie de Waal, waardige gewese voorsitter van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, en prof. P. C. Coetzee, onder-voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria was maar twee van die ouer garde wat beloop het om voor die stootskrapers te gaan lê.


## **BRANDNETEL WAG OP ADMINISTRATEUR**

DIE TRANSVALER, 28.7.1975

NOU wag 'n yslike brandnetel op die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk. Oor die 9 000 mense het hulle Saterdag sterk uitgespreek teen die Transvaalse Provinsiale Administrasie se voorstel dat agt ou geboue op Kerkplein moet verdwyn.

Mnr. Van Niekerk sal nou moet besluit of hy die versoekskrifte, wat deur meer as 6 000 mense onderteken is, gunstig gaan oorweeg en of hy by sy „Nee”, gaan bly.

Die mense wat hulle Saterdag uitgespreek het teen die skending van die plein is beslis nie te versmaai nie. Een van hulle is die vrou van



**Prof. dr. P. G. Nel, hoof van die Dept. Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, U.P., voorsitter van die invloedryke en getalsterke Pretoriase Afrikaanse Kultuurraad en hoofbestuurslid van die ewe invloedryke Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA), was een van die hoofsprekers op die Kerkplein-byeenkoms. Langs hom staan mnr. M. C. de Wet Nel en mnr. Hans Abraham, met mev. Abraham en dr. J. Albert Coetzee effens verskuil op die agtergrond.**

**Foto: Fotograaf P. R. Nel, Burgerhof, h/v Minnaar- en Van der Waltstraat, Pretoria. Tel. 23176**

die man wat mnr. Van Niekerk in sy huidige pos aangestel het, mev. Betsie Verwoerd.

Die eerbiedwaardige M.E.R. — vanjaar 'n eeu oud — het van Swelendam af van haar laat hoor. Só ook oud-politici soos oom Daan Nel, oom Hans Abraham en mnr. Wennie du Plessis. Merkwadig genoeg was daar ook 'n telegram van steun van 'n kollega van mnr. Van Niekerk, die Administrateur van Suidwes, mnr. Ben van der Walt.\*

Oom Daan Nel, gewese Kabinetslid, was Saterdag eerste aan die beurt. „Die Plein is die tempel van die volk. Dit is die hart van Suid-Afrika.

„As u vir my sou vra of Kerkplein geskend moet word, sê ek nee, 'n duisendmaal nee. Ons is mos nie geïnteresseerd in stootskrapers en 'skryscrapers' nie?“ het oom Daan pleitend gevra.

Op sy tipiese vurige manier het oom Hans Abraham ook tot die stryd togetree. „Die beeld van Kerkplein is ingewortel in die gedagtes en dáár kan dit nie uitgestootskraper word nie. 'n Man wat wegbreek van sy geskiedenis breek ook weg van sy volk,“ het hy gesê.

„As jou moeder oud geword het en nie meer so mooi is nie, sal jy haar kop afkap en die kop van 'n mooi jong meisie op haar oorplant,“ wou mnr. Abraham weet.

## KARAKTER

„Sekere mense ly aan 'n slopingswaansin. As hulle dan wil sloop, laat die vis-en-skyfie geboue in Kerkstraat-Wes sloop, of die Poyntonsgebou wat lyk soos 'n kort mannetjie met 'n groot sigaar in sy mond. Hou julle hande van Kerkplein af,” het hy gewaarsku.

Klaas Steyn, 'n jong skoolseun, het ook die verhoog betree. „Die jeug word dikwels daarvan beskuldig dat hulle ankerloos is. Is daar 'n beter metode om hulle ankerloos te maak as om hulle geskiedenis te laat verdwyn?” wou hy weet.

Prof. Alewyn Burger, hoof van die Departement Argitektuur, het sy deskundige mening gegee. „Kerkplein is 'n eenheid en moet ongeskonde behou word,” het hy gesê.

Die Argitektuur-studente het hulle professor heelhartig ondersteun. Só ook die Kultuurgeskiedenis- en Kunsgeskiedenis-studente. Hulle boodskap het gelui: „Die jeug wil nie stukkend slaan nie, maar veg vir die behoud van die geboue.”

Mev. Betsie Verwoerd het laat weet: „Met u in die gees op Kerkplein met die vaste geloof dat ons erfenis behoue sal bly.”

„Kerkplein is die simbool van 'n geordende gemeenskap in die Transvaal,” was die argitek Gawie Fagan se boodskap. Mnr. Fagan was die persoon wat Tulbagh gerestoureer het ná die aardbewing van 1969.

„Hou Administrateur persoonlik verantwoordelik,” het 'n mede-administrateur, mnr. Ben van der Walt, laat weet.

Mnr. Ben van der Walt, Administrateur van Suidwes se telegram het verder gelui: „Ondersteun onomwonde behoud van aansig van Kerkplein.” Mnr. Van der Walt was vroeër jare die L.V. vir Pretoria-Wes.

„As iemand wat ou-Kerkplein leer ken het deur my navorsing, steun ek die aksie heelhartig,” het skrywer Leon Rousseau, wenner van die CNA-prys uit Kaapstad laat weet.

Kerkplein het nie net tot die verstand nie, maar ook tot die hart van die volk gespreek. „Bewaar Kerkplein se wesfasade. Suid-Afrikaanse erfenis,” het hartchirurg, dr. Chris Barnard, laat weet.

Sangeres Mimi Coertse het ook van haar laat hoor: „Bewaar Kerkplein se karakter. Dis deel van Pretoria se geskiedenis, Pretorianers het die ou geboue lief,” het haar telegram gelui.

Van oor die hele land en vanaf verskillende instansies het die telegramme ingestroom. Altesaam 150 argitekthe hulle met die protesaksie vereenselwig. Dit was ook die amptelike standpunt van die Transvaalse Instituut van Argitekthe.

Prof. P. G. Nel het namens die Pretoriase Kultuurraad se 210 geaffilieerde organisasies en 100 000 lede gepraat.

● Mnr. Sybrand van Niekerk het gisteraand gesê dat hy nog amptelik met vakansie is en dat hy in dié stadium geen kommentaar te lewer het oor Saterdag se protes op Kerkplein nie.

---

Opm. Dieselfde artikel onder die opskrif **Plein is nou 'n brandnetel** (ietwat verkort) in **Oggendblad**, 28.7.1975



## KERKPLEIN: DINK WEER 'N SLAG

REDAKSIONEEL, Die Transvaler, 28.7.1975

DIE volkstem het die naweek in Pretoria opgeklank dat die wesfasade van die Kerkplein behoue moet bly. Mense soos mev. Betsie Verwoerd, mnr. Ben van der Walt, Administrateur van Suidwes, mnr. Wennie du Plessis en baie ander vooraanstaande Suid-Afrikaners het hul stemme gevoeg by duisende ander Suid-Afrikaners wat 'n paar historiese geboue nie gesloop wil sien nie.

In die lig van die omvang en intensiteit van die protes lyk dit na die aangewese weg dat mnr. Sybrand van Niekerk die saak in heroerweging moet neem.

Die pleidooie-stroom van oor die hele land is eenvoudig te sterk vir enige ander besluit.

## PLEINSTRYD NA PREMIER

BEELD, 28.7.1975

DIE stryd om die bewaring van die Wesfasade van Kerkplein gaan nou na die Eerste Minister gevoer word ná die suksesvolle petisiedag op die plein, wat 'n oloop opgelewer het soos Suid-Afrika nog nooit geken het nie

Saterdag het 6 072 Pretorianers binne vier ure hul name gevoeg by die pleitbesorgers wat vra vir die bewaring van Kerkplein se Wesfasade, of te wel die Sewe Gedoemdes.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein het verder 32 briewe, 151 telegramme net van argitekte oor die hele land, 1 449 telegramme van ander mense, en 1 051 van groepe en instansies ontvang om hul mosie te steun. Dit bring die totaal te staan op 8 745.

Die mosie wat aanvaar is, lui soos volg:

„Hierdie openbare byeenkoms versoek die Regering van die Republiek om roe te sien dat:

● „Die geboue aan die westekant van Kerkplein, Pretoria, te wete die ou Nederlandsche Bank, Law Chambers, Cafe Riché, Poskantoor, Nasionale Bank, ou Munt, Kirknessgebou en die Capitol tesame met die Ou Raadsaal en Paleis van Justisie in hulle geheel, op hul huidige plekke, bewaar, versorg en in gebruik gestel word vir doeleindes wat mense na die plein sal aantrek.

● Die plein self herbeplan word vir menslike gebruik.”

Hy is baie tevrede met die manier waarop dinge Saterdag geloop het, het mnr. Piet Muller, voorsitter van die Burgerkomitee, aan Beeld gesê.

Die petisiedag is juis gereël vir 'n Saterdag omdat dit 'n dag is wat Pretorianers maar sku is om stad toe te gaan en dit duidelik sou wys hoe die wind waai. Anders kon hulle tog binne 'n week in die stad meer as 10 000 handtekeninge ingesamel het, het hy gesê.

Vandeesweek sal die Burgerkomitee al sy gegewens in statistiek omsit, die handtekeninge en telegramme netjies bind in groepe soos byvoorbeeld Pretoria- en buite-mense, verskillende ouderdomsgroepe en instansies. Dit sal dan saam met die mosie ingedien word by die Eerste Minister, mnr. John Vorster, se kantoor.

## AMPSGENOTE IS VIR KERKPLEIN, TEEN SYBRAND

BEELD, 28.7.1975

DIE stryd om die behoud van Kerkplein se wesfasade het nou ook 'n stryd tussen administrateurs geword. Terwyl die man in die middel, mnr. Sybrand van Niekerk, Transvaalse Administrateur, Saterdag in Suidwes vakansie gehou het, het sy „gasheer” en ampsgenoot daar, mnr. Ben van der Walt, volle steun vir die bewaringstryd laat weet.

Die Administrateur van Suidwes het beslis en duidelik laat weet: Hou julle Administrateur persoonlik verantwoordelik vir die slooping. Mnr. Van der Walt is 'n voormalige Pretoriase L.V.

Saterdag het een ding soos 'n paal bo water gestaan: slooping sal geskied letterlik oor dooie liggame. Hulle sal bankvas voor die stootskrapers gaan lê, het party mense gesê.

Die toneelman Hannes Horne het onomwonde gesê as Moses Kottler se beeldegroep voor die bevolkingsregistrasiegebou weggeneem kon word omdat enkelinge gekla het, behoort daar geluister te word na so 'n magspoging soos Saterdag se pleinpetisie.



Mnre. M. C. de Wet Nel en Hans Abraham was twee van die hoof-sprekers op Kerkplein, Sat., 26.7.1975. Die steun van hierdie twee bekende strydrosse en belangrike leiersfigure in die Nasionale Party sedert die dertigerjare was vir die Burgerkomitee 'n riem onder die hart, so ook die steun van dr. Wennie du Plessis, oud-L.V. en -Ambassadeur, administratur B. J. (Ben) van der Walt, oud-L.V. vir Pretoria-Wes en dr. J. Albert Coetzee, oud-L.V. en bekende akademikus en skrywer.

Foto: Oggendblad

## GROOT MAN

Toe dr. J. P. Claasen van Queenswood sê dat die Eerste Minister 'n groot man is en dat 'n groot man die eerste sal wees om te erken as hy 'n fout gemaak het, was daar luide toejuiging.

Soos mense in die verlede saamgetrek het op die plein vir groot oomblikke in die geskiedenis, het hulle weer Saterdag bankvas gestaan toe hulle met die laaste fase begin in wat al landwyd bekend geword het as die Kerkpleinstryd.

Pretorianers het die hele oggend oor die plein gestroom, die petisies onderteken, pannekoek geëet en koffie gedrink. Daar was nooit minder as sowat 600 mense op die plein nie en daar was ook geen skaarste aan manne en vroue wat wou praat nie. Een ná die ander het hulle die mikrofoon oorgeneem, Engels en Afrikaans en selfs 'n Italiaan, ingenieurs en onderwysers, doktore, professore en ook „gewone Pretorianers.”

By die vier ingange tot Kerkplein het groot wit baniere met Bewaar Ons Erfenis en Save Our Heritage vroegoggend al die gemoedere laat hoog loop.

## BOLANDERS

Tussen die skare was regter Hiemstra se seun Recht Hiemstra en Karel Bakker met plakkaat wat vra: „Sybrand, wat máák jy?” Ook klein kindertjies het baniere gedra wat sê Laat My Erfenis Met Rus en Dit Is My Erfenis.

Op die plein was ook 'n handvol Bolanders wat hul gewig by die stryd kom ingooi het, en baie van die meer as 200 telegramme het gekom van dorpe oor die hele Republiek.

So was daar onder meer uit Worcester 120, uit Volksrust 28, uit Durban 360 en uit Swellendam 30. Ook die Olyfkrans-Kollege op Swellendam en die Overbergse Kleurlinggemeenskap het hul volle steun laat weet.

## SKOLE

Mev. Betsie Verwoerd, prof. Chris Barnard, die Christelike Kultuur-aksie, die Departement van Geskiedenis van die Vrystaatse Universiteit, die Krugergenootskap, die Historical Society, mnr. Michal Grobbelaar, die Transvaalse Provinsiale Instituut van Argitekte, dr. P. G. (Seder) du Plessis, dr. Louis Eksteen, mnr. C. R. Swart (voormalige Staatspresident), die Stigting Simon van der Stel, Tafelberg-Uitgewers, mnr. Koos Human en Leon Rousseau (Kaapse uitgewers), die argitektuur-, beeldende kuns- en kunsgeskiedenis-studente van die Universiteit van Pretoria was onder die mense en instansies wat telegramme of briewe gestuur het.

Pretoria se skole het geskitter in hul afwesigheid. Net die Afrikaanse Hoër Meisieskool en Boys High het die Kerkplein-petisie ondersteun.

## VERKAMP

Mnr. Adriaan Mocke, 'n Swellendammer wat die petisie wat M.E.R. daar begin het, kom oorhandig het, het gesê die Bolandse dorpe steun almal Pretoria in sy stryd en sê: „Staan vas.”

„Ons sal gaan tronksit vir hierdie geboue, hier gaan lelike dinge gebeur as die owerhede nie na ons luister nie. Dit sal 'n nasionale aksie wees teen onplanmatige, dom en verkramppte optrede,” het mnr. Mocke gesê.

„Ons wil die wêreld voor wees om agter te wees. Ons ly aan slopingswaan. 'n Man wat van sy geskiedenis wegbreek is 'n man wat van sy volk wegbreek. Stootskrapers is vir lelike ou geboue nie om geskiedenis weg te stoot nie,” het mnr. Hans Abraham, voormalige Kommissaris-Generaal van die Transkei gesê.

Ander kommentaar was:

● As ons nie die plein se eenheid kan behou nie, moet ons maar sloop en in die volgende paar eeue berou hê daarvoor. — Prof. Alewyn Burger.

● Pretoria se leuse is: Koop en Sloop — mev. Gwen Pretorius.

● As julle die Cafe Riché sloop, sloop julle een van die laaste kunswerke van Van Wouw aan 'n Kerkplein-gebou — dr. Hermann Rex.

● Ons hoop dat ons pleitstukke ons owerheid sal roer — mev. Johanna Raath.

## NAAM VIR SO 'N MASSA?

deur MARTIE RETIEF, Beeld, 28.7.1975

EK sou nie mooi weet wat 'n mens so 'n indrukwekkende monsterring soos dié van Saterdag op Kerkplein noem nie. Of pas Vox Populi dalk vir 'n beskrywing?

Die plein het letterlik soos 'n wemelende Wie's Wie daar uitgesien. Almal was daar in persoonlike hoedanigheid, en daarom kon ek mnr. J. Barrie, voormalige Sekretaris van Inligting, raaksien, mev. Ciska Marais, pas terug van reg rondom die wêreld en „ja, natuurlik, moes 'n mens plein toe kom!”

Prof. Anna Neethling-Pohl was daar, rustigbetogend, een van die besondere Mooi Mense daar, nog 'n MM die lewenslustige Deirdre Barnard, al die pad van Durban en vol geesdrif vir die behoud (pa het selfs 'n telegram ondersteunend gestuur), en Judy van Eeden het mahulle van Swellendam se sterk gevoel ewe sterk beaam.

Die plek was vol van argitekté en met twee skrywers in die skare, P. G. du Plessis en Wilma Stockenström, het 'n mens gevoel die skrywers dink aan ander dinge ook, en ek verseker u 'n mens het Afrikaans, Engels én Duits op die gras gehoor.

### MEV. R. ROER

'n Roering onder die skare het gekom toe mev. Johanna Raath, in turkoois baadjiespak en wit hoed, lewenskragtig voor die mikrofoon gaan staan. Sy ook? En hóé! „Ek het nie gekom om te protesteer nie, of om te betoog of om te demonstreer nie. Ek het gekom omdat ek geroer was.”

Mev. R. het ook die hardste mokerhou (by wyse van spreke) vir die demokrasie geslaan toe sy sê die heroorweging van 'n besluit wat geneem is, verneder nie, maar verhoog as dit die volkswil is.

Toe 1 300 onderwysers van Transvaal laat hoor dat hulle die behoud van die sewe geboue steun, toe begin 'n mens voel die volkswil laat nou van hom hoor.

### LOS HUL GOED

Twee kleuters sit in die son en ogies vryf en klou besitlik aan hul plakkaatjies vas. Die een lui (in groen kryt): Bewaar ons erfenis. Die ander: (in swart kryt): Dis myne ook. Onwillekeurig kyk 'n mens na die glaskas agter die Raadsaal en jy wonder of die omies regtig aan dié kinders se erfenis gaan vat.

Elke dan en wan het die toesprake oor die mikrofoon plek gemaak vir jolige marsmusiek (nie We are marching to... nie); maar lekkerder, vir 'n wonder, was die toesprake.

Hans Abraham sê daar waar hy werk in die Poyntongebou voel dit kompleet of hy werk in 'n vet ou man wat op sy rug lê en 'n sigaar rook. Daan Nel, lank gewoon aan die daklyn van Lebowa, spreek hom



**Mev. Johanna Raath, Voorsitster van die S.A. Vrouefederasie en een van die bekendste en mees hooggeagte leiersfigure onder die blanke vroue van Suid-Afrika aan die woord op Kerkplein, 26.7.1975.**

**Foto: Hoofstad**

uit oor die stootskrapers wat plek moet maak vir skyscrapers en daarvan hou hy niks nie.

Intussen stap twee jongmanne met plakkate waarop staan: „Sybrand, wat máák jy daar,” met Oom Paul in Silhoeët, net die profiel van oom Paul wil-wil na dié van dr. Willem Punt lyk.

### **WORCESTER WAARSKU**

En dr. Herman Rex hou ons lank — maar gefassineerd — bevange met sy interessantheide oor die geboue en die mense daaraan verbonde. „Oom” De Beer maak verskoning vir sy af en toe Engelse woord soos Square, maar hy sê ’n resitasie op wat jou laat besef die mense se harte lê vas en diep op dié Kerkplein.

Argitekte praat ook, professore, oom Manie de Waal, emeritus uit die Akademie, en daar is ’n dankbare en bewonderende sug toe die steuntelegram van Taalmonument-argitek Jan van Wijk gelees word. Ook laat baas-restoureerder Gawie Fagan van hom hoor, en Worcester waarsku dat die stootskrapers by hulle in die hoofstraat begin rol het, en nou sit hulle met twaalf motorhawens.

Altesame tienduisend mense het deur die loop van die dag die plein aangedoen, amper soveel het geteken vir die behoud.

Nou vra u wat noem ’n mens so ’n vergadering? My verstand gaan staan mos botstil by: Vox Populi?

### **WAAR STAAN PA?**

Marietjie du Plessis het Saterdag op die ouderdom van twaalf ’n „demo” in bewaring geword. Dit kom daarvan as ’n mens se ouers langs oom Piet Muller woon.

Maar sy het moedig Kerkplein toe gegaan om pannekoek te bak. En moed het sy nodig gehad. Nie alleen was die toue bitter lank nie, maar ’n swerm bye het op die pannekoektafels toegesak en sommer so koekend om die pannekoeke in die mense se hande verder beweeg.

Die mense agter die stofies het kopgehou en daar was geen ongevale nie.

Maar Marietjie se triomf was nog groter. Wat Oom Piet Muller nie kon regkry nie, het sy. Pa het plein toe gekom.

En waar staan Pa nou?

Pa, wat uit die aard uit gewoonlik die ander kant kies, kies toe die Westekant.

## **EERBARE UITWEG**

REDAKSIONEEL, Beeld, 28.7.1975

DIE merkwaardige byeenkoms Saterdag op Kerkplein laat min twyfel dat die owerheid die eerbare weg sou volg indien hy sy besluit herroep om die historiese wesfasade van die plein te sloop.

Kerkplein is nie sommer net nog ’n plein nie; daarvoor is dit té nou verweef met die Afrikaner se vryheidstryd en met Republiekwording.

Die bewaarders het reeds sinvolle planne aan die hand gedoen wat die bewaring van die sewe westelike geboue regverdig. Daarteenoor is nog net vae planne geopper wat in elk geval die karakter van die plein onherkenbaar en onherroepelik sou verander.

Nou het ’n bykomende sterk faktor bygekome: die monsterring van die volkswil, soos Saterdag se oploop getuig.

Die herroeping van die besluit sou nie verneder nie, soos mev. Johanna Raath beklemtoon het, maar die owerheid se aansien verhoog.

## PM 'HAS DECIDED BUILDINGS MUST GO'

by KETH ABENDROTH, Rand Daily Mail, 28.7.1975

THE Prime Minister, Mr. Vorster, has given his personal instruction that buildings on the western side of Pretoria's historic Church Square must be pulled down.

I learnt in Pretoria yesterday from a top Public Works Department source that Mr. Vorster had made it clear that he was not interested in emotional movements aimed at saving the west side of the square.

Thousands of rands have already gone into the initial planning of tower blocks to replace the present buildings.

My source told me the Prime Minister had reacted to a comprehensive breakdown of the situation from his top architectural advisers.

Neither the Prime Minister nor the Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, were available for comment yesterday.

But the official feeling is that the movement to save this side of the square has "got out of hand and become an irrational, emotional issue".

All the movement aims at saving are the Post Office building on the north-western side of the square, the old Cafe Riché, Law Chambers and the Netherlands Bank building on the south-western side.

The Post Office building is the concern of the Public Works Department. The other buildings are to be pulled down by the province to make way for extensions to the multi-headquarters building.

My source told me it had been decided to go ahead with the demolition — with the firm approval of the Prime Minister — for various reasons

It was felt the Post Office was of no particular historic, architectural or latter-day functional value.

While the Cafe Riché, the old Netherlands Bank and Law Chambers buildings were imposing, they were facades only of an architectural style still found in other historically valuable buildings in South Africa.

On Saturday 7 000 people gathered at the square to sign a petition.

The two main speakers were both former members of the Verwoerd Government,

The main address was given by Mr. Hans Abraham, retired Commissioner-General of the Xhosas.

With him was Mr. Daan de Wet Nel, former Minister of Bantu Administration and Commissioner-General of the Venda.

## WILL THEY BE HEARD?

EDITORIAL, Rand Daily Mail, 28.7.1975

SOME 10 000 people, including such prominent Afrikaners as Dr. Willem Punt and former minister Daan de Wet Nel, protested in Church Square, Pretoria, on Saturday against proposed demolition of historic buildings on the square's West side. Others, like Mrs. Betsie Verwoerd, sent messages to support them. It will be interesting to see if this formidable demonstration has any greater impact than the protests against the new Censorship Act or the Garden Route freeway. Or is the official attitude still: take the decisions and to blazes with what the people want?

## REGERING HET OOR PLEIN BESLUIT

HOOFSTAD, 28.7.1975

DIE man teen wie die gramskap van die anti-slopers van Kerkplein gemik is, mnr. Sybrand van Niekerk, is eintlik net die man-in-die-middel.

Die besluit oor die sloping van die wesfasade van Kerkplein, waaroor al die bohaai gaan, is deur die Regering geneem. Dit is al op 14 Junie verlede jaar deur mnr. A. H. du Plessis, Minister van Openbare Werke, bekend gemaak.

Die gevoel is dat die Transvaalse Uitvoerende Komitee dié saak nou weer 'n slag by die Kabinet aanhangig moet maak.

Die Administrateur van Transvaal wou nie kommentaar lewer nie. Hy is met vakansie.

Die waarnemende administrateur, mnr. D. S. van der Merwe Brink, wil ook nie praat nie. Mnr. Danie Hough, L.U.K., sê 'n verklaring kan dalk later verwag word.

Mnr. Van Niekerk is in 'n onbenydenswaardige posisie. Die agitatie is teen hom gemik, maar hy is bloot die man-in-die-middel. Hy word oor 'n Regeringsbesluit uitgekryt.

Die Regering het sy besluit geneem nadat 'n komitee die toekoms van Kerkplein ondersoek het. Besware is ook voor die bekendmaking van die besluit deur o.m. die Premier, mnr. John Vorster, aangehoor.

Die gevoel is nou dat die Uitvoerende Komitee moet toesien dat die Regering weer 'n slag oor Kerkplein se toekoms besin.

Mnr. Van Niekerk het wel nie die Kerkplein-besluit geneem nie, maar hy was een van die eerste mense om die „nuwe Kerkplein“ te verwelkom. Hy het gesê dit is argitektonies en kultureel verantwoord.

Die gevoel is ook dat die geweldige agitatie oor die sloping van die wesfasade van Kerkplein nie ongemerk verby kan gaan nie. Besware sal opnuut deur die Regering aangehoor moet word.

## PLEIN 'N SIMBOOL VAN VOLK SE WIL

deur JEANNE GOOSEN, Hoofstad, 28.7.1975

VANDAG, Maandag, 28 Julie 1975, weet die hele land hoe Pretoria voel oor die behoud van sy ou geboue rondom Kerkplein!

Saterdag vanaf 10h00 tot 13h00 het meer as 10 000 mense Kerkplein besoek om hul stemme van protes teen die voorgestelde sloping uit te bring. Duisende briewe, telegramme en poskaarte vanoor die hele land is ontvang.

Tussen die menigtes het kinders met vierkleurvlaggies en studente met plakkaat met die woorde: „Sybrand wat máák jy!“, deurgevleg. Oral op die gras het bejaardes in die warm sonnetjie gesit en luister na die driftige toesprake van kultuurleiers wat vir laas nog pleit, soms verwyt en mooipraat: „Asseblief mnr. Sybrand van Niekerk, bewaar ons erfenis!“

### HONDERDE

Vanuit Swellendam het 'n kultuurman gekom met honderde handtekening van sy dorpsgenote. Hy is mnr. Adriaan Mocke, hoof van 'n skool in Swellendam.

Hy praat warm, duidelik en opreg. Sy stemtoon bring iets terug van die voorvaders, die strydrosse en rebelle wat geglo het in die saak waarvoor hulle geveg het.



„Pretorianers, Transvalers, ek bring vandag 'n boodskap vanuit die Overberg en Boland; mense van Caledon, Swellendam, Bredasdorp, Montagu, Worcester, Tulbagh en Stellenbosch! Ons steun die stryd met die hardkoppige owerhede.

„In die verlede het dorpe en stede hulle min gesteur oor wat in die res van die land gebeur, maar nou het Kerkplein 'n simbool geword en 'n nasionale aksie teen onplanmatigheede. Die amptenary en die administrateur wat julle daargestel het, moet luister na die wil van die volk.”

#### **SPONTAAN**

Mnr. Mocke word spontaan toegejuig en as daar nog 'n Pretorianer was wat met tradisionele Transvaalse agterdog na die „man van die Kaap” geluister het, is hy oorgewen.

Mnr. Mocke wys na die geboue aan die wesfasade en sê: „Ek sê vandag, as daar aan daardie geboue geraak word, word daar aan Suid-Afrika geraak!

„Ons van die Suide sal by Transvaal staan en ons doen 'n beroep op elke man, vrou, student en kind dat ons die dae en nagte in hierdie geboue omsit sodat hulle ons met geweld in die tronk moet stop. Maar dan sal die wêreld sien met wie ons hier te doene het!”

Aan die studente sê hy: „Moenie bang wees vir die stootskrapers nie. Dis jul pappies wat die administrateur hom sy salaris betaal...”

#### **VURIGE**

Vierkant agter hom, het Pretorianers Saterdag gestaan toe mnr. Hans Abraham, afgetrede kommissaris-generaal van die Kosas, in 'n vurige toespraak gesê het dat die owerhede aan „slopingswaan” ly.

„Ons kla oor woningnood maar ons breek vinniger af as wat daar gebou word. 'n Gebou het kwalik die kans gekry om behoorlik wortel te skiet of dit word afgebreek en 'n nuwe glastempel verrys op die nóg nat fundamente.”

Mnr. Abraham het ook verwys na Poyntongebou, dié gebou waarin hy werk en wat hom aan 'n „kort mannetjie met 'n dik sigaar laat dink”. „As ek by Poyntongebou by die venster uitkyk, sien ek 'n see van geroeste dakke onder my waar vis en skyfies verkoop word.

#### **MURE**

„Waarom nie liewers hierdie geboue sloop nie. Laat staan ons geskiedenis. En as ons in Italië kom, klouter ons oor mure om 'n foto te kan neem van die Colosseum, maar hier breek ons ons eie geskiedkundige geboue af.


„Ons het nie hierdie geboue rondom Kerkplein gebou nie. Dis die geskiedenis self wat daaraan geboorte gegee het. Dis die vestiging van 'n Trekkersvolk waaraan ook die Engelse landgenote deel het. Dit is ook hul erfenis!”

## **OOM PAUL SE VOLK SÊ LOS ONS GEBOUE**

deur JEANNE GOOSEN, Hoofstad, 28.7.1975

SATERDAG was 'n mooi dag op Kerkplein en 'n atmosfeer van gemeenskaptheid was duidelik dáár. Met Pretoria aan sy voete het die standbeeld van pres. Paul Kruger uitgetroon.

Onder, rondom hom, sy burgers wat oor hul sannas na vóre tuur, soos hul skepper, die beeldhouer Anton van Wouw, dit sekerlik bedoel het. Vir moeë kinders het hul ruimskoots sitplek gegee, soos in die verlede met volksfeeste toe die vlae met vreugde hier op Kerkplein gewapper het.



**Mnr. Murray Schoonraad, dosent in Kunstgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, wat saam met sy hoof, prof. dr. F. G. E. Nilant en 'n aantal ander kollegas en studente van U.P., in die reuse gehoor op Kerkplein was.** Foto: Hoofstad

Die president sou seker lekker gevoel het as hy hier kon wees. Soms in 'n vurige of emosionele oomblik was dit maklik om jou te verbeel dat jy oom Paul goedig oog sien knip het.

Dit was ook maklik om jou te verbeel dat jy die uiltjie op die dak van die Cafe Riché hoor roep het: „Hoe-hoe-kom!”

By een van die tafels, met haar hoedjie op vir die warm son, het mej. R. Joubert, dogter van oorlede genl. Piet Joubert, boek sit en hou van mense wat kom teken vir Behoud.

Dis genl. Piet Joubert wat die hoeksteen van een van die geboue langs Kerkplein gelê het.

En hier, eenkant op 'n bankie, met pannekoek in hul hande, twee bejaarde vroue: mejj. Bets Kruger en raai... Laurika Postma, beeldhoudster wat ondermeer ook die skepper was van Krugersdorp se Paul Krugerstandbeeld. Verskeie van haar werke ook by die Voortrekkermonument.

Hulle het vroeg al gekom, om te stem en om reg te stem. „Vir wat die geboue sloop? Nee hulle moet dit los... allewêreld. Pla dit dan...

Ook skrywers daar gewees, op Kerkplein. P. G. (Seder) du Plessis, digteres Wilma Stockenström en haar man, Ants Kirsipuu (Op Afrikaans beteken dié van Kersieboom). Oorkant by die kunsvereniging was daar 'n opening van 'n pottebakkerystalling en 'n mens kon gou oorloop vir 'n „wyntjie”.

Ernstig, juis langs die pelnsende gesig van 'n burger, mnr. Murray Schoonraad, van die dept. Kuns, Pretoria se universiteit.

„Sou hulle tog die geboue sloop en torings oprig? Sal pres. Kruger se standbeeld nie hier kan bly staan nie? Hy sal in donkerte gehul wees. 'n Beeldhouwerk vra om lig. Miskien,“ vra hy. „kan dit simbolies gesien word?“

Jonger as in baie jare, dr. Willem Punt, groot man, groot gees van die Stigting Simon van der Stel. Hy gesels en hy lyk gelukkiger, minder ernstig as gewoonlik. En kyk na hom. Lank. Kort-kort kyk hy na die standbeelde en na die weste, na dié geboue waarvoor hy veg. Maar hy lyk moedig.

Ook prof. P. G. Nel, voorsitter van die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria. Indrukwekkend: „Die Afrikaanse Kultuurraad het 45 jaar gelede bewys gelewer daarvan dat hy hom nie sal laat onderkry deur intimidasie nie. Ons sal nie swig nie. Ons veg vir 'n beginsel en ons sal voortgaan om te stry tot die Einde . . .“

O ja, en prof. F. G. E. Nilant, ook van Tukkies. Saam met hom het hy 143 handtekeninge gebring van studente van die departement Kuns van die Universiteit van Pretoria.

## KERKPLEIN SIMBOLISEER AFRIKANER SE STRYD

deur JANNIE L. RAATH, Francesstraat 50, Colbyn, Pretoria, Hoofstad  
(Ons lesers skryf), 28.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Dit doen die Afrikanerhart goed om te weet dat daar nog duisende Afrikaners is wat met trots ons pragtige geskiedkundige geboue en plekke wil beskerm en behou vir die nageslagte.

Kerkplein, dié hart, die polsslag van ons pragtige stad, Pretoria, dwing respek af, nie net by elke Pretorianer wat sy erfenis lief het nie, maar ook by duisende van ons landgenote oor die hele Republiek.

Met my verskillende wêreldreise het ons gidse met uitstralende trots op hul gesigte, hul geskiedkundige plekke aan die toeriste beskryf.

Een van die talle pleine wat ons diep beïndruk het, was die „St. Marco Square“ in Venesië. Hierdie plein stem in baie opsigte ooreen met ons Kerkplein in Pretoria. Die St. Marco Kerk die „Ducal Palace“ en verskillende ander historiese geboue, die duisende duiwe wat rustig kossies uit die toeriste se hande pik, het my laat terugdink aan ons Kerkplein in Pretoria. Sal die Italianers ooit een van hulle historiese geboue om hierdie St. Marco Plein vernietig en met 'n moderne toringgebou vervang? Hierin lê ons antwoord.

As 'n ou Pretorianer het ek elke dag vanaf die balkon van die ou Erasmusgebou op Kerkplein, waar ek my musiekatêljee vir bykans 'n kwarteeu gehad het, met 'n rustige blik op ons eie Kerkplein en die aangrensende geskiedkundige geboue laat rus, en met trots en waardering teruggedink aan die skeppers van Kerkplein. Met welke mate van kunstigheid en manneemoed hulle, hul handewerk aan hul nageslagte nagelaat het.

Die rustige skoonheid en pragtige argitektuur wat hulle geskep het, is iets waarop die Afrikaner kan trots voel en met diep respek moet waardeer. Op hierdie Plein het ons Boerenasie 'n hoofstad begin bou.

Die ossewaens het in groot getalle op die ou Kerkplein saamgetrek en honderde kerkgangers bymekaar gebring om in volle vertroue en geloof die fundamente stewig te lê waarop hul nakomelinge verder kan bou. Mag ons hul werk oonteer en afbreek?

Wat 'n jammerte tog dat ons pragtige Kerkplein misbruik word deur ons Bantoes wat die hele plein vol lê. Dit gee 'n mens die indruk van 'n slagveld. Waarom nie Kerkplein versier met kunstige bankies nie? Vervang die teerstraat regom die plein met grasperke en versier dit met struike en blommeprag en fonteintjies.

Daar is sekere klein geboutjies soos die Kafee Riché wat vervang kan word met 'n moderne gebou, maar laat ons historiese geboue soos fluweeltjies tussen die geboue behoue bly.

Menige Pretorianer betreur die vernietiging van ons Capitol Teatergebou, wat myns insiens 'n pragstuk was in ons vermaaklikheidswêreld.

Ons wil aan Hoofstad baie dankie sê vir sy wonderlike poging om ons erfenis te bewaar.

Daar is een aspek van die saak wat my groot hoop gee dat ons geskiedkundige geboue rondom Kerkplein behoue sal bly.

Ek is daarvan oortuig dat ons Eerste Minister, mnr. Vorster, 'n groot Christen is en dat die Eerste Minister die handewerk van ons stoere voorouers sal bewaar en nie toelaat dat moderne geboue dit vervang nie. Dit sal die trots van sy volk skok.

Die poskantoor kan gerestoureer word en met muur-tot-muur-matte versier word en kan omskep word in 'n ideale lushof van alles wat Afrikaans is en ons eie kultuur, kuns en wetenskap aan alle toeriste met trots vertoon.

Ek herhaal weer, verfraai liever ons Kerkplein deur die teerstrate te vervang met plantegroei, en blommeprag en fonteintjies. Maak dit 'n rustige oord van ontspanning wat die middelpunt sal wees van die mooiste stad in die wêreld: Pretoria.

Hoofstad, ons wens u alle sukses toe.

## TE VEEL GEBOUE WORD AFGEBREEK

deur DS. P. W. JORDAAN (Voorsitter Krugergenootskap), Posbus 433, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 28.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Dit is verblydend om op te merk dat die Afrikaners van Pretoria uiteindelik wakker geskrik het met betrekking tot die bedreiging van Kerkplein se westelike fasade.

Daar was oorspronklik belowe dat twee geboue wel aan die westelike kant van Kerkplein behoue sou bly, en daarin het die Krugergenootskap berus. Dit is egter ter elfder ure ook teruggetrek en daar is besluit om die hele westelike deel te sloop.

Namens die Krugergenootskap wil ek daarom graag ons hartlike steun toesê aan die aksie om Kerkplein te probeer red en te behou soos hy is.

Ons het alreeds te veel van die historiese geboue van Pretoria onherroeplik verloor. Laat ons as Pretorianers Saterdag in ons massas opruk na Kerkplein om nog te probeer red wat te redde is. Ons vertrou dat elke lid van die Krugergenootskap ook sy of haar persoonlike steun aan die aksie sal bied.

Ons doen dit in die vertroue dat die Regering hierdie klein stukkie geskiedenis wat in die geboue beliggaam is, vir ons sal spaar, en dat hulle nie ook nog die weg sal opgaan van die Staatsgimnasium en ander slagoffers van „vooruitgang“ nie.

Daarom pleit ons ook langs hierdie weg dat dié besluit hersien sal word, en dat Kerkplein sal bly soos by is.

## VROU SE VERSOEK AAN MINISTER

deur MEV. A. WESSELS, Posbus 25062, Monumentpark, Pretoria,  
Hoofstad (Ons lesers skryf), 28.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — As vroue van die volk, en veral van Pretoria, wil ons u nader, meneer die Eerste Minister; nie met swaaiende baniere, betogings of protesoptogte nie, maar met die diepe oortuiging dat ons na u met 'n saak kom wat diep kerf in die volkshart.

Ons versoek u vriendelik dog dringend om Kerkplein in sy geheel te bewaar, en gedeeltes van slooping te red. Kerkplein — die spil waarom die speke draai — hoeveel vreugdevure is nie hier al aangesteek nie; en dan weer — hoe dikwels het 'n volk nie hier verslae en in diepe rou gestaan uit eerbied aan 'n geliefde leier wat na sy laaste rusplek geneem word nie!

Ons staan weer voor 'n kruispad. As daar gesloop word, is dit onherroeplik verby. Dis nou die Vrouemonument — Emily Hobhouse. Dis nou weer die Voortrekkermonument — Bloedrivier — Piet Retief — Dingaans-geskiedenis; en hier is ons nou by Kerkplein — en daar is Paul Kruger

Meneer die Eerste Minister, laat ons hom wat in ballingskap gesterf het, nie méér verdwerg deur prestigegeboue, toringblokke en glaskaste nie. Daar is soveel ruimte vir ontwikkeling; waarom dan afbreek en vernietig wat vir so baie nog so veel beteken in so 'n kort bestaan?

## DINK WEER

REDAKSIONEEL, Hoofstad, 28.7.1975

DIT was 'n magtige stem van openbare protes wat Pretoria Saterdag beleef het teen die beplande slooping van die westelike fasade van Kerkplein.

Ons glo dat daar nie net in terme van die aantal petisionarisse nie, maar ook in terme van stemme uitgebring deur verteenwoordigende kultuurorganisasies en verantwoordelike persoonlikhede, 'n goeie saak uitgemaak is waarom die behoud van Kerkplein herooreweging op die owerheidsvlak verdien.

Ons glo ook dat daar goeie rede is waarom hierdie gevoel van eensgesindheid oor 'n volksentiment nie geïgnoreer kan word nie. Hovaardige onversetlikheid was immers nog nooit kenmerk van ons owerheidsbenadering nie.

Terwyl die protesbyeenkoms in 'n gees van verantwoordelikhedsbesef gereël en ook grootliks in daardie gees plaasgevind het, is dit tog jammer dat daar die onmiskenbare ondertone van 'n politiekery by die situasie ingesluip het.

Dit is seker onvermydelik dat daar mense en instansies sal wees wat politieke munt uit die Kerkplein-geskil sal wil slaan. Wat ons betref, kan hierdie benadering die saak ter behoud van die plein niks goeds doen nie.

Hierdie openbare protes moet nie gesien word as 'n swaard wat nou bo die kop van ons Regering gehou word nie. Dit is geen afdreiging nie. Veel eerder moet dit beskou word as die geleentheid waarop die volk gewag het om op geordende wyse sy sentiment te betoon.

## Handtekening teen stootskraeper:

### IS AL DIÉ NAME GENOEG OM PLEIN TE RED

DIE VADERLAND, 28.7.1975

SUID-AFRIKA wag in spanning om te hoor: Was die Protesvergadering om die behoud van Kerkplein in Pretoria dalk tevergeefs? Die man met die sleutel tot die probleem, Administrateur Sybrand van Niekerk, sê hy is nog amptelik met vakansie. Hy het in dié stadium geen kommentaar te lewer nie.

Nagenoeg 10 000 mense het Saterdagoggend op Kerkplein geluister na die protes oor die voorgenome sloping van die geboue aan die wesfasade.

Maar sal die duisende telegramme, briewe en handtekeninge hond haaraf maak?

Sommige sprekers en van die organiseerders het reeds hul kommer uitgespreek dat selfs die reuseprotes van Saterdag dalk nie genoeg sal wees om die Administrateur tot ander insigte te bring nie.

● 'n Man soos mnr. Adriaan Mocke van Swellendam wat ook 'n brief van die gevierde skryfster M.E.R. saamgebring het, glo dat 'n appèl om die behoud van die geboue op die plein direk tot die Eerste Minister gerig moet word.

● Mnr. Piet Muller, voorsitter van die Burgerkomitee wat die protes georganiseer het, sê die mense moet nie gerus raak nie. Alle mense wat nog nie hul stemme of steun laat hoor het nie, moet telegramme en briewe stuur. Dit sterk sy komitee se hand.

Kollegas en oud-kollegas van mnr. Sybrand van Niekerk het die Administrateur kwaai geskasty.

● Mnr. Ben van der Walt, Administrateur van Suidwes, het laat weet hy hou mnr. Van Niekerk persoonlik verantwoordelik en sy „omwonde steun“ vir die behoud van die Plein beloof.

● Maar mense wat kennis van die sake het, wonder of die geweldige protesbeweging sterk genoeg is om hond haar-af te maak.

'n Vroue-afvaardiging sal dié week die duisende name en boodskappe na die Eerste Minister se kantoor neem. Hulle sal die volk se saak aan hom voorlê, „want hy is die volk se laaste appèl,“ het mnr. Piet Muller gesê.

Hy is vol vertroue dat die protes sal slaag. „As 'n man soos prof. P. G. Nel namens Pretoria se Afrikaanse Kultuurraad en 100 000 lede praat — wie kan dit dan bekostig om nie te luister nie?“

### SYBRAND IS MAN IN DIE MIDDEL KABINET HET DIE SÊ OOR KERKPLEIN

DIE VADERLAND, 28.7.1975

DIE MAN teen wie die gramskap van die anti-slopers van Kerkplein gemik is, mnr. Sybrand van Niekerk, is eintlik net die man-in-die-middel.

Die besluit oor die sloping van die wesfasade van Kerkplein, waarvoor al die bohaai gaan, is deur die Regering geneem. Dit is al op 14 Junie verlede jaar deur mnr. A. H. du Plessis, Minister van Openbare Werke bekend gemaak.

Die gevoel is dat die Transvaalse Uitvoerende Komitee dié saak nou weer 'n slag by die Kabinet aanhangig moet maak.

Die Administrateur van Transvaal wou nie kommentaar lewer nie. Hy sê aan DIE VADERLAND hy is met vakansie.



**Die Administrateur van Transvaal, Sy Edele S. G. J. (Sybrand) van Niekerk.**  
**Foto: T.P.A. (Inligting & Reklame)**

Die waarnemende administrateur, mnr. D. S. van der Merwe Brink, wil ook nie praat nie. Mnr. Danie Hough, L.U.K., sê 'n verklaring kan dalk later verwag word.

Mnr. Van Niekerk is in 'n onbenydenswaardige posisie. Die agitاسie is teen hom gemik, maar hy is bloot die man-in-die-middel. Hy word oor 'n Regeringsbesluit uitgekryt.

Die Regering het sy besluit geneem nadat 'n komitee die toekoms van Kerkplein ondersoek het. Besware is ook voor die bekendmaking van die besluit deur o.m. die Premier, mnr. John Vorster, aangehoor.

Die gevoel is nou dat die Uitvoerende Komitee moet toesien dat die Regering weer 'n slag oor Kerkplein se toekoms besin.

Mnr. Van Niekerk het wel nie die Kerkplein-besluit geneem nie, maar hy was een van die eerste mense om die „nuwe Kerkplein“ te verwelkom. Hy het gesê dit is argitektonies en kultureel verantwoord.

Die gevoel is ook dat die geweldige agitاسie oor die sloping van die wesfasade van Kerkplein nie ongemerk verby kan gaan nie. Besware sal opnuut deur die Regering aangehoor moet word. Die beswaarmakers het nog nie bes gegee nie.




As gevolg van nuusberigte in die pers en oor die radio, onderhoude wat met die administrateur gevoer en oor die radio uitgesaai is, televisie-uitsendings en toesprake, het mnr. Sybrand van Niekerk die „sondebok“, soos hyself in die openbaar gesê het en in die koerante aangehaal is, in die uitgerekte Kerkpleinstryd geword, veral op grond van die feit dat hy hom deurgaans aan die kant van die slopers van die historiese geboue van die wesfasade geskaar het. Hierdie foto, waarop Recht Hiemstra en Karl Bakker met die twee plakkate getoon word en waarop die suidelike gedeelte van die wesfasade (eiendom van die Tvlse Prov. Admin.) op die agtergrond sigbaar is, spreek dus vir homself, so ook enkele voorbeelde van spotprente wat in Julie in koerante oor die beweerde betrokkenheid van mnr. Van Niekerk by die voorgenome sloping van die historiese geboue van die wesfasade verskyn het.

Foto: Hoofstad, Spotprente met erkenning aan Oggendblad, The Pretoria News, Die Vaderland en Hoofstad





Die Vaderland, 25.7.1975



HOOFSTAD, 29.7.1975

### WAAR IS SYBRAND?



## KERKPLEIN

REDAKSIONEEL, Die Vaderland, 28.7.1975

DIE protesteerders om die behoud van Pretoria se Kerkplein is geen onverantwoordelike of radikale reaksionêres nie. Dit is verantwoordelike en gesiene mense. En 'n petisie van nege duisend name is sekerlik in die omstandighede 'n sterk en belangrike aanduiding van mense se gevoel.

Dat in hierdie stadium reeds baie geld en tyd bestee is aan die nuwe plan vir die plein, is waar. Maar dis ewe waar dat die tekens van openbare misnoeë met die slopingsplan duidelik was vandat die publiek die eerste keer daarvan gehoor het.

Die owerheid sal sy verantwoordelikheid jeens die publiek geringskat as hy die hele aangeleentheid nie ernstig in herooring neem nie.

## SQUARE: SYBRAND CREATES NEW FURORE

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 28.7.1975

THE Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, has created yet another furore over the western facade of Church Square.

The latest row involves a statement made by Mr. Van Niekerk on a radio programme today that the western facade had no cultural or historic merit.

Historians, architects and conservationists have angrily refuted his claim.

He has already been heavily criticised over recent comments that the western facade has no architectural merit.

Mr. Van Niekerk was speaking on the programme "Monitor" on the Afrikaans service at about 7.03 a.m.

The reason he thought the western facade was not culturally or historically important was that the buildings had been built by private enterprise, and not by the State.

"Does this mean the Administrator thinks only the State can make history or culture?" asked an angry Pretoria architect today.

### WRONG

"Mr. Van Niekerk said the Square is dead because the buildings are dead. He's quite wrong. It's vice versa — the buildings are dead because the Square's dead — and that's because it's used as a bus terminus.

"I know lots of people, businessmen and restaurateurs for example, who would dearly love to move on to the Square — if only they knew it was being brought back to life."

Other architects and historians agree.

Meanwhile, Mr. Van Niekerk said today he was not particularly impressed with Saturday's protest meeting on the Square.

A total of 8 745 names were gathered — 6 072 signatures, 151 telegrams from architects, 32 letters from architects, 1 449 telegrams from other people and 1 051 messages and telegrams from various bodies.

## SUMMARY

The Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square will summarise the petitions, and present them to the Prime Minister's office probably at the end of the week.

The Prime Minister was not in his office today, and could not be reached for comment.

Referring to Saturday's meeting Mr. Van Niekerk said the purpose had obviously been to demonstrate public opinion on the subject. But it was easy in an emotive atmosphere to gather a crowd and collect signatures.

And 6 000 was a small enough number of the total White population.

## VIOLENCE THREAT TO PUNT

PRETORIA NEWS, 28.7.1975

HISTORIAN, Mr. Willem Punt has been threatened with physical violence over his involvement in the fight to save Church Square.

Mr. Punt is a leading member of the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, which organised Saturday's protest meeting at the Square.

He was telephoned at home last week and told he would be attacked if he showed his face at the Square.

He was there on Saturday, and nothing happened.

"It's merely someone trying to impress his girl-friend," said committee spokesman Mr. Piet Muller today.

"But it's an indication of the effectiveness of the campaign. Even a person of the standard to threaten physical violence has become involved in the Square issue."

## TIE WITH THE PAST

by DR. W. J. G. LUBBE, Chairman, Pretoria, Pretoria News (Readers' Letters), 28.7.1975

SIR, — Die Bond van Konserwatiewe Afrikaners wishes to join in the urgent appeals to the authorities to reconsider their decision to demolish the historical buildings on the western side of Church Square.

These buildings are an integral part of this beautiful and historical Square and should be preserved at all cost.

If these buildings are to be destroyed, the character and integrity of the Square will be irreparably damaged and a compelling visual tie with our colourful past will be lost for ever.

## PUTTING BACK THE PULSE . . .

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 28.7.1975

CHURCH SQUARE today is a dull, dark, diesel-fumed hole — but it could be the pulsating heart of the city.

And that's just what the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square wants.

Even more. Thousands of Pretorians have taken the time and effort to raise their voices in the fight to save the Square. There can be no doubt they too want a heart of the city that lives — not the dead centre.

The Citizens' Committee has asked the experts to tell them just what the Square could be like, and here is the first round of ideas, from a well-known Pretoria architect.

The key to his thoughts is USE. "Preservation is negatively conservative. We must USE the Square and buildings. They're not merely facades."

The architect has given every threatened building in the western facade a function.

But first he thinks the Square itself must be redesigned. The surface must be raised to the foot of the buildings — its original level. The "ugly" toilet and council information booth, and the handrailings on the southern side, should be demolished.

Bus and car traffic should be limited. It must become a pedestrian area, covered in stone and lawns, with trees and benches.

"A human, living place, where people can walk, sit, look, drink coffee, argue, fight and court." (Betoog, baklei en vry.)

One corner of the Square — the south-east corner was particularly suitable, because of the high buildings — could be used as turning point for buses and for tourist bus parking.

Paul Kruger and Church streets should run dead at the Square. The end sections could be used for taxis and service vehicles.

And the buildings . . . instead of crumbling into weary heaps of dust and stone before the bulldozers, each could function vitally — and again be part of the lifebeat of Pretoria.

- The Old Netherlands Bank: Permanent and circuit art exhibitions could be held there. An open space next door could be developed, where art could be displayed under oak trees.

- The Law Chambers: This building could be used as information centre. Display cases for all the city museums and places of interest could be put there. It could also house toilets and restrooms.

- Cafe Riché: A hotel or offices could be established upstairs, as well as a restaurant.

An open-air cafe could operate on the ground floor, with an orchestra podium on the existing verandah roof.

- The Post Office: This could remain as Pretoria's central post office.

- The Nasionale Bank: The top floor could be used as a Post Office and stamp museum, with a branch of a commercial bank below, shops and a travel agency.

- The ZAR Mint: A permanent exhibition relating to the Transvaal gold fields and a mint collection could be on display on the top floor, with a travel agency, shops, a coffee bar and open air cafe below.

- The Kirkness building: Space could be provided on the top floor for hobbies exhibitions. Shops and a travel agency could be established below.

That's how one expert sees it. And his Church Square would be one of life and atmosphere.

"But the western facade must stay. The buildings are irreplaceable. We do not have the craftsmanship and the patience to do such work today."

But only the Government has the final decision. The Cabinet has the noose in its hands. It can drop it and extend its hands to give Church Square back to the people — or it can strangle it into a lifeless, dead centre.

## The public demands —

### A SQUARE DEAL

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 28.7.1976

PIET MULLER, Afrikaans publisher, is the spokesman for the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square — in his own words, "nothing more, nothing less."

After getting his degree at the University of the Orange Free State, he has turned down a bursary in philosophy to Amsterdam, and opted for journalism. He later went into publishing.

He's a man with an intense belief in the importance of conservation — nature and environment.

In TALKING POINT today, he spells out just what the Citizens' Committee is and what it hopes to achieve. NEIL JACOBSON reports:

Q.: Mr. Muller, what was the chain of events that led to the formation of the Citizens' Committee?

A: The whole thing was engineered by the Suiderkruis Voortrekker Kommando, last November, when a couple of junior Rapportryers handed to us parchments — nicely printed sepia prints of Church Square. We mailed 1 000 of these prints to prominent Pretorians and the response was amazing.

Then, at the turn of the year, it was decided to take it further. We approached the Pretoria Kultuurraad to stage a public meeting.

After various difficulties, I was given the job of convening a citizens' committee. We invited 30 people from all walks of life — and the response was remarkable. Chance put a wonderful committee in the way; all volunteers and all raving to do something for the Square.

We all felt that the Provincial Administration had not played the game in presenting the case of the public to the Government. The Government was asked to condone something the Provincial Administration had already decided on, without telling the Government what people felt about it.

We decided to give it two weeks. More than that would have been too long — time for the machinery to squash people to have been put in motion.

Q: Just why does the committee want to save Church Square?

A: We've reached the stage where we should be worried about the quality of life, not the standard of living. Up to now one could buy a weekend farm and escape any rigours of city life, but we can't go on. We've got to create an urban environment in which we can LIVE. People live in European cities, but in most American cities — like South Africa — people work there and flee at weekends.

That's why I feel Church Square is important. It's part of the urban environment. Breaking it down and putting up skyscrapers would be part of the dehumanising process.

Q: Was Saturday's meeting on the Square a success?

A: Yes. We can now present our case to the Prime Minister. He's the final judge of appeal. We'll put the signatures in an orderly form. It's no good handing the Prime Minister the box of signatures, telegrams and messages. We'll take the salient points out and use the rest as backup material.

As I've said, we don't even want to worry him personally. We'll just hand it in at his office. Then we'll decide whether the committee should disband, or become a permanent thing.

Q: So you don't want to see the Prime Minister in person?

A: I don't think we could gain anything by it. What more could we tell him than the people are against demolition?

Q: Do you think you have a chance of success?

A: I think we have a good chance. But in matters of this nature one cannot expect an immediate response. It's a percolation process, it might take a year, 18 months, but we are confident this could be the turning point.

Q: Does the committee have any alternative plans?

A: Our first task was to convene the meeting. The committee's only three weeks old; you can't expect much ahead planning.

Q: Will you try and see Sybrand van Niekerk, Administrator of the Transvaal?

A: I think we might send him a copy of the motion calling for a national competition to redesign the Square. But if he says he wants to see us, we'd be willing. But he has made his point so strongly in the past two weeks that he is not willing to listen to, or see us. It's a pity... but we'd see him anytime.

Q: Some people have said if the campaign fails, they'll go to the extremes of standing in front of the bulldozers. What do you think of this?

A: That would be the last, extreme resort. But I'm sure there are people willing to do it. It might sound theatrical, but it'll get the point across.

Q: What is your opinion of the Pretoria News opinion poll, which was totally independent of the committee?

A: I cannot think of any newspaper having carried something like that before. The Pretoria News has really proved itself as being an integral part of the city. The response was fantastic. It should be regarded as an objective and accurate poll.

Q: If your campaign is successful, will the committee get involved in redesigning the Square?

A: No. That's not our job. We think the Provincial architects are a good lot; there's no reason it should be taken away from them. But they should be given a new brief: Redesign the Square, but save the whole facade.

Q: Allegations have been made that the Herstigte Nasionale Party (HNP) is behind the committee. What do you say to that?

A: It's such obvious nonsense. How could I, with my well-known ideas, as well as a man like Professor Gluck, born in an Israel kibbutz, be accused of being tools of the HNP? We're not interested in politics, just saving the Square.

Note there was an even balance between English and Afrikaans speeches at the meeting. That was quite natural, quite unintentional. Church Square is the only place in South Africa where all nations came together, and the amazing part is that everything forms a unit. Take away one building and the facade crumbles.

There's been Afrikaners, Britons, Germans, Dutch and Jew — all have had their moments on the Square. It's created a unity in the structure of South Africa. That's why the Square's important not only for cultural and historical reasons.

## **OVER TO THE PM**

EDITORIAL, Pretoria News, 28.7.1975

SATURDAY'S mass meeting on Church Square should have finally resolved any doubts the Government might have had about the strength of public opposition to its plans to demolish the Square's west facade. Both in numbers and in its truly representative nature it was a rare and remarkable demonstration of civic solidarity on an issue that has deeply stirred the people.

The mass meeting's plea for the preservation of the west facade is now to be presented to the Government. It is difficult to believe that the Prime Minister, Mr. Vorster, with his sense of history, his respect for tradition and his sensitivity to public opinion, will ignore it, or will even wish to do so. Only good can come from an announcement that the Government will now join the people in reviewing the whole situation.

## **VAN NIEKERK COOL OVER PETITION**

STAR, 28.7.1975

THE Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, is not particularly impressed by Saturday's protest meeting on the future of Pretoria's Church Square collection of signatures for a petition to the Prime Minister.

He was not present to hear the speeches in favour of retaining the square's western facade but could not conceive of motivations being offered that had not already been laid before and considered by the Government's Church Square committee.

The purpose of the protest meeting had obviously been to demonstrate public opinion on the subject, but it was easy in an emotive atmosphere to gather a crowd and collect signatures.

And 6 000 signatures (the reported total gathered) was a small enough number out of the total White population.

Mr. Van Niekerk was not happy at being held personally responsible for the decision to demolish the western facade.

### **WELL KNOWN**

The Transvaal Provincial Administration was responsible for only the southern half of the facade, and the Post Office and other Government departments for the northern half, he said.

When the province bought the old buildings on the southern half it was well known that the purpose was to demolish them and erect offices for the province. At the time there was no protest. The protests had only come after a decision had been taken.

The provincial Executive Committee had taken a stand, made its recommendations to the Cabinet, and the Cabinet had taken a decision. The Prime Minister had stated that the decision was final.

## **CASH OR HERITAGE?**

EDITORIAL, Star, 28.7.1975

THE battle to save the historic western facade of Pretoria's Church Square — overwhelmingly supported by the public — is now a straight fight between a desire to make money (at any price) and a desire to preserve the character of an attractive city. Saturday's massive public



demonstration supporting the plan to Save the Square, plus last week's almost unanimous poll leaves no doubt at any rate that the public has had enough of mediocre town planning.

It is time officialdom at all levels took note. Too often, to the nation's cost, have they ignored public opinion. Look how the battle of the Knysna Freeway was lost, how St. Lucia got its rocket range, how the Magaliesberg got its mines, how Parktown was lost . . .

## **„PREMIER BESLUIT'**

OGGENDBLAD, 29.7.1975

DIE ADMINISTRATEUR, mnr. Sybrand van Niekerk, wat met vakansie is het gister heeldag telefoonoproepe en ook 'n aantal telegramme en briewe ontvang, na aanleiding van Saterdag se vergadering op Kerkplein en die persberigte wat sedertdien verskyn het.

Hy het gisteraand gesê behalwe drie mense wat beswaar maak teen die sloping van die geboue is al die ander oproepe telegramme en briewe ter ondersteuning van die standpunt wat die Regering ingeneem het.

„Baie van die mense sê aan my ek moet my tog nie deur al die agitatie laat afskrik nie. My antwoord is dat dit nie ek is wat die besluit neem nie, maar die Eerste Minister,“ het mnr. Van Niekerk gesê.

## **DIS VOLK SE ERNS AS SO 'N PIET HELP POR**

deur ALETTA GREYLING, Oggendblad, 29.7.1975

MILITANT? Hy? Nooit! Waar het jy nou al gesien 'n duiweboer kan aggressief wees.

So saam met die koer van jou duiwe neem jy self 'n goeie trapsel rustigheid en gematigheid in wat elke mens se deel behoort te wees.

Maar as jy aan sy omgewing raak, weet Piet Kerkplein Muller hoe om opstandig te raak en op 'n mooi manier so met die volkstemming saam, te baklei.

„Maar ek baklei nie,“ verontskuldig hy homself nog altyd met daardie beskaafdheid wat 'n mens laat dink hy is 'n Kapenaar maar wat hy dadelik regstel deur sy Vrystatersbors (Warden nog) uit te stoot.

„Ons het nog nooit baklei in dié hele Kerkpleinaksie nie. Ons doen net wat die Provinsiale Administrasie kennelik nog nooit gedoen het nie — ons wys aan die Regering wat ons mense voel en dink oor Kerkplein en pleit saam met hulle om die behoud van die wesfasade.“

As Saterdag se volks-makietie op Kerkplein nie 'n lekker ou boerebaklei was nie, sal ek graag ons mense wil sien wanneer hulle in Mike Holt-idioom hulle arms gaan „affight“ vir daardie agt geboue wie se lewens nou aan genade en die Eerste Minister se diskresie hang.

## **GEDRUIS**

Want Saterdag het Piet Muller en sy mede-lede van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein gesorg dat daar uit die ooste en weste van Pretoria, uit die geleedere van Hertzogiet, Nasionale en Prog., Boer, Brit en Jood en vanuit die hele land 'n gedruis van stemme weerklink het wat beduie het dat ons mense nou nie meer wil kennetjiespeel nie . . . hulle wil nou baklei vir die instandhouding van Kerkplein.

Saterdag was 'n triomfdag vir Piet Muller en sy Burgerkomitee. En die duisende der duisende der duisende handtekeninge, die honderde telegramme, die koor van eensgesindheid oor Kerkplein was vir dié mense die kroon op maande se harde werk en die fondament waarop hulle nou hulle pleitskrif aan die Eerste Minister kan rig.

Die handtekeninge en telegramme en briewe sal nou aan ouditeure gegee word sodat dit amptelik getel en gesertifiseer en gekatologiseer kan word. Daarna sal pleitstukke opgestel word wat ná die finale goedkeuring van die Burgerkomitee aan mnr. Vorster met afskrifte aan mnr. Sybrand van Niekerk, die ministers van Openbare Werke en Kultuur-sake en die Posmeester-Generaal oorhandig sal word.

### VERFOMFAAI

Dan sal daar net gewag moet word — om te sien of die wesfasade sal val of sodanig gerestoureer gaan word of dat dit ter benutting van die volk kan dien en Kerkplein weer 'n ware bymekaarkomplek vir Pretoria kan maak.

„Dit gaan hier om meer as net 'n paar geboue. Dit gaan om die besit van 'n volk. Geskiedenis staan nie net in boeke nie. Geskiedenis is die stempel wat op die omgewing afgedruk word . . . en Kerkplein het so 'n stempel,” meen mnr. Muller — 'n uitgewer van beroep en 'n vurige omgewingbewaringsman — vurig.

„Kyk hoe is Kaapstad, een van die mooiste stede ter wêreld, deur afbreking verformfaai. En hierdie geboue van ons vorm snaaks genoeg 'n eenheid en vloek nie teen mekaar nie. Die verskillende boustyle pas sowaar bymekaar in en ons moet dit so hou.”

Mnr. Muller meen sy saak is sterk ondersteun deur die land se argitekte wat in brief en stem en telegram hulle misnoeë teen sloping uitgespreek het en argitektoniese bewyse gebring het van die waarde van die geboue en die groot koste wat afbreking sal teweegbring.

„Maar man, ek voel so goed dat dit my mense van oor die hele Pretoria is wat Saterdag op Kerkplein kom skaar het. Niet net die ooste nie. Die weste. Die professore en „fitters” en „turners”, die kinders, die ou tannies met hulle hoede, die sis en satyn en crimplene. Dis ons mense

„Daar was selfs die pragtige afvaardiging van vakleerlinge van Roodepoort. Ek dink laas in die dae van Turkstra se koffiehuis was ons mense so saam aan die wriemel.”

### GROENIGHEID

Moenie dink dit is net Kerkplein waarmee mnr. Muller hom bemoei nie. Sy hele omgewing speel vir hom 'n belangrike rol. Hy en die Suiderkruistak van die Voortrekkers (daar in sy voorstad Meyerspark, Murrayfield, Val de Grace), voel baie sterk oor die natuurbewaring van Morelettaspruit.

Soveel vrug het hulle positiwiteit en aktiwiteite met Moreletta al gedra dat hulle nou 'n myllange groen strook in gedagte het.

Daar word beoog om 'n simposium te hou en 'n koördinerende liggaam vir die natuurbewaring in die hele Randse gebied te stig. Die ideaal sal dan wees om 'n groen strook te hê wat strek van Rustenburg en die Magaliesberge deur tot by Moreletta, die Hennops, Jukskei en die aanlope tot by die Braamfonteinspruit.

„Ons moet nou nie meer dink dat omgewingbewaring buite die perke van 'n stad gedoen moet word nie. Ons mense leef in die stede en ons moet daar bewaar soos ons kan. Ons behou ons groenigheid maar ons moet ook nie toelaat dat ons middestede doodsmoor nie.

„Ons moet die stede nie sy warmte ontnem en dit verontmenslik nie. So 'n dooie kol — soos wat dalk met Kerkplein kan gebeur as ons geboue daar vervang word — kan wees soos 'n omloop. In die middel is hy dood en dan kring die doodsheid net verder en verder uit.”

Ons groen erfenis is inderdaad mnr. Muller se erns. Só is ons rooibruinbaksteengeboue waarin hy glo ons volk se geskiedenis en siele en wellewendheid en behoudendheid sit. En nou het die volk gewys dat dit hulle ook erns kan wees — as die regte mense soos Piet Muller net opstaan en help por.

En soos hy en sy Burgerkomitee nou por, sal selfs mnr. Sybrand van Niekerk nie maklik die kop kan wegdraai nie.

## **GEBOU IS NIE MEER BRUIKBAAR: SYBRAND**

deur GUS CLUVER, Die Transvaler, 29.7.1975

„DIE paar ou geboue aan die westekant van Kerkplein wat aan die provinsie behoort, is vandag regtig nie meer bruikbare geboue nie. Ons sukkel al wie weet hoe lank, maar ons kry nie eens geskikte huurders daarvoor nie.”

Só het die Administrateur, mnr. Sybrand van Niekerk, gister in 'n onderhoud aan Die Transvaler gesê.

Hy sê die bioskoopmense stel nie meer belang in die Capitolteater nie. Dit voldoen nie aan die vereistes van 'n moderne bioskoopzaal nie. Dit kan ook nie in 'n skouburg omskep word nie.

Dit suidekant van die ou Nederlandse Bankgebou en die oostekant van die Capitolteater is al etlike jare gelede afgeskerm omdat dit só lelik was en 'n ontsiering vir Kerkplein geword het.

### **VERKWISTING**

Al dié geboue is in werklikheid vir niks meer geskik nie, afgesien daarvan dat hulle op baie waardevolle grond staan. Dit is eintlik 'n verkwisting van grond om sulke geboue daarop te hê. Die feit is dat dié geboue selfs nie in bruikbare geboue omgeskep kan word nie.

Dit is dooie geboue en omdat dié geboue dood is, kan Kerkplein nie lewe nie.

Mnr. Van Niekerk beklemtoon dat die ou geboue wat ook deel van westelike fasade van die plein uitmaak, maar noord van Kerkstraat geleë is, met die provinsie niks te doen het nie.

Dit ressorteer onder die Departemente van Poswese en Openbare Werke.

Toe die Kabinet oor die sake besluit het, het hy Transvaal geraadpleeg oor die provinsie se geboue, maar nie oor die ander geboue aan die westekant van die plein nie.

### **TEN GUNSTE**

Die Provinsiale Administrasie was sterk ten gunste van die Kerkpleinplan wat in 1965 deur die Kabinet goedgekeur is. Dit het voorsiening gemaak vir twee groot toringgeboue — die hoogste geboue in die stad — wat simbolies sou wees van die oppergesag van die staat.

Die komitee wat vir die ontwerp verantwoordelik was en wat die Kabinet van raad bedien het, het egter besluit om af te sien van die toringgeboue. Laer geboue gaan nou opgerig word juis om 'n beter estetiese eenheid en argitektonies 'n verantwoordiger gebouekompleks te verkry.

Die Uitvoerende Komitee het hierdie nuwe plan onvoorwaardelik aanvaar. Die geboue wat aan die een kant op die poskantoor se terrein

en aan die ander kant op die provinsie se grond opgerig gaan word, sal 'n eenheid vorm en voorstelle word nou ondersoek waarvolgens die geboue nie hoër as sewe verdiepings aan die plein se kant sal wees nie.

Die agterste dele van die geboue sal miskien 'n paar verdiepings hoër wees. Daarby sal die geboue gewis nie glas-en-betonpaleise wees nie, maar sal 'n afwerking hê wat op simpatieke wyse by die argitektuur van die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie sal aanpas.

Die betrokke argitekte is baie bewus daarvan dat die nuwe westelike fasade van Kerkplein 'n waardige bydrae tot die plein moet wees.

In antwoord op 'n vraag het mnr. Van Niekerk gesê dat groter geboue om Kerkplein uit die aard van die saak meer mense daarheen sal lok en lewe na die plein sal terug bring. Ondersoek word nog ingestel na die benutting van die grond se verdiepings van die nuwe geboue. Dit sal nie noodwendig kantore wees nie.

Hy sê wat die Administrasie betref, het die hele skema sy ontstaan in 1949 gehad. Daar is toe besluit om die terrein omgrens deur Kerkplein, Pretorius-, Bosman- en Kerkstraat aan te koop vir die oprigting van 'n nuwe hoofkantoor vir die Provinsiale Administrasie.

Daar is op dié terrein besluit juis omdat die administrasie nie die Ou Raadsaal se gebruik as raadsaal op die spel wou plaas nie deur met sy nuwe hoofkantoor heeltemal weg te beweeg.

Nou dat die finale stadium van die ontwikkeling bereik word, is daar mense wat verwag dat die besluit wat in 1949 geneem is, sy beslag in 1965 verkry het en verlede jaar finaal bevestig is, nog 'n keer deur die Regering oorweeg moet word.

Betreffende die waarde wat die Provinsiale Administrasie aan die bewaring van geskiedkundige oudhede heg, verwys mnr. Van Niekerk na die omvattende restourasie van die Ou Raadsaal wat teen groot koste en eers ná heelwat navorsing herstel is soos dit in die tyd van Paul Kruger was.

## **„KABINET MOET NOU BESLUIT**

**DIE TRANSVALER, 29.7.1975**

**DIE ADMINISTRATEUR**, mnr. Sybrand van Niekerk, wat met vakansie is, het gister heeldag telefoonoproep en ook 'n aantal telegramme en briewe ontvang, na aanleiding van Saterdag se vergadering op Kerkplein en die persberigte wat sedertdien verskyn het.

Hy het gisteraand gesê behalwe drie mense wat beswaar maak teen die slooping van die geboue, is al die ander oproepe telegramme en briewe ter ondersteuning van die standpunt wat die Regering ingeneem het.

„Baie van die mense sê aan my ek moet my tog nie deur al die agitatie laat afskrik nie. My antwoord is dat dit nie ek is wat die besluit neem nie, maar die Eerste Minister,“ het mnr. Van Niekerk gesê.

## **SYBRAND SE SPIOENE DOEN VERSLAG**

**BEELD, 29.7.1975**

**HOEWEL** mnr. Sybrand van Niekerk, Administrateur van Transvaal, Saterdag in Suidwes was toe Pretorianers en ander mense uit verskeie dele van die land op Kerkplein vergader het in 'n laaste poging om die slooping van die Wesfasade te keer, het hy waarnemers daar gehad wat aan hom berig het hoe sake verloop het.

Mnr. Van Niekerk is gister genader oor sy gevoelens ná afloop van Saterdag se toeloop van belangstellendes en ondersteuners na Kerkplein. Volgens berig wat hy van sy waarnemers ontvang het, was daar ook mense wat téén die verstoë gestem het, het hy gesê. Daar was ook nooit meer as sowat seshonderd mense op 'n slag op die plein byeen nie, is aan hom gesê.

### STANDPUNT

Gister het mnr. Van Niekerk gedurig telefoonoproepe en telegramme ontvang om hom te vra hoe hy nou oor die sloping van die Wesfasade voel, wat hy van Saterdag se massa-opkoms dink en of hy sy standpunt oor die ou geboue verander het.

Hoekom dit is, weet hy nie. Die regte persoon om te vra of die besluit oor sloping heroorweeg gaan word, is die Eerste Minister self. Dit is 'n Kabinetsbesluit dat die geboue gesloop moet word, maar vanweë koerantberigte word alles aan sy adres gerig, het hy gesê.

Die Provinsiale Raad het nie die besluit geneem nie, maar die Administrasie het in 1949 by die saak betrokke geraak toe die blok tussen Parlement-, Pretorius-, Bosman- en Kerkstraat opgekoop is vir die oprigting van die Provinsiale Gebou.

### REAKSIE

Toe reeds het dit bekend geword dat die ou geboue waaroor die herrie nou losgebars het (Cafe Riché, Law Chambers, die Ou Nederlandsche Bankgebou en die Capitol-teater) in die slag sal moet bly vir die oprigting van hierdie gebou. Destyds het dit dieselfde reaksie ontketen.

Die besluit om hierdie blok vir die oprigting van die Provinsiale Administrasie se gebou te koop, was juis die vrees dat, indien die Administrasie sy sentrum elders sou maak, dit die Ou Raadsaal in die gevaar sou stel deur verstoë dat dit verskuif moet word, het mnr. Van Niekerk vertel.

Dit was dus vanweë die besluit om die Raadsaal as raadsaal te behou, dat hierdie stuk grond gekoop is. Die Raadsaal is toe deur die Administrasie gerestoureer en herrangskik soos in die dae van pres. Paul Kruger se regering. Die nuwe Administrasiegebou weerspieël weer die Republiek en die regering wat in 1961 tot stand gekom het, het hy gesê.

Daardie tyd reeds was daar besware dat Administrasie-gebou Kerkplein in die skaduwee sou stel, maar na die oprigting van die gebou (wat die argiteksprys vir die beste openbare gebou ontvang het) het dit net lof ontvang en was dit die keerpunt in die lewe wes van Kerkplein en het dit ontwikkeling wes van die plein aangewakker.

Die standpunt wat oorweging gegee het dat die ou gebou plek moet maak vir die nuwe, is juis dat daar 'n beter Kerkplein geskep wil word as wat daar is, het die Administrateur gesê.

In die radioprogram 'Monitor' het mnr. Van Niekerk gisteroggend gesê dit is uiters onbillik om te sê die TPA het nie agting vir geboue van kultuurhistoriese betekenis nie. Die geboue aan die westekant van Kerkplein, wat gesloop gaan word, het in elk geval geen besondere waarde nie.

„Die Kabinet, die Regering het met groot geduld en groot verantwoordelikheid geluister na al die menings van diegene wat belang stel in Kerkplein en het besluit om 'n nuwe fasade aan die westekant van Kerkplein te skep met inagneming van al hierdie standpunte. Dis

nou nie billik om te vra dat na dieselfde argumente deur dieselfde Kabinet en Eerste Minister geluister moet word en te verwag dat 'n ander besluit geneem moet word nie.

„Nóg die Regering nóg die Provinsiale Administrasie staan onverskillig teenoor die behoud of restourasie van geboue wat geskiedkundig of kultureel 'n werklike betekenis het. Bewys daarvoor is volop: Tulbagh se restourasie, Boekenhoutfontein, die Trichardtmonument in LM, die restourasie van die slagvelde van SA en selfs wat gebeur het t.o.v. die Britse Setlaars.

„Ek is bereid om toe te gee dat dit nie hier gaan om die argitektoniese skoonheid van die geboue in die eerste plek nie, maar oor hul kultuur-historiese betekenis.”

Mnr. Van Niekerk stem egter nie saam dat die Wesfasade besondere betekenis het nie.

„Dit is geboue wat deur toevallige eienaars van die grond opgerig is sonder om werklik, sover ek kan sien of vasstel, te dink aan 'n westelike fasade vir Kerkplein nie. Dit het gegaan oor utiliteitsgeboue vir daardie tyd en die eienaars het self besluit hoe dit sal lyk.

Hy sê daar bestaan geen twyfel oor die waarde van die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie nie, maar die ander geboue het nie dieselfde betekenis as ons oor 100, 200 of 300 jaar daarna terugkyk nie.

## PLEIN-VERTOË DONDERDAG NA PREMIER

BEELD, 29.7.1975

DIE Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein besluit aanstaande week of hy sal ontbind of met sy werk sal voortgaan.

Mnr. Piet Muller van die Burgerkomitee het gister gesê al die lyste en telegramme wat Saterdag en voor dit ontvang is ter steuning van die vertoë dat die plein se wesfasade behoue moet bly, sal nou na ouditeure gaan om dit te tel en te sertifiseer.

Ten Donderdag behoort daar finaliteit te wees en sal die uitslag aan die hele Burgerkomitee, wat twintig man sterk is, voorgelê word. Die vertoë aan die Eerste Minister sal dan geformuleer word.

Intussen stroom oproepe van gelukwense in en mense wat lyste wil teken, bel nog steeds. Die lyste vir ondertekening het egter gesluit, het mnr. Muller gesê.

Mnr. Willem Punt het ook gesê mense bel aaneen om te sê hulle stuur nog hul uitstaande lyste. Die woorde Mooi So, Hou Vol en Hou Moed is niks onbekends nie.

Telegramme wat gister ontvang is, sluit in dié van RAU se Studenteraad wat die vertoë steun en die hoop uitspreek dat die erfenis behoue sal bly. Dan was daar ook 'n telegram van mnr. Frans Conradie, LUK van Kaapland, wat sê daar moet geglo word in 'n wonderwerk en die behoud van die plein.

### VERBETERING

Daar was ook een oproep van 'n man wat gesê het hy is 'n werker in die Poskantoor, en indien die Burgerkomitee bewus was van die rotte in die poskantoorgebou sou hulle nie vir die behoud van die ou geboue pleit nie.

Sy antwoord hierop, het mnr. Punt gesê, is dat die Burgerkomitee nie net pleit vir die bewaring van die ou geboue nie, maar ook vir die restourasie daarvan, dus die verbetering van die swak toestande.

## KERKPLEIN: VOLK SAL NIE GAAN LÊ

deur D.F.H., Pretoria, Beeld (Menings van ons lesers), 29.7.1975

Ek was Saterdag een van die duisende mense op Kerkplein om te luister na die toesprake en om as protes te teken. As daar nog mense was wat neutraal oor die wesfasade gestaan het, behoort hulle nou bekeer te wees.

Die eerste ding wat my opgeval het, was die opregtheid van die sprekers. Dit was mense wat diep gevoel het oor ou Pretoria; baie van hulle het as't ware grootgeword in die stad.

As daar een ding is waaroor die hele Suid-Afrika eensgesind is, is dit oor die wesfasade. Uit Kaapland het boodskappe gekom van mense wat die stryd daar teen sloping al jare gevoer het en uiteindelik gewen het. 'n Openbare mening is in Kaapstad, Stellenbosch, Paarl, Wellington, Swellendam en elders gemonster waarvan die slopers deeglik kennis moet neem.

Ek kry die gevoel dat die wesfasade die begin is van 'n veranderende gesindheid in Transvaal, 'n gesindheid waarvan die owerhede kennis móét neem

Ons wil nie rusie maak nie, ons wil nie mense beledig en verneder nie, maar ons het 'n saak waarin ons waaragtig glo. Dis nie net ek wat in hierdie saak glo nie, maar dis die volk.

Ek is seker dat die betrokke owerhede groot genoeg sal wees om te erken dat die oorweldigende mening ten gunste van die wesfasade is, en dat hulle daarom die wense van hul volk moet respekteer en eerbiedig.

As daar in hierdie saak een groot fout gemaak sal word, dan sal dit wees om te aanvaar dat die mense wat Saterdag op Kerkplein was, die stryd gewonne sal gee. Ek waarsku teen so 'n fout. Saterdag se byeenkoms was nie die einde van 'n episode nie, maar die begin. Ons sal nie gaan lê nie, behalwe voor die stootskrapers. Die wesfasade behoort nie aan hierdie of daardie liggaam nie, dit behoort aan ons wat Saterdag op die plein was.

## DIS NIE NET SYBRAND SE SKULD, SÊ DR. WENNIE

HOOFSTAD, 29.7.1975

WENNIE DU PLESSIS, gewese Administrateur van Suidwes-Afrika en kultuurleefhebber, sê hy het nie gesê dat die Administrateur van Transvaal die skuld sal moet dra as die ou geboue om Kerkplein gesloop word nie.

Gister het 'n koerant berig dat dr. Du Plessis gesê het dat as daar gesloop word, net een man daarvoor verantwoordelik gehou sal moet word. Daar is na die Administrateur van Transvaal, mnr. S. G. J. van Niekerk, verwys.

„Ek besef mnr. Van Niekerk is nie die man wat al die skuld sal kry nie. Hy is maar een van talle wat die sloplingsgedagte steun, maar ek het en sal hom beslis nie al die blaam gee nie. Hy staan in der waarheid in die middel van die konfrontasie,“ sê dr. Du Plessis.

## VORSTER WAG OP PLEITSTUK

HOOFSTAD, 29.7.1975

DIE Eerste Minister, mnr. Vorster, sal na verwagting op die Kerkplein-kwessie reageer nadat hy die pleitskrif van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein ontvang het.

Mnr. Vorster se kantoor het vanoggend gesê dit is onwaarskynlik dat die Premier sal reageer alvorens hy die pleitskrif ontvang het. Oor Saterdag se saamtrek wil hy niks sê nie.

Die aanduiding is dat die Burgerkomitee sy pleitskrif teen Donderdag gereed sal hê.

Mnr. Piet Muller, 'n woordvoerder van die Komitee, het gesê alle lyste en telegramme wat die afgelope tyd ontvang is en waarin vertoë gerig word dat Kerkplein se Wesfasade behoue moet bly, tans nagegaan word.

Teen Donderdag behoort dit voltooi te wees, waarna die pleitskrif na die Eerste Minister geneem sal word.

### Fout lê by mense:

#### DAAR SKORT NIKS MET KERKPLEIN

HOOFSTAD, 29.7.1975

„DAAR skort niks met Kerkplein nie. Die fout lê by die mense en nie by die geboue nie. Ons moet ophou om die fout dáár te soek — die fout lê by ons.”

Die man wat só praat is mnr. Clerke Scholtz, hoof van die Pretoriase publiseiteitsafdeling wat jare gelede duisende mense na Kerkplein gelok het toe dit ook skielik „dood geraak” het.

„In 1962 het ons lewe na Kerkplein probeer terugbring. Ons het 'n groot karnaval gereël. Die gebied binne Andriesstraat, Pretoriusstraat, Vermeulenstraat en Bosmanstraat was vir alle verkeer gesluit. Biertuine, sithoekies, opelugrestourante en so smeer is geopen en binne 'n dag of twee het sowat 200 000 mense die nuwe aksiepunt in Pretoria besoek.”

„Pretorianers hoef nie nuwe geboue vir atmosfeer te kry nie. Dis reeds daar en die ou geboue kan, as dit nou reg benut word, omgeskep word in geboue wat waardevol kan wees.

„Kerkplein kan lewendig gemaak word en dit sal miskien raadsaam wees om die instansies wat dit wil doen, die geleentheid te gee om hulle planne vir oorweging aan die betrokke owerhede voor te lê. Dis tog die eiendom van die belastingbetalers en die volkswil tel tog seker die meeste,” sê hy.

#### LESER WIL SY STEM ONTTREK OOR KERKPLEIN

deur HANS VAN DER WALT, Esselenstraat, Sunnyside, Hoofstad (Ons lesers skryf), 29.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Die Administrateur van Transvaal het nou geen keuse meer nie. Kerkplein moet behou word soos dit is, want afgesien van diegene wat verlede Saterdag opgedaag het om teen die sloping van sekere geboue te betoog, is daar duisende wat soos hulle voel.

My werk het my die afgelope twee maande deur die land geneem. In Kaapstad het meer as een persoon gesê dat ek namens hulle moet kapsie maak teen die skending van ons geskiedkundige geboue in Pretoria.



## KASTEEL

Een van hulle het na die Kasteel gewys en gesê: „Wat dink jy sal gebeur as die owerhede besluit om dit af te breek. Ons sal die wapens opneem om dit te bewaar. Pretoria het baie minder historiese geboue as die Kaap, hoe kan hulle dit wil sloop?”

Op Worcester sê 'n man dat hy nog nooit in Pretoria was nie, maar hy het foto's van die geboue gesien en vriende het hom vertel van die atmosfeer van Kerkplein. Hy voel ook dat so iets nie mag gebeur nie.

In Bloemfontein gesels ek met 'n voormalige Pretorianer. Hy voel sy sterk oor die saak dat hy sy nasionale stem nie weer wil uitbring as die geboue gesloop word nie. „Ek bly buite stemming as 'n Nasionale Party-administrasie so min vir die verlede van 'n hoofstad omgee,” sê hy.

In Durban gesels ek met 'n man wat tien jaar gelede uit Engeland hierheen gekom het. Hy was nog net met vakansie in Pretoria, maar hy sê dat dit die mooiste stad in die land is.

Pretoria se parke, standbeelde en Kerkplein het werklik karakter. Enige land se burger moet trots wees op sy verlede, maar 'n mens kan nie jongmense 'n trots gee met foto's van die verlede nie.

Hy sê in Londen en die meeste ander dorpe in Engeland word nuwe geboue by die bestaande oues aangepas. Toringgeboue word om die bestaande oues gebou. Oral in die stad is daar geboue en huise wat tot nasionale monumente verklaar is.

Wanneer so 'n gebou verklaar word, word daar 'n plaatjie op die muur aangebring sodat almal kan sien wie daar gewoon het, of wat die geskiedenis van die plek is.

Daar is min stede in Suid-Afrika wat so 'n plek soos Kerkplein het. Wat die man van Engeland betref moet dit 'n plek van feeste wees.

Die plein leen hom tot 'n bymekaarkomplek en wanneer daar iets gevier word, is die geboue van die verlede daar om die volk te laat besef dat hy 'n verlede het om op te roem.

## SLOPING

Uit al die geselsies is dit duidelik dat niemand ten gunste van 'n slooping is nie. Miskien is die argitekte wat die nuwe geboue beplan ten gunste daarvan, want hulle sal geld maak uit die skending van bruikbare monumente.

Gelukkig is daar ander argitekte wat pleit vir die behoud van die Kerkplein as 'n eenheid. Hulle kyk nie net na die verlede nie, maar wil die geskiedenis bewaar vir die jeug.

Hiermee doen ek 'n beroep op mnr. Van Niekerk om sy besluit te heroorweeg.

## KERKPLEIN VERBIND ONS MET VERLEDE

deur MEV. C. M. F. BARRIE, Alexanderstraat 305, Brooklyn, Pretoria,  
Hoofstad (Ons lesers skryf), 29.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — In Hoofstad van 22 Julie vra u dat u lesers by wyse van briewe aan u koerant te kenne moet gee wat hulle voel oor die slooping van die ou geboue op Kerkplein. Nou voel 'n mens 'n verpligting om dit wel te doen.

Ek het in die Boland groot geword. My vader, wat soms as tienderjarige by familie hier in Pretoria gekuier het, het ons heelwat vertel van die Pretoria van daardie jare, van sy gasvrye mense en hul rustige, waardige lewenswyse, van hul mooi wonings ens.

Hy het byvoorbeeld vertel hoe hy saam met sy oom besoek afgelê het by die ou President. Dit was vir ons as kinders te mooi as hy sy stem so diep maak as hy iets aanhaal wat president Kruger gesê het. Daarby het ons opgegroeï met die besieling van die heldemoed en onverskrokkenheid van die mense van Transvaal en die Vrystaat ten tyde van die Tweede Vryheidsoorlog — hoe hulle vir reg en geregtigheid en vir hul land alles feil gehad het.

Dit was 'n weselike en inspirerende deel van ons opvoeding.

Toe ons gesin ons in die jare vyftig in Pretoria kom vestig het, was dit vir my aangrypend om so veel te sien waaruit mens steeds 'n beeld kom kry van daardie stad in my kinderverbeelding.

Kerkplein, die breë strate, die Staatsgimnasium gesloop vir 'n telefoonsentrale — kan berou dit terugbring? — die dieretuin die OU MUSEUM ens., ens., het mens met ontroering laat besef hoe daar in moeilike tye, hier deur ons voorgangers 'n Europese stad gebou is.

Dit het tot mens gespreek van die heldhaftigheid van die menslike gees en hoe dit bo omstandighede kan uitstyg, hoër op van die moedigheid, optimisme en deursettingsvermoë van ons eie mense, hierdie vasberadenheid om ons Europese erfenis ook deel van Afrika te maak. Dis vir my moeilik om te beskryf die gevoel van trots en vreugde wat die sien van hierdie dinge meegebring het, vir ons en vir ons kinders.

Die Wesfasade van Kerkplein is intrinsieke deel van wat oorgebly het van oud-Pretoria. Nou wil ek vra: Het ons, die mense van nou, die reg om iets van hierdie erfenis te sloop en so te ontnem van dié wat na ons kom.

## CHURCH SQUARE — 'THE SYMBOL OF PRETORIA'

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 29.7.1975

ONE of the many prominent South Africans who has come out in favour of preserving Church Square's historic western facade is GABRIEL FAGAN, the architect who won renown for his restoration work at Tulbagh.

A strong advocate of recycling — putting old buildings back into active use — Mr. Fagan was born in Rondebosch in the Cape. He studied architecture at the University of Pretoria.

He lived in the city for 18 years, and then started a practice in Cape Town, which he still runs.

He's a man whose opinions on Church Square are worth listening to. Staff reporter NEIL JACOBSON puts the questions:

Question: Mr. Fagan, just why is it that you have chosen to involve yourself in the Church Square issue?

Answer: I haven't really in that sense. But I feel Church Square is the symbol of the first civic settlement in Pretoria. The city grew around the Square, the first church stood there, trading was done there, it became the centre of the whole community.

Then came the Raadsaal on one side, the Palace of Justice on the other, with commercial development taking place on the other sides.

That's partially lost now, with the Reserve Bank etc., but at least we have some civic activity on the western side.

You have justice represented on the north, civil activities on the west, and the law givers on the south. If we lose one of those three symbols, the others will undoubtedly be weakened.

I don't really think people realise how important a symbol is. I lived here for 18 years — and to me Church Square symbolises Pretoria.

There is the Union Buildings — but that symbolises something completely different, union and authority, whereas Church Square symbolises the growth of the settled European community. In fact, the first real settled community in the north to that extent, certainly in the Transvaal.

Q: Do you think the Western facade buildings have any particular architectural merit?

A: No, not really. They're not particularly sympathetic architecturally, but that's not important. At least they're in scale; in that sense they're complementary.

The Netherlands Bank is actually fiddly, but it offsets the others. The thing is that the Raadsaal and the Palace of Justice stand out rather grandly. To take away the western facade would reserve that order, and destroy the historic relationship of the three functions.

We'd dwarf the Raadsaal and the Palace of Justice. They were intended to be imposing their particular function, others do offset them in their true intention.

The Netherlands Bank is quite a jewel in its own way. But it's more important to have a series of buildings, although some might be very mediocre, because in a group they mean much more. On Church Square you have a whole lot of buildings — even admitting the wretched Post Office — that mean something.

Q: You seem to feel strongly about the Post Office. Why?

A: It's a fatal mistake. The last place you want a central Post Office. You do want the counter service, where you can get stamps and your old age pension, but you don't want traffic brought in and redistributed from there. It's the very last place in a city it should be — the sort of site a Post Office should avoid, not seek.

But it seems to me you people here are struggling for a comprehensive view of where you want to go. Decisions are being taken ad hoc by the looks of it. Whether particular buildings should be retained or not is part of a much wider decision.

But if there's any doubt about whether the buildings should go, remember, demolition is irreversible. If you're not quite sure about where you're going townplanning wise, don't knock down buildings.

Q: Do you think the buildings in the western facade could be recycled into useful elements?

A: Yes, obviously. Not useful in terms of potential ground value, but remember that's artificial, created by zoning regulations. It doesn't necessarily follow that the buildings couldn't be economically used in those terms.

Q: How do you feel about the Square being used as a bus terminus?

A: You want to get the bulk of your traffic away, your Post Office traffic. Pedestrianisation is the only way to fix it up.

In think the Square got out of hand, lost its character, when it was made a circle for trams. It means it hasn't got a common — an open space.

Q: Do you think that the fact the Square is a frozen area, under Government control and not city council, is part of the problem?

A: Now one probably comes to the crux of Pretoria's problem altogether. Too many authorities having the say. The impression one gets here is that there is complete confusion. Demolishing the western facade seems to be an ad hoc decision in terms of do we need this little

bit more space for parking cars. It shouldn't be decided on that level at all; this is ludicrous.

A decision to retain the Square should be part of a broader policy for the city, and I would have thought, both historically and symbolically, Church Square would be the centre of that city. It seems to me unthinkable that you want to write it off.

But what was achieved at Saturday's meeting and through the Pretoria News opinion poll seems to indicate that people are not happy with demolition.

Q: It's been said that we need to develop our urban environment to live in, and that Church Square is a part of that environment. Do you agree?

A: Yes, I can't see any other square taking over that particular function.

Q: One objection against preserving the Square is that the city is developing towards the east, towards the Strydom and Verwoerd Squares, lessening the importance of Church Square. What do you think of that?

A: You're already got an overbulk provincial building, which is killing the Square, and the Post Office. The main problem is that you don't seem to know where you want to go . . . there's almost a deliberate wish to kill the Square.

But if you feel you can do without any historic continuity and want to go to the Strydom and Verwoerd Squares, then good luck. All I can say to people like that is that it's your loss. If they have so little feeling for the vibes . . . well, you're talking to an impoverished person in the first place. If it doesn't matter to them that this is where Oom Paul sat, well, I can only feel sorry for them.

Q: There have been suggestions that the Square should be levelled out. What do you feel about that?

A: I'd be all for that in principle. But the Square slopes, which makes it difficult. The statue's in a bad place as well, right in the centre of the axis. Van Wouw never visualised the statue being seen from behind to the extent it is now. But now we're getting into another problem entirely!

## **DIE STRYD OM DIE PLEIN**

OGGENDBLAD, 30.7.1975

DIE stryd om Kerkplein. Saterdag het bykans 10 000 mense in die laaste loopgraaf geveg vir die ongeskonde behoud van Kerkplein.

Hulle doelwit was om 'n regeringsbesluit dat die historiese geboue aan die Plein se wesfasade gesloop word en plek maak vir twee moderne wolkekrabbers teruggetrek te kry.

Vir die behoud van dié stukkie geskiedenis het die volk Saterdag gaagiteer. Toesprake is afgesteek, boodskappe is gestuur en pleitskrifte is onderteken.

Vanoor die hele Suid-Afrika het hulle gekom — bewerige grysaards wat nog in die Z.A.R.-tydperk gebore is, byderwetse jongmense en klein kindertjies wat nog nie reg weet waarom alles gaan nie. Maar wat protesteer is hulle.

## VRAE OOR PLEIN NOG ONOPGELOS

OGGENDBLAD, 30.7.1975

DIE stof het oor Kerkplein gaan lê. Waar 10 000 mense Saterdag gepleit het vir die ongeskonde behoud van die Plein het mense gister weer op die bankies gesit en het 'n groot getal swartmense weer op die gras uitgestrek gelê.

Die groot vraag bly egter nog: Wat gaan die toekoms van Kerkplein wees? Die volk het die naweek gevra: „Bewaar,” die Administrateur het gister weer gesê: „Sloop.”

Is daar 'n alternatief vir die Regering se voorstel van die oprigting van twee reusegeboue wat die Provinsiale Administrasie en die Poskantoor moet huisves?

As dié twee geboue — wat broodnodig is — nie op die Plein opgerig kan word nie, waar dan?

Wat kan gedoen word om Kerkplein 'n aantrekkingskrag te maak sodat mense daarheen kan stroom?

Op dié vrae moet die voorstanders van bewaring ook antwoorde kan verskaf. Iets moet net gedoen word om Kerkplein weer lewendig te maak.

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein het reeds dié saak geherkou en daar bestaan 'n sketsplan wat hulle uitgewerk het oor hoe Kerkplein benut kan word vir gebruik deur mense.

Ook die bekende Pretoriase kunstenaar Elly Holm het 'n skets eksklusief vir Oggendblad gedoen om te wys hoe sy dink die Plein behoort te lyk.

## SLAAN GEBOUE PLAT

deur SLAAN HULLE PLAT, Pretoria, Oggendblad (U skryf), 30.7.1975

SATERDAG se byeenkoms op Kerkplein waar 'n paar duisend mense — 10 000 volgens een koerant en 5 000 volgens 'n ander — is niks anders as massa-histerie en opsweping deurweek met sieklike sentimentaliteit nie.

Dr. Willem Punt het glo gesê die ou geboue moet vir die nasate bewaar word. Die woorde „bewaar word” is verkeerd. Dit moes gewees het: „om platgeslaan te word”.

Dis is presies wat die nasate met dié ou onooglike geboue gaan doen, want vir ewig kan en sal hulle nie staan nie.

Ek hoop van harte die Regering en die Administrateur gaan hulle nie laat beïnvloed nie en voortgaan met die voorgestelde program van ontwikkeling. Dis nou 'n tyd om realisties te dink en nie om onnodige trane te stort en opruiende toesprake te hou nie.

## KERKPLEIN — SÓ HET DIE STRYD VERLOOP WAT PREMIER GESÊ HET

DIE TRANSVALER, 30.7.1975

MEER as sestig jaar gelede al, het die volk begin gesels oor veranderinge op Kerkplein. Toe is deur 'n argitek voorgestel dat 'n ander standbeeld as oom Paul s'n in die middel van die plein kom. Aan die einde van die veertigerjare het die Provinsiale Administrasie sy deel van die Wesfasade gekoop (Capitolteater, ou Nederlandse Bankgebou, Law Chambers en die Cafe Riché) en in die vyftigerjare aangekondig dat 'n nuwe

provinsiale gebou daar gaan verrys, maar aan die Pretorius-Bosmanstraatkant (weg van die fasade af).

Eers in die sestigerjare het die veranderingpraatjies regtig ernstig geword en het die „toneel” begin ontvou wat gelei het tot 'n besluit om die hele Wesfasade te sloop.

Die publiek se siening oor Kerkplein wat pas gelei het tot 'n demonstrasie van openbare mening ter behoud van die plein, spruit in 'n groot mate uit koerantberigte wat die saak só weerspreek het:

● Op 16 Februarie 1963 het argitekte 'n lywige memorandum voorgelê aan die Pretoriase stadsraad waarin aanbeveel word dat die plein omskep word in 'n plek waar groot volksfeeste gehou word. Die ou geboue om die plein moet nie geskend nie, maar uitgebrei word. Dit was 'n plan slegs in breë trekke en die stadsraad sou dit in fynere besonderhede moes laat uitwerk.

● 'n Week later het dr. P. J. du Toit en dr. Willem Punt, destyds van die Historiese Monumentekommissie, gewaarsku dat die argitekte nie met Kerkplein moet lol sonder om die kommissie te ken in die saak nie. Hulle was nie onverskillig oor die kwessie van verandering nie, maar sê uit die staanspoor dat hulle nie kans sien vir 'n parkeergarage op Kerkplein nie.

● In Maart 1963 het die Krugergenootskap van hom laat hoor: verander maar, maar moenie oom Paul se beeld verdwerg nie en basta met 'n parkeergarage.

● Teen die einde van 1963 het die Pretoriase stadsraad besluit dat die argitekte se plan om Kerkplein te verander, nie aanvaar sal word nie. Die plein bly soos hy is en sal waarskynlik as geheel tot nasionale monument verklaar word.

● In April 1969 word aangekondig dat ses toringgeboue van R30 miljoen om Kerkplein gaan verrys, maar daar word nie gemeld of die Wesfasade gaan sneuwel nie.

● Later word dit duidelik dat minstens twee ou geboue aan die Westekant van die plein gaan sneuwel.

● Regter Kowie Marais het ingegryp en Pretorianers gewaarsku dat die ou plein 'n „donker gat” gaan word met die hoë geboue daarom.

In 'n Sondagkoerant sê regter Marais destyds: „Die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Departement van Postery is besig met planne om wolkekrabbers op te rig wat die plein, pres. Kruger se standbeeld, die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie sal oorskadu en verdwerg.

„In geen van die gevalle is die publiek van Pretoria ooit geraadpleeg nie; ook nie die beplanningskomitee vir die Hoofstad nie.

Die Ou Nederlandse Bankgebou uit die jaar 1897 en die Republikeinse Munt waarvan oom Paul die hoeksteen in 1892 gelê het, gaan gesloop word.

Die Pretorianers sal die plan om die veranderinge aan te bring, onomwonde verwerp as hulle daarin geken word, het regter Kowie destyds gesê.

● Op 8 September 1971 is alle ontwikkeling om die plein vir 'n onbepaalde tyd bevries.

Dit was vir die wyl dat die Regering die verslag oorweeg het van die Kerkpleinkomitee wat hy vroeër die jaar aangewys het.

Die voorsitter van die Kerkpleinkomitee was volgens 'n berig op 5 April 1971, mnr. G. S. Pool, (onder-sekretaris van die Departement van Openbare Werke), mnr. W. Hoffman, A. C. Doherty (argitek van die poskantoor se beplande toringgebou op die Wesfasade), mnr. L. S.

Badnitz, direkteur argitektdienste Dept. Openbare Werke), regter Kowie Marais (Hoofstadbeplanningskomitee) en mnre. H. Rode (stads- klerk), B. M. de Klerk (adj.-Posmeester-generaal), P. Grobbelaar (Dept. Nasionale Opvoeding), W. Visagie (Dept. Beplanning) en Hans Botha (een van die argitekse van die beplande toringgebou van die prov. administrasie).

● Die komitee se aanbeveling was dat die volgende geboue gesloop moet word: Die oorspronklike Ou Mutual-gebou, die Ou Munt, die huidige poskantoorgebou, die Cafe Riché, die Law Chambers en die Capitol-teater.

Behou moet bly:

Die Ou Raadsaal, die Paleis van Justisie, die ou Nasionale Bank, en die ou Nederlandse Bankgebou.

Die toringgeboue kon gebou word maar moes verder van Kerkplein weggeskuif word.

Oom Paul se standbeeld sou bly waar dit is en die plein sou nie langer 'n verkeersirkel wees nie maar as 'n „piazza" of binneplein uitgebou word.

● Die Krugergenootskap het „ja" gesê en dr. Punt van die stigting Simon van der Stel se kommentaar oor die nuwe plein wat minister Coetzee aangekondig het, was dat hy bly is die twee bankgeboue word bewaar en dat die plein vir verkeer gesluit sal word. Oor die toringgeboue het hy sy kommentaar voorbehou.

● In Mei 1972 het vyfhonderd mense in Pretoria byeengekom en die voorgestelde wysigings aan Kerkplein verwerp en 'n voorstel aanvaar van die destydse Administrateur van Suidwes, dr. Wennie du Plessis, dat die plein in sy huidige vorm behou moet word.

Regter Kowie Marais was daar, regter Victor Hiemstra was daar, ook dr. Punt van die Stigting Simon van der Stel.

● Prof. F. C. L. Bosman van die UP het dr. Wennie se mosie gesteun dat die ou geboue behou en die toringblokke nog verder wes in Bosmanstraat verskuif moet word.

Die vergadering is belê deur die Akademie vir Wetenskap en Kuns.

● In die tyd is 'n wet deur die Parlement aangeneem wat die minister van gemeenskapsbou seggenskap gee oor veranderinge by die plein

In die senaat op 1 Maart 1972 het die VP gekla dat Minister Blaar Coetzee daardeur diktatoriale magte kry om Kerkplein te verander soos hy wil.

Tydens die derde lesing van die wetsontwerp in die Senaat het die Minister gesê dit is nie so nie, hy sal voor enige beslissing eers oorleg pleeg met die Stadsraad en Kerkpleinkomitee.

● In April 1973 het dr. Punt van die Stigting 'n radikale standpunt ingeneem: Hande weg van Kerkplein. Hy het die Genootskap Oud-Pretoria toegesprek oor die toekoms van die plein.

„Die plein, waar busse nog toegelaat is, het 'n bushalte geword en die lug is vol gas en oliedampe."

„Waar is die mense? die plein is ontvolk," het hy gekla.

„Ons slaan plat ter wille van voorspoed. Ons slaan plat om motorweë, verkeersweë en joos weet watter weë nog deur te laat.

„In Kaapstad het die stadsingenieur op sy eie paaie — sy 'left overs' en 'fly overs' verdwaal en in Langa beland en dit is wat hier sal gebeur as ons nie protesteer nie."

Hy wou weet wie se idee dit was om Kerkplein te herbeplan — „sekerlik nie die burgers s'n nie!"

● In Julie 1973 het die Poskantoor aangekondig hy laat vaar sy idee van 'n toringblok, en 'n nuwe poskantoor van R8 miljoen gaan gebou word by Kerkplein op persele van die bestaande poskantoor, die Nasionale Bankgebou, die Muntgebou en die Ou Mutual-gebou.

● In November 1973 het sakemanne weer beswaar gemaak teen die sluiting van die plein vir verkeer... hul winste word daardeur benadeel.

● Op 23 November 1973 word aangekondig dat die Kerkplein-komitee 'n voorstel aanvaar het vir die herbeplanning van die westekant van die plein. Belanghebbendes kon die planne bestudeer voor dit vir goedkeuring aan die Minister voorgelê word.

● Op 1 Februarie 1974 het die stadsraad aangekondig dat 'n raad-gewende komitee wat behulpsaam sal wees met oorwegings van die veranderings van Kerkplein, saamgestel moet word.

In Mei 1974 vergader die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede in Pretoria en die Kaapse lede veg verbete vir die behoud van die hele Wesfasade. Sô het die Raad dan ook aanbeveel by die regering.

● In June 1974 is die Stigting Simon van der Stel (wat hom beywer vir die behoud van die Wesfasade) en ander belanghebbendes in kennis gestel dat hulle die Premier op 13 Junie in sy kantoor moet ontmoet.

Dr. M. S. Meiring Naudé, nasionale voorsitter van die Stigting, is saam, ook dr. H. L. de Waal (gewese voorsitter van die Akademie), prof. F. Smuts van Stellenbosch, mnr. Willem Punt van die Stigting en ander.

Mnr. Punt en dr. De Waal sê dat die Eerste Minister hulle ingelig het dat die saak na hom verwys is. Na lang oorweging is besluit om alles van die Wesfasade te sloop — insluitend die Nederlandse Bankgebou en die Nasionale Bank.

Die Premier het die aanwesiges versoek om die saak nou daar te laat. Van die aanwesiges het gesê hulle het geen mandaat van die liggame wat hulle verteenwoordig om die saak daar te laat nie.

● Dr. De Waal sê die Kerkpleinkomitee het nie formeel op 'n vergadering besluit dat die twee ou bankgeboue gesloop kan word nie.

● Mnr. A. H. du Plessis, Minister van Openbare Werke kondig daarna aan dat die regering nie meer die twee toringblokke aan die westekant van Kerkplein gaan bou nie, maar al die bestaande geboue aan die westekant gaan gesloop word. Daar gaan 'n poskantoor en 'n nuwe provinsiale gebou verrys.

● Min. Marais Viljoen het die oprigting van die nuwe poskantoor verdedig in Die Transvaler van 15 Junie 1974.

● Op Sondag 16 Junie berig Rapport „die lang en bitter stryd om die behoud van die Westelike fasade van Pretoria se historiese Kerkplein is dan verloor. Dit lyk of selfs die vurigste kultuurvegters knak voor die Regeringsbesluit wat vandeeweek gekom het. „Die Kerkpleinkomitee van mnr. George Pool, Adjunk-Sekretaris van Openbare Werke het aanbeveel dat die hele ry ou geboue van die westekant van Kerkplein gesloop moet word om plek te maak vir hoë nuwe geboue van die Provinsiale Administrasie en die Poskantoor.

„Die slopers kom. In die slag bly die Capitol-bioskoop, die ou Nederlandse Bankgebou, die Cafe Riché, die ou poskantoor, die Nasionale Bankgebou, die Zuid-Afrikaansche Republiek se Munt en die Kirkness-gebou...

● Mnr. Johan Preller, voorsitter van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se reaksie in Pretoria was destyds:



„Die besluit maak seer. Die bestaande geboue verteenwoordig argitektuur uit drie tydvakke in ons geskiedenis: die Republikeinse, die Koloniale, en die Uniale. Die eerste gebou is in 1893 en die laaste in 1913 opgerig.”

● „Die besluit oor Kerkplein moet nou as finaal beskou word. Niks wat gedoen of gesê word, gaan die Kabinet se standpunt oor die saak verander nie, het Min. Du Plessis op 17 Junie aan Die Vaderland gesê. Hy het bygevoeg dis 'n dringende saak (die nuwe Poskantoor en Provinsiale Gebou) en die be-oogde veranderings sal so gou moontlik aangepak word.

● Die argiteke van Transvaal het op 9 Maart vanjaar by die Minister gepleit: behou tog asseblief die plein.

● Op 15 Maart het die Posmeester-generaal, mnr. Louis Rive, probeer troos:

„Pretoria gaan een van die modernste poskantore in die wêreld kry hier op Kerkplein.”

● Op 18 April het die Nasionale Vroueraad gepleit by die Eerste Minister: Moet tog nie die ou geboue sloop nie. Die Vroueraad is die verteenwoordigendste afvaardiging van Vroueorganisasies in Suid-Afrika.

● ... En tõe die groot agitatie verlede naweek van tussen nege- en tienduizend Suid-Afrikaners om Kerkplein te bewaar.

## VRAE RONDOM KERKPLEIN

REDAKSIONEEL, Die Transvaler, 30.7.1975

DIE stryd rondom die Kerkplein van Pretoria moet uitgelig word uit die emosionele sfeer van verwyte, dreigemente en betogings.

Geen owerheid kan alleen op grond van protesoptogte vorige besluite in heroorweging neem nie. So 'n optrede sou 'n bespotting van leierskap en demokratiese prosedures wees.

Daarom moet daar nugter en saaklik na die hele situasie gekyk word.

Vir dié doel het ons op die bladsy langsaan die hoofmomente van die onderhandelingsgeskiedenis weergegee.

Die vraag wat nou eerste prioriteit moet geniet is of die demokratiese prosedures behoorlik gevolg is in al die onderhandelings? Of alle betrokkenes volle geleentheid gehad het om hulle saak te stel?

Indien die antwoord nee is en daar bewyse gegee kan word van prosedure-veronregting in die hele saak, is dit geregverdig om die saak weer te heropen.

Indien die antwoord bevestig dat demokratiese prosedures behoorlik gevolg is, het die beswaarmakers nou geen saak nie. As hulle kans gehad het vir hulle standpuntstelling en hulle standpunte nie die paal gehaal het nie, is dit nou te laat vir trane.

Die kwelvraag moet dus eers duidelik beantwoord word: is die demokratiese prosedures behoorlik eerbiedig?

## DIS NOU ,VOLKSWIL'

REDAKSIONEEL, Beeld, 30.7.1975

DIE getal handtekeninge vir die Kerkplein-mosie staan nou op meer as 9 000 nadat die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein gister nog lyste met handtekeninge van oor die hele land ontvang het,

Daar is nog geen sekerheid oor wanneer die mosie aan die Eerste Minister, mnr. John Vorster, oorhandig gaan word nie, het mnr. Willem Punt van die Burgerkomitee gister aan Beeld gesê.

Nadat die Burgerkomitee al die handtekeninge getel het, sal dit aan 'n ouditeursfirma gegee word vir finale telling en daarna sal dit saam met die mosie in 'n brosjure saamgevat word.

Die vaandel waaronder die burgerkomitee nou veg vir die behoud van Kerkplein is dat dit die volkwil is.

„Mnr. Sybrand van Niekerk (Transvaalse Administrateur) het gesê daar kan net na nuwe gesigspunte oor Kerkplein geluister word, en dit is nou ons nuwe standpunt. Nou maak dit nie meer saak of die geboue mooi of lelik of van geskiedkundige belang is nie,“ het mnr. Punt gesê.

## REGISTER KAN SLOPING KEER

BEELD, 30.7.1975

ALLE behoudenswaardige geboue moet vooraf in 'n register aangeteken word sodat die verdienste en waarde daarvan lank vroegtydig bepaal kan word, het mnr. Gerard Froneman, bestuurder van Historiese Huisse van Suid-Afrika Beperk, gister gesê.

Dit is te laat om 'n gebou te probeer bewaar as die stootskrapers klaar gereed staan om dit plat te stoot.

As so 'n register lank gelede begin was, sou die huidige twis oor die Wesfasade van die Kerkplein in Pretoria nie ontstaan het nie. Die owerheidsontwerpers sou die huidige planne vir die plein nooit begin het as hulle vooraf die verdienstelikheid vir bewaring kon ondersoek nie.

Volgens mnr. Froneman is die redenasie ongeldig dat geen huurders vir ou geboue gevind kan word nie omdat hulle te vervalte is. Tegnieke bestaan om ou geboue te restoureer — al is dit ook in 'n baie swak toestand.

Geboue wat na die aardbewing in 1969 op Tulbagh gesloop kon word is gerestoureer en word vandag bewoon.

## CHURCH SQUARE ROW ,STIRRED UP BY A FEW'

RAND DAILY MAIL, 30.7.1975

THE campaign against the demolition of the western facade of Pretoria's Church Square had been stirred up by a few individuals, the Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, claimed in an interview in Pretoria yesterday.

The buildings about which the alleged concern was being expressed had neither historical, cultural nor aesthetic reasons for being preserved.

“The decision to demolish the buildings on the western side of the square was taken after the issue was carefully considered by authorities and as far as I am concerned the matter is closed,“ he said.

“It is difficult to escape the conclusion that public interest in saving the buildings has been grossly exaggerated by the organisers of the campaign.“

He had reason to believe, Mr. Van Niekerk said, that signatures collected for the petition to the Prime Minister had included whole families, including children.

The two buildings of real historic and aesthetic importance had been preserved — the Palace of Justice and the Raadsaal.

“Church Square is the heart of the Republics’ administrative capita’ and the province and the Government owe it to the people of South Africa to see that it is properly planned.”

To preserve the buildings which are the centre of the present agitation would contribute nothing to the dignity and beauty of the square.

Mr. Van Niekerk advised the “agitators” to leave the future of the square in the hands of the authorities.

“We are as concerned about preserving those buildings and objects which have a close historical link with our past as the agitators claim to be.”

Mr. Van Niekerk pointed out that buildings similar to those on the square’s western facade had been demolished years ago without protest to make way for the provincial headquarters building.

The old Netherlands Bank building, the Cafe Riché and the old Law Chambers building had never been part of a planned architectural scheme.

They were built for commercial reasons and were used commercially.

They had no significant connection with the old Republic and that they were to be demolished was no reason for mourning and weeping.

Neither the Minister of Public Works, Mr. Du Plessis, nor the deputy secretary of his department, Mr. G. S. Pool, would comment on Government plans for the western side of the square.

## KERKPLEIN: STOF TOT NADENKE

deur DR. HERMANN REX, Argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Hoofstad (Ons lesers skryf), 30.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Ek kry die indruk asof mnr. Sybrand van Niekerk en die ander instansies wat die finale beslissing moet gee, hulle geheel en al nie steur nie- aan die volkswil oor die toekoms van Kerkplein, waarmee mnr. Van Niekerk en ander in die afgelope tien jaar, deur middel van deputasies en skriftelike vertoë verteenwoordigende tienduiseende burgers van Pretoria, kennis gemaak het.

Die Administrateur van Transvaal, is in ’n sekere opsig, die owerheidspersoon op wie die mantel van president Kruger geval het.

Hy staan immers aan die hoof van die Regering van die Provinsie Transvaal en uit die Ou Raadsaal van president Kruger, en sy Boere-regering, het hy tans ’n belangrike seggenskap oor die toekoms van Kerkplein en die historiese geboue wat die westekant van die Plein versier. Ek wil aan sy Edele vra en ook aan wie ook al ’n aandeel in die finale beslissing oor ons kultuurerfenis gaan hê: „Steur u, u dan geensins aan die volkswil wat oor die lotgevalle van die historiese geboue aan die westekant van Kerkplein in die afgelope paar weke in koerantberigte en -kommentaar an die lig gekom het nie?

„Sal u dan hierdie pragtige en spontane uitting van die volkswil van Pretorianers en die Republiek verontagsaam, en sal u die pleitstemme ignoreer soos dit tot openbaring gekom het in die verskillende dag- en weekblaaie en ook in die Sondagpers. Indien u hierdie spontane en ondubbelsinnige openbaring van die volkswil gaan verontagsaam en verkleineer, wil ek aan Sy Edele vra, of hy dan nog nooit gehoor het van die politieke belydenis van president Kruger wat hy male sonder tal in die Volksraadsaal en elders uitgespreek het nie. Vergun my dus

om Sy Edele en sy raadgewers te herinner aan 'n belangrike aspek van president Kruger se filosofie:

„Die grondslag van President Kruger se staatkundige opvatting was die soewereiniteit van God wat deel van sy Calvinistiese erfenis was. Dit was,” skrywe professor D. W. Kruger, in deel 2 van sy „Paul Kruger”, „ook bepalend vir sy demokratiese beskouing en die sleutel daartoe was geleë in 'n uitdrukking wat hy by herhaling gebesig het, naamlik „Die stem van die Volk is die stem van God”. Die opperste regeerder oor alles was God, maar Sy wil, het in die praktyk tot uitting gekom deur die stem van die meerderheid van die Volk, „Die Koningstem” volgens Kruger.”

Onder God was die volk Koning en selfs die Volksraad was verplig om die „Koningstem” te gehoorsaam. Daarom was Kruger steeds uiters gevoelig vir die openbare mening waarvan sy gesag uiteindelik afhanklik was.

Deur die koerantberigte van die afgelope paar weke, deur hierdie spontane en magtige demonstrasie op Kerkplein en deur die ondertekening van die pleitskrifte aan Sy Edele, die Eerste Minister, het die owerheid, wat oor die uiteindelijke lotgevalle van die historiese geboue aan die westekant van Kerkplein moet beslis nou opnuut kennis gemaak met die volkswil.

## LOS GEBOUE EN RUIM PLEIN OP!

deur GEORGE MILLER, Presidentstraat 64, Silverton, Hoofstad (Oms  
lesers skryf), 30.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Hieronder is enkele gedagtes wat nuttig kan wees in u hantering van die Kerkpleinkwessie.

Eerstens 'n woordjie oor ons Administrateur. Sy weiering en teregwyding van die Burgerlike Komitee se poging tot bewaring van sekere geboue, is soortgelyk aan die optrede i.v.m. die Strijdom-monument toe sterk openbare gevoel nie was vir die koepel oor die monument nie. Dit was ook genoem die „paddastoel”!

Destyds het sy „standpunt” ons baie ongelukkig gemaak — en later sit hulle met die gebakte pere: die koepel wou net val en die herstelkoste was baie hoog.

Die aksie om die behoud van Kerkplein gaan eintlik oor twee aspekte.

- a. Die betrokke geboue.
- b. Die verswaring van Pretoria en leegglêers op Kerkplein.

Die Burgerlike Komitee beoog „dat Kerkplein weer die lewendige hart van Pretoria moet word”. Ons is dit eens — maar dan moet maniere en metodes gevind word en sekere geriewe daargestel word wat ons die reg sal gee om die swartmense van Kerkplein te verwyder — sonder voorvalle!

Die herbeplanning van Kerkplein sal seker ook aandag moet kry, sodat daar nie plek vir swart of wit leegglêers sal wees nie. Die Regering kan vir so 'n nasionale saak R2 000 000 bewillig — waarom nie?

Beste wense en sukses in die stryd.

## VORSTER BRIEFED ON SQUARE'S WESTERN FACADE

by NEIL JACOBSON, Pretoria News, 30.7.1975

THE Prime Minister, Mr. Vorster was yesterday briefed on Church Square's controversial western facade by a private firm involved in redesigning the Square.

It is believed that the Deputy Postmaster General, Mr. Francois Theron, also attended the informal meeting as a representative of the Post Office

Official confirmation of the meeting could not be obtained today.

The briefing session is being seen by some sources as an effort by Mr. Vorster to bring himself up to date on the Church Square issue in preparation for receiving the protest petition from the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

The petition is likely to be delivered to the Prime Minister's office late this week or early next week.

### SESSION

The briefing session has also been seen as an encouraging sign by some. They feel this might indicate that Mr. Vorster is prepared to rethink the Cabinet's decision to demolish the western facade.

A spokesman for the Prime Minister's office said today he could not say whether or not Mr. Vorster would make any announcement after receiving the petition. Mr. Vorster himself was not available for comment.

Meanwhile, Staff Reporter Colleen Hendriks reports if Church Square's western facade is barring the way of progress it should be demolished, according to Mr. S. D. K. Venter, the Ratepayers' Association's official candidate for the municipal by-election in Wonderboom South.

### PRESERVE

"By all means, preserve such truly historic buildings as the Raadsaal and Palace of Justice. But I can't see why the old buildings on the western side should be preserved if they stand in the way of progress and the effective development of the Square," Mr. Venter said.

A high-ranking public servant and chairman of the divisional council of the Nationalist Party in Gezina, Mr. Venter said he was contesting the election on civic rather than political issues.

Although the Pretoria municipal elections are officially fought on a non party basis, the nomination of a top Nationalist and a member of the HNP executive makes it difficult to keep politics out.

### FACILITIES

The presence of Blacks in parks — a drawn out local, yet also party-political issue — has again raised its head.

"I will campaign for separate facilities — where necessary," said Mr. Venter.

His opponent, Professor Adriaan Pont, a top member of the HNP and lecturer in church history at the University of Pretoria, was not available for comment today.

Observers believe the election on August 6 will give a definite indication of the current strength of the two parties in Pretoria.

## **TIME WILL COME WHEN WE'LL BE SORRY**

by MRS. L. DE K., Pretoria, Pretoria News (Readers' Letters), 30.7.1975

SIR, — I would like to say a few words about the proposed demolition of the buildings on the western facade of Church Square as I feel so ashamed, when returning from other countries, or towns in South Africa, to see nothing of character remaining in Pretoria.

Some of these old buildings are not very beautiful architecturally but much could be done to improve them. No new building can create the same atmosphere or have the same character as some of the old ones.

Some of the newer buildings that can be seen around the Square should be hidden by trees.

Even if the facade or shell of the old buildings was retained it would help to give the Square atmosphere.

I believe a great deal would have been done to give "Die Meent" charm and atmosphere had the facade of the old town hall in Pretorius Street been retained.

I do hope that the atmosphere of the old Church Square can be preserved. If the buildings on the western facade are demolished the time will come when we will be sorry. And then it will be too late.

## **POLITICS AND SQUARE ISSUE**

by C. F. BEYERS, Pretoria, Pretoria News (Readers' Letters), 30.7.1975

SIR, — The publicity your newspaper has given to the current campaign to save Church Square is greatly appreciated and I am sure that all citizens are as pleased as you are with the result of your opinion poll published on Thursday July 25.

It is a great pity, however, that your newspaper showed so little restraint by placing on the front page an article entitled "The voice of the people" containing in the first paragraph such scathing references to our Government. Surely these remarks and hints at futility are quite unnecessary at this stage?

The article places a question mark over your sincerity in advocating that politics be kept out of the Church Square issue. The tone of the article is not up to the occasion.

(The Pretoria News does NOT see the preservation of Church Square as a political issue, and has carefully avoided making it one. There was nothing scathing in the article referred to. On the contrary, it offered constructive suggestions to the Government on how to deal with Church Square by taking into account public opinion. — EDITOR.)

## **PLEA TO PRIME MINISTER**

by MISS ESJE DU TOIT, Organising Secretary, South African Association of Arts, Cape Town, Pretoria News (Readers' Letters), 30.7.1975

SIR, — I read your feature on Church Square, "The End" (Pretoria News July 7).

In Cape Town people are also most concerned about the demolition on Church Square. The Simon van der Stel Foundation, the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and the South African Institute of Architects joined forces with the South African Association of Arts and in a letter to the Prime Minister we made a strong plea for the preservation of our cultural heritage and appealed that the western facade of Church Square be saved from demolition.

## DIE BOODSKAP VAN KERKPLEIN SE PROTES

deur TJAART v.d. WALT, Die Vaderland, 30.7.1975

JOU hart was seker ook verlede Saterdag op Pretoria se Kerkplein met sy skare van 10 000, buurman. Myne ook.

Ons is nie mense wat maklik teen ons eie regeerders sal gaan staan en demonstreer nie. As dit die slag gebeur, moet die gemoedere baie hoog loop.

Ons volkie was dit lanklaas so roerend eens. Verlig en verkramp en verdinges, die lot. Kerkplein met sy westelike fasade en al moet vir die nageslag behoue bly.

### HUPSTOOTJIE

Ons het al so min tasbare herinnerings aan gister en eergister in die Noorde. Nie maar net omdat ons geskiedenis hier maar nou die dag begin het nie. Ook omdat die Vryheidsoorloë waarin ons voorouers moes veg, baie van wat bewaar moes gebly het, in brandende puinhope omgeskep het.

En nou wil van ons eie mense die knaagtand van die tyd nog 'n hupstootjie gee om die oue maar net so plek te laat maak vir die nuwe.

Neel! Laat die planne hoe pragtig lyk, Pretoria is meer as groot genoeg om die beoogde nuwe geboue elders te laat verrys.

Trouens ons het altwee nodig: Die oue en die nuwe.

### OOM PAUL

Natuurlik is ouderdom op sigself geen rede om iets vir die nageslag te wil bewaar nie.

Die einste oom Paul wie se standbeeld — tereg — in die hart van Kerkplein staan, het mos self gesê: Soek in die verlede **dit wat rein en edel is . . .**

Wees konserwatief. Begin met wat jy het. Soek in die verlede.

Maar wees ook krities teenoor jou erfenis. Die reine en die edele is al wat behoue hoef te bly. Die prulwerk kan en moet opgeruim word.

Maar hiermee het oom Paul nie opgehou nie. Hy het geweet ons mense is nie bloot 'n volk van soekers of behouers of slopers nie. Ons is bouers.

Soek in die verlede dit wat rein en edel is, **en bou daarop u toekoms.**

### VOLKSWA

Dit is die progressiewe element in ons volksbestaan. Die volkswa (nie die een van Wolfsburg, Duitsland nie, maar die Boerewa van Suid-Afrika) mag nie bly stilstaan nie. Die pad vorentoe moet verder oopgekap word.

Ons moenie óf konserwatief óf progressief wees nie, maar én konserwatief én progressief. Behoudend en vooruitstrewend tegelyk.

Mense met 'n fondament: Die goeie in die werk van vorige geslagte.

Maar terselfdertyd ook mense met die troffel in die hand, sodat die volgende geslag iets meer kan kry om op voort te bou as wat ons van ons voorgeslag geërf het.

Ons beleef tans 'n oorgangsituasie soos selde, indien ooit, in ons geskiedenis, buurman. Om ons verlede te laat vaar, sal ewe noodlottig wees as om in die verlede te probeer wegkruip vir die uitdagings van vandag en môre.

Ons moet aan die goeie in die verlede vashou as ons ons beste vir die toekoms wil gee.

## VIERKANTIG

Menslik gesproke sal ons welslae in die stormagtige tye wat kom, in ruim mate bepaal word deur ons vermoë om gister en môre met mekaar te versoen.

Om self sowel konserwatief as progressief te wees.

Om ons voete vierkanting geplant te hou in dit wat in ons geskiedenis blywende waarde het. En terselfdertyd met ons hande voluit te bou aan 'n toekoms in die maalstroomwêreld waarin ons lewe.

## PRETORIA

As Pretoria ons twee pleine vlakby mekaar kan gee: Een met die mooiste uit ons erfenis van die verlede, die ander met die beste uit die argitektuur van die hede — en die twee nog boonop deur 'n wandelgang met mekaar verbind — kan dit 'n pragtige stukkie simboliek word.

En so stap-stap kan ons mense sommer dag na dag daaraan herinner word: Dit is ons pad vorentoe, om sowel die mooie van die verlede te behou as om die beste vir die toekoms te bou.

Hoe lyk dit, Pretoria, jy's mos gropt genoeg vir altwee, of hoe?

## PM BRIEFED ON CHURCH SQUARE

STAR, 30.7.1975

THE Prime Minister, Mr. Vorster, was yesterday briefed on Church Square's controversial western facade by a private firm involved in its redesign.

It is believed that the deputy Postmaster General, Mr. Francois Theron, also attended the informal meeting as a representative of the Post Office.

Official confirmation of the meeting could not be obtained today.

The briefing session is seen by some sources as an effort by Mr. Vorster to bring himself up to date on the Church Square issue in preparation for receiving the protest petition from the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

## THIS WEEK

The petition is likely to be delivered to the Prime Minister's office either late this week or early next week.

The briefing session has also been seen as an encouraging sign by some. They feel this might indicate that Mr. Vorster is prepared to rethink the Cabinet's decision to demolish the western facade.

A spokesman for the Prime Minister's office said today he could not say whether or not Mr. Vorster would make any announcement after receiving the petition.

Mr. Vorster was not available for comment.

There have been suggestions that if the Government changes its mind on the demolition, but is not prepared to maintain the western facade building itself, it should hand the buildings over either to the Monuments Commission or the Simon van der Stel Foundation.



# AL MEER KLA OOR PLEIN SE SLOPING

DIE TRANSVALER, 31.7.1975

BESWARE teen die slooping van die wesfasade van Kerkplein stroom steeds in, het mnr. Willem Punt, direkteur van die Stigting Simon van der Stel, gister gesê.

Hy het ook finale besonderhede verstrekkend oor Saterdag se protes wat intussen deur 'n ouditeursfirma nagegaan is. Altesaam 9 326 mense het gevra vir die behoud van die fasade onder wie 2 122 per telegram en 699 per brief.

Daarbenewens het die hoof-sekretaris van die Transvaalse Onderwysersvereniging, mnr. J. F. Steyn, laat weet dat hy namens 13 000 onderwysers ook slooping teenstaan.

Mnr. Piet Muller, voorsitter van die Burgerkomitee wat Saterdag se magsmontering op die Plein gereël het, het gister gesê dat daar nie demokraties te werk gegaan is met die sloopingsbesluit nie omdat die Provinsie die Regering wanigelig het oor die omvang van teenstand. Die Regering was dus nie in staat om die wil van die volk behoorlik in ag te neem nie.

## ONDERSOEK

Uit 'n ondersoek van Die Transvaler blyk dit dat lede van die publiek en ander groepe wat gemoed is, geleentheid gehad het om hul griewe te lug.

Die Regering het geweet dat die volgende teen slooping gekant is: Die Stigting Simon van der Stel (wat beweer dat die Premier 'n jaar of wat gelede voor die regeringsbesluit aan dr. Willem Punt, dr. S. Meining-Naude en prof. H. de Waal die versekering gegee het dat daar „in die volgende tien jaar“ nie met die Wes-fasade gepeuter sal word nie“).

Ook die Genootskap Oud-Pretoria, die Studiegroep van Pretoriase Argitekte, Rapportryers van verskeie gebiede en die Skakelraad van Junior Rapportryers van Pretoria en Verwoerdburg, dosente van die departement Geskiedenis aan die RAU en lede van die publiek wat 'n model van die voorgestelde wysigings aan die westekant (met behoud van die Nederlandse en Nasionale Banke) gesien het.

## BESLUIT

Dit blyk nou dat die Regering se besluit dat die hele wesfasade gesloop kan word, ook voorafgegaan is deur 'n besluit van die Uitvoerende Komitee van Transvaal op 27 Februarie verlede jaar.

Die besluit het gelui dat die Provinsiale Administrasie in geen omstandighede bereid is om toe te stem tot die behoud van die Law Chambers, die Cafe Riché en die Capitol-teater nie en as die Regering gehoor gee dat die geboue bewaar word, moet die Provinsie uitbetaal word.

● Die Departement Openbare Werke se aanbeveling aan die Regering was dat die twee ou bankgeboue (die Nederlandse en Nasionale) ook gesloop word, d.w.s. die hele wesfasade, en as die Regering nie kans sien nie, kan die twee ou geboue ingelyf word by nuwes wat sal verrys.

Die Kerkpleinkomitee van tien lede het ses teen drie besluit ten gunste van slooping en daarna het die kabinetsbesluit gevolg wat die Premier verlede Junie aangekondig het dat alles aan die westekant gesloop word.

## ONVERBONDE

Die Kerkpleinkomitee is deur die Regering aangestel en het onder meer bestaan uit vyf staatsamptenare plus die argitekke van die toringgeboue wat destyds beplan is.

Beswaarmakers sê nou dat so 'n komitee nie onverbonde kon optree nie.

Die Transvaler het gister in sy hoofartikel oor die saak die vraag gestel of die demokratiese prosedures omtrent die hele saak van Kerkplein gevolg is. Dit blyk dat 'n verteenwoordigende groep van die beswaardes geleentheid gehad het om hul saak aan die owerheid te stel. — Hoofredakteur.

## STEMME VIR KERKPLEIN

BEELD, 31.7.1975

DIE getal stemme wat die Burgerkomitee vir die Bewaring en die Restourasie van Kerkplein gewerf het vir die vertoë om Kerkplein se Wesfasade te bewaar en te restoreer, sal vandag bekend wees.

Mnr. Piet Muller van die komitee het gisteraand gesê die ouditeure wat die telling doen, sal vandag die finale uitslag bekend maak.

Intussen stroom briewe en telegramme uit alle oorde steeds tot steun van die poging in. Die telegramme en briewe wat nou nog aankom, sal nie meer in aanmerking kom vir die telling nie.

Die finale verslag sal Maandag of Dinsdagaand aan die volle burgerkomitee voorgelê word. Daarna sal dit na die Eerste Minister gaan.

## MORE SQUARE FACADE SAVERS

RAND DAILY MAIL, 31.7.1975

THE powerful Rightwing Transvaalse Onderwysersvereniging, representative of 13 000 Afrikaans-speaking teachers in the Transvaal, has promised its full backing in the battle to save the western facade of Church Square.

Mr. Willem Punt, director of the Simon van der Stel Foundation and executive member of the People's Committee formed to preserve the facade, said yesterday that total signatories to the petition — excluding the teachers — were now more than 9 000.

He said that a steady flow of telegrams of protest and support had been reaching the committee since Saturday's meeting.

Auditors were now making the final preparations for the special submission to the Prime Minister, Mr. Vorster. Presentation is expected on Monday or Tuesday, he said.

Meanwhile, Mr. Vorster's office yesterday denied any knowledge of a reported meeting between the Premier and representatives of the firm involved in redesigning the western facade of the square.

Mr. Punt said yesterday that among telegrams of support reaching the committee were messages from: Mr. N. C. Krone, the Tulbagh Valley wine magnate and Africana conservationist; Mr. G. Froneman, head of the Historical Houses Society, of Stellenbosch; the entire staff of a firm of Cape Town printers and the 200 residents of an old age home in Pretoria.

## KERKPLEIN-SAAMTREK WAS LOJALE VERSET

HOOFSTAD, 31.7.1975

GEVAARLIKER as rebellie, is 'n geslag wat verby gaan sonder protes. Hierdie is een van die groot waarhede wat 'n mens lees in N. P. van Wyk Louw se werk, *Lojale Verset*.

Saterdag se groot saamtrek op Kerkplein om te veg vir die behoud van geskiedkundige geboue rondom dié plein, kan in 'n sekere sin beskou word as 'n lojale verset teen 'n te vinnige tempo van ontwikkeling waarin 'n volk se kultuurerfenisse nie altyd in aanmerking geneem word nie.

Vir politieke leiers hoort dié vele stemme van protes tog seker in 'n mate verblydend te wees, want getuig dit nie van 'n volk wat nog gevoel het vir sy geskiedenis nie?

Mnr. Hans Abraham, afgetrede kommissaris-generaal van die Xhosas praat van Kerkplein as die „vestiging van 'n Trekkersvolk waaraan die Engelse landgenote ook aandeel het.”

Na die hedendaagse geboue wat teen 'n ontstellende spoed in die stad opskiet, verwys mnr. Abraham as „glastempels”. Dit laat 'n mens dink aan die woorde van 'n ander groot skrywer wat onlangs gesê het: „Die volk sal met voorspoed gestraf word.”

Terwyl die toekoms van sommige van Kerkplein se geboue in gevaar is, sal daar geskryf word daaroor.

Mnr. Sybrand van Niekerk het in 'n radio-onderhoud gesê dat die huidige „rusie” oor Kerkplein hom ongelukkig maak. Hy gee egter toe dat nie net die argitektoniese verantwoordheid in aanmerking geneem hoort te word wanneer daar oorgegaan moet word tot afbreek nie, maar ook die kultuur-historiese waarde van sulke geboue. Hy sê egter dat die geboue aan die wesfasade van die plein nie genoeg historiese waarde het nie.

Hieroor is daar natuurlik meningsverskille en Saterdag was ooreenkomstig bewys daarvan.

Soos vroeër jare tydens volksfeeste, is daar Saterdag pannekoek gebak op die plein en koffie gemaak. Dit het iets teruggebring van 'n tyd toe Kerkplein nog die groot bymekaarkomplek van Pretorianers was.

### Die Plein nie kerk nie, maar . . .

#### AFRIKANER VEG DAARVOOR!

deur ALETTA PAKENDORF, Hoofstad, 31.7.1975

LYK my die Afrikaner begin nou stadigaan weer uit sy roes van geldmaak, wakker word.

Baie lank nou baklei ons al nie meer so baie nie. Ons maak net die beursies vol. En ons stem amper deur die bank vir een party, stuur ons kinders goewermentskole toe sonder klagtes, gee ons bydraes vir die kerk en speel naweke ons potjie gholf.

#### STIL

En lees so af en toe 'n Afrikaanse boek en laat ander maar (die ander is gewoonlik die pers en die skrywers) hul rase inkry oor verbannings en 'n verbod of twee.

Maar verder was dit maar stil. Te stil vir 'n volk wat al van Jan van Riebeeck se dae bekend was vir hul dwarstrekkigheid, hul baklei-instinkte, hul hardkoppigheid.

In hoeveel rigtings het ons net nie die land ingetrek nie, hoeveel trekkersweë het nie geskei geraak deur onder-onsies nie en hoeveel ander volke het drie kerke laat ontwikkel wat seker dieselfde God dien en maar basiese kategismiese verskille uit die weg kon geruim het.

Maar nou lyk dit mos half of ons weer wil begin wakker word en dinge om ons raak sien. Amper te laat maar dalk darem nog nie.

Skielik sien ons (en saam met ons ook anderstalige Suid-Afrikaners) Pretoria se Wesfasade raak en stem en kibbel en rumoer oor dié se voortbestaan. Hierdie agt geboue op ons Kerkplein het nou so belangrik geword dat ons ons Saterdag se tuinwerkery, ons inkopietogte en selfs ons gholf opsy geskuif het verlede Saterdag en gaan „stim“ het.

Die pers word oorstroom deur verontwaardige briewe dat mense dit wil waag om ons geboue te vat en Piet Muller van die Burgerkomitee wat die geboue wil bewaar en gerestoureer sien se lessenaar kreun onder die petisies en telegramme wat die geboue ongeskonde wil sien.

Ons mense staan as't ware soos een man saam. Of darem nie heeltmal nie. Daar is darem nog mnr. Sybrand van Niekerk wat meen dat die geboue geen doel dien nie . . . dat hulle nie een verhuur kan kry nie en dat nuwe geboue weer lewe op die plein sal bring.

### KERK

En, sê hy, hy word op sy beurt oorval deur telefoonoproepe en telegramme van die volk wat wil hê hy moet sterk staan en nie toegee nie.

„Wat ek wil weet,“ sê iemand katterig op kantoor,“ is hoe 'n man met die van Van Niekerk (geen kerk) kan besluit oor 'n plek soos Kerkplein. Is dit nie plein simpel nie?“

### BOME

Nou ja, woordspeling of te nie. Dit is nie eintlik mnr. Van Niekerk wat moet besluit nie. Dit berus by die Eerste Minister en die Ministers van Openbare Werke en de Posmeestergeneraal. Dié mense. En wat hulle besluit sal die lottsbeskikking van die Plein wees.

En as die Plein nou bly met die wesfasade en al, wat gaan dan verder gebeur? Gaan dit maar net nog 'n rndomtalie vir busse bly of gaan ander mense as busbestuurders darem ook bietjie plesier uit die plek kry?

Gaan daar darem mooi bome en plate blomme en 'n boulevard-kafeetje of twee waar moeë bene en geeste ontspan kan word, die plek ophelder?

Dit is natuurlik wat mnr. Muller en kie in gedagte het. Dat die Plein bewaar bly soos hy is en dan sodanig opgekikker word dat die mense van Pretoria die plek kan benut.

### WATER

Heerlik sou dit nie wees om gereeld ons, do's, in Pretoria te hê. Om daar te kan osse braai en pannekoek eet en na oempa-oempa of boere- en poporkeste te luister.

Nog heerliker, sien 'n moderne jong meisie dit, sal dit wees as om pres. Kruger 'n groot area van water kan wees waar mens kan swem en waarop mens in die winter 'n ysskaatsbaan kan hê vir fisiese ontspanning.

### MUSIEK

Nou ja, die skaats miskien wel, maar wat oom Paul van Pretoria se tanga's sal dink, weet ek nie. Ook darem nie sy „image“ nie.

Maar skaats en koffiedrink en pannekoek en musiek . . . manna en kwartels vir Pretoria wat ook maar soms wild soek vir ontspanningsholtes vir ons voete.

## ARGUMENTE OORTUIG NIE

deur DR. J. P. CLAASEN, N.G. Pastorie, Queenswoord, Pretoria,  
Hoofstad (Ons lesers skryf), 31.7.1975

GEAGTE REDAKSIE — Ek wil u graag van harte bedank met wat u besig is om te doen vir die behoud van die geboue by Kerkplein.

Ek noem drie punte (soos predikante maar maak) vir die behoud van die geboue by Kerkplein:

● Die argument van ons geagte Administrateur dat die Eerste Minister en Kabinet in die verleentheid gestel word indien hulle die besluit moet herroep, gaan nie op nie. Ons Eerste Minister is 'n groot man vir wie ek die hoogste respek het en daarom sal hy die eerste wees om te erken wanneer die Kabinet miskien 'n verkeerde besluit op grond van die inligting tot hul beskikking geneem het.

● In Kaapstad is nou die ou dam uit die tyd van Van Riebeeck ontdek. Hoewel dit op die duurste grond in Kaapstad gevind is, waar geboue ook in aanbou is, is dadelik 'n noodberaad belê: Hoe kan ons hierdie erfenis bewaar? Dit is nie geld wat die deurslag daar gaan gee nie, maar die onskatbare waarde van die vonds.

● Transvaal is die rykste provinsie en om ten opsigte van die Transvaal in terme van rande en sente te redeneer en te praat van koste, gaan in hierdie geval nie op nie. Ons kan dit bekostig.

Indien ons dit nie doen nie, kan ons dit maar weet: die stemme uit die verlede wat ons rondom Kerkplein aanspreek, sal die swye opgelê word wanneer stootskrapers die mure begin omstoot en die klinkende klank van geld hoër geag word as die skat van die verlede.

## DOOMED SQUARE

STAR, 31.7.1975

AFTER all the controversy, the outrage, the cries of protest, it seems as if Church Square — the symbol of Pretoria — is doomed after all.

Although thousands of people from all over the country crowded into the square on Saturday to sign a petition registering their protest against the decision to demolish the western facade of the square, Government officials are still adamant that it has to go.

It was first decided last year that the buildings on the western side of the square would be demolished in 1978 to make way for the new Provincial Administration buildings — and protest has been building up ever since.

The eight buildings threatened by the plan include the Post Office building, the old Cafe Riché, the Law Chambers and the Netherlands Bank on the western side.

The Palace of Justice and the old Raadsaal will be preserved, and the new provincial building will be erected along the road between them.

The Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, created an even greater uproar when he said that the threatened buildings have no aesthetic, historic or architectural value.

The rally on Saturday, organised by the Citizen's Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, was held in a last bid to save the square. Signatures were collected for a petition to the last man who can save it — Mr. Vorster himself.

## Jong Italiaanse vrou skryf boek oor Jong Pretoria en sê . . .

### BEHOU TOG ,NUWE' KERKPLEIN!

DIE TRANSVALER, 1.8.1975

DAAR is waarskynlik min Pretorianers wat die geskiedenis van Kerkplein beter ken as die bekende ,Italiaanse' kunstenaar Lola Dunston.

Lola sê sy het 'n baie sagte plekkie vir Pretoriase Kerkplein en meen die slooping sal 'n groot fout wees.

Hoewel Lola in Italië gebore is, werk en bly sy al die afgelope 23 jaar op 'n kleinhoewe net buite Pretoria. Sy werk die afgelope drie jaar heeltyds aan 'n boek oor die geskiedenis van Kerkplein wat nog dié jaar gepubliseer gaan word.

„My boek se naam is Young Pretoria en sal sowat 300 bladsye dik wees. Ek doen al die sketse en tekeninge van historiese geboue om die Plein self. Dit is die moeilikste deel van die boek, want dit is baie fyn werk,“ vertel Lola.

Sy stel veral belang in die tydperk tussen 1889 tot 1913 „omdat die Plein in dié tyd baie lewendig was.“

#### DOODVONNIS

Volgens haar is die doodvonnis oor die Kerkplein al in 1904 gevel toe die historiese kerk op die plein gesloop is.

„Dit was 'n groot fout,“ sê die vurige kampvegter in die stryd om die behoud van die Plein wat op die oomblik in veral Pretoria woed.

In Europa is Lola 'n bekende kunstenaar en het sy verskeie goue medaljes vir haar werk gekry. Sy het uitstallings in Rome, Parys, Cannes, Hamburg, Milaan, Londen en Lyon gehou.

Afgesien van eerste pryse het Lola al vier goue medaljes vir haar werk in Europa verower. In Februarie vanjaar nog is sy met die 10e Grand Prix International-toekenning in Cannes vereer.

#### SKEPE

Lola is ook bekend in Suid-Afrika vir haar grafiese werke en sketse en sy het al uitstallings in Kaapstad, Durban, Johannesburg en Pretoria gehou.

„Op die oomblik is ek ook druk besig om my werk reg te kry vir 'n uitstalling op 4 Augustus in die Bank-gallery in Pretoria. Hier sal ek van my uitgesoekte pensketse te koop aanbied,“ sê Lola.

Oor Kerkplein en die geskiedenis van die omgewing kan Lola ure lank gesels. Volgens haar is sy 'n gebore ,Romein' en Romeine hou mos van ou goed. „Wat sou gebeur het as die Romeine en Grieke byvoorbeeld al hulle ou geboue moes gesloop het?“

Lola meen die Suid-Afrikaners is baie lief vir hulle grond, maar kan hulle nie hul ou en historiese geboue waardeer nie? Hulle beseft nog nie hoe belangrik dit is om dié geboue vir die nageslag te bewaar nie.

#### WAARDE

Sy sê Kerkplein veral is van groot waarde vir die geskiedenis van Pretoria en die Afrikaner. Vroeër was die Plein die middelpunt van die Boeregemeenskap. Hulle het mekaar hier ontmoet en al hulle inkopies by die winkeltjies op die Plein gedoen.

„Die Plein moet behoue bly, maar nie soos hy vandag lyk nie. Dit moet nie net 'n buseindpunt wees nie. Dit moet soos die pleine in die meeste Europese stede wees waar mense kan rondloop, inkopies doen, ontspan en eintlik vry voel. Die plein moet van nut wees,“ sê sy.

## SQUARE — BACK TO SQUARE ONE

by PRAETOR, Pretoria News, 1.8.1975

THE Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square is, quite rightly, doing its best to keep party politics out of the fight to save the Square's historic west facade.

Quite obviously, the last thing it wants to do is give the Government a chance to say that unfair political pressures are being brought to bear in a matter that has nothing to do with party politics at all and which, in fact, cuts clean across party political barriers with demolitionists and preservationists being found in all camps.

But keeping a party politician out of any issue is easier said than done in South Africa and it was entirely predictable that the HNP, political conservationists to the core, would not neglect such an opportunity to improve their image as champions of public rights against Government high-handedness.

As luck would have it, there is a municipal by-election on the go in a ward embracing parts of Wonderboom and Gezina (where the HNP is by no means negligible) and Dr. Pont, an HNP stalwart, is a candidate.

The Citizens' Committee says that his advocacy of preservation in a fight with a demolitionist opponent is no more than political opportunism. But all is fair in love, war — and politics. Or is it? Either way, Dr. Pont is in the thick of the fray and who is to contradict him if he says he is a genuine preservationist?

The issue is, of course, completely and genuinely above party politics as the astonishing diversity of prominent people at last Saturday's mass meeting showed, with men and women of all persuasions united in a common cause. The Government should recognise that what it has to deal with is that rarest and most powerful of democratic forces — a genuine upsurge of deeply moved public opinion.

That is something that doesn't seem to have dawned on the Administrator, Mr. Van Niekerk, whose sour reactions and the scorn he is showing for historical, architectural and environmental values and public opinion alike keep on getting him into hot water. He is right there in the heart of the battle, behaving, as some people see it, rather like the cross-grained wildebees that took a dislike to him a week or so ago.

He is, of course, not the major villain of the piece, though it's entirely his own fault that he is being regarded as such.

In fairness to him, and to get the record straight, the responsibility for the demolition of the west facade, if it does take place, will rest fairly and squarely on the Government as a whole, for it was a Government decision that the Prime Minister himself announced to cultural and historical societies a little more than a year ago.

## DUISENDE 'PLEIT' BY VORSTER

BEELD, 2.8.1975

MEER as 30 000 Suid-Afrikaners van al die uithoeke in die land pleit vir die behoud van die wesfasade van Kerkplein. Dinsdagoggend sal die gegewens van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein aan die Eerste Minister oorhandig word.

Mnr. Willem Punt van die Burgerkomitee het die gegewens gister bekend gemaak nadat dit deur ouditeure nagegaan was.

Altesame 6 925 mense het die lyste onderteken. Van individue en gesinne (bv. van die Smutsgesin — daar word nie gesê uit hoeveel lede die gesin bestaan nie) — is daar altesame 244 boodskappe, briewe of telegramme ontvang.

Van argitekte is 149 telegramme ontvang. Altesame 2 805 briewe, telegramme en boodskappe is van groepe en verenigings ontvang.

Hierdie bring die subtotaal op altesame 10 113 te staan. Hierby kan onder meer bygereken word die telegram wat van die Transvaalse Onderwysersvereniging ontvang is, wat lui dat 13 000 onderwysers in Transvaal die Burgerkomitee se poging steun en ook die telegram van die ATKV en SAS en H, wat 'n telegram namens 6 306 lede gestuur het.

Indien hierdie twee totale by die subtotaal van 10 113 getel word, kom dit op 29 419 te staan. En nog is 't einde niet, het mnr. Punt gesê.

### HANTEKENINGE

Gisteroggend het daar byvoorbeeld 'n lys met nog 453 hantekeninge aangekom en mense skakel om te sê hulle het nog uitstaande lyste by handtekeninge. Daar moet nog handtekeninge van agt uitstaande lyste by die totaal gevoeg word.

Mnr. Punt sê die Burgerkomitee, wat uit twintig lede bestaan, sal Maandagmiddag vergader om te besluit oor die voorlegging van die gegewens aan die Eerste Minister. Daar sal ook besluit word of die Burgerkomitee sal ontbind of met sy werksaamhede sal voortgaan.

Van die telegramme wat gister nog ontvang is, is dié van die departement van kunsgeskiedenis aan die UOVS, en ook een van die Dietse Federasie (Afdeling Suid-Afrika).

Mnr. Punt het gesê van al die duisende briewe, telegramme en boodskappe wat ontvangs is, was daar net een brief wat gelui het: Weg met die ou geboue, die swartes en die duiwe.

### STEM UIT DIE SUIDE

deur F. H. BADENHORST, Strand, Beeld (Menings van ons lesers),  
8.1.1975

Ek wil graag ook my stem hier uit die Suide laat hoor teen die sloping van die historiese kern van Pretoria. Ek hoop nie dit is 'n stem in die woestyn nie.

Die slagvelde van die Anglo-Boere-Oorlog was hoofsaaklik in die Vrystaat en Transvaal. Die gevolg is dat die noorde nie so 'n ryk kulturele skat van geboue het nie. Om dié rede is dit vir my verbasend dat hulle die geboue om die plein van die Groot Gryse wil sloop.

Laat die woorde van Paul Kruger vir ons in hierdie saak as 'n rigsnoer dien: „Haal uit die verlede dit wat mooi en edel is en bou daarop die toekoms.” Die sloping van die westelike fasade van Kerkplein sal bepaald afbreuk doen aan hierdie beroemde woorde van 'n groot volksheld.

Daar kom onwillekeurig 'n ander vraag by my op. Hoekom moet ontwikkeling en uitbreiding altyd by historiese stads- of dorpskerne geskied? Elke stad of dorp het so 'n kern wat vir die nageslag behoue moet bly. In Pretoria se geval sou dit bepaald Kerkplein ingesluit het. Kan meer van ons dorpe en stede nie Stellenbosch se voorbeeld volg en 'n historiese kern afbaken nie?



Ek wil die betrokke instansies wat oor die lot van Kerkplein beslis, vriendelik dog dringend versoek om die besluit te herroep, want deur die slooping sal Pretoria sy historiese hart verloor en 'n brokkie van ons volksgeskiedenis sal daarmee heen wees.

Laat bewaring 'n kenmerk wees van ons ontwikkeling.

## GEBOUE OP PLEIN G'N ERFSTUKKE

deur J. H. NEL, Drakensbeg-woonstelle 100, Skinnerstraat 80, Pretoria, Hoofstad (Ons lesers skryf), 2.8.1975

GEAGTE REDAKSIE — Graag wou ek ook 'n eiertjie lê oor hierdie sogenaamde erfenis van ons.

Hoeveel van daardie duisende mense wat Saterdag op Kerkplein was, was in die afgelope jaar op die plein, behalwe wanneer Tukkies jool hou?

Hoeveel van hulle het al gesien hoe slordig die plek na 13h00 op 'n Saterdagmiddag is?

Hoeveel van hulle was al in een van daardie ou geboue, om te sien en te verstaan hoe gevaarlik hulle is: Plankvloere (baie oud, droog, en vol goedkoop politoer), houttrappe ens. Hulle is almal brandgevaare vir die werkers daarin.

Wil hierdie arme mense nie ook sien dat Pretoria vorentoe gaan en tred hou met die tyd nie? Ons ou stadsvaders het al die jare van ons ou nou straatjies gehou en nou dat die verkeer so kwaai is, sukkel hulle om te verbeter.

Almal het nou skielik die wete hoe Oom Paul gevoel het oor Kerkplein.

Oor 'n paar jaar is ons oues almal dood en dan gaan die jonges tog die ou geboue sloop.

Ek sê laat hulle nou gaan, dat ons oues ook kan sien hoe die moderne Pretoria gaan lyk.

Laat die wat dink die ou geboue is so mooi, dan maar gerus intussen elke Saterdag hul piekniekmandjies pak en, as hulle kan plek kry tussen die swartes, ook maar gaan sit (op die gras alleen, want die banke is vol Bantoes).

Of anders, nog 'n briljante idee. Laat al die ou geboue (erfstukke) dan maar omskep word in ouetehuse en laat die mense wat hulle dan geërf het, die instandhouding betaal, en die Administrasie kan dan duisende rande spaar.

Laat ons tog nou 'n begin maak en kyk die toekoms positief in die oë, 'n moderne Pretoria bou, en, terloops: Oom Paul sal die hele afêre mooi kan sien vanaf die stasie.

## TEARS IN MY EYES OVER PRETORIA

by MADELEINE VAN BILJON, Star, 2.8.1975

A WEEK in the life of a somewhat peripatetic housewife. It started badly because on Monday I turned a knob on the radio and caught the tones of Mr. Sybrand van Niekerk telling us why the buildings on the west side of Church Square had to go. It was more in the way of „shut up,” he explained, than an actual statement but two of his reasons caught me where it hurts.

The first reason for wiping those dear little buildings off the face of the Pretoria earth was that the Prime Minister and the Cabinet have already agreed to it and once those boys make a decision you obviously don't go fooling around. Mr. Van Niekerk was distressed by the public's determination to change the Prime's mind. It was, according to the Administrator, a most embarrassing situation.

His second reason almost had me in tears. Maybe he'd softened my heart with his plea not to displease the Prime but when he told all us listeners of the very real need to tear those buildings down so that Church Square could come alive he had me swallowing painfully. I mean, there are all those bright lights on the other sides of the square, the gaiety, the beer gardens, the belly dancers and four kinds of entertainment every night not to mention the throngs of people competing with public transport and pigeons all day long. But on the west side all was dark, no lights, no laughter and no life. All of it due to those old-fashioned, rather dreary links with the past. Put up a nice slab of glass and brick, top it with the emblem of the Transvaal Provincial Council and see Church Square swing.

### CONVICTIONS

I'll say one thing for Mr. Van Niekerk: He has the strength of his convictions. I would think twice about making such a dogmatic ass of myself.

### HOU VAS!

deur RYKIE VAN REENEN, Rapport, 3.8.1975

M.E.R. wat pas, op die vooraand van haar honderdste verjaardag, so 'n mooi vrabrief aan die Eerste Minister gerig het om tog die geboue aan die westekant van Kerkplein vir die nageslag te bewaar, skryf in die jaar 1923 al:

„Moenie dat ons die paar kosbare herinnerings aan 'n groot verlede — die paar wat nog oorgebly het onder 'n deur oorlog geteisterde volk — ook laat verlore gaan nie. Hou vas!”

### KERKPLEIN ,TOEVALLIG' KULTUURHISTORIES

RAPPORT, 3.8.1975

ADMINISTRATEUR SYBRAND („Die Sloper") van Niekerk stem nie saam dat die wesfasade van Pretoria se Kerkplein van besondere kultuur-historiese waarde is nie.

In die radioprogram Monitor het hy vandeeweek verder gesê: „Dit is geboue wat deur toevallige eienaars van die grond opgerig is sonder om werklik, sover ek kan sien of vasstel, te dink aan 'n wesfasade vir die Kerkplein. Dit het gegaan oor utiliteitsgeboue vir daardie tyd en die eienaars het self besluit hoe dit sal lyk.”

Ek weet nie wat mnr. Van Niekerk teen „toevallige eienaars” het nie (byna al ons Kaap-Hollandse huise is immers deur „toevallige eienaars” gebou). Maar as hulle in hierdie geval geslaag het om „toevallig” 'n samehangende fasade te bou, is dit — afgesien van die bloot kultuur-historiese waarde daarvan — genoeg rede om daardie fasade te wil behou.

● Die samehang is nie toevallig nie. Almal het daardie tyd in min of meer dieselfde styl gebou, en nie so bont en verbeeldingloos soos vandag nie. En wat is fout met utiliteitsgeboue? Die Ou Meul in die Kaap, die wynkelders van Groot Constantia, was nutsgeboue. Wie sal, selfs in hierdie sloopsugtige jare, aan hulle durf vat?

Dalk is die Kerkplein se geboue nie „ghrend“ genoeg vir sommige mense nie.

## DIE VOLKSTEM: REG, EN VERKEERD

deur JAAP STEYN, Rapport, 3.8.1975

„IN 'n republiek moet na die burgers geluister word,“ het pres. Paul Kruger in 1893 gesê. Dit was een van etlike uitsprake van hom met die strekking dat die stem van die volk „die koningstem“ is.

En op die Kerkplein in Pretoria het heelwat burgers verlede Saterdag hul stem laat hoor.

Die steun vir die bewaring van die wesfasade van die plein is daar. Dit begin egter nou lyk of die vraag verskuif na iets anders: of daar geluister kan word sonder dat dit afbreuk doen aan die leierskap van die owerheid en demokratiese prosedures.

'n Mens sou naamlik kon aanvoer dat die Regering geweet het van die argumente van die teenstanders van die sloping van die wesfasade. Protes is nie genoeg om die saak te heroorweeg nie, kan gesê word.

Dis nie die eerste keer in ons geskiedenis dat daar protes teen 'n owerheidsbesluit is nie. 'n Mens kan gerus kyk hoe dit in die verlede met proteste teen genome besluite gegaan het.

Die anti-bandiete-beweging van 1849 in die Kaapkolonie — 'n voorbeeld van 'n baie geslaagde veldtog teen 'n owerheidsbesluit — moet 'n mens seker buite beskouing laat. Dit het onder 'n koloniale bewind gebeur.

In die Vrystaatse Republiek het die aanlê van spoorweë nie sonder protes verbygegaan nie. In 1888 en 1889 was daar op petisies meer handtekeninge teen spoorweë as daarvoor. Die Volksraad het egter tog besluit om spoorweë aan te lê.

In belang van die land is die wil van die meerderheid verontagsaam. Ten onregte was dit seker nie.

In Desember 1914 het die regering, veral die minister van verdediging, genl. Jan Smuts, hom nie gesteur aan pogings om die teregstelling van Jopie Fourie te keer nie. Pogings om versoekskrifte aan Smuts te gee, het misluk. Hy het toegelaat dat Fourie doodgeskiet word en daarmee het hy een van die grootste politieke foute in sy loopbaan begaan.

Die wil van die meerderheid is geïgnoreer — tot skade van die regering.

Ten slotte iets meer onlangs. Die Nico Malan-Skouburg in die Kaap was eers net oop vir blankes. Teen dié besluit was daar jarelange protes. Vroeër vanjaar is die vorige finale besluit van die Regering verander.

Die Regering was bereid om in belang van die land en sy bevolking 'n besluit te heroorweeg.

Dit wil uit die paar voorbeelde seker lyk of 'n mens 'n analogie vir byna enige optrede kan vind as jy jou op die geskiedenis beroep.

Die ontwikkelaars van die Kerkplein sal waarskynlik geneig wees om die Vrystaatse analogie aan te gryp: „Dit was nogal die modelstaat,

en toe die meerderheid teen vooruitgang was, is die volkswil tereg verontagsaam."

'n Mens moet toegee dat 'n meerderheid verkeerd kan wees. Wat altyd ook belangrik is, is die mening van deskundiges.

Die deskundiges is in die geval Kerkplein o.a. die argitekte. Sterk teenstand teen die slopingsplan het juis van hulle af gekom. Verlede Saterdag het 149 telegamme van protes gestuur.

Bowendien is die teenstanders van die sloping nie teen vooruitgang, of dan **ekonomiese** vooruitgang nie. Hulle is nie daarteen dat nuwe geboue opgerig word nie, anders as die beswaarde Vrystaters wat teen die aanlê van spoorweë in die algemeen was.

Die bewaarders wil net hê dat die ekonomiese vooruitgang nie kulturele verarming tot gevolg het nie.

Buitendien, soos die argitek Hannes Meiring vandag op bl. 20 betoog, is dit moontlik dat die oue en nuwe saam kan bestaan. Agter die ou geboue is daar plek vir nuwe kantoorblokke.

Lede van die Stigting Simon van der Stel meen dat die owerheid dié plan nog nie indringend genoeg ondersoek het nie. Terwyl die meerderheid — van die volk en deskundiges — die wesfasade wil hê sonder dat hulle teen nuwe geboue gekant is, is daar genoeg grond daarvoor om die besluit te heroorweeg.

As Switserse ontwikkelaars dit in hul kop sou kry om pres. Kruger se sterfhuis in Clarens te sloop, sal ons Suid-Afrikaners in opstand kom en die owerheid sal seker 'n plan maak om sulke planne verhinder te kry.

Ons het piëteit teenoor pres. Kruger se sterfhuis. Waarom nie ook teenoor die geboue wat 'n lewende herinnering vorm aan pres. Kruger en een van die roemrykste tydperke in die Afrikaner-geskiedenis nie, nl. die tyd van die Boererepublieke?

## FIGHT YOUR OWN BATTLES

by JAN NETTLE, Rand Daily Mail, 2.8.1975

ALTHOUGH I really do not know enough to choose sides in the present row over the proposed demolition of old buildings adjoining Church Square in Pretoria, one aspect of the dispute fascinates me. That is the way in which English-speaking South Africans have steered clear of the fight

While the argument at times veered on politics with such top Afrikaners as Mrs. Verwoerd and Hans Abraham taking part, and much of it is being conducted on a cultural **volks**-base, there really seems no reason why there should be such a glaring absence of any English language protestors.

Of course it is traditional in South Africa for the two official language groups to fight their own battles. Just look at the author's challenging censorship. But for a brief while it really seemed that things would be different.

## KERKPLEIN: DAAR IS TÓG 'N UITWEG

deur HANNES MEIRING, Rapport, 3.8.1975

RAPPORT het Hannes Meiring, wat die afgelope ses jaar deelgeneem het aan die stryd om die behoud van die wesfasade van Kerkplein, genader om hierdie artikel te skryf waarin hy 'n praktiese voorstel bespreek wat 'n uitkoms bied uit die huidige „skaakmat" tussen bewaarders en ontwikkelaars van Kerkplein.

„GEEN volk, geen gemeenskap, geen individu van watter taalgroep ook al kan dit bekostig om die erfenisse wat aan sy sorg toevertrou is, te verwaarloos nie. Dit is in der waarheid stewige, onvervangbare fundamente waarop die bouers van die toekoms moet bou, waarna hulle telkens moet kyk om te verseker dat die nuwe stene van vooruitgang stewig en waterpas gelê is. Laat ons dit altyd onthou, dat ons geskiedkundige geboue nie slegs daar is as groot toeriste-aantreklikhede nie. Hulle is 'n vername maatstaf van ons beskawingspeil . . .”

Met hierdie woorde het die Eerste Minister die gerestoureerde Kerkstraat van Tulbagh ingewy. Dit was op 14 Maart 1974.

Aan die hand van hierdie woorde pleit ons opnuut vir die bewaring van die wesfasade.

Die owerheid het geleentheid gebied dat nuwe feite, of nuwe beweegredes voorgestel moet word vir die heropening van die saak om Kerkplein. Is die landwyse volksgevoel wat uitgeloop het op die byeenkoms van verlede Saterdag nie genoeg rede tot 'n herondersoek van die hele aangeleentheid nie?

En sou hierdie gevoel nie ook 'n antwoord wees op die boodskap wat die Eerste Minister op Tulbagh gegee het nie: „En nou wil ek graag by hierdie geleentheid 'n spesiale boodskap nie net aan die jeug van Tulbagh nie, maar aan die jeug van die hele land bring. Ek sou graag, en ek dink u sal almal met my saamstem, ek sou graag wou sien dat van jongs af 'n liefde vir dit wat oud en mooi is, vir al ons erfgoedere, by ons kinders ingeskerp word; dat die bewaringsbewustheid liefderyk en op deskundige wyse onder hul aandag gebring word. Ek is seker dit sal 'n uiters nuttige doel dien om ons jongmense by die praktiese probleme van bewaring, behoud en instandhouding van die kultuurskatte van vorige geslagte te betrek.”

## HOOFARTIKELS

Sekerlik moet die volk se wil tot bewaring ook gelees word in die reaksie van die afgelope drie weke op die wesfasade: agt hoofartikels in nege koerante in Transvaal, twee in landwyse koerante.

Daarby 'n meningsopname deur 'n koerant waarvan 20 persent van die lesers gestem het — 96 persent van hulle ten gunste van die bewaring van die wesfasade. En etlike duisende mense se steun verlede Saterdag.

Opvallend van hierdie volkswil is dat dit al die politieke groepe betrek het, en beslis alle taalgroepe. Neem hierby in ag dat daar soveel ooglopende jong steun was vir die versoek om die wesfasade te behou.

Die argitektoniese waarde van die wesfasade blyk omstrede te wees. Ek wil betoog dat al agt geboue 'n individuele karakter, estetiese waarde en 'n gebruiksbenuutting in eie reg het.

## RESTAURANT

Hulle is:

● Die Capitol met sy seldsame Art Deco-styl wat aan die jare twintig en dertig herinner en 'n saal het met sitplek vir 2 000. Dit het uitstekende akoestiek. Dis dus 'n gerieflike konsert- of kongressaal, met 'n pragtige voorportaal wat met dié van die Parlement vergelyk. 'n Gebou wat besonder geskik is om mense saans na die plein te lok.

● Die Ou Nederlandse Bank is 'n uitmuntende voorbeeld van die neoklassieke Nederlandse argitektuur. As die geboutjie in Amsterdam gestaan het sou daar seer sekerlik nooit eens 'n gedagte opgekom het om dit te sloop nie. Hy word reeds met welslae gebruik as die Transvaalse hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging.

● Die Law Chambers het volmaakte verhoudings met drie sierlike gewels. Dis moontlik 'n ideale restaurant. Dit vorm 'n volmaakte skakel tussen die Nederlandse Bank en die Cafe Riché.

● Die Cafe Riché. Dit is een van die beste voorbeelde in Suider-Afrika van die internasionale Westerse „Jugendstil“, of Art Nouveau-tydperk van 1900.

### POSKANTOOR

Die samewerking van die tweemanskap, Soff en Anton Wouw, argitek en beeldhouer, onderskeidelik, het ook die bekende Vrouemonument in Bloemfontein voortgebring. Dit is ook in hierdie styl. Hierdie boustyl lok duisende toeriste na die paar voorbeelde in Barcelona van die argitek Gaudi. Die Cafe Riché is die ideale gebou vir die huisvesting van reisburo's.

● Die ontwerp van die ou Poskantoor is die resultaat van 'n prysvraag. Die suidelike aansig lyk byna na iets uit die Italiaanse Renaissance. Die vooraansig word argitektonies hoër aangeprys as bv. die Reserwebank. Die binneruimte kan só ingerig word dat dit die nodige toonbankdienste van 'n poskantoor aan die publiek kan verskaf.

● Die ou Nasionale Bank se hoeksteen is deur pres. Kruger gelê en dié gebou is só perfek in sy klassieke verhoudings dat ek daarvan oortuig is dat as dit in Florence, Milaan of Rome gestaan het, dit as 'n argitektoniese juweel beskou sou word. Dit gebou kan as 'n poskantoor-museum ingerig word.

● Die ou Nasionale Munt is 'n klipgebou wat by die vorige aanpas. Dit het duidelike elemente van die seldsame „Jugendstil“.

● Die Kirkness-geboutjie is 'n stewige klein Neo-Grieks-Romeinse gebou wat sterk herinner aan die argitektuur van Princess Avenue, Edinburg, Skotland. Bogenoemde twee geboue bied ideale huisvesting aan reisburo's en inligtingsentrums.

### EENHEID

As 'n mens die Europese pleine van Nederland, België en Duitsland vergelyk met Kerkplein, dan vind jy die analogie in die saamstaan van verskillende geboue van verskillende, vervloë style wat desondanks 'n onverbeterlike eenheid vorm. Wat ons hier op Kerkplein het, is 'n kitsklare opelugmuseum — iets wat in Europa met groot koste en moeite heropgerig moet word.

Die volgende woorde van die Eerste Minister op Tulbagh — waar hy Kerkstraat beskryf — kon net sowel van toepassing gewees het op die wesfasade: „Here where one finds such a happy blending of different styles and periods of architecture, all bearing the hallmark of authenticity: the ideal of architectural unity — unity of scale and proportion, of material and construction, of symmetry and harmony.“

Die boumateriaal pas, die eentonigheid van moderne saaklikheid ontbreek, en op Kerkplein vorm die ry geskiedkundige geboue 'n onvervangbare eenheid en verbinding met die ou Raadsaal en die Paleis van Justisie


### ROMANTIES

Hans Klokke, lektor in bougeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, het gesê: „As hierdie geboue moet verdwyn, waar sal ek my studente lewende voorbeelde toon van wat ek hulle leer? Hulle sal moet wag tot hulle eers in Europa kom.“

Die geskiedenis van die geboue is welbekend. Met sewe van die nege het pres. Paul Kruger persoonlik meegeleef. Die geboue is almal

in 'n stewige toestand. Vergelyk hulle met die toestand van die geboue in Kerkstraat, Tulbagh, wat ná die aardbewing in 'n skynbaar onherstelbare toestand was.

Dit is ook herhaaldelik bewys dat dit juis hierdie romantiese tipe geboue is wat hulle goed leen vir prestige-kantore, -winkels, -hotels en -restourante. (Johannesburg se nuutste restaurant is in 'n ou Noorse kerk en soos dit binne omskep is in die ontwerp van die „Jugendstil“, is dit besonder gewild.) Kunssale en museums is voor-die-hand-liggende huurders in sulke geboue.



**Argitek Hannes Meiring verwys in sy artikel: Kerkplein: Daar is tóg 'n uitweg, na hierdie tekening. Dit behels die voorstel van die Stigting Simon van der Stel t.o.v. die behoud en benutting van die wesfasade met die nuwe geboue as 'n neutrale gordyn op die agtergrond.**

### **NIE VOORBARIG**

En om nou tot die kern van hierdie artikel te kom. Ek glo dat die antwoord op twee skynbaar botsende standpunte van die „bewaarders“ en „anti-bewaarders“ nog steeds saamgevat is in die voorstel van die Stigting Simon van der Stel, waarvan by sommige van die lede die gevoel ontstaan het dat dit nooit werklik deur die owerhede indringend ondersoek is nie.

Dié voorstel is:

1) Dat die ou geboue nie in die pad is van moderne uitbreidings aan die Poskantoor en die Provinsiale geboue nie; dat die ou en die nuwe wel goed saamgevoeg kan word en dat dit geskiedkundig korrek en esteties aanvaarbaar sal wees.

2) Dat daar agter die ou geboue genoeg ruimte bestaan om nuwe geboue vir kantore te bou.

Ek kan geen rede sien hoekom juis **onder** die ou geboue gegrawe en gebou moet word nie. As daar 'n tekort aan ruimte sou wees, kan een of meer kelderverdiepings onder die nuwe geboue bygevoeg word om te vergoed vir enige gevreesde verlies aan ruimte. Met hierdie trapsgewyse ontwikkeling van die laer ou geboue na die effense hoër nuwe ontwikkeling daaragter kry die plein die skaal waarna daar gestreef word.

Sou dit nie 'n praktiese voorstel wees dat die ontwerpspan wat tans besig is met die planne vir die sloping van die geboue 'n wysigings-opdrag van hul kliënte ontvang nie, met as heel eerste uitgangspunt die behoud van die geskiedkundige geboue op die westekant van die plein?

Ek dink nie die voorstel is voorbarig nie, want die vervangingskoste van die bestaande geboue behels meer as die ontwerp-koste reeds aangegaan.

## WINK

Solank die wesfasade behou kan word, besit Pretoria se middestad die grootste potensiaal om met die knap leiding van die reeds aangestelde stadsbeplanners, tot een van die mees karaktervolle stede in die land te ontwikkel—'n stad wat wêreldaansien as „stad” kan verwerf. D.w.s. 'n stad waar die mens as mens tot reg in die stadsmilieu kan kom. Stap maar weswaarts in Bureaulaan en kyk gerus self hoe wink die gewel van die ou Nederlandse Bankgebou al van ver af vir jou.

Omdat toringblokontwerp vanselfsprekend in die middestad is, kan die ou geboue juis steeds waardevoller word omdat dit in pas bly met die menslike skaal, 'n faktor wat baie belangrik word in stadsontwerp.

Interessant dat hierdie hernieuëde poging ter behoud van Kerkplein se geskiedkundige geboue juis plaasvind in die Europese jaar van die „Beskerming van Historiese Geboue”. As Europa so bekommerd is oor sy miljoene geskiedkundige geboue, is dit dan nie voor-die-hand-liggend dat ons sal veg vir die behoud van die enkele voorbeelde wat ons besit nie?

Interessant ook dat juis hierdie geboue ons erfenis uit Europa beklemtoon. Miskien is dit wel tyd om te besin of ons werklik nê op die streeksargitektuur van die Kaaps-Hollandse styl aangewys wil wees, en of ons dan nie maar ook breër na ons kultuurskatte wil kyk nie?

In vergelyking met die kort geskiedenis van ons land en meer spesifiek Transvaal, het hierdie geboue reeds 'n geweldige voorsprong.

Alle geboue is soos bome in dié sin dat as hulle eers eenmaal afgekap is, hulle nooit weer sal groei nie. En jong bome neem geslagte om waarlik groot te word. Kan ons dan nie maar die ou bos behou en jong bome byplant nie? Die plaas is groot genoeg!

## THAT 'DEMO'

by HOGARTH, Sunday Times, 3.8.1975

SO the "demo" in Church Square, Pretoria, has got the protesters exactly nowhere.

The Administrator of the Transvaal, Mr. Sybrand van Niekerk, is unmoved and the official feeling on the subject is that the protest became "an irrational, emotive issue".

The Prime Minister himself has been unusually aloof, considering that at least two distinguished and loyal Nationalists were the chief speakers.

It must be a novel experience for such men as Mr. Hans Abraham, the former Commissioner-General of the Xhosas, and Mr. Daan de Wet Nel, former Minister of Bantu Administration, to find themselves rebuffed by Mr. Vorster.

However, they have one consolation. The police left their "demo" in peace. If they had been Wits students, they might have been baton-charged. And condemned for trying to overthrow the existing order.

## SLOPING NIE NODIG OM PLEIN LEWE TE GEE

deur MEV. E. M. MOOLMAN, Wellingtonweg 2, Irene, Oggendblad (U skryf), 4.8.1975

NA aanleiding van mnr. Sybrand van Niekerk se praatjie oor Monitor dat daar nie van hulle verwag kan word om die besluit van die sloping van die geboue op Kerkplein in heroerweging te neem nie, wonder 'n



mens onwillekeurig of dit dan soveel moeite sal kos aan die kant van die Provinsiale Administrasie.

As meer as 10 000 belastigbetalers hulle die moeite getroos het om op 'n besige Saterdagmôre die middestad binne te vaar, parkeerplek vir hulle voertuie te soek, blokke en blokke te stap om die Plein te bereik om sodoende hulle stemme uit te bring met die hoop dat die stootskrapers gekeer kan word om hulle vernietigingswerk te doen, dan is dit sekerlik nie so erg om só 'n gewigtige besluit in heroorweging te neem nie.

Die vraag ontstaan of die vervlaking wat deesdae hoogty vier en die afwesigheid van enige sentiment en waardering vir die dieper waardes van die lewe, nie ook hier kom kop uitsteek het nie.

Kultuurhistories gesien, het dié ou geboue tog wel deeglik 'n bestaansreg, — het pres. Paul Kruger dan nie die hoeksteen van die Nasionale Bank en Munt gelê nie?

Waarom kan daardie erfenis nie vir die nageslag bewaar word nie? As dié geboue meer funksioneel benut kan word, kan die Plein weer nuwe lewe kry.

Daar kan tog seker 'n ander terrein gevind word wat as terminus vir die busse kan dien en van die ander onooglike ou huise in die omgewing van die stasie kan liever gesloop word om plek te maak vir meer kantore. Dit is nog nie té ver uit nie!

(Hoeveel van ons moet nie baie verder reis na ons kantore of ander werksplekke toe nie!) Die grasperke op die Plein kan vervang word met sementpaaie en blombeddings, en daar kan elders 'n lê-plek vir die nie-blankes aangebring word, dan sal die plein ook weer begin lewe kry soos wat dit beoog word, sonder dat dit nodig is om die ou geboue te sloop, want sekerlik is dit nié die skuld van die oue geboue dat die Plein nie voldoende „lewe“ het nie!

## HEDE EN VERLEDE ONAFSKEIDBAAR

deur LEOPOLD SCHOLTZ, Orchards, Johannesburg, Beeld (Menings van ons lesers), 4.8.1975

DIT verbly my dat die openbare protes teen die planne om die wesfasade van Kerkplein in Pretoria af te breek, nou so mooi op dreef kom. Ons Suid-Afrikers het te lank klakkeloos aanvaar dat wat die owerhede doen, noodwendig goed is. Hulle is ook maar mense, en kan ook foute maak.

'n Eenvoudige waarheid waarmee elke historikus te doen kry, is die feit dat tyd 'n geheel vorm. Die hede en die verlede kan nie van mekaar geskei word nie, omdat die een in die ander gewortel is. Die hede is die produk van die verlede. Dit is daarom dat, as iemand die hede wil begryp, hy ook die verlede moet bestudeer.

Een van die weinige plekke in Transvaal wat nog hierdie innige verbondenheid tussen hede en verlede tasbaar illustreer, is juis Kerkplein as geheel — m.a.w. die wesfasade ingeslote. Op Kerkplein vorm die negentiende en die twintigste eeu sigbaar een geheel. Dit is juis hierom dat die skynbaar onverskillige houding wat ons owerhede teenoor Kerkplein inneem, my as historikus so ontstel. Wanneer 'n mens in Europa reis, word jy byna elke oomblik met die geskiedenis gekonfronteer — of dit nou die Domkerk in Keulen is of die ou stadhuis in Den Haag. Daar kan 'n mens voel dat jy in 'n ou Westerse kultuurtradisie beweeg; jy adem dit met elke asemteug in.

## MODERNE BARBARE

Maar wat gebeur in Suid-Afrika? Toringhoë geboue skiet soos paddastoete uit die grond en alles wat enigsins aan die verlede herinner, moet voor die moderne vernielsug wyk. Wat bly oor? 'n Beskawing wat geen tasbare herinnering meer aan die verlede het nie en wat in 'n seker sin ook van sy verlede afgesny is. Ons het reeds soveel moes prysgee. Baie ou kultuurhistoriese geboue van onskatbare waarde is deur moderne barbare afgebreek, alles in die naam van die nuwe afgod: vooruitgang.

Dit verbaas my dan ook grootliks dat mnr. Sybrand van Niekerk, die Transvaalse Administrateur, sy afbreekplanne oor die radio probeer regverdig deur o.m. te sê dat die geboue waaruit die wesfasade bestaan, deur private persone opgerig is en gevolglik nie veel kultuurhistoriese waarde het nie. Hierdie argument is egter deursigtig en mnr. Van Niekerk onwaardig. As sy argument konsekwent deurgevoer word, kan alle Kaaps-Hollandse huise ook maar met die grond gelykgemaak word!

Ek kan my herinner dat ons Eerste Minister 'n paar jaar gelede, toe hy die openingseremonie van die restourasie van 'n paar strate in Graaff-Reinet waargeneem het, ook gewag gemaak het van die noodsaaklikheid om ons tasbare erfenis te bewaar. Sy toespraak was duidelik simpatiek teenoor die restourasie en bewaring van ou geboue.

Aangesien ons weet dat dit die houding van die Eerste Minister is, en dat die wesfasade van Kerkplein wel groot kultuurhistoriese waarde het (lees maar wat verskeie deskundiges hieroor gesê het), behoort ons nou seker volkome gerus oor die toekomst van Kerkplein te wees. Maar eienaardig tog, 'n duiweltjie fluister my in die oor dat ons nie gerus moet wees nie.

(Een sin geskrap — Red.)

## SKOP TEEN PRIKKELS

deur F. J. DU TOIT, Koos de la Reystraat 291, Pretoria-Noord, Beeld  
(Menings van ons lesers), 5.8.1975

VOORVERLEDE Saterdag is daar 'n versoekskrif vir die Wesfasade op Kerkplein onderteken. Verlede week het ons een oggend oor Monitor die stem van die Administrateur van Transvaal gehoor toe hy vir ons vertel het: julle het al klaar verloor.

Dit sal niks help om beswaar te maak nie, daar is al soveel kere in die verlede beswaar gemaak. Die stoomrollers kom.

Van Riebeeckdag, Dal Josafat, die ou polisiekantoor op George (iemand het seker die geelhoutbalke nodig gehad) en nou Kerkplein. Ons skop teen die prikkels.

## LYSTE NA VORSTER

BEELD, 5.8.1975

DIE werk van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein bereik vanmiddag 'n hoogtepunt wanneer lyste wat 29 419 handtekeninge verteenwoordig, deur 'n vroue-afvaardiging na die Eerste Minister, mnr. Vorster, in die Uniegebou geneem word.

Dié besluit is op 'n vergadering van die Burgerkomitee geneem. Die oorhandiging geskied om drie-uur en die lyste sal deur die private sekretaris van mnr. Vorster, mnr. J. Weilbach, in ontvangs geneem word.

Die afvaardiging bestaan onder meer uit dr. Mercedes van der Merwe mev. Johanna Raath, mev. Alice Gluck en mev. Lola Dunston.

By dié geleentheid sal 'n pamflet oorhandig word wat die standpunte van die Burgerkomitee uiteensit, asook 'n lys van al die belangrikste argumente wat by die vergadering op 26 Julie op Kerkplein gebruik is, die mosie wat daar aangeneem is en 'n uitvoerige studie wat gedoen is oor die jongste navorsing oor die geboue en hul geskiedenis.

## **VROUE OOR PLEIN NA PREMIER**

OGGENDBLAD, 5.8.1975

**HANDTEKENINGE** van 6 900 mense wat vra dat Kerkplein ongeskonde behoue moet bly sal vanmiddag aan die Eerste Minister oorhandig word.

'n Vroue-afvaardiging sal die oorhandiging om drie-uur namens die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein doen.

Onder die vroue wat deel sal wees van die afvaardiging is dr. Mercedes van der Merwe, 'n lid van die Burgerkomitee, mev. Johanna Raath van die Vrouefederasie, mev. Alice Gluck en die kunstenaar Lola Dunston. Mev. Dunston is die skryfster van 'n boek oor Pretoria getiteld „Young Pretoria”.

Die woordvoerder van die Burgerkomitee, mnr. Piet Muller het gister gesê dat hulle benewens die 6 900 handtekeninge ook nog telegramme en boodskappe van 29 000 ander persone ontvang het wat pleit vir die behoud van die wesfasade van Kerkplein.

## **Dokument toon aan Kerkplein se lot was in 1971 al verseël:**

### **VERWOERD HET SLOPINGS GOEDGEKEUR**

HOOFSTAD, 5.8.1975

**DEUR** sowel dr. H. F. Verwoerd as die vorige Administrateur van Transvaal, mnr. F. H. Odendaal, is die oprigting van twee toringgeboue in die ontwikkelingsplan vir Kerkplein aanvaar en as 'n uitgemaakte saak beskou.

Hierdie inligting blyk uit 'n dokument waarin 'n oorsig gegee word van die afgelope elf jaar se gebeure om die ontwikkeling van Kerkplein.

Volgens getuienis wat deur 'n vorige Pretoriase stadsclerk, aan die Kerkpleinkomitee voorgelê is, het dr. Verwoerd die idee van die twee toringblokke aanvaar.

„Daar is modelle aan dr. Verwoerd voorgelê en ek onthou nog baie goed dat toe die model van die twee pleine aan hom voorgestel is, hy nog die model van die een gebou geneem het en hom op die ander hoek gesit het as 'n teenstelling of teenvoeter vir die Volkskasgebou,” het die stadskerk op 1 April 1971 aan die komitee gesê.

Mnr. Odendaal het inderdaad in een stadium opdrag aan die argitekte vir die provinsiale gebou gegee om die ou Nederlandse Bankgebou te sloop omdat die Provinsiale Administrasie op die boulyn sou bou.

Volgens die oorsig is daar reeds op 30 November 1964 'n vergadering in die kantoor van die Posmeester-generaal gehou om die beoogde ontwikkeling van die westelike fasade van Kerkplein te bespreek.

Teenwoordig was onder meer die destydse minister van Pos- en Telekommunikasiewese (dr. Albert Hertzog), die Minister van Openbare

Werke (mnr. P. W. Botha), regter Kowie Marais, mnr. P. S. Z. van Vuuren (destyds L.U.K.), prof. A. L. Meiring, mnr. N. Eaton (argitek) en lede van die poskantoorpersoneel.

Op 'n daaropvolgende vergadering (1 Mei 1965), wat belê is deur die destydse Administrateur het dit geblyk dat die administrasie reeds oor 'n ontwerp beskik het vir sy beoogde gebou. Dit het onder meer voorsiening gemaak vir die oprigting van 'n toringblok van 400 voet hoog aan Kerkstraat.

In Junie het die destydse sekretaris van Openbare Werke die beplanning van die nuwe poskantoor met die Minister van Openbare Werke bespreek, wat goedkeuring verleen het dat daar voortgegaan word met die ontwikkeling van 'n ontwerp van 'n nuwe poskantoor, wat by die Provinsiale Administrasie se planne sou inpas.

Volgens 'n skrywe van 17 Julie 1967 het die Posmeester-generaal berig dat die minister van Pos- en Telekommunikasiewese nie tevrede was met die voorgestelde toringblokke nie. Die minister het 'n gebou van hoogstens vyf verdiepings hoog aan Kerkstraat en 'n noordelike vleuel aan Vermeulenstraat van uiters vyftien verdiepings voorgestel.

Hierop het die sekretaris van die departement van Openbare Werke aan die Posmeester-generaal geskryf dat om aan sy minister se versoek te volden, die balans van die skema heeltemal versteur sou word.

Die destydse Minister van Openbare Werke het toe reeds beslis dat daar met die bestaande beplanning voortgegaan sou word omdat dit reeds so 'n stadium bereik het dat 'n hersiening van alles wat reeds gedoen is nie geregverdig kan word nie, afgesien van die geweldige vrugtelose beplanningsuitgawe wat dit tot gevolg sou hê.

Die beplanning het voortgegaan totdat daar in Februarie 1971 vertoë van die argitek van die poskantoor kompleks ontvang is dat die funksie van Kerkplein eers bepaal moes word.

Dit het aanleiding gegee tot die aanstelling van die Kerkpleinkomitee deur die Kabinet. Die komitee het op 1 April 1971 sy eerste vergadering gehou.


Op aanbeveling van die komitee het die Kabinet op 8 September 1971 goedgekeur dat, behalwe vir die ou Nasionale Bankgebou en die ou Nederlandse Bankgebou aan die westekant van die plein, die res van die geboue aan daardie kant gesloop moes word.

Op 4 November 1972 het die herbeplanning weer 'n ander wending ingeneem toe die Posmeester-generaal die departement van Openbare Werke in kennis gestel het dat die planne vir die oprigting van die beoogde toringblok vir die Poswese in heroorweging geneem is en „dat besluit is om vanweë finansiële oorwegings voorlopig nie met die diens voort te gaan nie.”

Hierop het die Kerkpleinkomitee die Minister van Openbare Werke ingelig dat, „sover dit die afsienbare toekoms betref, die bestaande ou geboue aan die westekant van Kerkplein onveranderd behou sal word en dat die bepalende faktor by herbeplanning nou in die plein self lê”

In 'n persklaring het die Minister van Openbare Werke vervolgens bekend gemaak dat „aangesien dit nou vir beide die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese moontlik is om voldoende akkommodasie beskikbaar te stel, sonder om die voorgestelde toringgeboue aan die westekant van Kerkplein op te rig, is daar besluit om nie met die beplanning van daardie geboue voort te gaan nie”.

Volgens dié verklaring word 'n nuwe uitvoerende poskantoor beplan vir oprigting op die hoek van Vermeulenstraat en Paleislaan.



'n Kunstenaarsvoorstelling van die wesfasade soos voorgestel deur die Kerkpleinkomitee in 1973. Foto: Oggendblad

Die ontwikkeling van die persele onmiddellik wes van Kerkplein het weer aandag geniet nadat Poswese met druk gekom het vir die oprigting van 'n nuwe uitvoerende poskantoor op die perseel grensende aan Kerkplein, noord van Kerkstraat.

Voorstelle van die argiteksfirmas wat einde 1973 voorgelê is, het voorsiening gemaak vir die behoud van die Nasionale en Nederlandse Bankgeboue, waardeur die ander geboue aan die westelike fasade in die slag sou bly. Die voorstel is deur die Kerkpleinkomitee gesteun.

Die Minister van Openbare werke het vervolgens gelas dat belanghebbende organisasies en die publiek uitgenooi moes word om versoë te rig. Versoë is ontvang van sewe organisasies en vyftien lede van die publiek wat gepleit het vir die hele westelike fasade van Kerkplein.

Samesprekings tussen lede van die Kerkpleinkomitee en die Stigting Simon van der Stel is op 12 Februarie 1974 gehou. Die Stigting het gevra vir die behoud van die hele westelike fasade, maar terselfdertyd ook laat blyk dat hy nie bewus was van die akkommodasiebehoefes van Posterye en die Provinsiale Administrasie nie.

Hierop het die argiteks-afdeling van die Departement van Openbare Werke en 'n konsortium van private argitekte bevind dat dit onmoontlik sal wees om 'n funksioneel-doeltreffende gebou, soos wat Posterye verlang, op die kleiner terrein te voorsien.

Op 22 Februarie 1974 het die Minister van Openbare Werke gelas dat die hele aangeleentheid aan die Kabinet voorgelê moet word.

Op 27 Februarie het die Transvaalse Uitvoerende Komitee besluit dat hulle Transvaalse Provinsiale Administrasie in geen omstandighede bereid is om toe te stem tot die behoud van die Law Chambers, die Cafe Riché of die Capitol-teater nie.

As die Regering wel sou toegee aan versoë in dié verband, sou die Administrasie verwag dat die Regering die betrokke eiendomme moes oorneem en die Administrasie daarvoor vergoed teen die huidige markwaarde, sodat ander eiendomme aangeskaf kon word.

Verder was die Uitvoerende Komitee steeds ten gunste van die oorspronklike skema waarvolgens twee toringgeboue aan die westekant van Kerkplein opgerig sou word.

Op navraag van die Minister van Openbare Werke oor die behoud, of nie, van die ou Nederlandse en Nasionale Bankgeboue, het 6 lede van die Kerkpleinkomitee telegrafies laat weet dat hulle ten gunste is van sloping, drie was daarteen en een was nie beskikbaar nie.

In die lig van hierdie feite het die Kabinet vervolgens besluit om die voorstelle van die Kerkpleinkomitee vir die herontwikkeling van die westelike fasade van die plein te aanvaar.

Dit kom ook daarop neer dat alle geboue insluitende die twee ou bankgeboue wat grens aan die westekant van Kerkplein gesloop moet word om plek te maak vir die herontwikkeling. Die beoogde geboue, wat 'n nuwe uitvoerende poskantoor insluit, moet ook laer wees as die bestaande provinsiale gebou.

Hierdie besluit is in Junie verlede jaar deur 'n persoonlike verklaring van die Eerste Minister aan belanghebbende organisasies en deur 'n persverklaring aan die publiek bekend gemaak.

Op 17 Junie is die Posmeester-generaal en die Provinsiale Administrasie ook in kennis gestel dat die individuele bestaande geboue nie gesloop mag word nie voordat die Minister van Openbare Werke se toestemming verkry is.

## **TORINGS MOET VERMY WORD OP KERKPLEIN**

deur C. THEO VORSTER, Ristlaan 1273, Queenswood, Pretoria,  
Hoofstad (Ons lesers skryf), 5.8.1975

**GEAGTE REDAKSIE** — Ek is nie hier gebore nie en kan moontlik nie saampraat met ou republikeine nie, maar ek sal tog geoorloof word om te sê dat toe ek 50 jaar gelede by 'n bank hier aangesluit het, Kerkplein 'n baie ander voorkoms gehad het as vandag.

Toe ek in 1933 weer hierheen terugverplaas was, het ek gevind dat die Standard Bank-gebou die ou „Grand“ Hotel vervang het en later het — nie baie jare gelede nie — die Nasionale Bougenootskap se gebou die vorige ou Standard Bank-gebou vervang. In albei gevalle 'n groot verbetering.

Die Barclays Bank-gebou weer het 'n ou hotel — feitlik slegs 'n kroeg — vervang. Weer 'n groot verbetering. Die SA Resewebank-gebou het omstreeks 1924 gekom wat mooi pas by die Plein maar, na my mening, kan die Ou Mutual-gebou daarnaasaan gerus verdwyn.

### **RAADSAAL**

Ander geboue het ook verdwyn o.m. die Erasmus-gebou en die groentewinkel aan die suidoostekant waar die Johannesburg Bougenootskap nou gehuisves is. Groot verbeterings. Na my mening kan ons, in alle opregtheid, die vernietiging van die Capitol-bioskoopgebou ook nie betreur nie. Sy voorkoms teenoor die Plein was nie baie aantreklik nie.

Wat bly daar oor? Die Raadsaal en Paleis van Justisie moet beslis bly vir geskiedkundige redes maar ook omdat hulle met hul statige voorkoms pas by die Plein.

## PLEINE

Die Poskantoor? Ja, maar van binne moet dit modern verander word, verder uitstrek met dieselfde styl en hoogte tot by Vermeulenstraat — 'n poskantoor wat binne pas by ons Hoofstad en die jaar 1975 vir gerief en bediening.

Die ou Nederlandse Bank-gebou kan ook bly, en inpas by 'n groot nuwe gebou rondom. Die Nederlandse Bank-gebou kan aangevoer word as 'n kunsgalery. Wat die nadruk op geplaas moet word, is dit: Moet tog asseblief nie toringgeboue rondom die Plein oprig nie, maar slegs geboue wat nie meer dan vyf verdiepings hoog is nie!

Nog net dit. Ons hou van Kerkplein, ons is lief vir die Kerkplein. Ons soek nog vir ander soortgelyke pleine, een in Gezina, een in Pretoria-Wes, 'n ander op pad na Wierdapark en die vierde in Brooklyn in Duncanstraat. Dit sal Pretoria beslis baie aantreklik maak. Sal ons stadsvaders dit in gedagte hou?

## AL KOES-KOES BY OOM PAUL VERBY

deur HOES DAAI, 21e Laan 722, Rietfontein, Pretoria, Hoofstad

(Ons lesers skryf), 5.8.1975

GEAGTE REDAKSIE — Nou ja, al wat leef en beef kerm en neul oor die behoud van die Kerkplein. Ek praat nou ook oor die mense van die Kaap, Natal en Suidwes, tot in die Transvaal (was bogenoemde mense al op die Plein hier van 12h00 af? Nee, ek glo nie).

Nou gaan ek my stuiwer ingooi.

Van die mense wat so kla en kerm oor die behoud van die Plein, wil ek net weet hoekom, ja hoekom maak hulle nie 'n plan met die „sokkervelde“ wat nou kop-uit steek op die Plein nie? Ai, mens loop nou koes-koes by Oom Paul verby.

Ek gee aan die hand:

Maak skoon die ou geboue, lap en stop en dit bly behoue.

Leiklip in die plek van die gras, met die dammetjies skoon.

En die sokkerveld en busdepot ens., uitgeroei, sal ons plein behoue bly met uiltjie en al.

En siedaar, daar is ons plein vir ons nageslag.

## OU GEBOUE IS VUIL EN VERVALLE

deur MEV. A. M. BENEKE, Trouwstraat 267, Capital Park, Pretoria,

Hoofstad (Ons lesers skryf), 5.8.1975

GEAGTE REDAKSIE — Ek stem heelhartig saam dat die ou geboue aan die westekant van die Plein gesloop moet word en dat die hele plek opgeknap moet word.

Ek werk in een van die ou geboue net langs die Poskantoor (destyds die Nasionale Munt). Glo my dit is in 'n vervalte toestand; sommige plekke val die plafon reeds in. Die plek is soos 'n vrieskas, vuil en onaansienlik en beslis nie aangenaam om in te werk nie.

Dit is nie net die geboue wat veel te wense oorlaat nie, maar ook die sypaadjie voor die geboue. Die klippe is skeef, gebreek, ongelyk en gevaarlik. Ek weet van 'n hele paar mense wat daar geval het.

Die duiwe bemors die geboue en die sypaadjie dat dit jou eintlik naar maak.

Oor Kerkplein wil ek liewer nie meer loop nie — hope pare swart oë wat jou aanstaar. Hulle sit op die gras, lê op die gras en sit al die bankies vol.

Met ander woorde dit is een groot gemors.

## **Die Kerkplein-saga:**

### **PLEITSKRIF VANDAG NA DIE PREMIER**

HOOFSTAD, 5.8.1975

DIE afvaardiging na die Eerste Minister oor die behoud van Kerkplein sal vanmiddag by die Uniegebou 'n pleitskrif aan mnr. Vorster se sekretaris oorhandig.

Die voorsitter van die Burgerkomitee vir die Behoud van Kerkplein, mnr. Piet Muller, het vanoggend gesê dat die oorhandiging vanmiddag om 15h00 sal plaasvind. Die afvaardiging sal bestaan uit mev. Sannie Booyens, predikantsvrou van die Gereformeerde Gemeente Pretoria, mev. Dina Smit, namens die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, mev. Alice Gluck en die kunstenaars mev. Lola Dunston, dr. Mercedes van der Merwe en moontlik mev. Johanna Raath van die Vrouefederasie, wat vanoggend nog nie gevra was om teenwoordig te wees nie.

Die pleitskrif sal ook 'n historiese verslag oor die geskiedenis en die jongste inligting oor Kerkplein as aanhangsel hê. Dit is opgestel deur dr. Hermann Rex, argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Mnr. Muller het gesê daar is geen dringendheid met die saak nie. Oor die Burgerkomitee se toekomsplanne sê mnr. Muller dat daar eers 'n besluit geneem sal word nadat daar uitsluitel gegee is oor Kerkplein se toekoms.

## **KERKPLEIN**

REDAKSIONEEL, Hoofstad, 5.8.1975

MET die deurlees van die uitgerekte onderhandelingsgeskiedenis oor die toekoms van die westelike fasade van Kerkplein (waarvan 'n grootliks verkorte weergawe op die bladsy langsaan gepubliseer word) ontstaan die vraag of dit werklik nodig was dat die stryd tot sy huidige emosioneel belaaide peil met verwyte, dreigemente en petisies moes ontwikkel.

Ons kry die indruk dat die herontwikkeling van hierdie deel van die plein reeds so lank as tien jaar gelede, wat die owerheid betref, 'n aanvaarde saak was.

Die vraag kan nou gestel word waarom daar so lank gesloer is met die uitvoering van hierdie planne en waarom daar deur die verloop van baie jare toegelaat is dat die huidige ongelukkige toedrag van sake ontwikkel.

In die eerste plek was daar klaarblyklik ekonomiese beweegredes en in die tweede plek is dit ongelukkig so dat verklarings van so onlangs as twee jaar gelede (juis in die lig van die finansiële oorwegings) die hoop by die bewaarders kon laat ontstaan het dat die stryd om die behoud van die deel van Kerkplein gewonne is.



Terwyl daar vandag nog 'n poging aangewend word ter behoud van hierdie deel van Kerkplein (met die oorhandiging van die handtekening van petitionarisse aan die Eerste Minister) is dit miskien goed dat daar 'n slag nugter en saaklik na die situasie gekyk word.

Daar kan nie verwag word dat die Regering nou 'n onmeswaai moet maak bloot op grond van die gevoel wat oorgedra word deur hierdie handtekening nie. Dit sal 'n bespotting wees van die erkende demokratiese prosedures.

Al wat daar gevra kan word is dat daar opnuut gekyk moet word na die onderhandelingsgeskiedenis en dat daar nugter besin moet word of hierdie demokratiese prosedures deurgaans gevolg is in hierdie onderhandelinge.

## **KERKPLEIN: PLEITSKRIF OORHANDIG**

DIE VADERLAND, 5.8.1975

DIE afvaardiging wat na die Eerste Minister toe gaan oor die behoud van Kerkplein, sou laat vanmiddag 'n pleitskrif by die Amfiteater van die Uniegebou aan mnr. Vorster se sekretaris oorhandig.

Die voorsitter van die Burgerkomitee vir die Behoud van Kerkplein, mnr. Piet Muller, het vandag gesê, die afvaardiging vanmiddag sal uit vyf of ses mense bestaan.

Die pleitskrif sal ook as aanhangsel hê 'n historiese verslag oor die geskiedenis en die jongste inligting oor Kerkplein. Dit is opgestel deur dr. Hermann Rex, argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Mnr. Muller het gesê daar is geen dringende haas met die saak nie. Oor die Burgerkomitee se toekomsplanne sê hy dat daar eers 'n besluit geneem sal word nadat uitsluitel oor Kerkplein gegee is.

## **PM TO GET SQUARE PETITION**

by COLLEEN HENDRIKS, Pretoria News, 5.8.1975

THE 7 000-odd signatures collected at the "Save the Square" meeting will be presented to the Prime Minister's office at the Union Buildings today.

The deputation to Mr. Vorster's office will include most of the members of the Citizen's Committee for the Preservation and Restoration of Church Square.

The petition includes a letter appealing to Mr. Vorster to reconsider the issue, an auditor's report verifying the number of signatures, a list of speakers at the mass meeting on Church Square and a copy of the committee's pamphlet on the square.

There will also be a detailed historical report on the buildings in question and a woodcut print of the western facade by Irene artist, Carola Brotherton.



Die Vroue-afvaardiging (mev. Johanna Raath, mej. Judy van Eeden, dr. Mercedes van der Merwe en mev. Alice Glück) word na die Kantoor van die Eerste Minister vergesel deur lede van die Burgerkomitee (dr. Rex, prof. Coetzee, mnre. Alexander, Beyers, Holm, Muller en Fair) op 5.8.1975. Die lino-snee deur Carola Brotherton, waarop drie van die historiese geboue van die wesfasade voorkom en wat deur mej. Van Eeden gedra word, was as 'n geskenk aan die Eerste Minister bedoel.

Foto: Hoofstad

## BRING OOM PAUL SE PLEIN NA DIE EERSTERIVIER

deur J. C. VAN DER MERWE, Porterville, Beeld (Menings van ons lesers), 6.8.1975

Sal ons nie maar hier 'n paar sente versamel,  
 Al is ons kultuur in die Boland maar skamel,  
 Om Kerkplein tog by die Transvalers te koop  
 Vóór beskawing die hart van die ou stad kan sloop?

Ons rig hom dan op langs die Eersterivier  
 As 'n buite-museum om ook feeste te vier;  
 So ruil ons 'n paar van oom Paul se prulle  
 Vir 'n klompie van Simon se gewels met krulle.

NS

Dit kan mos voorkom, so lyk dit vir my,  
 dat die vragmotors leeg na 'n kant toe moet ry.

## **VROUE BY VORSTER OOR PLEIN**

BEELD, 6.8.1975

NAAMTEKENINGE van derduisende mense is gister in die Uniegebou, Pretoria, aan die private sekretaris van die Eerste Minister, mnr. Johan Weillbach, oorhandig deur 'n vroue-afvaardiging van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein.

Die afvaardiging het uit vyf vooraanstaande Pretoriase vroue bestaan: dr. Mercedes van der Merwe, mev. Johanna Raath, mev. Alice Gluck, mev. Lola Dunstan en mej. Judy van Eeden.

Die pleitskrif van die Burgerkomitee verteenwoordig 29 419 mense van oor die hele land wat vra dat die Wesfasade van Kerkplein behoue bly.

Mev. Raath het by die oorhandiging gevra dat mnr. Vorster elke lid van die afvaardiging in haar private hoedanigheid moet sien, en nie as verteenwoordigers van die organisasie waarvan hulle aan die hoof staan nie.

## **PLEITSKRIF AAN DIE EERSTE MINISTER OORHANDIG**

HOOFSTAD, 6.8.1975

'n PLEITSKRIF waarin die handtekeninge van bykans 7 000 beswaafmakers teen die moontlike slooping van die wesfasade van Kerkplein, is deur 'n vroue-afvaardiging met mev. Raath as die woordvoerder aan die sekretaris van die Eerste Minister, mnr. Wellbach, by die kantoor van die Eerste Minister oorhandig. Saam met dié pleitskrif was ook 'n historiese aanhangsel oor Kerkplein en nuwe feite aangaande dié volksvergaderplek.

Die dokument is opgestel deur dr. Hermann Rex, argivaris van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Die afvaardiging is gistermiddag omstreeks 15h00 deur 'n groot aantal belangstellendes asook kultuurleiers by die Amfiteater van die Uniegebou ingewag waar die vroue-afvaardiging finaal afrondingswerk gedoen het aan die belangrike sending waaraan hulle uitvoering moes gee. Net die vroue-afvaardiging was toegelaat om na die kantoor van die Eerste Minister te gaan.

Die voorsitter van die Burgerkomitee, mnr. Piet Muller, het gesê dit is sover as wat die komitee nou kan gaan. „Ons is nie haastig nie, want die Eerste Minister het baie ander belangrike sake om na om te sien en waaraan hy eers aandag moet gee,” het hy gesê.

## **DAN BREEK ONS HARTE OOK**

deur W. DU PLESSIS, Vanderbijlpark, Die Vaderland (Briewe van ons lesers), 6.8.1975

EK wil graag my mening lug oor die Kerkplein. Ek is teleurgesteld in die Regering dat hulle die ou geboue wil afbreek sodat daar niks van die verlede oorbly niè.

As dit nog die Sappe was wat dit wou doen, sou ek nie so geskok gewees het nie. Al is die geboue nie meer bruikbaar nie, laat dit asseblief mnr. Van Niekerk. Laat hulle vir die nageslag behoue bly.

Hou liever die geboue in stand. Indien u dit afbreek, breek u ook Afrikanerharte.

## SIDELIGHT ON THE SQUARE

by R. J. VAN BUUREN, Randburg, Pretoria News (Readers' Letters),  
6.8.1975

SIR, — In view of the discussions taking place in Pretoria in connection with the proposed plans for Church Square, your readers, and especially those interested in this matter, may be interested in the following extract from a booklet entitled "The Perfect Gentleman," written by Izaak Wallach, one-time MP, with the sub-title: "Intimate side-lights on Dr. F. V. Engelenburg's life after a partnership and friendship lasting some 40 years". I quote:

"The history of the beautiful Church Square in Pretoria is unknown to the public, therefore it is a pleasure for me to give details of its lay-out. Dr. Engelenburg was the original designer and planned it on two of the most well-known Squares in the world, the southern half after the style of the Trafalgar Square, London, and the northern half after the Place de la Concorde in Paris. When he submitted his plans to the Pretoria Municipality they were turned down as it was said the town could not afford to pay for such luxury, but the municipality was willing to pay half the cost which would be in the neighbourhood of some £20 000.

"So the Doctor made overtures to the Minister of Public Works, and the minister gave him £20 000 towards this beautifying of Church Square, the Pretoria Municipality paying the balance of some £16 000. Thus the cost of the Square was a little over £30 000. It has been pronounced by many visitors as the most artistic and beautiful Square in South Africa."

It is of interest to note that Dr. Engelenburg was one of the founders of the University of Pretoria and originator of the Suid-Afrikaanse Akademie. He drew up the constitution of that body, and it is now housed in his old home "Witte Huis", Ziervogel Street.

I am impelled to write this letter not only because of the information about Church Square, but also by virtue of the fact that, as a young man, I was on the staff of Die Volkstem when Dr. Engelenburg was Editor, from which experience I benefited greatly, by being brought in close contact with this great gentleman.

## IT'S NOT JUST A FIGHT TO SAVE CHURCH SQUARE'S WEST FACADE

by J. VISSER, Arcadia, Pretoria News (Readers' Letters), 6.8.1975

SIR, — After reading all the various interesting, beautiful and (sometimes) stupid remarks by some of us about the preservation of our historic past, for example Church Square, one seems to notice that most of the people want to be "with it" without knowing what it is really all about and so everybody jumped on the band wagon.

But what most of us seem to forget is that our campaign is not just centred on the western facade of Church Square. More so must we fight to save the beautiful heritage of our short but rich past, so that we may acquire an appreciation of our historic background to enrich our future; to learn from the placid artistry of the long dead to help us plan our lives ahead.

No one has claimed that the individual buildings on the western facade are priceless works of art. Taken on their own they might not amount to much, but placed within the context of the whole, they are invaluable to the character and composition of the Square. Remove them . . . and the whole Square will be lost — lost in a wilderness of concrete.

Looking at renovation projects in most European countries, one is amazed to see the ingenious and totally different purposes those old buildings are used for, without losing any of their charm and character.

Thinking about it, those countries with their much longer history are trying to save their heritage. Why don't we?

## **SQUARE UNITES WOMEN**

PRETORIA NEWS, 6.8.1975

FIVE women have united in a common cause — to save the western facade of Church Square.

They yesterday handed the petition pleading for the Square to the Prime Minister's office.

Included in the documents handed in were a plea asking Mr. Vorster to act as judge of appeal, a list of the members of the Citizens' Committee for the Preservation and Restoration of Church Square, a copy of the motion passed at the Church Square meeting calling for the preservation of the western facade, a short summary of the most important arguments in favour of preservation, and the audited statement of the number of signatures.

Also included was a copy of the pamphlet produced by the Citizens' Committee, and an essay by Dr. Hermann Rex, historian, on recent historical research on Church Square.

Mrs. Lola Dunston, who is preparing a book on old Pretoria, presented five prints of photographs to the Prime Minister which will appear in her book, and another list of signatures she collected privately — understood to be about 2 000.

## **THE DAY 6 000 WOMEN MARCHED SILENTLY IN A LINE SIX DEEP TO THE UNION BUILDINGS ... AND IT DIDN'T HAVE ANYTHING WHATEVER TO DO WITH THE SQUARE'S WESTERN FACADE**

by MARTIN WELZ, Pretoria News, 6.8.1975

THE petition drawn up at the recent Church Square demonstration was presented to the Prime Minister at the Union Buildings yesterday.

It brings to mind an earlier march, of which only the style has changed in 60 years.

On August 4, 1915, the women of Pretoria — 6 000 of them — gathered on the Square and marched in silence in a column six-deep to the Union Buildings to demand the release of General Christiaan de Wet and other participants in the 1914 Rebellion.

And in this Year of the Woman, no one would dare question the respectability of their enterprise.

An Afrikaans columnist of the time describes them as "a crowd of go-ahead women of whom any nation would be proud, and of whom we are doubly proud because they are Afrikaans women.



Die verteenwoordigende lede van die Vroue-aanvaarding (dr. Mercedes van der Merwe, mevv. Johanna Raath, Alice Glück, Lola Dunston en mej. Judy van Eeden, kelindogter van dr. S. H. Pellisier, met die linoosnee van wesffasadegeboue) maak maak hulle gereed om die pleitskrif en geskenk aan die Privaatsekretaris van die Eerste Minister te gaan oorhandig.

Foto: Oggendblad

"With the irresistible certainty of a flood, they slowly filled  
amphitheatre.

"From windows high above, Afrikaners, separated from their  
'susters' by foreign idolatry and blindness to their own history and  
national honour, peeped out, confident that they could not be seen or  
recognised.

"But we know them," is how he described the scene.

## VORSTER KEEPS SILENT OVER SQUARE

PRETORIA NEWS, 6.8.1975

THE Prime Minister, Mr. Vorster, is remaining tight-lipped over the  
"Save Church Square" petition which was handed to his office yesterday.

A spokesman for Mr. Vorster's office said the petition had been  
handed to the Prime Minister, but "no comment" was the official reply  
to questions.

Mr. Vorster is being seen as the final judge of appeal by conserva-  
tionists fighting to save the Square's historic western facade.

They say only he can reverse the Cabinet decision to demolish the  
buildings

Some observers see last week's unofficial briefing session between  
Mr. Vorster, a Post Office representative and the private firm involved  
in redesigning the facade as an indication that a rethink is on the cards.

Meanwhile, Dr. S. Meiring Naude, chairman of the Simon van der  
Stel Foundation, has said about 150 000 people have come out in  
support of preserving the Square.

In the foundation's annual report, Dr. Naude says: "Taking a count  
of the membership of the bodies that we know have come out for the  
preservation of the western facade, one soon reaches a figure of 150 000.

"We cannot see how such a massive demonstration of protest, of  
abhorrence for this plan of destruction of so important a part of South  
Africa's national heritage, can be ignored by the powers that be."

BURGERKOMITEE VIR DIE BEWARING  
EN RESTOURASIE VAN KERKPLEIN

# Pleitskrif

gerig aan

DIE EERSTE MINISTER  
VAN  
SUID-AFRIKA

SY EDELE B. J. VORSTER

Uniegebou  
Pretoria  
5 Augustus 1975



## DIE PLEIDOOI MOSIE

„Hierdie openbare byeenkoms versoek die regering van die Republiek van Suid-Afrika om toe te sien dat die geboue aan die westekant van Kerkplein, Pretoria, te wete; die Ou Nederlandse Bank, Law Chambers, Cafe Riché, Poskantoor, Nasionale Bank, Ou Munt, Kirknessgebou, en die Kapitoel, tesame met die Ou Raadsaal en die Paleis van Justisie in hulle geheel op hulle huidige plekke bewaar, versorg en in gebruik gestel word vir doeleindes wat mense na die Plein sal aantrek.

En ten tweede, dat die Plein self herbeplan word vir gebruik deur mense.”

Enparig aangeneem deur die aanwesiges op Kerkplein Saterdag 26 Julie 1975 deur opsteek van hande, aanbring van handtekeninge, en die indiening van boodskappe, telegramme en briewe by, deur en na die vergadering.

### BURGERKOMITEE VIR DIE BEWARING EN RESTOURASIE VAN KERKPLEIN

Posbus 558, PRETORIA 0001 RSA

5 Augustus 1975

Sy Edele B. J. Vorster

Eerste Minister

Uniegebou

PRETORIA

0002

Hooggeagte mnr. Vorster,

KERKPLEIN, PRETORIA: PLEIDOOI OM BEWARING

Ons, die lede van die Burgerkomitee, wil hiermee aan u vir u welwillende aandag, oorhandig 'n pleitskrif vir die behoud van al die geboue wat die Wesfasade van Pretoria se Kerkplein uitmaak. Die bedoelde geboue word in ander meegaande stukke nader omskryf.

Die pleidooi hierby aangeheg, geniet die ondersteuning van 29 000 persone uit alle uithoeke van Suid-Afrika. Dit is 'n pleidooi van 6 925 mense wat die geleentheid gebied is om vrywillig in die openbaar hulle handtekening te gee, en ander Suid-Afrikaners wat deur briewe, telegramme en boodskappe hul steun aan die pleidooi toegesê het.

Die geleentheid wat gebied is het die vorm aangeneem van 'n openbare vergadering op Saterdag 26 Julie 1975 op Kerkplein. Die vergadering het in 'n goeie gees ordelik verloop. Geleentheid is gebied aan enige persoon om vir of teen die behoud van die Wesfasade standpunt in te neem. Geen voorstander van die sloping van die bedoelde geboue het van die geleentheid gebruik gemaak nie. Die vergadering is deur die loop van sy duur van vier ure deur minstens 10 000 mense bygewoon.

'n Pretoriase dagblad het verlede maand 'n stemming onder sy lesers gehou, 5 054 stemme is uitgebring waarvan 96,3% ten gunste van die behoud van die Wesfasade was.








Ons meen dat dit en die ondersteuning wat ons pleitskrif so duidelik geniet, afdoende bewys is dat Kerkplein met sy bestaande geboue, wat hulle argitektoniese en historiese meriete ook al mag wees, in die harte van Suid-Afrikaners 'n tere en gewaardeerde plek inneem.

Dit is ons eerlike oortuiging dat die bewaring en restourasie van die Wesfasade-geboue in besonder en van Kerkplein in die algemeen, die wens van die meerderheid geskiedenis- en omgewingsbewuste burgers van Pretoria en Suid-Afrika is.

Ons weet dat die Regering reeds besluit het dat die onderhawige geboue gesloop mag word. Daarom wend ons ons na u, daarom is ons pleitskrif aan die Eerste Minister gerig. Slegs u kan nog daardie besluit laat verander. Dit is ons pleidooi.

Met hoogagting,  
Vriendelike die uwe,

**RESULTAAT VAN DIE PLEITVERGADERING**  
**HANDTEKENINGE**

|  |               |
|--|---------------|
| geoudit .....  | 6 472         |
| op lyste laat ingedien .....                           | 453           |
| Handtekeninge totaal .....                             | <u>6 925</u>  |
| Plus   |               |
| <b>BRIEWE, TELEGRAMME, BOODSKAPPE</b>                  |               |
| Individue en gesinslede .....                          | 244           |
| Argitekte .....  | 149           |
| Lede van verenigings, besture en groepe .....          | 2 805         |
|  | <u>10 113</u> |
| Plus   |               |
| Telegram van T.O. namens Transvaalse onderwysers ..... | 13 000        |
| Brief van ATKV (SAS & H) namens lede .....             | 6 306         |
| Totaal .....   | <u>29 419</u> |

By die bepaling van die aantal stemme verteenwoordig deur 'n brief, boodskap of telegram is, in die gevalle waar die stuk nie na 'n spesifieke getal lede verwys nie, die volgende formule toegepas:

Gesin=3, Vennootskap of firma=5, Bestuur=10, Vereniging=20.

## MARAI & VENNOTE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)  
GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURS

H. B. Marais, B.Com., C.A. (S.A.)  
M. J. Swart, M.Com., C.A. (S.A.)  
H. Pistorius, M.Com., C.A. (S.A.)  
J. P. la Grange, B.Com., C.A. (S.A.)  
W. P. J. Steenkamp, B.Com., C.A. (S.A.)

Posbus 23,  
PRETORIA. 0001.  
Telefoon 28767/8/9  
Van Erkomgebou 601,  
Pretoriusstraat 217,  
PRETORIA. 0002.

1 Augustus 1975

Verw.

Mnr. Steenkamp

/HdeB

### SERTIFIKAAT

Hiermee sertifiseer ons dat ons die voorgelegde lyste van handtekeninge, telegramme en briewe deur die Burger-komitee vir die restourasie en bewaring van Kerkplein ontvang, wat ten gunste van die behoud van die geboue aan die westekant van Kerkplein, Pretoria nagegaan het en dat onderstaande getalle korrek is:

6 472 handtekeninge op lyste

75 briewe en telegramme van argitekte

124 briewe en telegramme van individue

26 briewe en telegramme van verenigings en organisasies

MARAI & VENNOTE

Per: W. P. J. Steenkamp.

### DIE 26 LEDE VAN DIE BURGERKOMITEE

Mev. M. Ackermann (Sangeres); dr. M. van der Merwe (mev. M. Bam) (Geneesheer); mev. Lola Dunston (Kunstenares); dr. T. Dunston (Geneesheer); prof. dr. P. C. Coetzee (Professor); gen. H. B. Klopper (Oud Kommandant-Generaal); mnr. P. de Wet (Sakeman); mnr. W. Bregott (Advertensiebestuurder); mnr. A. Holm (Argitek); mnr. C. Beyers (Argitek); mnr. J. Meiring (Argitek); mnr. R. I. B. Alexander (Argitek); mnr. D. E. Brook (Bourekenaar); dr. W. H. J. Punt (Historikus); mnr. W. J. Punt (Bewaringskundige); mnr. P. Muller (Uitgewer); mnr. V. de Kock (Oudheidkundige); mnr. S. O. Goodwin (Sakeman); mnr. A. Fair (Eiendomsontwikkelaar); mnr. W. Heer (Sakeman); prof. dr. J. J. Gluck (Professor); prof. dr. P. G. Nel (Professor); mnr. T. Honiball (Argitek); dr. H. M. Rex (Argivaris); mej. J. van Eeden (Lektrise); mnr. W. Jacobson (Sakeman).

### DIE SPREKERS, 26 JULIE 1975

Mnr. M. C. de W. Nel (Oud Kommissaris-Generaal); mnr. Hans Abraham (Oud Kommissaris-Generaal); mev. J. M. Raath (Presidente, SAVF); mnr. A. Holm (Argitek); dr. W. H. J. Punt (Historikus); mnr. P. van der Westhuizen (Ingenieur); dr. J. P. Claasen (Predikant); mnr. A. Mocke (Skoolhoof, Swellendam); mnr. P. Muller (Uitgewer); prof. dr. P. G. Nel (Voorsitter, Pretoriase Afrikaanse Kultuurraad); prof. dr. H. L. de Waal (Wetenskaplike); mnr. D. Pretorius (Fotograaf); mev. G. Pretorius (Huisvrou); mnr. M. de Beer (Pensioenaris); mev. L. Dunston (Kunstenares); prof. dr. P. C. Coetzee (Professor); dr. O. Reisener (Wetenskaplike); mnr. S. O. Goodwin (Sakeman); dr. H. M. Rex (Argivaris); mnr. I. J. Lötzt (Argitektuurstudent); mnr. I. van der Walt (Vakman); Klaas Steyn (Skoolseun); prof. A. Burger (Professor in Argitektuur).

## ENKELE OPMERKINGS DEUR DIE VERSKILLENDE SPREKERS EN SKRYWERS

- Die geboue is vandag „dood” omdat die Plein dood is aangesien hy vir 'n busteterminus gebruik word en in sy huidige nie vir gebruik deur mense beplan is nie. Dti is nie die geboue wat die Plein dood-maak nie.
- Die nuwe geboue word blykbaar vir agter die oues beplan en nie op hulle plekke nie. Waarom dan die oues sloop?
- Dit is nie die beste plek vir H.P.K. nie (naby stasie sou 'n beter plek wees). Waarom nie 'n takkantoor met toonbankdienste op die Plein, en die H.P.K. naby stasie?
- Om dieselfde akkommodasie te verskaf as wat die ou geboue vandag bied sal etlike miljoene kos. Die geboue moet net opgeknop word, dan is hulle bruikbaar.
- Die ou geboue se onderhoudskoste is niks meer as die van ander geboue nie — hulle energieverbruik is minder as 'n kwart van die van nuwe geboue. Ons beweeg in 'n tyd van energieskaarste in.
- Daar is verskeie ondernemings wat met graagte wil vestig in die ou geboue mits die Plein restoureer word.
- Is dit nodig om spesifiek onder daardie geboue te graawe?
- Die nuwe planne kan met min moeite so gewysig word dat die ou geboue behoue bly. Koste hieraan verbonde sal nie naby die bedrag wees wat bespaar word deur die geboue te behou.
- Navorsing wat intussen uitgevoer is het feite aan die lig gebring i.v.m. die geboue se geskiedenis, beeldhouers en argitekture waarvan die Administrasie en Poskantoor en hulle raadgewers nie bewus was en/of wat hulle nie in ag geneem het nie.
- Die ou geboue is onvervangbaar. Ons het vandag nie die vakmanskap of geduld om so iets te maak nie.
- 'n Stad het wyer aspekte as die gewone utiliteite ook nodig. Die mens het behoeftes aan emosionele gewaarwording wat hom in sy sielkundige lewe ten goede kom en gemoedsrus gee. Dit help nie om net van 'n rustiger tydgees te lees of prente te kyk nie, mens het tasbare bewys daarvan nodig in jou alledaagse midde.
- Sonder die ou geboue gaan die stadsbeeld arm en eensydig wees. Dit is hulle wat Pretoria onderskei van enige stad in Afrika.
- Die klem verskuif van blote bewaring na versorging en gebruik.
- 'n Amfiteater sal 'n wit olifant wees. Ons het een en hy word selde gebruik. Dit is baie onaantreklik vir mense in alledaagse gebruik.
- Ons beweeg as volk uit 'n pionierstadium oor na 'n begrypende stadium; van mense wat net meer en meer wil hê na mense wat na kwaliteit soek; van mense wat „maak en breek” na mense wat versorg. Ongelukkig beleef ons nou en dan terugslae soos hierdie slopingswaan, maar die algemene mening is daarteen gekant.
- Versorging van erfgoed gee 'n tasbare samehorigheidsgevoel met verlede — en sodoende 'n band en hoop vir die toekoms.
- Nasionale trots word geskend deur aan die hart van die land te breek.
- Volksmoreel word 'n nekslag toegedien deur die lewenstake van ons voorouers af te laat breek deur onself. Dit beïnvloed elkeen in sy huidige taak.
- Die eenheid van die tien geboue is hulle grootste argitektoniese bate, nie die detail aan één of twee van hulle nie. Hierbenewens het die geboue geskiedkundige en kultuurhistoriese waarde. Die

argitektoniese en kulturele ontwikkeling oor 'n lang tydperk kan hier op een plek gesien word. Waarom die prent verdraai deur dele te knip asof dit iets is wat gesensor moet word?

- Die geboue is doelbewus beplan om met mekaar saam te smelt en slaag ook daarin. 'n Toringgeboue probeer altyd domineer — sien moderne toringgeboue en sulkes uit die ou tyd, by Bologna wat simbolies is van die magstryd tussen die twee vorstefamilies. Torings stry. Hierdie geboue verkeer rustig en gesellig saam en maak staat op mekaar se geselskap. Daarom is dit so aangenaam vir mense om met die geboue te verkeer. Die mens is nie tuis onder die magsvertoon van toringgeboue of „prestige geboue” nie.
- Sonder die ander geboue sal die Ou Raadsaal en Paleis van Justisie belaglik gemaak word en uitsteek soos twee seer duime.
- Indien die geboue se argitektuur nie tipies Suid-Afrikaans is nie, geld dit ook vir die Raadsaal en Paleis van Justisie s'n of wat dit betref die Uniegebou. Dit is regtig ook nie 'n maatstaf vir goeie argitektuur nie.
- Indien die geboue „nie goeie argitektuur is nie” is dit nog geen rede vir sloping nie. Dan sou baie in die slag bly.
- Die Raadsaal en Paleis van Justisie is tans die twee hoofgeboue. Indien die ander ou geboue vervang word deur 'n indrukwekkende „bepande fasade” van 7 verdiepings, sal daardie rang-orde net omgekeerd wees en die twee hoofgeboue sal verdwerg en onbelangrik verskyn.
- Daar is geen behoefte aan om die plein se oppervlakte te vergroot nie. Dit is reeds 'n groot plein, gemeet aan menslike standaarde, en 'n vergroting sal hom net onpersoonlik maak.
- Die geboue staan op „duur grond”. Dit is egter 'n kunsmatige prys a.g.v. massasonering. Stel voor om die massasonering te bevestig op dié wat werklik deur die geboue opgeneem word en die res oor te plaas na ander grond in besit deur dieselfde eienaar. Dit kan 'n presedent skep wat die Stadsraad met voordeel ook elders kan aanwend.
- Die Plein se geboue is geskiedkundig 'n deel van Europa-in-Afrika.
- As ons gister se spore uitwis, wat sal môre met óns maak?
- Die Plein se geboue is 'n simbool van samewerking van verskillende volksgroepe. Ons nader vandag weer daardie samehorigheidsgevoel. Wil ons dan die ou simbool hiervan uitwis?
- Die las van die Plein kan maklik in 'n groot toeristaantreklikheid en dus 'n bate, omskep word deur restourasie en gebruik.
- Die onderhawige geboue is destyds nie deur die Staat opgerig nie. Dit maak hulle geskiedkundig waardevol, want toe sowel as nou het die Staat sowel as die privaat persoon geskiedenis gemaak en kultuur word eerder deur die volk gemaak as deur die Staat. Dit is dus goed om die Burgery se aandeel langs die van die Staat te toon om te wys so was dit en so sal dit hopelik bly dat die Burger netsowel sy bydrae lewer as die Staat.
- Die voorstelle van die Kerkpleinkomitee het toendertyd reeds baie besware uitgelok.
- Waarom word die Kerkpleinkomitee se argumente en oorweegredes nie bekend gemaak nie. Daar word net gesê „na grondige oorweging is besluit”.



Die indrukwekkende Staatsgebou van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ook bekend as die Ou Goewernmentsgebou en Ou Raadsaal) vorm die suidelike gedeelte van die wefasade. Die gebou is in 1887/8 ontwerp deur Sytze Wierda, Gouvernementsingenieur en Architect, en is in Julie 1892, in dieselfde jaar en maand waarin pres. Kruger die hoeksteen van die Nasionale Bank - en Muntgebou gelê het, van boukontraakteur J. J. Kirkness in ontvangs geneem. Foto: S. P. Engelbrecht-museum

- Behalwe hooggeplaasde en gesiene persone, kultuurbewuste persone en verenigings, is daar nou die duidelike stem van die burgers. Die volk meen dat die geboue bewaar, versorg en gebruik moet word en voel hulle waarde aan.
- Van alle foutiewe besluite wat geneem kan word is net een onherroeplik en dit is sloping.

## DIE PAMFLET

Die tweetalige, geïllustreerde pamflet, wat deur die Burgerkomitee saamgestel is en hoogtepunte uit die geskiedenis van die Pretoriase Kerkplein en 'n verwysing na die historiese geboue van die wesfasade bevat, het deel uitgemaak van die pleitskrif wat aan die Eerste Minister oorhandig is. Die inhoud daarvan word egter weens 'n gebrek aan ruimte nie hier weergegee nie.

## DIE HISTORIESE GEBOU VAN DIE WESFASADE

Wanneer daar aan die **wesfasade van die Pretoriase Kerkplein** gedink word, word dit baie gou duidelik dat die **Goewermmentsgebou** en die **Paleis van Justisie** argitektonies, kunshistories en histories as 'n belangrike en normgewende onderdeel van die wesfasade beskou moet word.

Die **Goewermmentsgebou** is in 1887-1888 ontwerp deur 'n Fries, Sytze Wierda. „Gouvernements Ingenieur en Architect“ van die Zuid-Afrikaansche Republiek, in die **Italiaanse of Vroeë Renaissanceboustyl** en in 1891/2 voltooi en in ontvangs geneem.

Nadat die Nasionale Bank en Munt der Zuid-Afrikaansche Republiek in 1890 tot stand gekom het by wyse van 'n konsessie aan 'n internasionale konsortium en die **Nasionale Bank- en Muntgebou** in 1893 opgerig is, die **Law Chambers** in 1893/4 en die **Nederlandsche Bank- en Credietvereniging-gebou** in 1896/7, is die **Paleis van Justisie**, wat in die tweede helfte van die negentigerjare deur argitekte van die Departement van Publieke Werken onder leiding van Sytze Wierda, die destydse „Hoofd van Publieke Werken“, ook in die **Italiaanse Renaissanceboustyl** ontwerp is, in 1897-1899 aan die noordekant van en reg teenoor die Goewermmentsgebou opgerig. Die boustyl waarin die Paleis van Justisie ontwerp is, is deur Wierda self beskrywe as die „**moderne monumentaal-bouw**“. Aangesien al vyf geboue wat aan die westekant van Kerkplein teen die einde van die vorige eeu deur die Staat en private belange opgerig is, in skaal en styl bymekaar aangepas het en almal, sonder enige uitsondering, in **variante van die destydse Neo-Renaissanceboustyl** ontwerp is, vertoon die geboue 'n eenheidsbeeld. Sodoende het die wesfasade teen die einde van die vorige eeu reeds in sy belangrikste onderdele vorm aangeneem. Die res van die geboue van die wesfasade, t.w. die **Reserve Investment Buildings (Cafe-Riché-gebou)**, wat in 1905 opgerig is, die **Bank of Africa (Kirkness-gebou)** in 1907 en die **Hoofposkantoor** in 1910-1912/3, het in styl en skaal op hul beurt ook weer aangepas by die bestaande geboue sodat na hul voltooiing, die historiese staats-, semi-staats en sakegeboue, wat oor 'n tydperk van twee dekades ontwerp en opgerig is 'n pragtige en unieke eenheidskarakter volgens boustyl, in die trant van die destydse heersende eklektisisme, en skaal vertoon het en vandag nog op grond van hul intrinsieke argitektoniese



Die Paleis van Justisie wat die wesfasade aan die noordekant van Kerkplein afsluit saam met die Anneksgebou van die Nasionale Bank- en Muntgebou en die Bank van Afrika-gebou. Die Paleis van Justisie is in die tweede helfte van die negentigerjare in die sg. „moderne monumentaalbou” van destyds ontwerp deur Sytze Wierda en argitekte van sy Dept. van Publieke Werke.  
Foto: Staatsinligtingsdienskantoor



en onweerlegbare kunshistoriese en historiese betekenis tot die hart van die volk spreek.

Dit bly 'n merkwaardige feit dat die sakemanne van Pretoria in die negentigerjare en in die begin van hierdie eeu hul beperkte geld-middele—in vergelyking met dié van die Staat—opdragte aan hul argitekte gegee het om sakegeboue en semi-staatsgeboue vir die wesfasade te ontwerp wat volgens skaal en boustyl moes aanpas by die bestaande staats- en sakegeboue. Sonder vrees vir teenspraak kan beweer word dat die argitekte van sake- sowel as die staats- en semi-staatsgeboue aan die westekant van Kerkplein doelbewus daarna gestrewe het en tot 'n groot mate daarin geslaag het om hul geboue in skaal en boustyl te laat aanpas by die „waardige argitektuur“ van die twee normgewende Staatsgeboue. Vir daardie rede vorm die historiese geboue van die wesfasade 'n unieke eenheidsbeeld en -karakter en kan daar nêrens in die Republiek van Suid-Afrika 'n stads- of dorpsplein aangewys word wat so 'n pragtige en estetiese bevredigende eenheidsbeeld vertoon. Hierdie historiese geboue van die wesfasade is 'n weerspieëling van die stand en ontwikkeling van die argitektuur in Pretoria en Transvaal in die tydperk 1890 tot 1910.

Al die geboue, vanaf die Goewermentsgebou tot by die Paleis van Justisie vertoon dieselfde stylkenmerke en almal is sonder uitsondering produkte van die eklektisisme, toe die argitekte in die tweede helfte van die vorige eeu en in die begin van hierdie eeu hul inspirasie geput het uit en teruggegryp het na die historiese style. Openbare en sakegeboue in Europa, Amerika, Engeland en ook in Suid-Afrika is in daardie jare ontwerp in die Italiaanse, Franse, Duitse, Vlaamse en Hollandse Renaissance-boustyl, die sg. Neo- of Neo-Klassieke boustyl, asook in die Neo-Gotiese boustyl. Argitekte van daardie jare, dus ook van die historiese geboue van die wesfasade, was kinders van hul tyd. **Sytze Wierda (Fries; Goewermentsgebou), Frank Emley, Fellow of the Royal Institute of British Architects (Engelsman; Nasionale Bank- en Muntgebou), W. J. de Zwaan lid van Nederlandse argiteksgenootskappe (Nederlander, Nederlandse Bankgebou), Frans Soff (Nederlander, Reserve Investment Buildings (Cafe Riché-gebou), William Hawke (Engelsman, Hoofposkantoor) en T. S. en R. Sladdin, lede van Britse argitektuurinstitute (Engelsmanne, Bank of Africa-gebou (Kirkness-gebou))**, was van die mees vooraanstaande argitekte van daardie jare in Suid-Afrika en in hul geboortelande en het sonder uitsondering hul inspirasie geput uit die historiese style, waarvan hulle tydens hul opleiding en argitekloopbane 'n deeglike studie gemaak en hul verworwe kennis in hul eie skeppings verwerk en toegepas het. Die argitekte het dus eklekties te werk gegaan en juis daarom vertoon die historiese geboue aan die westekant van Kerkplein, wat deur Engelse en Nederlandse argitekte oor 'n tydperk van twintig jaar ontwerp is, 'n merkwaardige eenheidskarakter en -beeld en verteenwoordig hierdie geboue 'n belangrike fase van ons Wes-Europese kultuurerfenis.

Wanneer daar 'n studie gemaak word van die regeringstyd van pres. Kruger, dan is dit opmerklik dat die totstandbrenging van 'n nasionale bank en 'n spoorlyn na Delagoabaai twee van die belangrikste sake van sy politieke beleid en program was. Die oprigting van 'n nasionale bank en munt en die bou van die Oosterlyn het op 'n intieme wyse met mekaar verband gehou en soos die voltooiing van die Ooster-spoor in November 1894 een van die mooiste prestasies van die Krugerbewind was en van groot betekenis vir die Zuid-Afrikaansche Republiek net so was die totstandkoming van 'n nasionale bank en munt in



Sytze Wopkes Wierda (1839-1911), was 'n Fries van geboorte en het in 1887 „Gouvernements Ingenieur en Architect“ van die Z.A. Republiek geword en 'n paar later „Hoofd van Publieke Werken“. As argitek, ingenieur en administratiewe hoofampテナар het hy 'n belangrike bydrae tot die argitektuur, ingenieurswese (bou van brue en paaie) en die opbou van 'n belangrike staatsdepartement van die Zuid-Afrikaanse Republiek gelewer. Hy was 'n gewone lid van die „Koninklijke Instituut van Ingenieurs“ in Nederland en Ere-Vise-president van die „Zuid-Afrikaanse Genootschap van Ingenieurs en Architecten“. Hierdie tekening van Wierda is deur Anton van Wouw, wat die Wapen van die Republiek op die voorgewel van die Staatsgebou geboetseer het, gemaak.

1890 en die bou van die Nasionale Bank- en Muntgebou in 1893, en daarbenewens die totstandkoming van die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging in 1888 en die oprigting van die Nederlandse Bankgebou in 1897, van historiese betekenis. Die Nasionale Bank- en Muntgebou sowel as die Nederlandse Bankgebou verbind ons op 'n aanskoulike wyse met die strewe van ons republikeinse voorvaders om hulle nie net vir staatkundige onafhanklikheid te beywer nie maar om hulle ook te ontworstel aan die destydse knellende ekonomiese wurg-greep wat 'n onafhanklike volksbestaan bedreig en in gevaar gestel het.

Die argitektoniese, kunshistoriese en historiese betekenis van die Nasionale Bank- en Muntgebou, die Nederlandse Bankgebou en die Reserve Investment Buildings (Cafe Riché) word in 'n aanhangsel tot hierdie pleitskrif meer uitvoerig behandel. Ofskoon die **Law Chambers**, die **Bank of Africa** (Kirkness-gebou) en die **Hoofposkantoor** nie dieselfde uitvoerige behandeling ontvang het nie, vorm hierdie drie geboue ook 'n belangrike en onverbreekbare eenheid met die hele wesfasade.

Die bekende argitek, Hannes Meiring, vestig in 'n besonder belangrike en lesenswaardige artikel wat in **Rapport** van 3.8.1975 verskyn het die aandag op die volmaakte verhoudings met sy drie gewels van die **Law Chambers**, terwyl die gebou syns insiens ook 'n volmaakte skakel vorm tussen die Nederlandse Bankgebou en die Cafe Riché-gebou.

Die Bank of Africa-gebou is omstreeks 1907 opgerig vir 'n wêreldwye bankorganisasie wat sy hoofkantoor in Londen gehad en vanaf 1879 sake in Suid-Afrika gedoen het. Die gebou is ontwerp deur T. S. Sladdin, F.R.I.B.A., en R. Sladdin, F.B.A., en hulle het hul gebou laat aanpas by die Paleis van Justisie, veral t.o.v. die gebruik van klipwerk vir die onderste gedeelte van die gebou. Hannes Meiring beskrywe die gebou as „'n stewige klein Neo-Grieks-Romeinse gebou wat sterk herinner aan die argitektuur van Princess Avenue, Edinburg.”

Die Hoofposkantoor het in die jare 1910 tot 1912/13 tot stand gekom en die ontwerp daarvan het aan die argitek, William Hawke, van Kaap-




**John J. Kirkness,**  
'n Skotse  
boukontrakteur  
wat verantwoordelik was vir  
die oprigting  
van sommige van  
die Kerkplein,  
ander  
Pretoriase en  
Transvaalse  
openbare en  
privaatgeboue.

stad, 'n eerste prys besorg in 'n landswye kompetisie vir 'n ontwerp van 'n nuwe hoofposkantoor in die administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika. Argitek William Hawke was in daardie jare ook die argitek van die Johannesburgse Stadsaal (wat ook die resultaat van 'n landswye prysvraag was) en van die nuwe Hooggeregshofgeboue in Kaapstad. In 1933 het 'n Pretoriase argitek die Hoofposkantoor beskrywe as „a fine specimen of civic architecture” en dit is vermeldenswaardig dat in die bekende werk van sir Banister Fletcher: **A History of Architecture on the Comparative Method**, waarvan die 9de uitgawe in 1931 verskyn het, daar t.o.v. Suid-Afrika net na die argiteksfirma Hawke & McKinlay verwys word en daar net vermeld word dat die „Legislature is represented in such buildings as the New Law Courts, Cape Town, by Hawke & McKinlay”. Beeldhouwerk, bestaande uit twee liggende figure rondom 'n stadshorlosie, aan die binnekant van die gebou, is in baie opsigte interessant en was na die voltooiing van die gebou beskou as 'n aanwys vir Pretoria. Oor hierdie gebou het argitek Hannes Meiring hom as volg uitgelaat: „Die ontwerp van die ou Poskantoor is die resultaat van 'n prysvraag. Die suidelike aansig lyk byna na iets uit die Italiaanse Renaissance. Die vooraansig word argitektonies hoër aangeprys as bv. die Reserwebank.”

DR. H. M. REX

Pretoria.

4 Aug. 1975.



'n Kunstwerk deur 'n onbekende beeldhouer aan die binne-muur by die sy-ingang aan die Kerkpleinkant van die Hoofposkantoor.

Foto: The Pretoria News

## BYLAE TOT DIE PLEITSKRIF

# 'N NUWE WAARDERING VAN DIE HISTORIESE EN KUNSHISTORIESE BETEKENIS VAN DIE DRIE BELANGRIKSTE GEBOUE VAN DIE WESFASADE VAN DIE PRETORIASE KERKPLEIN NA AANLEIDING VAN NUWE FEITE EN GESIGSPUNTE WAT IN DIE AFGELOPE TYD DEUR NAVORSING AAN DIE LIG GEKOM HET EN BYGEVOLG VANTEVORE NIE VOLDOENDE BEKLEMTON IS NIE

deur DR. H. M. REX

### 1. DE NATIONALE BANK- EN MUNTGEBOUW DER ZUID-AFRIKAANSCHRE REPUBLIEK

In Julie 1892 het pres. Kruger amptelik die voltooide Goewermentsgebou in ontvangs geneem. Die voltooiing van hierdie indruwekkende staatsgebou het daartoe gelei dat daar in die daaropvolgende twintig jaar die tans-bestaande wesfasade van Kerkplein tot stand gekom het en wat uit argitektoniese, kunshistoriese en suiwer historiese oogpunt beskou 'n waardevolle en unieke kultuurerfenis verteenwoordig. In dieselfde maand het pres. Kruger die hoeksteenlegging van die Nasionale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek en Staatsmuntinrichting aan die westekant van Kerkplein waargeneem, die eerste nuwe gebou van die wesfasade wat na die Goewermentsgebou ontwerp en opgerig is. Die Nasionale Bank- en Muntgebou was daarbenewens 'n semi-staatsgebou waarby die ekonomiese belange en ideale van die regering van die Republiek in daardie tyd ten nouste gemeoid was.

Die hoeksteenleggingsplegtigheid is op Woensdagmiddag, 6 Julie 1892 om 3 nm. waargeneem deur pres. Kruger, bygestaan deur mnr. Thomas W. Beckett, bekende sakeman van Pretoria en Voorsitter van die Raad van Direkteure van die Nasionale Bank en Munt en mnr. Hermann Militz, mede-hoofbestuurder van die nuwe bankinrigting. Ook teenwoordig was die res van die Raad van Direkteure, lede van die Uitvoerende Raad en van die Eerste en Tweede Volksraad, hoofde van staatsdepartemente en verteenwoordigers van vreemde moondhede, benewens al die vooraanstaande burgers van Pretoria en elders.

Te midde van die wapperende vlae van die Zuid-Afrikaansche Republiek en van bevriende moondhede het 'n groot skare daardie middag op die noordwestelike hoek van Kerkplein byeengekom om deel te hê aan die historiese gebeurtenis. Toe pres. Kruger presies om 3 nm. aangekom en die verhoog bestyg het, was die hoeksteen reeds in posisie om gelê te word. Die hoeksteen met sy bewoording kan vandag nog onder 'n glasbedekking besigtig word. Die bewoording lees soos volg: **Hoeksteen van de gebouwen voor De Nasionale Bank en Munt, gelegd door ZHed. S. J. P. Kruger, Staatspresident der Z.A. Rep., op 6 Juli 1892.** Pres. Kruger het hierdie hoeksteen, die tweede wat hy van 'n Kerkplein-gebou gelê het, gelê met 'n pragtige silwertroffel vervaardig deur 'n plaaslike juwelier, L. Röhlín, wat ook die silwertroffel gemaak het wat in Mei 1889 deur pres. Kruger gebruik is by geleentheid van die hoeksteenlegging van die Goewermentsgebou.

Die „Notulen aangaande de Hoeksteenlegging van de Nasionale Bank en Munt Gebouwen” beskrywe hoedat pres. Kruger die verskillende oorkondes wat in 'n loodhouer in die hoeksteen geplaas is, noukeurig

besigtig het en toe 'n geruime tyd bestee het om die posisie van die hoeksteen te toets met gebruikmaking van waterpasse en sy taakeers as afgehandel beskou het toe die hoeksteen op sy permanente plek tot rus gekom het.

Die hoeksteenlegging van 'n gebou vir 'n nasionale bank en munt in die hart van Pretoria was vir pres. Kruger die verwesenliking van 'n langgekoesterde ideaal en by geleentheid van een van die hoogtepunte van 'n veelbewoë lewe het hy hom as volg uitgelaat:

„En nou verklaar ek dat dat hierdie steen reg en behoorlik gelê is. In hierdie hoeksteen van ons Nasionale Bank en Munt is opgesluit die landswet, alle openbare dokumente wat betrekking het op die Bank, eksemplare van die Pers van hierdie stad, insluitende vandag se Staatskoerant, en die muntstukke van hierdie Republiek wat tot hede uitgegee is. Vir my is dit 'n groot eer en genoeë om hierdie plig uit te voer, en alhoewel dit nie die plek nog die geleentheid is om veel oor die sake van die Bank uit te wei nie, omdat dit nog maar 'n jong instelling is, moet ek tog verklaar dat dit sy weg baan tot 'n uiters eerbare posisie en tot dusver goed gevaar het. Die toekoms van hierdie inrigting lyk veelbelowend, en daarmee saam ook die toekoms van die Republiek. Dit is deur die Nasionale Bank en Munt dat ons land bande van gemeenskaplike vooruitgang na die seekuste sal span deur middel van spoorweë, en vele ander voordele.



Hoeksteen van die „Nasionale Bank- en Muntgebou” wat op 6.7.1892 deur pres. Kruger onder groot openbare belangstelling gelê is.

Foto: Oggendblad

Laat diegene wat aan die hoof van hierdie belangrike instelling staan onthou dat dit die sentrale punt van die land uitmaak, waarom die administrasie draai, en alhoewel dit nog maar jonk is, sal dit langsaam maar seker sy weg baan tot 'n uiters welvarende toestand.

Ek werp my blik terug na die jaar 1839 toe die Voortrekkers die Republiek binnegetrek het, en toe ek nog maar 'n snuiter van dertien jaar oud was. Golwe van moeilikhede het oor die land gebruis, en wrede oorloë, kaffer- en ander oorloë, het oor die Republiek gewoed, maar vandag staan ek hier in my sewen-estigste jaar, in staat om die hoeksteen van die Nasionale Bank- en Muntgebou van die Zuid-Afrikaansche Republiek te lê — deur die genade van die Almagtige 'n onafhanklike Staat onder die nasies van die wêreld. Die HERE het ons in sy mag tot dusver gehelp, en Hy sal ons nog verder help. Nog net een woord: Ek het die steen gelê en hoef u slegs mee te deel dat by die afloop van die belangrike seremonie in verband met die Nasionale Bank, die eerste volkslening van twee en 'n half miljoen pond hede met sukses in Londen uitgeskryf is. Ek het gesê!"

Na die toespraak van die Staatspresident het Hermann Miltz, een van die twee mede-hoofbestuurders, aan die woord gekom en met waardering verwys na die groot openbare belangstelling in die hoeksteenleggingsplegtigheid. Volgens die Engelse weergawe van die „Notulen" het hy onder andere gesê:

„It gave a feeling of satisfaction to the officials of the Bank, to receive on that day an acknowledgement of the work they had accomplished in the past. The day would always be remembered by them as one which was of more meaning to the State than the simple erection of a few stone buildings. With regard to the Mint, they were of the hopeful conviction that the Transvaal people would, even after many years, to come, express their thanks to the present Government for having, with a view to the great future, supported by its influence the erection of an institution such as this. Although to-day they saw but naked walls before them, not many months would pass when within these walls an activity would commence which would be welcome to the largest industry of the country, namely, the gold-production.

The Transvaal had its gold, and very soon it would have the means to convert it into currency, and that without being put to the expense of exporting it to Europe with loss in exchange and interest; and the Mint would possibly become a welcome auxiliary for less productive lines.

They admitted that this country at present was not large enough to have all the gold produced converted into its own coin at this Mint, but there was no doubt that they would find ample circulation for the coin as manufactured through their commercial relations with neighbouring countries; and there was even room for the possibility that the new coin in time would also be readily acknowledged beyond the borders of the State."

Nadat 'n heildronk ingestel is op die Staatspresident en die Republiek het mnr. Edward Lippert aan die woord gekom en gesê hy as een van die oprigters van die Nasionale Bank en iemand wat drie jaar lank met die Regering onderhandel het, in die beste posisie verkeer om te vertel wat die oogmerk van die Regering was met die stigting van die Nasionale Bank en Munt. Dit was nie die oogmerk van die Regering om met die stigting van die nuwe bank die bestaande banke te opponeer nie en ook nie om enige persoon of groep te begunstig en te verryk nie.

„The real and only object of the Government in supporting the Bank by a concession,” het Lippert voortgegaan, „was to enable it to do good service to the nation and the country... The Government wished this Bank to do something more than merely earn money (in order to divide the same among its shareholders). They wished this Bank to devote itself also to the support and development of the country's interest. It had to support it by a concession; by its influence and authority, and by its money, and the State having put £100 000 into the Bank it will receive a handsome interest thereon. Apart from the general interest of the country, a National Bank has also the duty of giving financial support to the Government, and I think we have no cause to regret to-day that this Bank has been asked to support the first financial undertaking of the State.

While the centre of money making is in Johannesburg, where all the other Banks have their head offices in this Republic, this Bank is in Pretoria, and more in touch with the general concerns of this Country, in close proximity to the Government, the two Volksraads, and the owners and settlers in this land.

While Johannesburg is no doubt the centre of the gold industry, Pretoria is that of the other industries, and the agriculture and trade of the northern parts... It is (too often) forgotten that the agriculture and the interests of the settlers on the land form a most important part of the interests of the country

No country and no Government can rely on one section of its industries only, but it must see that all others are equally developed. And I think that this establishment erected in Pretoria, and the daily contact of its managers and officers with men from all parts of the country, will constantly remind of their national obligations, and that they have a duty to pay to every single Boer, to every single foreigner who comes to them with a sound proposal of business.”

'n Lang voorgeskiedenis het die totstandkoming van die Nasionale Bank en Munt voorafgegaan. Reeds in 1853 het 'n memorie uit Wes-Transvaal die Volksraad versoek om 'n eie munt op te rig. Eers in die regeringstyd van pres. Burgers en die ontdekking en ontginning van goud in Noordoos-Transvaal (1873) het pres. Burgers stappe gedoen om 'n eie muntstelsel te kry, ten einde los te staan van die Engelse geld, 'n ideaal wat die Krugerregering vanaf die dertigerjare — die worsteljare van die Zuid-Afrikaansche Republiek — ook terdeë besef het en in die negentigerjare tot uitvoering gebring het met die stigting van 'n nasionale bank en munt.


Met ds. S. J. du Toit sterk ten gunste van die totstandbrenging van 'n nasionale bank en 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse muntstelsel, was dit veral pres. Kruger wat in die aangesig van felle teenstand uit ver-



skillende oorde, sterk aangedring het op 'n eie muntinrigting in belang van die aanwakkering van 'n nasionale trots en van die prestige van die Republiek. Vir hom was 'n eie munt die werklike bewys van 'n onafhanklike staatsbestaan. Sterk druk kon hom nie van sy standpunt afbring nie.

Nadat Nederlandse en Duitse belange jare lank gestry het om 'n konsessie onder sekere voorwaardes vir 'n nasionale bank en munt te bekom, het 'n internasionale konsortium (kombinasie of sindikaat) op verrassende wyse uiteindelik in 1890 tot stand gekom. J. Henry Schröder & Co., Londen, vir 'n Engelse-Franse groep sou vir 70% in die emissie deelneem, die Berliner Handels-Gesellschaft vir 'n Duitse groep met 'n belang van 20% en Labouchère, Oyens & Co. vir Nederlandse deelnemers met 'n belang van 10%.

Die konsessie vir 'n nasionale bank en munt is op 5 Augustus 1890 deur die Volksraad verleen. Sy hoofsetel sou te Pretoria i.p.v. in Berlyn,



Die sierlike voorgewel bokant die hoofingang van die „Nasionale Bank- en Muntgebouw”.  
Foto: The Pretoria News

Amsterdam of Londen gevestig wees. Die Raad van Kommissarisse moes minstens die helfte in die Zuid-Afrikaansche Republiek woonagtig wees; opskrifte, formuliere en bekendmakings moes in Hollands wees, maar die bank het die reg gehad om ook van ander tale gebruik te maak.

Die Nasionale Bank is op 20 April 1891 geopen, voorlopig in die herboude Kimberley Hotel wat in die noordwestelike hoek van Kerkplein op Erf Nr. 321 gestaan het.

In Junie 1891 het die Duitssprekende Algemene Bestuurders van die Nasionale Bank, dr. Wilhelm Knappe en mnr. Hermann Militz, argitekte uitgenooi om ontwerp-tekeninge vir hul nuwe bank- en muntgeboue aan die Pretoriase Kerkplein voor 10 Julie 1891 in te stuur.

In September 1891 is berig dat die eerste prys van £100 in die prysvraag vir ontwerpe vir 'n nuwe gebou van die Nasionale Bank toegeken is aan Emley & Scott, van Pretoria, terwyl 'n tweede prys van £50 toegeken is aan Campbell & Dixon, ook van Pretoria.

Die argitek van die gebou, wat in die Italiaanse Renaissance-boustyl ontwerp is, was Frank Emley. Hy is in Engeland gebore waar hy sy opleiding en sy aanvanklike ervaring as argitek geniet het. Hy was 'n „Fellow of the Royal Institute of British Architects“ (F.R.I.B.A.), wat sy setel in Londen gehad het en vandag nog het. Verder was hy ook lid van die „Society of Architects“, Londen, terwyl hy hier te lande lid was van die „Transvaal Institute of Architects“. Omstreeks 1908 was Frank Emley in Johannesburg woonagtig. In daardie stad het hy in vennootskap met Leck 'n aantal bekende en stylvolle sakegeboue ontwerp, waaronder die Rand Club, Sauer's Buildings, S.A. Investment & Trust Buildings, Corner House, Chamber of Mines Buildings, Markstraat, en 'n woonhuis vir F. Eckstein genoem kan word, feitlik almal in die „free classical renaissance“-boustyl van die negentigerjare.

Soos in die geval van die Goewermentsgebou, was J. J. Kirkness die boukontraakteur van die Nasionale Bank- en Muntgebou.

Teen die middel van Februarie 1893 het 'n verslag verskyn oor die vordering met die bouwerk en terselfdertyd ook 'n eerste beskrywing van die uitwendige van die nuwe bankgebou aan Kerkplein:

„De Rechtervleugel van het gebouw der Nasionale Bank nadert, wat het uiterlijk betreft, langzamerhand zijne voltooiing. De steenhouwers zijn bezig om het fries, dat een zacht gebogen vorm krijgt, in elkaar te metselen. En evenals het kapsel bij een vrouw dikwijls karakter geeft aan haar geheele verschijning en deze laatste ten goede of ten kwade kan doen uitvallen, zoo is het ook met de kroonlijst van onze bankgebouw gesteld, die — haasten ons om het te zeggen — een bevredigende indruk voor den geheelen gevel maakt. Scheen het onderste van het bankgebouw ietwat log en zwaar, de gebeitelde kapiteelen en versierselen der hoogere gedeelten maken dit ruimschoots goed, en wettigen de verwachting dat het gebouw der Nasionale Bank een zieraad voor Pretoria Kerkplein zal worden.“

Teen die middel van Mei 1893 is berig dat die nuwe Nasionale Bankgebou feestelik ingewy is:

„Het nieuwe gebouw der Nat. Bank alhier werden heden in gebruik genomen. Het is een flink stuk arbeid . . . Van binnen zullen de kantoren, ontvangskamers en bestuursalen met zorg worden ingericht.“

Die datum 1893 bo in die voorgewel van die gebou dui op die jaar waarin die Nasionale Bank- en Muntgebou voltooi en in gebruik geneem is.

Reg agter die Nasionale Bankgebou en onsigbaar van die pleinkant af, waarin die sorteerkamer van die Hoofposkantoor tans gevestig is en 'n aantal brandkluise langsaa'n 'n plek gekry het, was die masjienkamer van die munt

In watter jaar na 1893 en voor 1904 die smal, hoë gebou aan die noordekant van die Nasionale Bankgebou, wat tans as museum vir die poswese gebruik word, opgerig is en of dit tydens die negentigerjare reeds bestaan en as kantore van die Staatsmunt gebruik is, kon nog nie met sekerheid vasgestel word nie. Blykbaar is hierdie gebou as 'n kantoorgebou deur die Pretoriase Stadsraad tot in 1905 gebruik.

'n Sierlike hek van smeedyster, wat in die vorige eeu toegang verleen het tot die Staatsmunt der Zuid-Afrikaanse Republiek, kan aan die binnekant tussen die twee historiese geboue gesien word. Hierdie hek is 'n tyd gelede tot 'n nasionale gedenkwaardigheid geproklameer.

In **The Pretorian** van Augustus 1933 skrywe 'n anonieme argitek in 'n artikel oor „Church Square” die volgende oor die Nasionale Bankgebou:

„The National Bank was erected in 1893, an architectural gem in sandstone, with all the ornamentation so dear to the hearts of the Victorian architects; it is to be hoped that this specimen of Roman Renaissance will remain for many years to come.”

Veertig jaar later loof 'n Pretoriase argitek, Hannes Meiring, die gebou en sê, „dié gebou is só perfek in sy klassieke verhoudings dat ek daarvan oortuig is dat as dit in Florence, Milaan of Rome gestaan het, dit as 'n argitektoniese juweel beskou sou word.” Voorts wys hy ook op „duidelike elemente van die seldsame „Jugendstil”.

Aanvanklik was die Duitse invloed in die beheer en bestuur van die Nasionale Bank en Munt sterk. Op die eerste Raad van Direkteure was daar twee Duitsers, twee Engelse, een Nederlander en twee Afrikaners, wat deur die Regering benoem is. Die twee mede-hoofbestuurders, dr. Wilhelm Knappe en mnr. Hermann Militz was albei Duitsers, so ook die sekretaris, mnr. V. Schönmehl.

In die Staatsmunt was die hele personeel Duitssprekend. Die eerste direkteur was mnr. Gustav Munscheid, voorheen Inspekteur van die Ryksmunt in Berlyn. Die muntmasjinerie was ook uit Duitsland bestel. Op 28 November 1893 is die muntinrigting formeel aan die Regering oorhandig maar, kragtens 'n bepaling van die konsessie, onmiddellik weer aan die bank verhuur.


Die Nasionale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek, sowel as die Staatsmunt was albei goed bestuurde inrigtings onder internasionale leiding.

Die Engelse invloed, a.g.v. die Engelse en Franse kapitaaloorwig en Engelse sakewêreld, het geleidelik sowel die Duitse as die Nederlandse seggenskap verdring. Na afloop van Knappe en Militz se dienstyd is 'n Kapenaar, Thos. Hugo, in hulle plekke benoem.

Na die inname van Pretoria deur die Britse magte is die Staatsmunt gesluit en die Nasionale Bank het van toe af volkome in beheer van die Engelse gekom. Sodoende het De Nasionale Bank der Zuid-Afrikaansche Republiek (Beperkt) in die loop van die eerste dekade van hierdie eeu De Nasionale Bank van Zuid-Afrika Beperkt geword. In 1912 het Ig. bank geamalgameer met die Bank van Afrika Beperkt (gestig in 1879) en hierdie bankaktiwiteite is in die eertydse geboue van die Nasionale Bank en Munt, sowel as in die eertydse gebou van die Bank of Africa (Kirknessgebou) in die noordwestelike hoek van Kerkplein voortgesit tot in 1926



Pres. Kruger tussen 'n groep amptenare en stadsburggers voor die hoofingang van die Nasionale Bank - en Munt-gebou by geleentheid van die formele opening van die bank. Die name van die aanwesiges by hierdie historiese geleentheid verskyn op die sleutel op die volgende bladsy  
Foto: S. P. Engelbrecht-museum



#### SLEUTEL

TOT PORTRET GENEEM BY GELEENTHEID VAN OPENING, DEUR PRESIDENT  
S.J.P. KRUGER, APRIL 1893, VAN DIE NUWE NASIONALE BANK GEBOU,  
PRETORIA.

- |   |   |   |
|---|---|---|
| 1. B.H. de Haas.                                      | 14. B.W. Begeer.  | 24. T.A. O'Flaherty (Bestuurder,<br>Pretoria Takkantoor). |
| 2. G.R.J. Bodde.                                      | 15. Dr. W. Knapp (Gesamentlike<br>Hoofbestuurder).          | 25. W.E. Niemeyer.  |
| 3. H. Hartel (Bode).                                  | 16. T.W. Beckett (Voorsitter).                              | 26. C.P. Mathews.   |
| 4. J.C. Haarhof (Bank<br>se Prokureur).               | 17. President S.J.P. Kruger.                                | 27. W.H. Priddey.   |
| 5. H. Henning.  | 18. J. Boshoff (Direkteur,<br>Tesouriergeneraal S.A. Rep.). | 28. N. van Dalsen.  |
| 6. G.R.R. Wreford.                                    | 19. C. Von Boeschoten.<br>(Staatsondersekretaris).          | 29. A.C. Duff (Rekenmeester,<br>Hoofkantoor).             |
| 7. S.O. Cullingworth.                                 | 20. H. Miltz (Gesamentlike<br>Hoofbestuurder).              | 30. W. van den Berg.                                      |
| 8. H. Blackmore.                                      | 21. E. Hartel (Munt Rekenmeester).                          | 31. James Sinclair.                                       |
| 9. A. Deeker.   | 22. L.E. Kothe.   | 32. A. Waterstradt.                                       |
| 10. E.E. Sime (Rekenmeester,<br>Pretoria Takkantoor). | 23. P. Mynhardt.  | 33. K.O. Simon (Munt Amptenaar).                          |
| 11. E. David.   |   | 34. A. Crorlich " "                                       |
| 12. W. Dunlop.  |   | 35. G. Hooke " "  |
| 13. V. Schoenmehl (Sekretaris).                       |   | 36. C. van Leenhof " "                                    |

met die totstandkoming van Barclays Bank (Dominium, Colonial & Overseas) en die voltooiing en ingebruikneming van die nuwe Barclaysbankgebou aan die oostekant van Kerkplein. Drie van die historiese geboue van die wesfasade het dus 'n noue verbintenis met die ontstaansgeskiedenis van die teenswoordige Barclays Nasionale Bank.

Na die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog, is vertoë tot die owerheid gerig vir die heringebruikneming van de eersydse Staatsmunt. Dié vertoë het egter op dowe ore geval en aers in 1923 het die eertydse Staatsmunt weer 'n keer herlewe, maar aanvanklik net as 'n tak van die Koninklike Munt van Londen, totdat die Suid-Afrikaanse Munt in 1941 tot stand gekom en die Staatsmunt uit die as verrys het.

Waar die ideaal in die tagtiger- en negentigerjare uitgespreek is dat Pretoria 'n sentrale muntplek vir die hele Suid-Afrika sou word, het dit in die tyd van die Zuid-Afrikaansche Republiek nooit werklikheid geword nie in weerwil van die pogings wat daartoe aangewend is. Daardie ideaal is eers in 1941 bereik met die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Munt. Die Nasionale Bank- en Muntgebou aan die westekant van Kerkplein herinner ons dus tot vandag toe aan die idealisme en versindheid, maar ook aan die daadkrag van ons republikeinse voorouers.

Ten opsigte van die Nasionale Bank- en Muntgebou moet daar ten slotte ook gewys word op die besonder noue verband wat daar destyds bestaan het tussen die oprigting van 'n Transvaalse nasionale bank en die bou van 'n spoorweg in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Dié twee sake, wat albei van lewensbelang vir die Republiek was, kan nie van mekaar geskei word nie. Die totstandkoming van 'n spoorweg was op sy beurt in die geldskieters se oë 'n *conditio sine qua non* vir die lewensvatbaarheid van 'n Transvaalse bankinstelling. Die spoorwegbedryf was in menige opsig die sleutel tot die ekonomiese lewe van die Zuid-Afrikaansche Republiek en daarom het pres. Kruger 'n spoorweg na Delagoabaai en 'n nasionale bank twee van die hoofpunte van sy staatsbeleid gemaak. Die N.Z.A.S.M. is op 21 Junie 1887 gestig en sy totstandkoming en verdere geskiedenis het baie nou verband gehou met die verkryging van kapitaal vir 'n nasionale bank en munt. Op sy beurt is die Nasionale Bank weer gevra om 'n oplossing te probeer vind vir die kapitaalprobleme van die N.Z.A.S.M. Op 20 Oktober 1894 het die spoorlyn uiteindelik tussen Delagoabaai en Pretoria gereedgemaak. Op 2 November het die Staatspresident die laaste bout by Wilgerivierstasie vasgeskroef en op 18 November het die eerste deurgaande passasierstrein versigtig oor die voltooide spoorlyn gery. Op 1 Januarie 1895 het die volledige diens tussen Pretoria en Lourenço Marques 'n aanvang geneem. 'n Onbekende kroniekskrywer het die pragtige prestasie in die volgende woorde beoordeel:

„Tien jaren zijn verlopen sedert de eerste stappen werden gedaan op het weg waarvan thans de eindpaal is bereikt: de Delagoabaaispoorweg ligt daar als een machtig getuigenis van wat een onverzettelijke wil en een onverstoorbare kalme volharding vermogen.”

Aangesien daar t.o.v. die totstandkoming van die Oosterlyn en die Nasionale Bank- en Munt 'n intieme band was en die twee lewensbelangrike sake vir die Zuid-Afrikaansche Republiek nie van mekaar geskei kan en mag word nie, kan dieselfde woorde op die Nasionale Bank- en Muntgebou aan die westekant van Kerkplein toegepas word:

„Die Nasionale Bank- en Muntgebou staan daar as 'n magtige getuigenis van wat 'n onversetlike wil en onversteurbare kalm volharding van die Krugerbewind vermag het.”

## 2. DIE OU NEDERLANDSE BANKGEBOU

- a. Tydens en na die Eerste Vryheidsoorlog het daar in Nederland 'n oplewing gekom in die belangstelling van die Nederlanders in hul stamgenote in die Boererepublieke en ook elders in Suid-Afrika, 'n belangstelling wat verder aangewakker is deur die besoek van pres. Kruger en die here Niklaas Smit en S. J. du Toit aan Nederland in 1884.
- b. Die morele steun en materiële hulp wat die Z.A.R. vanaf die tagtigerjare van Nederlandse burgers gekry het, was van ontsaglike betekenis vir die Republiek, veral op onderwys-, ekonomiese en spoorweggebied. Daarom het pres. Kruger by meer as een geleentheid gewag gemaak van die plig van dankbaarheid.
- c. Op 23 Maart 1888 is die Nederlandse Bank- en Credietvereniging deur 'n aantal leidende persone in Amsterdam gestig.
- d. In Augustus 1888 het hierdie nuwe handelsbank met sy werksaamhede in Pretoria begin met 'n gemagtigde kapitaal van £200 000, bestaande uit aandele van £100 elk. Later is hierdie aanvangskapitaal vermeerder tot £800 000. In 1898 het die Nederlandsche Bank reeds vier takke in die Republiek gehad en die latere bekende Nederlandse Bank voor Zuid-Afrika en die huidige Nedbank is die voortsetting van dié bank wat in 1888 met sy werksaamhede in Pretoria begin het.
- e. Aanvanklik was die **Nederlandsche Bank en Credietvereniging voor Zuid-Afrika**, wat ook die naam **Pretoria Hypotheek Maatschappij**, op die voorkant van sy gebou vertoon het, gevestig in 'n gebou te Kerkstraat-Oos 326, met M. Hogerzeil as Bestuurder.
- f. Die Nederlandsche Bankgebou aan die Pretoriase Kerkplein is in die tydperk Augustus 1896 tot November 1897 opgerig.
- g. Die argitek was W. J. de Zwaan, van wie 'n hele aantal bekende bouwerke tot op datum in Pretoria bewaar gebly het. Watter aandeel argitek Frans Soff in die ontwerp van die Nederlandsche Bank-gebou gehad het, kon nie presies vasgestel word nie.
- h. De Zwaan is in 1867 in Amsterdam gebore waar hy sy onderwys en vakopleiding geniet het. Sy opleiding as argitek het hy gedeeltelik ontvang van die Stadsargitek van Amsterdam, by wie hy in die tagtigerjare werksaam was. In 1888 het hy na Johannesburg gekom en kort daarna na Pretoria. Hier in Pretoria het hy op sy eie as argitek gepraktiseer en mettertyd ook in vennootskap met ander vooraanstaande Nederlandse argitekte, vir 'n tyd lank saam met argitek Van Dyk en daarna saam met Frans Soff. De Zwaan was in Nederland lid van die Amsterdamse Argitektuurgenootskap en in Transvaal lid van die Raad van die Vereniging van Transvaalse Argitekte.
- i. Kort na sy vestiging in Pretoria het De Zwaan opdrag van Sammy Marks ontvang om vir Ig. 'n sakegebou te ontwerp op die suid-westelike hoek van Pretorius- en Markstraat (die huidige Paul Krugerstraat) en reg teenoor die nuwe Staatsgebou, wat op daardie stadium reeds deur Sytze Wierda ontwerp was. De Zwaan het destyds insae gevra in die ontwerpplanne van die Staatsgebou ten einde die Marksgebou, waarin die Trident-bouvereniging en ander firmas tans gehuisves is, in dieselfde boustyl, d.w.s. die Italiaanse Renaissance-boustyl, te ontwerp.

- j. Ander geboue wat deur De Zwaan ontwerp is, sluit die ou gedeelte van die Landbankgebou, sy eie woonhuis in Celliersstraat, die Nuwe Marksgebou in Kerkstraat, die eerstydse Hollardhuis in Andriesstraat en verskillende ander geboue in. Hier kan ek opmerk dat die Hollardhuis, wat deur De Zwaan ontwerp was, so waardevol was dat die gebrandskilderde rame en ander onderdele van die woonhuis na sy slooping 'n plek gekry het in die Nuwe Provinsialegebou waarin die kantore van die Administrateur gehuisves word!
- k. Voorstelle wat argitek De Zwaan en koerantredakteur Engelenburg kort voor Uniewording gemaak het vir die argitektoniese uitleg van Kerkplein, het daartoe gelei dat die prysvraagontwerp van V. S. Rees-Poole en Barboure 'n paar jaar daarna aanvaar en die Kerkplein omstreeks 1912 sy huidige voorkoms gekry het. M. G. van R. Mostert, wat ook die boukontraakteur van 'n aantal huise in Brynterion was, het die utileg vir die bedrag van £36 000 verrig.
- l. Die oorspronklike voetstuk waarop die Krugerstandbeeld aanvanklik opgerig sou word, is in 1897 deur De Zwaan ontwerp en onder sy leiding opgerig. Dit was ook hy wat Anton van Wouw by Sammy Marks aanbeveel het vir die boetsering van die Krugerstandbeeld.
- m. Dit is dus 'n interessante feit dat argitek De Zwaan nie alleen 'n aandeel gehad het in die aanwysing van 'n beeldhouer van die Krugerstandbeeld, wat in 1954 'n ereplek op Kerkplein gekry het, nie alleen die oorspronklike voetstuk vir die Krugerstandbeeld ontwerp het nie, nie alleen 'n aandeel gehad het in die voorstelle vir die argitektoniese uitleg van Kerkplein nie, maar dat een van sy mees stylvolle sakegeboue, die Nederlandse Bankgebou, in 1897 die derde historiese gebou was wat aan die westekant van Kerkplein opgerig is en wat dus nou bykans 80 jaar bygedra het om 'n eie karakter en atmosfeer aan die suidwestelike hoek van Kerkplein te verleen.
- n. Sy Edele, die Administrateur, het in die loop van die week neerhalend verwys na die agterkant van die Nederlandse Bankgebou en dat die onooglikheid selfs met 'n skermmuur afgesluit moes word. 'n Brieffskrywer het egter enkele dae gelede in een van die Pretoriase dagblaai op die uitlating van die Administrateur gereageer deur te sê dat die skoonheid van 'n pou tog nie beoordeel kan word deur onder sy stertvere in 'te kyk nie!
- o. Die voorgewel van die Nederlandse Bankgebou vertoon Nederlandse en Vlaamse Renaissance-stylkenmerke en hierdie historiese en estetiese belangrike en waardevolle bankgebou, die skepping van een van ons mees talentvolle Nederlandsgebore en -getoë argitekthe, is sonder twyfel een van die skilderagtigste historiese geboue aan die westekant van Kerkplein. Kenmerkend is die rooi baksteenkleur en trapgeweltjies. Wanneer mens die gebou bekyk is dit asof jy in Brussels of in Amsterdam verkeer, en hierdie gebou is een van die weinige geboue wat ons op 'n sigbare en tasbare wyse herinner aan ons Dietse stamlande en wat hulle vir ons op nasionale en kulturele gebied gedoen en beteken het. Dit sal 'n droewige dag wees as die voormanne van ons volk geen begrip en waardering meer toon vir die kulturele bande wat ons met ons stamlande, en in die eerste plek met Nederland, verbind nie en die bronne waaruit ons nasie in die verlede tot ons geestelike verryking geput het nie.
- p. Verwysende na die ouere geboue wat teen die einde van die vorige eeu en in die loop van die eerste twee dekades van hierdie eeu aan Kerkplein en elders in Pretoria ontstaan het, sê prof. Meiring, die



argitek van die Nuwe Provinsialegebou, dat hulle na die voorliefdes wat hul argitekte in boukundige presedent gehad het, ontwerp en uitgevoer is. Dit was die tydperk van die eklektisisme op die gebied van die boukuns toe die argitekte van daardie jare na die ou historiese boustyle teruggegryp het vir hul inspirasie. Daarom vind ons dat die geboue stylkenmerke dra wat in daardie jare ook in ons stamlande, in Nederland, Duitsland, Frankryk en in Engeland in swang was: almal, sê prof. Meiring, tipies van die redelik goeie smaak, maar terselfdertyd van die gebrek aan 'n besliste rigting in die boukuns wat opvattinge in daardie jare gekenmerk het. Al die stede en dorpe van ons land het sulke voorbeelde van die menigvuldigheid van boustyle en begrippe wat 'n duidelike bewys is dat daar 'n groot maatskaplike omwenteling aan die gang was.

- q. Argitek De Zwaan, wat getroud was met Hilma, 'n dogter van J. J. (Kruppel Koos) Meintjes, Registrateur van Aktes in die tyd van die Z.A.R., is op 6 September 1948 op 82-jarige leeftyd in Pretoria oorlede, nadat hy bykans 50 jaar as argitek in Pretoria gepraktiseer het. Dwaarsdeur sy lang lewe het hy 'n besondere belangstelling in al die vertakkinge van die beeldende kuns aan die dag gelê en daarom is dit seker gepas dat die Nederlandse Bankgebou, wat deur hom met liefde en kundigheid ontwerp is, tans vir kunsuitstallings gebruik word, terwyl dieselfde gebou ook die hoofkantoor van die S.A. Kunsvereniging (Noord-Transvaal) huisves.
- r. Die oprigtingsgeskiedenis van die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging van Zuid-Afrika was baie nou verweef met die destydse pogings in Nederland en Suid-Afrika om 'n Nasionale Bank in die Republiek tot stand te bring, terwyl daar ná sy stigting en tydens sy funksionering as bankinstelling ook doelbewuste pogings aangewend is om die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging in die Nasionale Bank te laat opgaan om sodoende die beheer van die bank, wat 'n amptelike en begunstigde bankier van die Regering was in sy finansiële betrekkinge met die buiteland, in Nederlandse hande te kry

Op 9 Februarie 1888 was die gevraagde aanvangskapitaal meer as volteken by die firma Labouchère, Oyens & Co., dieselfde firma wat in 1890 ook sou sorg vir die verkryging van 'n 10%-aandeel vir Nederlanders in die aanvangskapitaal vir die Nasionale Bank en Munt.

Die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging, waarvoor die Boere-deputasie van 1884 na Nederland en ander Europese lande hom onder andere beywer het, was op 'n stewige sakegrondslag gevestig en deur bekwame Nederlandse amptenare bestuur. Die bank het hom in die aangesig van strawwe kompetisie van die kant van verskillende ander plaaslike bank- en ander instellings nie net gehandhaaf en die vertroue van die volk en die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek verower nie, maar ook gaandeweg sy sakebedrywighede uitgebrei.

Die Nederlandsche Bank- en Credietvereniging het nie alleen die Tweede Vryheidsoorlog oorlewe nie maar gedurende die oorlog die saak van die Boere uitstekende dienste bewys deur die oormaak van aansienlike geldsomme wat deur verskillende instansies in Nederland en elders in Europa ten behoewe van dié inwoners van die Konsentrasiekampe ingesamel is.



Die Cafe Riché-gebou in al sy argitektoniese skoonheid en glorie soos die gebou deels na Kerkplein en deels na die suidekant van die Hoofposkantoor front. Let op die beeld van die uil en die Mercurius-reliëfbeeld op die hoek van een van die mees waardevolle geboue van die wesfasade

Uit hierdie bankinstelling van Nederlandse oorsprong, wat hom die bevordering van die belange van die stamverwante Zuid-Afrikaanse Republiek ten doel gestel het en wat veel meer as slegs ekonomiese betekenis vir die Republiek gehad het, het na die oorlog die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika tot stand gekom, wat op sy beurt weer die Nedbank Beperk geword en tans 'n suiwer Suid-Afrikaanse karakter aangeneem het.

### 3. RESERVE INVESTMENT BUILDINGS (CAFÉ RICHE)


- a. Waar die Nasionale Bank- en Muntgebou, die Law Chambers en die Nederlandse Bankgebou uit die negentigerjare van die vorige eeu dateer, is die Reserve Investment Buildings (Café Riche-gebou), die Hoofposkantoor en die Bank of Africa-gebou in die eerste dekade van hierdie eeu ontwerp en opgerig.
- b. Die stewiggeboude en stylvolle hoekgebou, wat by die meeste Pretorianers bekendstaan as die Café Riche-gebou, is in 1904 ontwerp en in 1905 opgerig.
- c. Aanvanklik het die gebou as die Reserve Investment Buildings bekendgestaan en vanaf sy voltooiing het die sentraalgeleë hoekgebou 'n verskeidenheid van kantore en sakebedrywighede gehuisves.
- d. Interessantheidshalwe kan hier in die verbygaan vermeld word dat 'n woonhuis, wat president M. W. Pretorius in die tweede helfte van die sestigerjare op 'n gedeelte van hierdie erf opgerig het, met sy voordeur en stoep na die plein se kant gestaan het. Hierdie erf was trouens ook die laaste eiendom wat die stigter van Pretoria aan Kerkplein besit het.
- e. Die bekende Café Riche, wat vir geruime tyd in Kerkstraat-Oos gevestig was, het na die voltooiing van die Reserve Investment Buildings daarheen verskuif en die „most luxurious lounge bar in town“ het later so bekend en gewild geword dat die gebou mettertyd en tot op die huidige dag algemeen bekendgestaan het as die Café Riche-gebou.
- f. Die argitek van die Café Riche-gebou, Frans Soff, was vanaf omstreeks 1895 een van die mees vooraanstaande argitekte van Pretoria,
- g. Hy is in Amsterdam gebore waar hy as argitek opgelei is en gepraktiseer het, terwyl hy vir 'n tyd lank ook 'n kunsloopbaan gevolg het. Toe hy aan die begin van hierdie eeu getuienis in 'n hofsak in Pretoria moes aflê, is hy beskrywe as 'n argitek wat in Nederland ook as kunstenaar 'n lewensbestaan gemaak het en bygevolg kennis gehad het van kunstenaars en kuns.
- h. In Pretoria het Frans Soff vir 'n tyd lank as argitek gepraktiseer in vennootskap met W. J. de Zwaan, later ook in vennootskap met ander Pretoriase argitekte terwyl hy vir jare lank tot met sy aftrede in die dertigerjare op sy eie in sy argitekskantoor in die Nederlandse Bankgebou gepraktiseer het.
- i. Afgesien van die intrinsieke waarde van die argitektuur van die Café Riche-gebou, maak die beeldhouwerk wat 'n prominente plek in die ontwerp van die gebou gekry het, iets heel besonder van die Café Riche-gebou. Die gebou spreek van die besondere kunsinnigheid van die ontwerper.
- j. Op die hoekgewel en ook bo-op die hoogste punt daarvan het Frans Soff voorsiening gemaak vir die plasing van 'n Mercurius-beeld en



Die beeld van 'n uit wat deur 'n Italiaanse beeldhouer, Marega, onder leiding van Anton van Wouw geboetseer is en die Mercurius-reliëfbeeld, die handwerk van die beeldhouer Van Wouw, albei uitgevoer in opdrag van die argitek, Frans Soff. Die ander versieringselemente aan die gebou is ook van belang terwyl die konstruksie van die Cafe Riché-gebou van hoogstaande gehalte was.

Foto: Hoofstad

- van 'r uil, terwyl daar op die verskillende gewels ook versierings-elemente aangebring is.
- k. Onlangs is vir die eerste keer bo alle twyfel vasgestel dat die Mercurius-beeld met sy onderskrif **Commerce** 'n skepping was van Anton van Wouw, 'n baie goeie ouer vriend van die argitek. Toe hierdie gebou ontwerp en opgerig is, was Van Wouw reeds 42 jaar oud en Soff 37 jaar.
- l. Toe Van Wouw hierdie opdrag in 1904 ontvang het, was die wapen van die Z.A.R., wat hy meer as tien jaar vantevore geboetseer en op die voorgewel van die Goewermentsgebou aangebring het, reeds in 1901 deur die Britse veroveraar uitgewis en deur die Britse wapen vervang, terwyl die engelebeeldjies, wat hy van gips gemaak het op daardie stadium bokant die vensters van die Standard Bankgebou op die hoek van Buro- en Banklaan te sien was.
- m. Met die slooping van die Standard Bankgebou in die vyftigerjare, is die beeldjies op 'n wenk van Hendrik Pierneef aan dr. Willem Punt, destyds gered en word dit van toe af in die Boomstraatse Museum bewaar.
- n. Wat die Café Riche-gebou van besondere kunshistoriese waarde maak is die feit dat die eerste en enigste beeldhouwerk wat tot in 1905 aan Kerkpleingeboue aangebring is, almal die skeppingswerk van Anton van Wouw was, maar dat die Mercurius-beeld op die hoekgewel van die Café Riche-gebou die laaste bewaargeblewe kunswerk van Van Wouw is, wat van sy eertydse skeppings aan openbare en sakegeboue rondom Kerkplein oorgebly het. Dit het nou eers aan die lig gekom dat Van Wouw die beeldhouer van die Mercurius-beeld was en dat die uil bo-op die hoekgewel onder sy leiding en tot sy finale tevredenheid tot stand gekom het. My inligting is dat die uil destyds deur 'n besoekende Italiaanse beeldhouer vir 'n bedrag van £100 gemaak is nadat hy afmetings van 'n uil in die Pretoriase Dieretuin gemaak het. Gistermiddag het mnr. Murray Schoonraad, dosent in kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en wat op die oomblik in hierdie gehoor aanwesig is, aan my meegedeel dat die naam van die besoekende beeldhouer Marega was. Die aandeel wat Van Wouw in die vervaardiging van die uil bo-op die hoekgewel gehad het en wat nou reeds meer as 70 jaar die wisselende lewe in wysheid gadeslaan, moet egter erken word en ook dié feit maak hierdie gebou dubbel, ja drie- en vierdubbel bewaringswaardig.
- o. Hierdie opdragte wat die beeldhouer Van Wouw van sy argitek-vriend Soff in 1904 ontvang het, moet verder ook gesien word teen die agtergrond van die posisie van Van Wouw in 1904: Die Krugerstandbeeld het op daardie stadium nog onoopgemaak in kratte in 'n timmerwerf van Wilkenson & Aikermann in Delagoabaai gelê; die hoekfigure was bestem vir Engeland, terwyl die Wapen van die Z.A.R. op die voorgewel van die Goewermentsgebou toe nie meer bestaan het nie. In daardie tyd van 'n gebrek aan opdragte, werkstilte en armoede, het hierdie betreklike groot opdrag 'n welkome uitkoms aan Van Wouw besorg. Hierdie opdrag, tesame met die kunsuitstalling wat in November 1904 in die pasvoltooide Neo-Gotiese Tudor-gebou aan die oostekant van die Kerkplein gehou is en waarop die miniatuurbeelde van die Krugerstandbeeld en die hoekfigure uitgestal is en groot belasting verwek het, het die openbare aandag weer opnuut op die begaafde kunstenaar Van Wouw gevestig.



Argitek Frans Soff (ook bekend as kunskenner en -beoefenaar) (regs) en beeldhouer Antoni van Wouw (stukadoor van beroep maar ook bekend as skilder en spotprenttekenaar), wat albei in Nederland gebore en as kunstenaars gevorm is, het sedert die negentigerjare boesemvriende in Pretoria geword. Hul vriendskap en samewerking in Pretoria het gelei tot die totstandkoming van die twee waardevolle kunswerke op en aan die hoekgewel van die Cafe Riché-gebou. Ofskoon op 'n meer beskeie skaal kan hierdie gebou beskou word as 'n Transvaalse voorbeeld van die boubeeldhoukuns wat omstreeks 1900 deur argitek H. P. Berlage in toepassing gebring is, o.a. in sy Amsterdamse Beursgebou. Argitek Berlage het daarna gestrewe om by die ontwerp van sy geboue voorsiening te maak vir die samewerking van beeldende kunstenaars. Dieselfde gedagte kry ons ook by argitek Frans Soff in Pretoria.

- p. Die samewerking wat in 1904 tussen Van Wouw en Soff begin het, en wat tot 'n hegte vriendskap gelei het, het tussen die jare 1906 en 1911 gelei tot die samewerking in 'n prysvraagontwerp vir die Bloemfonteinse Vrouemonument. Die Vrouemonument, wat op 16 Desember 1913 deur mevrou Steyn onthul is, was die werk van Frans Soff, wat vir die argitekswerk verantwoordelik was, en Anton van Wouw, wat die beeldhouwerk gedoen het. Aangesien die ontwerp van Van Wouw en Soff reeds voor Julie 1911 aanvaar is, kor hul samewerking in hierdie verband tussen 1906 en 1911 plaasgevind het, enkele jare dus na die bou van die Café Riche-gebou.
- q. Sal hierdie nuwe feite Sy Edele, die Administrateur en sy tegniese raadgewers, asook die argitekte van die beoogde nuwe geboue, nie tot besinning roep nie en hulle hul sg. finale besluit weer in herooringing laat neem nie? In Pretoria kan die Café Riche-gebou beskou en bewaar word as 'n monument vir die argitek en beeldhouer van die Vrouemonument.
- r. Dan moet hulle ook onthou dat daar omstreeks 1904 in Amsterdam die Beursgebou van dr. H. P. Berlage tot stand gekom het. Dit was 'n pragtige voorbeeld van die sg. boubeeldhoukuns, waar daar 'n samewerking was van die beeldende kunstenaars. Ongeveer dieselfde tyd kry ons hier in Pretoria, wat duisende myle van Amsterdam verwyder is, iets van dieselfde aard ofskoon op baie kleiner skaal. Ook met hierdie feit in gedagte behoort die owerheid met nuwe oë na hierdie skepping van Frans Soff en Anton van Wouw te kyk.
- s. Ten slotte kan nog net vermeld word dat Soff ook die argitek was van die Engelenburghuis, tans die setel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; van die eertydse Joodse Gedenksaal in Beatrixstraat, van die herboude Pretoria Klub in Vermeulensstraat, asook van talle woonhuise, waaronder die huise van dr. Bergsma en wyle mnr. N. L. van der Walt in Parkstraat en van wyle mnr. Harry Lorentz, in die omgewing van Sesmyslspruit as voorbeelde genoem kan word.
- t. Frans Soff was nie net 'n kunstenaar nie maar ook 'n kunsliefhebber en dit is 'n groot jammerte dat al sy argitekstekeninge en ander kunswerke op sy versoek kort voor sy afsterwe vernietig is.
- u. Die Café Riche-gebou het, myns insiens, afgesien van intrinsieke argitektoniese hoedanighede wat die gebou besit, aanspraak op bewaring op grond van die feit dat sy argitek ook die argitek van die Bloemfonteinse Vrouemonument is. Hierdie belangrike feit, meer as enige ander oorweging behoort vir die Eerste Minister, sy Kabinet, die Administrateur van Transvaal, die amptenare van die Departement van Poswese, van die Departement van Openbare Werke en van die Provinsiale Administrasie asook vir die argitekte van die nuwe beoogde geboue, van die opperste en van deurslaggewende belang te wees wanneer hulle binne afsienbare tyd „finaal” oor die lotgevalle van hierdie en ander historiese geboue aan die westekant van die Kerkplein gaan besluit. **Sal hierdie belangrike nuwe feite wat intussen aan die lig gekom het, naamlik dat die Café Riche-gebou waardevolle beeldhouwerke van Anton van Wouw op sy hoekgewel dra, en dat hierdie twee kunstenaars wat aan die ontwerp, oprigting en versiering van hierdie Pretoriase sakegebou gewerk en van toe af boesemvriende geword het, ook die argitek en**








Die samewerking tussen argitek Frans Soff en beeldhouer Anton van Wouw by die ontwerp en oprigting van die Cafe Riché-gebou in Pretoria (kort na die Tweede Vryheidsoorlog) het enkele jare daarna gelei tot hul samewerking in 'n landswye prysvraag vir die ontwerp van 'n vrouemonument te Bloemfontein. Die eerste vlugtige ontwerp van die bouwerk van die Vrouemonument het Soff in Pretoria gedoen op die agterkant van 'n foto van Van Wouw, wat by die Krugerstandbeeld in Rome geneem is. Tussen die Cafe Riché-gebou met sy kunswerke in Pretoria en die aangrypende Vrouemonument in Bloemfontein, waarby Soff en Van Wouw in albei gevalle betrokke was, is daar dus 'n baie regstreekse verband. Hierdie nuwe belangrike feit wat eers heel onlangs aan die lig gekom het, behoort, myns insiens, ons geagte Eerste Minister en sy raadgewers, die lede van sy kabinet en wie ook al 'n sydelingse of regstreekse aandeel gaan hê in die sloping van die Cafe Riché — sowel as die res van die historiese geboue van die wesfasade, opnuut tot ernstige nadenke te stem.

Fotos: A. C. Bouman: Kuns in Suid-Afrika



beeldhouer van die Vrouemonument was, die hoë owerheidspersone in wie se hande die uiteindelijke lotgevalle van hierdie en ander historiese geboue lê, nie tot nuwe nadenke stem nie?

- v. Argitek Hannes Meiring het sy opinie oor die Café Riche as volg op skrif gestel:

„Dit is een van die beste voorbeelde in Suider-Afrika van die inter-nasionale Westerse „Jugendstil“- of „Art Nouveau“-tydperk van 1900.“

Pretoria

Saterdag, 26 Julie 1975

---

**OPMERKING:** Toe dr. Willem Punt nie meer as een van die hoof-sprekers op die reuse inligtingsvergadering op Kerkplein kon optree nie — vir redes wat aan die Burgerkomitee verstrekkend is — het hy by die Burgerkomitee en by skrywer hiervan aangedring dat laasgenoemde in sy plek moes optree. Aangesien skrywer sy taak in die hele aan-geleentheid van die begin af net gesien het as navorsers van die geskie-denissen van die bedreigde geboue en van Kerkplein, en verskaffer van inligting aan die verskillende koerante (Pretoria News, Oggendblad, Hoofstad en Beeld), was hy aanvanklik nie geneë om aan die vriendelike versoek van dr. Punt (en die Burgerkomitee) te voldoen nie. Uiteindelik het hy tog ingewillig en op kort kennisgewing aantekeninge vir 'n toe-spraak op skrif gestel. Nadat hy daardie Vrydagnag nooit geslaap het nie en heelnaag besig was met die opskrifstelling, het hy Saterdagmôre, 26 Julie 1975, op die pleinvergadering opgedaag met 'n „toespraak“ van ongeveer 20 getikte bladsye. Voor die toespraak gehou moes word, het hy geen geleentheid gehad om die stuk weer deur te lees nie en toe hy aan die woord gestel is, moes hy noodgedwonge uit die vuus uit praat! Op versoek van mnr. Piet Muller is 'n gedeelte van die aantekeninge opgeneem in die pleitskrif aan die Eerste Minister onder die opskrif: **Die historiese geboue van die Wesfasade**, 'n tweede gedeelte is as bylae by die pleitskrif gevoeg: 'n **Nuwe Waardering**, terwyl enkele opmerkings wat die skrywer in die loop van sy toespraak gemaak het, in Hoofstad (30.7.1975, Menings van ons lesers) onder die hofie: **Kerkplein: Stof tot Nadenke** verskyn het.

**NASKRIF:** As redakteur het ek my die vryheid veroorloof om in enkele gevalle die hofies by sommige koerantartikels te wysig ten einde dit te laat aanpas by 'n korreksie ten opsigte van die inhoud, bv. **President Burgers red krieket op Plein** i.p.v. **Oom Paul red krieket op Plein**, terwyl ek 'n hele aantal korreksies in die artikels self aangebring het, bv. woorde wat verkeerdelik in die mond van dr. Wennie du Plessis gelê is; die legende dat die Staatsgebou nog 'n verdieping hoër gebou is omdat pres. Kruger dit kwansuis hoër as die nabygeleë hotel wou gehad het, ens. Die werklike rede was in die eerste plek om voorsiening

te maak vir 'n raadsaal vir die Tweede Volksraad en bykomende kantore! Ek vertrou dat die joernaliste wat hul bydraes in **Pretoriana** onderoë neem, genoeë sal neem met die wysigings wat die redakteur genoodsaak was om aan te bring. Sommige standpunte en stellings waaroor daar 'n verskil van mening kan bestaan, word egter ongewysig in **Pretoriana** gepubliseer en die feite wat daarin genoem en die standpunte wat daarin uitgespreek word, staan op rekening van die skrywers.

**Die Redakteur**



Die Eerste Minister Sy Edele B. J. Vorster aan wie die pleitskrif op 5.8.1975 deur die vroue-afvaardiging op versoek van die Burgerkomitee oorhandig is. Ons vertrou dat Sy Edele, in wie se hande die lot van die argitektonies en historiese waardevolle en belangrike geboue van die wesfasade uiteindelik berus, in die stem van die volk die Stem van God sal verneem (soos pres. Kruger van ouds) en mettertyd 'n besluit gaan neem wat sy naam in dankbaarheid kan laat voortlewe in die harte van honderdduisende van sy volksgenote wat 'n hoë prys stel op die bewaring, restaurasie en berutting van die geboue van die wesfasade. Uit die diepte van ons hart pleit ons by u, mnr. Vorster. Indien u ons dringende pleitredes gaan verontagsaam en ons gemotiveerde versoek gaan weier en sodoende die opdrag aan die slopers gaan gee, dan gaan u 'n hartseer veroorsaak wat nie onder woorde gebring kan word nie. Ons vra u baie beleefd en pleitend: Moet asseblief nie toelaat nie dat ons kulturele erfenis in die vorm van hierdie ry historiese geboue aan die westekant van Kerkplein deur stootskrapers van die Provinsiale Administrasie, Gemeenskapsbou en Poswese met die aarde gelyk gemaak en onvervangbaar uitgewis word.

Foto: Hoofstaaf



Die historiese openbare en sakegeboue wat nou reeds dekades lank 'n eie karakter en atmosfeer aan die tradisieryke Pretoriase Kerkplein verleen. Die sewe terdoodveroordeelde geboue (en ook die Capitolteater waarvan die kunswerke intussen 'n openbare vedusie verkoop is) wag nou op die volgtrekking van die doodvonnis. By monde van Burgerkomitee is daar nou weer opnuut vir hul behoud, restourasie en benutting gepleit. Mag daar in hierdie laat stadium deur ons landsowerheid wyslik genade betoon en ons kulturele erfenis sodoende bewaar, gerestoureer en benut word.

Foto: Hoofstad

**Genootskap Oud-Pretoria**  
(Gestig: 22 Maart 1948)

---

**Ons doel:** Om te waak oor die  
geskiedenis van ons stad en  
distrik.

---

**Old Pretoria Society**  
(Founded: 22 March, 1948)

---

**Our aim:** To preserve the past  
for the future of our city and  
district.

---

**BESTUUR:**

Ere-President — RAADSLID/COUNCILLOR — Honorary President  
MNR./MR. N. T. COETSEE

BURGEMEESTER VAN PRETORIA/MAYOR OF PRETORIA

Voorsitter (Wnd) — PROF. DR. P. C. COETZEE — Chairman (Acting)

O.-voorsitter (Wnd) — DR. C. J. P. JOOSTE — V.-Chairman (Acting)

Sekretaris (Wnd) — MEJ./MISS E. H. FOUCHÉ — Secretary (Acting)

Penningmeester — MNR./MR. S. WELZ — Treasurer

Argivaris — MNR./MR. J. F. C. SWART — Archivist

Redakteur — DR. H. M. REX — Editor

Bykomende Lede — Other Members

MNRE./MESSRS.

T. E. ANDREWS

M. EMMS

A. G. OBERHOLSTER

D. B. OLMESDAHL

W. J. PUNT

DRR./DRS.

N. A. COETZEE

T. H. J. DUNSTON


Ouditeure — TAYLOR & GEERLING — Auditors

Bydraes moet gestuur word aan/Contributions to be sent to:  
Dr. H. M. Rex, Koninginsingel 377/377 Queen's Crescent, Lynnwood,  
Pretoria 0002



Foto van die Bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria geneem by geleentheid van 'n afskeidsgeselligheid wat in die tweede helfte van 1975 in die Constantiaklub ter ere van mnr. en mev. W. S. Robertson gehou is. Staande van l. na r.: Dr. T. H. J. Dunston, mnre. T. E. Andrews, A. G. Oberholster, W. J. Punt, F. H. Klokke, M. Emms, S. Welz (penningmeester) en dr. H. M. Rex (redakteur, Pretoriana). Sittende van l. na r.: Mnr. A. P. Smit (sekretaris), prof. dr. P. C. Coetzee (onder-voorsitter) en dr. N. A. Coetzee. Mnr. J. F. C. Swart (argivaris), dr. C. J. P. Jooste en mnr. D. B. Olmesdahl verskyn nie op die foto nie.

Foto: F. T. Dreyer, Trouwstraat 115, Capitalpark. Tel. 25822



Muurbord uitgereik ter herdenking van die Genootskap Oud-Pretoria se 25-jarige bestaan in 1973. R6,00 per bord. 'n Besondere aandenking wat toeneem in waarde. Slegs bekombaar deur persoonlik af te haal by mnr. Mervyn Emms, Kurator, Poskantoor-museum, Nasionale Bankgebou, Kerkplein, Pretoria.

\* \* \*

Ook bekombaar by mnr. Emms 'n beperkte aantal eksemplare van vorige nommers van Pretoria teen 50c stuk.

\* \* \*

Pretorianers word hartlik uitgenooi om lede van die Genootskap Oud-Pretoria te word.

Wall plate issued to commemorate the Old Pretoria Society's 25th anniversary in 1973. R6,00 per plate. An exceptional momento which is increasing in value. Obtainable only from Mr. Mervyn Emms, Curator, Post Office Museum, Old National Bank Building, Church Square, Pretoria.

\* \* \*

Also obtainable from Mr. Emms copies of previous numbers of Pretoriana at 50c per copy.

\* \* \*

Pretorians are cordially invited to become members of the Old Pretoria Society.